

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA**

**Liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk:
'n Liturgies-rituele benadering**

deur

SUZANNE CICILIA VAN DER MERWE

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van Pretoria

Promotor: *Prof. C. Wepener*

Universiteit van Pretoria

Medepromotor: *Prof. M. Barnard*

Vrije Universiteit, Amsterdam

Pretoria

Augustus 2019



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA UNIVERSITY OF PRETORIA YUNIBESITHI YA PRETORIA

VERKLARING

Die Departement van **Praktiese Teologie** lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word. Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook 'n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit 'n ander outeur se werk (byvoorbeeld 'n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in 'n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of 'n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur 'n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie. Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir 'n beslissing. Plagiaat word as 'n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u 'n student in die Departement van **Praktiese Teologie** is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name:

Suzanne Cicilia van der Merwe

Studentenommer:

04360842

Onderwerp van werkstuk:

Liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Liturgies-rituele benadering

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie **proefskrif** (byvoorbeeld opstel, verslag, projek, werkstuk, verhandeling, proefskrif ens.) my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

HANDTEKENING

.....

ERKENNING

Vir my kosbare *hartsmense*:

Theo en Cicilia Kleynhans

my ouers

Charl van der Merwe

my man

Marizanne van der Merwe

my liefste dogtertjie

VOORWOORD EN DANKBETUIGING

‘n Woord van opregte dank en waardering aan **proff. Cas Wepener en Marcel Barnard** onder wie se uiters bekwame en toegewyde leiding hierdie studie ontwikkel het, vanaf ‘n paar handgeskrewe idees op ‘n gefrommelde papiertjie tot ‘n akademiese proefskrif ter vervulling van die vereistes vir die graad *Philosophiae Doctor* in Praktiese Teologie. Dankie vir u geduld met my oor die laaste sewe jaar, veral in die tye wat ek nie ewe getrou aan my studies gewerk het nie, as gevolg van veranderde omstandighede in my eie lewe. Prof. Cas Wepener, dankie vir u nabye betrokkenheid in my lewe oor die laaste nege jaar, as promotor, as medenavorser, as mentor, as gespreksgenoot en ook as vriend. Wie u is en wat u doen, is vir my van en tot groot inspirasie in my eie lewe. Dankie! Dit was ‘n ongelooflike ontdekkingsreis saam met u. Mag dit so wees, dat hierdie bloot die begin van ons reis saam is ... Prof. Marcel Barnard, na aanleiding van ‘n eerste ontmoeting en ‘n verkennende gesprek in die koffiewinkel *Burgundy’s* op die kampus van die Universiteit van Pretoria, het ons reis saam begin. Dankie vir die groot bydrae wat u gelewer het tot die uiteindelijke voltooiing van hierdie studie. Ek is bevoorreg om te kan sê dat wêreldklas liturgiste, my promotors was, wat op ‘n besondere wyse dit vir my moontlik gemaak het om my akademiese ideale te verwesenlik.

Charl van der Merwe, my man, woorde is nie genoegsaam om te beskryf en te verduidelik hoe dankbaar ek teenoor jou is nie. Dankie dat jy vir my die ruimte gun om ALTYD my drome en ideale na te streef. Dankie dat jy my altyd 100% ondersteun in dit wat ek aanpak, deur jou liefde en sorg motiveer en inspireer jy my tot hoër hoogtes. Dankie vir elke opoffering wat jy ter wille van my maak! Dankie vir die manier waarop jy ‘n klomp goed in die huis net op jou geneem het, om sodoende my hande los te maak om op my studies te kon fokus – ek sien dit raak en dit beteken die wêreld vir my. Dankie vir die ontelbare bekere koffie wat jy gemaak en aangedra het studeerkamer toe, as ek maar sien, dan staan daar nog ‘n beker stomende koffie op my lessenaar. Vir elke oggend wat jy meestal onsuksesvol probeer het om my vroeg wakker te maak om te werk aan my studies. Vir elke laat nag wat jy ook wakker gebly het omdat ek moes werk, om my so te ondersteun. Vir elke keer as ek vir jou kom sê

dat ek nou genoeg gehad het van die studies, en wou tou opgooi, en hoe jy dan die een is wat die stukke bymekaar hou, en my dan opnuut weer aanspoor om vas te byt. Sonder jou liefde, jou sorg, jou toewyding en wie jy in my lewe is, sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

My liefste dogtertjie, **Marizanne van der Merwe**, my Z aantjies-kind, dankie dat jy in jou korte twee lewensjaartjies reeds soveel opofferinge gemaak het, al het jy dit nie self gekies nie, en moes Mamma dit namens jou kies, om vir Mamma die geleentheid te bied om hierdie studie te voltooi. Jy is een van die hoofredes waarom hierdie studie so swaar op Mamma se hart lê, want as Mamma nie hieroor begin dink en skryf en konkreet hieraan begin werk nie, wie gaan? Mamma hoop, glo en vertrou dat hierdie studie 'n moontlikheid bied vir ons Suid-Afrikaners om 'n toekoms saam te bewerk waar God se *shalom* heers! Mag hierdie studie vir jou 'n toekoms in Suid-Afrika, ons moederland, moontlik maak!

My ouers, **Theo en Cicilia Kleynhans**, een van die dinge wat ek altyd van my ouerhuis sal onthou, is die liefde om te studeer. Dankie dat pa en ma van kleins af vir ons drie dogters geleer het hoe waardevol dit is om altyd te bly leer. Pa en Ma het 'n liefde vir leer en studeer by ons gekweek, en daarom kies ek elke dag van my lewe om te leer en te studeer! Nie net deur boeke en feite en kopkennis nie, maar ook deur elke ervaring van die lewe self! Pappa, ek is oneindig dankbaar om in 'n sekere mate Pa se droom om predikant te wees, nou op hierdie stadium van my lewe te kan uitleef, Pa is my rolmodel, ek kyk op na Pappa! Dankie vir ure se saamdink, saampraat, saamlees, saamwerk aan hierdie studie – Pa se insette was goud werd, al het Pa my soms so uitgedaag dat ek sommer wou handdoek ingooi. Dit het die eindproduk net met rasse skrede verbeter! Mamma, hoe begin ek om dankie te sê vir alles wat Mamma altyd so getrou vir my gedoen het en steeds doen. Ma se ondersteuning het my deur moeilike tye gedra, deur opgee-tye! Ma is die rots van ons gesin wat nooit wankel nie. Dankie vir Ma se bydrae tot die studie deur middel van Ma se redigering en taalversorging van die proefskrif. Ek stel dit hoog op prys dat Ma in 'n groot mate die kwaliteit van my werk help verbeter het. Baie dankie daarvoor! Ek is trots om julle

dogter te wees, en ek dra hierdie proefskrif aan julle op as 'n baie klein blykie van waardering en liefde vir julle insette in my lewe.

My sussie, **Karli Meyer** dankie vir al jou ondersteuning gedurende die studie! Dit was lekker om ons studiereise saam te kon aanpak en ook saam af te handel! Dit was lekker om te kon kla by iemand wat werklik verstaan omdat jy ook daarmee geworstel het op dieselfde tyd. Dankie vir al die motiveringsboodskappe deur Facebook en Whatsapp en al ons Swissroll-belonings vir onself, ek sal dit altyd onthou! Dankie ook vir jou hulp met die tegniese versorging van my proefskrif, jy het my baie dae en ure gespaar!


Dankie vir die volgende twee persone wat ook gehelp het met redigering en taalversoring, **me. A.B. Nolte en me. Nicolette van Niekerk**. Dit word opreg waardeer!

Ek wil ook vir die volgende twee gemeentes in die besonder dankie sê, **NG Gemeente Carnarvon en NG Gemeente Kroonstad-Noord**, dankie dat julle my die vryheid gegee het om aan hierdie studie te werk, ek waardeer dit ongelooflik baie! Hopelik kan hierdie studie in die toekoms ook vir julle en ander gemeentes tot voordeel wees.

'n Groot woord van dank en waardering aan my **medenavorsers**, al is julle anoniem, wat deelgeneem het aan hierdie studie – sonder julle bydraes en ongelooflike insigte sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

Familie en vriende, dankie vir julle ondersteuning, aanmoediging en begrip, dankie vir elke gebed, dit is wonderlik om omring te wees met soveel kosbare mense!

Ek glo hierdie is maar net die begin van my reis, en daarom sluit ek af met hierdie aanhaling, as inspirasie vir die toekoms:



https://www.google.com/search?q=reconciliation+quotes&rlz=1C1CHBD_enZA804ZA805&tbm=isch&source=iu&ictx=1&fir=T60dzYGsZf23MM%253A%252CMCHjVSNGlqnTOM%252C_&vet=1&usq=AI4_-kS2weYBT4q2Ztir9ehwXVE3_9Z-mA&sa=X&ved=2ahUKEwjT1bmlgYfkAhVpRhUIHQ9sA3wQ9QEwAHoECAMQAw#imgsrc=T60dzYGsZf23MM:&vet=1

Soli Deo Gloria!

OPSOMMING

LITURGIE EN VERSOENING IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: 'N LITURGIES-RITUELE BENADERING

Versoening en navorsing oor versoening in Suid-Afrika is geen nuutjie nie. Die vraag ontstaan dus of dit na vyf-en-twintig jaar na demokrasie in Suid-Afrika nie tyd geword het om aan te beweeg nie? Ek, as navorser, voer aan dat dit juis nou die tyd is, *ke nako*, om na 'n kwarteeu van demokrasie 'n kritiese bestekopname van die versoenings- en transformasieproses in Suid-Afrika te maak. Die navorsing speel hoofsaaklik in twee sferes af wat geensins van mekaar geskei kan word nie, naamlik die Suid-Afrikaanse konteks en die kerklike konteks, met spesifieke verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk). In hierdie studie, het ek 'n verkennende tog onderneem om sodoende die tipiese merkers waarmee die Suid-Afrikaanse konteks van kerk en samelewing oor die laaste vyf-en-twintig jaar uitgebeeld is, te verwoord.

Daar is drie voorveronderstellings waarop hierdie studie gegrond is. Eerstens, 'n diepe bewussyn van die steeds getraumatiseerde konteks waarbinne Suid-Afrikaners vir hulleself 'n lewe moet maak, 'n konteks wat steeds gekenmerk word deur rassesspanning- en konflik. Tweedens, die vaardigheid van self-refleksie oor die nalentenskap van die verlede, bedoelende die Apartheidsera, en Suid-Afrikaners se konkrete betrokkenheid in die hede en toekoms. Derdens, die formatiewe rol van die erediens en liturgie, waartydens die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe daadwerklik aan mekaar verbind word.

Op grond van die bogenoemde voorveronderstellings rakende die formatiewe aard van die liturgie, word die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie as volg geformuleer:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Die sentrale navorsingsvraag is ondersoek deur middel van 'n interdisiplinêre literatuurstudie wat onderneem is. Vervolgens is die vraag ook verder ondersoek deur middel van empiriese navorsing, waartydens ek deur semigestruktureerde indiepteonderhoude gesprekke gevoer het met medenavorsers oor die betrokke tema. Die volgende aspekte is deur die loop van die studie onder die loep geneem:

- **Teoretiese en metodologiese begroning van die studie** – in hierdie deel van die navorsing word daar op 'n kontekstuele beskrywing en toepassing van die teorieë gefokus, modelle en metodes wat die teoretiese en metodologiese begroning vorm ten opsigte van 'n ondersoek van liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Liturgies-rituele benadering.
- **Suid-Afrika: Verlede, hede, toekoms** – hier het ek 'n verkenningstog van die Suid-Afrikaanse landskap onderneem, deur die lens van die *South African Reconciliation Barometer*, asook 'n kerklike en teologiese lens om sodoende vas te stel presies hoe die landskap van versoening in Suid-Afrika in vyf-en-twintig jaar se tyd verander het en tog ook dieselfde gebly het.
- **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Viering van die erediens** - 'n kritiese bespreking van James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* dien as 'n moontlike vertrekpunt vir 'n teologie en praktyk van die erediens soos dit gevier word in die NG Kerk, met die spesifieke fokus tot die bevordering van versoening binne die Suid-Afrikaanse konteks.
- **Empiriese navorsing** – wat 'n gedetailleerde bespreking van die navorsingsmetodologie insluit, asook die analise en interpretasie van die gegenereerde data.

Die gevolgtrekking van die navorsing vind dan neerslag in 'n praxisteorie wat dien as 'n vertrekpunt vir 'n liturgiese teologie in wording van versoening in die NG Kerk waardeur versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing bevorder word.

Sleutelwoorde

Liturgie

Versoening

Suid-Afrikaanse konteks

Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Identiteit

Imago Dei

Eenheid

Geregtigheid

Liturgiese rituele

Leierskap

Missionale Teologie

SUMMARY

LITURGY AND RECONCILIATION IN THE DUTCH REFORMED CHURCH: A LITURGICAL-RITUAL APPROACH

Reconciliation and research regarding reconciliation in South Africa is not new. However, the question, regarding the necessity of continuing research on this topic, arises. After twenty-five years of democracy in South Africa, is it not time to move on? In this research, I hope to emphasize that the timing is now just perfect, as it is necessary for a critical survey regarding the reconciliation and transformation process in South Africa. The research took place in two main spheres which cannot be separated from one another, namely the South African context and the church context, with specific reference to the Dutch Reformed Church (DRC). In this study, I undertook an exploratory quest to articulate the typical markers with which the South African context of church and society over the last twenty-five years, is portrayed.

This study is grounded in the following three preconceptions. Firstly, consciousness of the still traumatised context within which South Africans must carve out a life for themselves, a context that is still characterised by racial tension and conflict. Secondly, the skill of self-reflection on the legacy of the past, meaning the era of Apartheid, and the concrete involvement of South Africans in the present and future. Thirdly, the formative role of the worship service and liturgy, during which the liturgy of the worship service and the liturgy of life are consciously connected to each other.

Based on the above-mentioned preconceptions regarding the formative nature of the liturgy, the central research question of this study can be formulated as follows:

How can the liturgy as it is celebrated within the DR Church formatively contribute to promote reconciliation in the hearts of believers so that it can impact on the current and future South African society?

The central research question was investigated utilising an interdisciplinary literature study. Subsequently, the research question is also further investigated through means of empirical research during which I conducted semi-structured in-depth interviews with fellow researchers on the theme. The following aspects were scrutinised in the study:

- **Theoretical and methodological foundation of the study** – in this part of the research, focus was placed on a contextual description and application of the theories, models and methods which form the theoretical and methodological foundation with regards to an investigation of liturgy and reconciliation in the Dutch Reformed Church: a Liturgical-ritual approach.
- **South Africa: past, present and future** – in this section I undertook an exploration of the South African landscape through the lens of the *South African Reconciliation Barometer*, as well as a church and theological lens in order to determine exactly how the landscape of reconciliation in South Africa over the past twenty-five years has changed but also remained the same.
- **The Dutch Reformed Church: Celebration of the worship service** – a critical discussion of the *Homo Liturgicus* of James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) served as a possible departure point for a theology and praxis for the worship service as it is celebrated in the DR Church, with specific focus on the promotion of reconciliation within the South African context.
- **Empirical research** – which included a detailed discussion of the research methodology, as well as the analysis and interpretation of the generated data.

The conclusion of the research is then grounded in a praxis theory as stepping stone for a liturgical theology in the DR Church that promotes reconciliation in the South African society.

Key Words

Liturgy

Reconciliation

South African context

Dutch Reformed Church

Identity

Imago Dei

Unity

Justice

Liturgical rituals

Leadership

Missional Theology

INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|----|
| VERKLARING | 2 |
| ERKENNING | 4 |
| VOORWOORD EN DANKBETUIGING | 5 |
| OPSOMMING | 9 |
| Sleutelwoorde | 11 |
| SUMMARY | 12 |
| Key Words..... | 14 |
| FIGURE..... | 19 |
| TABELLE | 20 |
| AFKORTINGS EN AKRONIEME..... | 21 |
| HOOFSTUK 1 | 22 |
| 1.1. Inleiding..... | 22 |
| 1.2. Navorsingsbehoefte | 36 |
| 1.2.1. 'n Paradoksale en onstabiele Suid-Afrikaanse samelewing..... | 39 |
| 1.2.2. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika | 42 |
| 1.3. Navorsingsontwerp | 46 |
| 1.3.1. Doel en doelstelling | 46 |
| 1.3.2. Vraagstelling | 48 |
| 1.3.3. Belang van die navorsing..... | 52 |
| 1.4. Samestelling van die studie | 58 |
| HOOFSTUK 2 | 60 |
| 2.1. Inleiding..... | 60 |
| 2.2. 'n Beskrywing van Praktiese Teologie as studieveld..... | 65 |
| 2.2.1. 'n Moontlike paradigma vir Praktiese Teologie | 65 |
| 2.2.2. Beoefening van Teologie | 70 |
| 2.3 'n Beskrywing van 'n Prakties Teologiese benadering | 72 |
| 2.3.1 Rick Osmer se hermeneutiese benadering tot Praktiese Teologie | 72 |
| 2.4 'n Beskrywing van die studieveld Liturgiewetenskap | 81 |
| 2.4.1 Terminologie: Liturgie, Liturgiek en Liturgiewetenskap | 81 |
| 2.4.2 Metodes van Liturgiewetenskap | 85 |
| 2.5. 'n Beskrywing van die Liturgies-rituele benadering | 87 |
| 2.5.1. Kwalitatiewe Empiriese Navorsingsmetodologie..... | 94 |

| | |
|--|-----|
| 2.5.2. Semigestruktureerde indiepteonderhoude | 95 |
| 2.5.3. Metodologiese triangulasie | 95 |
| 2.5.4. Empiriese Data-analise..... | 96 |
| 2.6 ‘n Beskrywing van die sentrale konsepte van die studie | 96 |
| 2.6.1. Liturgiese Teologie | 97 |
| 2.6.2. Rituele Teorie | 102 |
| 2.6.3. Versoening..... | 113 |
| 2.7. Samevatting | 115 |
| HOOFSTUK 3 | 117 |
| 3.1. Inleiding..... | 117 |
| 3.2 ‘n Beskrywing van die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasie in Suid-Afrika | 118 |
| 3.2.1. ‘n Jong demokrasie (1994-2004) | 119 |
| 3.2.2. Tienerfase van die demokrasie (2004-2013) | 120 |
| 3.2.3. Die mondigwording van die demokrasie (2014-2019)..... | 121 |
| 3.3. ‘n Oorsig van versoening in Suid-Afrika deur die lens van <i>The South African Reconciliation Barometer (SARB)</i> | 123 |
| 3.3.1. 2003 - ‘n Verkennende opname..... | 125 |
| 3.3.2. 2003 - Eerste opname | 126 |
| 3.3.3. 2003 - Tweede opname | 131 |
| 3.3.4. 2004 - Derde opname | 132 |
| 3.3.5. 2005 - Vierde opname | 134 |
| 3.3.6. 2005 - Vyfde opname | 135 |
| 3.3.7. 2006 - Sesde opname | 138 |
| 3.3.8. 2007 - Sewende opname..... | 142 |
| 3.3.9. 2008 - Agtste opname | 143 |
| 3.3.10. 2009 - Negende opname | 146 |
| 3.3.11. 2010 - Tiende opname..... | 147 |
| 3.3.12. 2011 - Elfde opname | 149 |
| 3.3.13. 2012 - Twaalfde opname | 151 |
| 3.3.14. 2013 - Dertiende opname | 153 |
| 3.3.15. 2014 - Veertiende opname | 155 |
| 3.3.16. 2015 - Vyftiende opname..... | 160 |
| 3.3.17. 2017 - Sestiende opname..... | 162 |
| 3.4. Die belangrikste fokuspunkte ten opsigte van versoening in Suid-Afrika deur die lens van <i>The South African Reconciliation Barometer (SARB)</i> | 165 |

| | |
|---|------------|
| 3.5. Die NG Kerk se moeisame reis met versoening in Suid-Afrika | 166 |
| 3.6. Versoening: 'n Teologiese verkenning | 173 |
| 3.6.1. Die verskillende gesigte van versoening in die samelewing | 175 |
| 3.6.2. Die dinamika van versoening..... | 176 |
| 3.7. 'n Gevolgtrekking van versoening deur 'n kerklike en teologiese lens | 183 |
| 3.8 Samevatting | 186 |
| HOOFSTUK 4 | 189 |
| 4.1. Inleiding..... | 189 |
| 4.2. Die Christelike filosofiese antropologiese begronding..... | 190 |
| 4.2.1. “Ek dink, daarom is ek”: Die mens as rasonele denker | 191 |
| 4.2.2. “Ek glo om te verstaan”: Die mens as gelowige..... | 192 |
| 4.2.3. “Ek is waarvoor ek lief is”: Die mens as minnares | 194 |
| 4.3. Van 'n Wêreldbeskouing na Sosiale Verbeeldings..... | 208 |
| 4.4. Dun en ryk beskrywings van liturgiese praxis | 210 |
| 4.4.1. Beskrywings van dun liturgiese praxis | 211 |
| 4.4.2. Beskrywings van ryk liturgiese praxis | 211 |
| 4.5. Liturgie en Sosiale verbeelding | 212 |
| 4.6. Sakramentele Verbeelding..... | 214 |
| 4.7. Liturgie en Versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika..... | 218 |
| 4.8. Samevatting | 223 |
| HOOFSTUK 5 | 225 |
| 5.1. Inleiding..... | 225 |
| 5.2. Navorsingsmetodologie vir die empiriese ondersoek..... | 228 |
| 5.2.1. Kwalitatiewe Navorsingsbenadering: Gevallestudie | 228 |
| 5.2.2. Navorsingstegnieke | 232 |
| 5.3. Analise van die semigestruktureerde indiepteonderhoude..... | 238 |
| 5.3.1. Semigestruktureerde indiepteonderhoudstranskripsies | 238 |
| 5.3.2. Analise van die semigestruktureerde indiepteonderhoude | 240 |
| 5.4. Samevatting van die navorsingsanalise (semigestruktureerde indiepteonderhoude) | 275 |
| 5.5. Samevatting | 287 |
| HOOFSTUK 6 | 289 |
| 6.1. Inleiding..... | 289 |
| 6.2. Bevindinge van die navorsing | 290 |
| 6.2.1. Hoofstuk 1 – Navorsingsbehoefte en ontwerp | 290 |

| | |
|---|-----|
| 6.2.2. Hoofstuk 2 – Teoretiese en metodologiese begroning: Liturgies-rituele benadering..... | 291 |
| 6.2.3. Hoofstuk 3 – Suid-Afrika: Verlede, Hede en Toekoms..... | 292 |
| 6.2.4. Hoofstuk 4 – Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Viering van die erediens..... | 294 |
| 6.2.5. Hoofstuk 5 – Empiriese navorsing | 295 |
| 6.3. ‘n Praxisteorie ter ontwikkeling van ‘n liturgiese teologie in wording vir versoening in Suid-Afrika | 296 |
| 6.4. Nuwe navorsingsgeleenthede..... | 307 |
| 6.5. Leemtes met betrekking tot die navorsing..... | 307 |
| 6.6. Slot..... | 308 |
| BIBLIOGRAFIE | 309 |
| ADDENDUM | 339 |
| Addendum A | 339 |
| Addendum B | 341 |
| Addendum C | 343 |
| Addendum D | 345 |
| Addendum E | 347 |
| Addendum F | 349 |
| Addendum G | 351 |
| Addendum H | 353 |
| Addendum I..... | 355 |
| Addendum J..... | 357 |

FIGURE

| | |
|---|-----|
| Figuur 1: 'n Uitbeelding van die Suid-Afrikaanse- en NG Kerk konteks..... | 38 |
| Figuur 2: 'n Uitbeelding van die kontinuum van teenwoordig wees (Osmer, 2008:37) | 74 |
| Figuur 3: Die vier kerntake van Prakties Teologiese Interpretasie (Osmer, 2008:11) | 81 |
| Figuur 4: Homo Liturgicus: Die mens as minnares..... | 207 |
| Figuur 5: Verskuiwing van die self: vanaf die kognitiewe na die affektiewe..... | 208 |
| Figuur 6: Van 'n Wêreldbeskouing na Sosiale Verbeeldings..... | 209 |
| Figuur 7: 'n Uitbeelding van versoening in Suid-Afrika..... | 244 |
| Figuur 8: Grootste struikelblokke op die pad na versoening..... | 251 |
| Figuur 9: Teologiese verstaan van versoening..... | 257 |
| Figuur 10: Die verstaan van menswees in Suid-Afrika..... | 262 |
| Figuur 11: Konkrete deelname van die medenavorsers aan versoening in Suid-Afrika | 265 |
| Figuur 12: 'n Liturgiese Teologie..... | 266 |
| Figuur 13: 'n Praxisteorie as vertrekpunt vir 'n liturgiese teologie in wording vir versoening in Suid-Afrika..... | 307 |

TABELLE

| | |
|--|-----|
| Tabel 1: Statistiese gegewens van die NG Kerk in Suid-Afrika | 32 |
| Tabel 2: Profiel van die medenavorsers | 239 |

AFKORTINGS EN AKRONIEME

| AFKORTING | BESKRYWING |
|---------------|--|
| PhD | <i>Philosophiae Doctor</i> |
| NG Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| FAS | Fetale alkoholsindroom |
| NWU | Noordwes-Universiteit |
| VOC – tydperk | Verenigde Oos-Indiese Kompanjie-tydperk |
| OIK | Oos-Indiese Kompanjie |
| NGSK | Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk |
| GKSA | Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika |
| RCA | <i>Reformed Church in Africa</i> |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika |
| Post-WVK | Post-Waarheids-en-versoeningskommissie |
| NRF | <i>National Research Foundation</i> |
| MTh | <i>Magister Theologiae</i> |
| KKNK | Klein Karoo Nasionale Kunstefees |
| ANC | <i>African National Congress</i> |
| MIV/VIGS | Menslike immunitetsgebreksvirus / Verwore immunitetsgebreksindroom |
| SARB | <i>South African Reconciliation Barometer</i> |
| IJR | <i>Institute for Justice and Reconciliation</i> |
| WVK | Waarheids-en-versoeningskommissie |
| COPE | <i>Congress of the People</i> |
| FIFA | <i>Federation of International Football Associations</i> |
| BEE | <i>Black Economic Empowerment</i> |
| WBGK | Wêreldbond van Gereformeerde Kerke |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke |
| DRC | Dutch Reformed Church |

HOOFSTUK 1

NAVORSINGSBEHOEFTE EN -ONTWERP

‘n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en -ontwerp van die studie ten opsigte van Liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: ‘n Liturgies-rituele benadering.

1.1. Inleiding

Tydens die navorsing vir my Prakties Teologiese verhandeling getiteld “*Sosiale kohesie en multikulturele eredienste: ‘n Ritueel-liturgiese evaluasie*” (Kleynhans¹, 2012; sien Van der Merwe, Pieterse & Wepener, 2013), het een van die deelnemers ‘n opmerking gemaak wat die navorsingsvraag was vir hiërdie tesis. Die betrokke deelnemer, ‘n Kongolese man,² wat lidmaat was van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Arcadia in Pretoria, het aangevoer dat versoening nie deur die verandering van wette en regulasies teweeggebring word nie, maar dat die harte van mense moet verander vir werklike verandering om plaas te vind, veral in terme van versoening in Suid-Afrika.

Ek sluit hierby aan met die teks van 2 Korintiërs 5:17-20 en haal dit in geheel aan.

“Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hul oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons ‘n

¹ Kleynhans is my nooiensvan.

² Vanuit eie ervaring in sy geboorteland, die Republiek van die Kongo, en ook in die Suid-Afrikaanse samelewing met die xenofobiese geweld wat op daardie stadium hoogty gevier het, is dit van die uiterste belang om hierdie stem helder en duidelik te hoor.

beroep op julle doen. Ons smeeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het.”

Voordat die versoeningstema enigins verder bespreek word, deel ek enkele outobiografiese besonderhede, ten opsigte van myself en as navorser binne die konteks van Suid-Afrika, aangesien dit direk verband hou met hierdie studie.

Elke navorser dink en leef binne en vanuit 'n eiesoortige verwysingsraamwerk. Geen navorsing word in 'n vakuum gedoen waarbinne die objektiewe rol van my sonder enige oordeel of vooroordeel voltrek word nie. So is geeneen van die deelnemers of groepe, aan hierdie of enige ander empiriese ondersoek, geheel objektief wanneer hulle deelneem aan 'n empiriese ondersoek nie. Elkeen se unieke persoonlikheid en persoonlike verwysingsraamwerk is ter sprake, en ook veel meer, onder andere bevoorregting wat van kardinale belang is vir hierdie studie.

Hierdie persoonlike subjektiwiteit is volgens Dreyer, (2016:91-92) 'n basiese epistemologiese dilemma van navorsing en 'n vorm van refleksie kan gebruik word om navorsers bewus te maak van hulle navorsingssubjektiwiteit, -vooroordele en posisie. Refleksie kan ook van waarde wees om sekere faktore te verstaan wat 'n invloed kan uitoefen op kennis wat gekonstrueer word. Verder help refleksie ook om navorsers se sensitiwiteit te verskerp rakende moontlike “gewelddadige” maniere waarop ander in die navorsing verteenwoordig word, asook die vele dubbelsinnighede wat gepaard gaan met die navorsingproses.

Wanneer ek dus die volgende eiesoortige en unieke biografiese feite op die tafel plaas, is dit met die doel om so deursigtig as moontlik te wees, asook om te wys hoe ek, as navorser, die hele studie beïnvloed het. Verder belig dit ook die besondere ingewikkelde Suid-Afrikaanse samelewing, en ook die kompleksiteit van Suid-Afrikaner-wees. Hierdie navorsing is ten diepste kontekstueel geanker. Sonder 'n diep

en deurdringende verstaan van die Suid-Afrikaanse situasie, verlede, hede en toekoms, kan die moontlikheid van versoening beswaarlik bespreek word.

Met die volgende inligting stel ek³ myself bekend en deel ek ook my ervaring en belewenisse van die laaste paar jaar in die bediening binne die Suid-Afrikaanse konteks, spesifiek die plattelandse konteks. Verder verwoord ek ook die basis waarop ek as navorser in konteks hierdie studie aanpak. Die volgende refleksiewe vrae en die beantwoording daarvan genereer nie bloot net selfkennis nie, maar poog om die self beter te verstaan binne die politieke en sosiale sfeer waarin daar geleef word, en wat vormend op die self inwerk (Walton, 2014: xvi):

- Op watter wyse genereer my lewensgeskiedenis voorveronderstellings wat 'n invloed uitoefen op die wyse waarop die navorsing gedoen word?
- Op watter wyse beïnvloed die volgende identiteitsmerkers die navorsing: gender, klas, etnisiteit, seksuele identiteit, kulturele identiteit?
- Op watter manier kan my liggaam en my emosionele reaksies 'n bydrae lewer tot die kennis wat deur die navorsing gegenereer word?

Ek is 'n Afrikaanssprekende, blanke, Suid-Afrikaanse vrou en ma, wat die leraar is van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente in die platteland van die Vrystaat en hierdie tesis is ter vervulling van 'n PhD (Philosophiae Doctor) in Praktiese Teologie aan die Fakulteit van Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria. Binne die vakdissipline Praktiese Teologie spesialiseer ek in Liturgie (sien Kleynhans, 2012; Kleynhans, 2011), met die fokus op die wyse waarop die liturgie soos gevier in die Nederduitse Gereformeerde Kerk⁴ (NG Kerk), versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing kan bevorder. Om die volgende biografiese inligting te deel, is deel van my refleksiewe skryfproses (sien Walton, 2014:xxviii).

³ Die rede waarom die proefskrif in die eerstepersoon geskryf word, is as gevolg van my persoonlike betrokkenheid by hierdie studie, as persoon, as predikant en as navorser. Hierdie narratief is ook my narratief, en so vorm die narratief my, en vorm ek ook die narratief van hierdie navorsing (Dreyer, 2016:97).

⁴ Die afkorting "NG Kerk" sal verder gebruik word in die plek van Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die volgende toeligtig sal die kernbelang van die beskrywing in dele en as geheel, verduidelik.

- **Afrikaanssprekend**

My moedertaal is Afrikaans. Amptelik een van die jongste tale ter wêreld en met die Sensusopname in 2011 (Lehohla, 2012:24) is Afrikaans ongeveer 13.5% Suid-Afrikaners se huistaal. Die voertaal van die NG Kerk waarvan ek 'n leraar is, is Afrikaans. Die Bybel word daar in Afrikaans (1983 Vertaling) gelees, daar word saamgebied in Afrikaans, die sing van Afrikaanse liedere is van kardinale belang en as prediker lewer ek elke Sondag 'n boodskap in Afrikaans. Dit veronderstel dat 'n groot deel van my leefwêreld, asook my bedieningsveld Afrikaans is. My tersiêre studie aan die Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie en Religie was hoofsaaklik in Afrikaans.

Ek kan gemaklik en met vertroue in Engels kommunikeer. Engels is volgens die Sensusopname in 2011 (Lehohla, 2012:24), ongeveer 9.6% mense in Suid-Afrika se huistaal. Dit verteenwoordig egter nie die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking nie. Ons woon in 'n land met elf amptelike tale, naamlik; Afrikaans, Engels, IsiNdebele, IsiXhosa, IsiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga. Dit word 12 wanneer gebaretaal ingereken word. Buiten Afrikaans en Engels is ongeveer 75% mense se moedertaal dus buite my verstaans- en kommunikasievermoë. Dit word dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse samelewing mekaar hoofsaaklik deur die taalmedium van 'n tweede of derde taal ontmoet en dan dikwels deur Engels probeer verstaan.

Wanneer Afrikaans as taal binne die Suid-Afrikaanse konteks verstaan word, kleef daar weliswaar 'n apartheidstigma aan. Afrikaans was die vonk in die kruitvat van die jeugopstande gedurende 1976 in Soweto en die begin van die gewelddadige rewolusie (Prah, 2018; Van Rooi, 2016; Dreyer, 2016:95, sien *South African History Online*, 2019). Aangesien Afrikaans die taal was van die Apartheidsregering

(Nasionale Party 1948-1994) en van die ondersteunende NG Kerk, asook van 'n onderdrukkende skoolstelsel, is daar steeds vandag 'n negatiewe konnotasie en gevoel by swartmense oor Afrikaans en Afrikaanse, veral blanke taalgebruikers (Steenkamp, 2018; De Wet, 2000:39).

Na aanleiding van die kompleksiteite rondom die Afrikaanse taal in die postapartheidskonteks soos hierbo genoem, verduidelik ek waarom ek kies om 'n studie in Afrikaans oor versoening in Suid-Afrika te doen. Die rasionaal vir die studie oor versoening in Afrikaans is nie pure Afrikaans moedswilligheid soos sommige sou dink nie, maar is hoofsaaklik gegrond in die kontekstuele aard van die studie. As navorser en leraar is ek eerstens Afrikaanssprekend. Tweedens, is die kerklike gehoor waarop die betrokke studie fokus, die NG Kerk, 'n kerk wat hoofsaaklik in Afrikaans bedien word. Derdens was my bediening as leraar vir die laaste paar jare in die Noord-Kaap (waarvan Afrikaans die meerderheidstaal is) en Vrystaat provinsie (waarvan Afrikaans die naas sterkste taal is). Die keuse vir Afrikaans as taalmedium waarin hierdie studie geskryf word, behoort dus nie as uitsluitend beskou te word nie, aangesien daar ook gebruik gemaak is van 'n Engelse taalmedium tydens die onderhoude (sien Hoofstuk 5). Die toekomstige beplanning is om ook hierdie proefskrif te gebruik as bousteen vir verdere publikasies, akademies en nie-akademies, plaaslik, asook internasionaal, en dan sal die gebruik van die Engelse taalmedium sterk oorweeg word, om sodoende die publikasies meer toeganklik te maak vir mense wat nie noodwendig Afrikaans kan lees of verstaan nie, aangesien Engels beskou word as die taal van die wetenskap.

- **Blank**

Dit behoort enige leser dadelik op te val dat ek my ook op grond van my etnisiteit beskryf, al is ek deeglik bewus daarvan dat dit 'n menslike konstruksie is, terwyl ek saam met miljoene Suid-Afrikaners in 'n nierassige Suid-Afrika woon. Die eis van nierassigheid is aldus die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Hoofstuk 2, Handves van Regte, een van die basiese kenmerke van die Suid-Afrikaanse

demokrasie wat in 1994 aanvaar is (The Constitution of the Republic of South Africa, 1996:6-7). Dit het gekom in die plek van die *Population Registration Act No 30 of 1950*.

“The Population Registration Act authorized the government officially to classify all South Africans according to race. If it had not already been so, race became the sine qua non of South African society” (Mandela, 1994).

Maar so moet elke Suid-Afrikaner tot op hede hom- of haarself steeds as Blank, Swart, Bruin of Indiër klassifiseer alhoewel hierdie kategorisering binne rasverband in die nuwe demokratiese bedeling geen plek het nie, is dit egter steeds aanwesig in gesprekke; met vorms wat voltooi moet word; in statistiekopnames en in die psige van Suid-Afrikaners.

Om blank te wees word deur Richard Rohr (2015) beskryf as “white privilege” in ‘n artikel in die *Huffington Post*:

“White privilege is largely hidden from our eyes if we are white. Why? Because it is structural instead of psychological, and we tend to interpret most things in personal, individual, and psychological ways. Since we do not consciously have racist attitudes or overt racist behavior, we kindly judge ourselves to be open minded, egalitarian, ‘liberal’, and therefore surely not racist. Because we have never been on the other side, we largely do not recognize the structural access, the trust we think we deserve, the assumption that we always belong and do not have to earn our belonging, the ‘we set the tone’ mood that we white folks live inside of – and take totally for granted and even naturally deserved. Only the outsider can spot all these attitudes in us. It is especially hidden in countries and all groupings where white people are the majority.

Beaudoin & Turpin (2014:254-255) bespreek die volgende sleutelaspekte van “whiteness”, wat belangrik is om te beklemtoon vir hierdie studie:

- Fokus op die individu – in die blanke kultuur is die fokus uitermate op die ervaringe van die self, die belewenisse van eie mislukkings, die vreugdes van eie prestasie, asook die persoonlike en spirituele ontwikkeling.
- ‘n Ontluikende fokusverskuiwing is besig om plaas te vind. Die belang van die totale gemeenskap en die sosiale konteks daag my individualistiese natuur uit, om sodoende die *ubuntu* manier van lewe te omhels.
- Geloof in vordering en vooruitgang – hierdie aspek van die blanke kultuur beklemtoon dat blanke mense hoofsaaklik toekomsgerig dink en doen. Van kleins af is jy aangespoor om te glo dat jy in samewerking met God ‘n beter wêreld kan skep deur middel van Christelike programme as intervensie. Die fokus op die eindbestemming en hoe ek daar uitkom, is van belang.
- Deur my lewenservaring is ek uitgedaag om na te dink oor die reis, en dat die wyse waarop ‘n mens reis, ook van belang is. En sodoende het ek geleer om ook in tye van swaarkry die skoonheid van die lewe te kan raaksien, dit veronderstel ‘n meer bewustelike manier van lewe.
- Wit heerskappy – Dorrien (sien Beaudoin & Turpin, 2014:257) verduidelik wit heerskappy as volg:

“If you live in this society without being constantly reminded of your race, and don’t have to worry about representing your race, and can worry about racism without being viewed as self-interested, and don’t have to worry about being targeted by police for your race, then you are a beneficiary of white supremacy.”

- Ordelikheid en prosedurele helderheid – ‘n lang geskiedenis van ordelikheid en prosedurele helderheid vorm deel van die essensie van Europese en blanke afstammeling, om sodoende effektiwiteit en eie gerief te verhoog.

- Hierdie ordelikheid en prosedurele helderheid kan duidelik gesien word in die wyse waarop ek veral in Hoofstuk 5 'n deeglike beskrywing gee van die metodologiese proses en tegnieke wat gebruik is om empiriese data te genereer en te analiseer.
- Verdienstelikheid en geloof in die sisteem – hierdie aspek beklemtoon die idee waaraan baie blanke mense krampagtig vashou, naamlik dat indien jy vir 'n regverdige instansie werk, en jy jou deel bydra en hard werk, sal jy mettertyd beloon word. Lojaliteit en vertroue speel hier 'n groot rol.

Die probleem volgens Beaudoin & Turpin (2014:260) is nie soseer hoe jy “whiteness” oorkom nie, maar om deur middel van refleksie en met 'n diepe bewustheid daarvan te leef.

Ek is as blanke persoon, deel van die nasate van die sogenaamde groep “wit setlaars” wat Suid-Afrika gekoloniseer het, en daarom medeverantwoordelik vir die koloniale bagasie van die verlede (Dreyer, 2016:96, sien Johnston & Lawson, 2005:360-376). Al het ek self vir die grootste gedeelte van my lewe in 'n demokratiese Suid-Afrika grootgeword en gewoon, het ek steeds die wrang vrugte gepluk van die nalatenskap van die Apartheidsera. Ek het grootgeword in 'n middelklasfamilie en het die voorreg gehad om 'n goeie opvoedkundige agtergrond te bekom. Verder het ek toegang gehad tot hulpbronne en ervaringe waartoe die meerderheid Suid-Afrikaners selfs na die demokratiese oorgang net van kon droom. Müller & Trahar (2016:6) verduidelik dat 'n persoon se sosiale identiteit deel vorm van die ewigduerende dinamika van die samelewing en die konteks.

Ek dra daarom in myself 'n narratief van onderdrukking as deel van die blanke bevolkingsgroep in Suid-Afrika, maar ek dra ook 'n narratief van betrokkenheid deur my akademiese navorsing, en ook my bediening as leraar van 'n gemeente in 'n bepaalde gemeenskap tot 'n versoende Suid-Afrika. Om 'n blanke persoon in Suid-Afrika te wees, gaan oor veel meer as net die kleur van my vel, dit impliseer 'n

diepliggende wêreldbeskouing wat gevorm is deur die nalatenskap van Apartheid (Dreyer, 2016:97).

- **Suid-Afrikaanse burger**

Burgerskap beskryf ten diepste 'n persoon se verhouding met die land waar hy of sy gebore is. Ek is in Pretoria gebore, die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika. Ek is getoë in die Gauteng provinsie wat die ekonomiese hartklop van Suid-Afrika versinnebeeld, maar ook die mekka is van rassekonflik, misdaad en geweld volgens *Crime Stats SA* (2015).

In die Suid-Afrikaanse konteks is ek deel van die Reënboognasie, 'n term van Aartsbiskop Desmond Tutu (2006:251) soos dit duidelik na vore kom in die boek getiteld, *The Rainbow People of God, A Spiritual Journey from Apartheid to Freedom*, wat die eenheid tussen mense ten spyte van diversiteit beklemtoon. Hierdie metafoer van eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing word op 'n unieke manier uitgebeeld in die kleure van die nuwe Suid-Afrikaanse landsvlag wat voor die polisiestatie in die Vrystaatse dorp, waar ek woon, wapper.

Ek leef onder die Grondwet van Suid-Afrika, wat in 1996 deur die Konstitusionele Hof aanvaar is. Dit is die belangrikste wet in Suid-Afrika.

Ek is deel van twee teenoorgestelde en vyandige generasies en stelsels. Die apartheidsgenerasie sowel as van die nuwe demokratiese generasie. Ek is sewe jaar voor die 1994 algemene verkiesing gebore, waar demokrasie die nuwe wagwoord geword het, en ek het sodoende grootgeword in hierdie nuwe demokratiese tydperk. Dit veronderstel dat ek tog iets van die apartheidsnalatenskap dra, en tog ook die nuwe vryheid gesien en beleef het. Van die apartheidsera het ek geen grondige ervaringskennis nie, aangesien ek bloot net te jonk was om werklik 'n grondige bewussyn daarvan te hê. Tog beleef ek iets van daardie era, soos wat ek in aanraking

kom met landsburgers wat wel grondige ervaringskennis van die apartheidsera het. My ervaring van die nuwe demokratiese Suid-Afrika is paradoksaal, soveel het verander, en tog het soveel ook maar nog dieselfde gebly.

Vervolgens is ek ook deel van die *Millenials*, of Generasie Y, wat hoofsaaklik verwys na die generasie mense wat tussen die vroeë 1980's en 1990's gebore is. *Millenials* word as volg beskryf:

“They are generally regarded as being more open-minded ... confident, self-expressive, liberal, upbeat and receptive to new ideas and ways of living” (Main, 2017).

Volgens dieselfde artikel met die titel: *“Who are the Millenials?”* (Main, 2017), word hierdie generasie ook geassosieer met die vierde industriële revolusie. Die tegnologiese wêreld waarin hierdie generasie leef, is deurlopend besig om te verander en hierdie generasie het die kapasiteit ontwikkel om daarmee saam te verander en om voortdurend by hierdie snelveranderende wêreld aan te pas. Matthee & Wepener (2019:5) voer aan dat dit nie net die konteks en die ontwikkeling van nuwe tegnologieë is wat verander nie, maar die repotoire waarmee mense uitdrukking gee aan hulle behoeftes, emosies en lewensgebeurtenisse het ook ontwikkel. Aanlynruimtes soos onder andere, Facebook, Instagram, Snapchat en Twitter het nou die middelpunt van geleefde realiteit geword (Matthee & Wepener, 2019:6).

- **Vrou (ook Eggenote en Moeder)**

Ek is 'n vrou en nie 'n man nie. Geslag is belangrik in die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing, aangesien daar 'n lang geskiedenis van diskriminasie teen vroue is. *Statistiek SA* (2018) voer aan dat vir elke 1 000 mense in Suid-Afrika is 511 vroue en 489 mans. Dit wil sê 51% is vroue. Tog, is vroue relatief swak verteenwoordig in posisies van mag en outoriteit, veral in die werkplek (Koch, 2018).

- **Leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

Hier moet APARTHEIDSKERK in hoofletters gelees word (Dreyer, 2016:95). Die kerk wat deur oudpresident Nelson Mandela in sy Internasionaal bekroonde outobiografie - *Long Walk to Freedom* - ten sterkste veroordeel word.

“The policy was supported by the Dutch Reformed Church, which furnished apartheid with its religious underpinnings by suggesting that Afrikaners were God’s chosen people and that blacks were a subservient species. In the Afrikaner’s worldview, apartheid and the church went hand in hand” (Mandela, 1995:111).

Die *2019 Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke* (2019:430-431) gee die volgende statistiek in verband met die grootte van die NG Kerk:

| | |
|------------------|---------|
| Volwasse lidmate | 676 381 |
| Dooplidmate | 181 265 |
| Gemeentes | 1 073 |
| Ringe | 130 |
| Sinodes | 9 |
| Predikante | 1 379 |

Tabel 1: Statistiese gegewens van die NG Kerk in Suid-Afrika

Op 14 September 2014, is ek vir die eerste keer bevestig as ‘n leraar van die NG Kerk. My eerste beroep as leraar van ‘n NG Gemeente was na ‘n baie klein plattelandse dorp in die Karoo, en vir vier en ‘n half jaar het ek in ‘n hoofsaaklike konserwatiewe boerderygemeenskap bedien. Ek was trouens die eerste vroulike predikant wat beroep is na die gemeente. Die gemeente het deelgevorm van die Nederduitse Gereformeerde Sinode van Noord-Kaapland, waar ek nou betrokke was by die Sinodale Taakspan Diakonaat.

Die Karoodorp het uit ongeveer 6 600 inwoners bestaan, waarvan 96% Afrikaans as moedertaal gepraat het soos deur die Sensusopname van 2011 aangedui word. Die gemeenskap het gebuk gegaan onder vele ekonomiese-, sosiale en maatskaplike

uitdagings waaronder werkloosheid, armoede, alkohol- en dwelmmisbruik veral onder die jongmense, tienerswangerskappe, voorkoms van Fetale Alkohol Sindroom (FAS) as gevolg van drankmisbruik tydens swangerskap, en misdaad. My eie motor is in die tyd gesteel nadat daar by die pastorie ingebreek is en die sleutels geneem is.

In my bedieningstyd het ek in die platteland van Suid-Afrika openlike rassisme en onversoendheid beleef, en tog was daar ook 'n paar glimpse van versoening wat deurgeskemer het.

Ek en my gesin het in Februarie 2019 verhuis na 'n plattelandse dorp in die Vrystaat provinsie, aangesien ek 'n beroep ontvang het na 'n gemeente in die dorp. Daar is ses NG gemeentes in die dorp, waarvan ek die eerste en enigste vroulike predikant is. Die ekonomie van die dorp berus hoofsaaklik op landbou, onder andere die verbouing van mielies, koring en sonneblom, asook suiwelaanlegte en veeboerderye.

- **Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria**

My tersiêre studie het in 2006 aan die Fakulteit Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria begin. Die Fakulteit Teologie en Religie se missie word as volg bewoord soos gevind op die webwerf (<https://www.up.ac.za/faculty-of-theology-and-religion>),

“Our main mission is to nurture transformative leaders that serve the academia, faith-communities and society as a whole by promoting justice, peace, integrity and ultimately reconciling diversity in order to let human life flourish in Africa.”

Sedert 2010 is die Fakulteit Teologie en Religie betrokke by 'n evolusionêre proses, waartydens die Fakulteit 'n doelbewuste keuse gemaak het vir inklusiwiteit, volgens Duncan (2016:3). My teologiese vorming het binne hierdie bogenoemde ruimte ontwikkel en gegroei om sodoende 'n keuse te maak vir verdere studies in Praktiese Teologie, met die fokus op Liturgie en Versoening.

Vervolgens 'n kort oorsigtelike geskiedenis van die Departement van Praktiese Teologie. Die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit van Pretoria het tot stand in 1938 gekom, toe Afrikaner Nasionalisme hoogty gevier het volgens Büchner & Müller (2009:1). Die eerste vier vakdissiplines was Dogmatiek, Kerkgeskiedenis, Nuwe Testament en Ou Testament met die fokus op eksegeese (Van der Watt, 1987:179). In 1948 word 'n vyfde departement geskep, naamlik Godsdienwetenskap en Missiologie, waaronder Praktiese Teologie resoneer (Van der Watt, 1987:181). Prof. H.D.A du Toit het hoofsaaklik op Praktiese Teologie gefokus, en sy grootste bydrae was die vestiging van nuwe liturgiese ordes, vindingryke formuliere en dag-tot-dag prediking vir die NG Kerk (Büchner & Müller, 2009:2). Die fokus van die eerste tien jaar van die Departement van Praktiese Teologie het hoofsaaklik berus op gemeentebediening, tog is studente bewus gemaak van die eise van die gemeenskap.

In die 1970's het die Departement van Praktiese Teologie uitgebrei as gevolg van die aantal studente wat dramaties toegeneem het. In die 1990's geniet die Departement van Praktiese Teologie internasionale erkenning onder die leiding van prof. C.J.A. (Cas) Vos en prof. J.J. (Julian) Müller. In 2000 formuleer die Departement van Praktiese Teologie 'n missieverklaring, waarin daar spesifieke fokus geplaas word op gemeenskapsbetrokkenheid (Büchner & Müller, 2009:2-4).

Prof. Malan Nel (2009:6) beklemtoon die belang van voortdurende studies, want sodoende ontdek 'n mens dat die lewe 'n reis is. Om hierdie reis te leef en te geniet, moet jy op hoogte bly van sake, asook die nodige vaardighede aanleer om werklik jou roeping te kan uitleef.

My motivering vir verdere studies in die veld van Praktiese Teologie is eerstens vir my die ontwikkeling as selfstandige akademiese navorser wat 'n bydrae kan lewer tot die kerk, waarvan ek leraar en lidmaat is, se versoeningsopdrag binne die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Komplekse samelewing wat gebuk gaan onder die pyn van die verlede, die las van die hede en die wanhoop van die toekoms. Tweedens dat ek die praktykervaring as leraar binne 'n gemeente, met akademiese navorsing integreer, om

nie alleen kennis te verwerf wat die bediening sal ondersteun nie, maar ook te reik na 'n praxisteorie wat die versoeningsnood binne die kerk - soos die haarself in die Suid-Afrikaanse konteks bevind - te dien. Derdens vind ek aanklank by Praktiese Teologie se buigzaamheid en dinamika wat dit moontlik maak om binne die Praktiese Teologie tussen verskeie studieveldte te beweeg, soos verwoord word deur Müller (2013:1). Praktiese teoloë het volgens Müller (2013:1) die akademiese vryheid om te beweeg tussen verskillende velde, aangesien die dryfkrag agter hierdie beweeglikheid spruit vanuit 'n bepaalde konteks. Verskillende kontekste en verskillende velde van navorsing vra vir verskillende benaderinge tot navorsing. Dit veronderstel dat praktiese teologiese benaderinge in wese van mekaar verskil, afhangende van die bepaalde konteks en navorsing. Op hierdie wyse word my sensitiwiteit ten opsigte van mense, die kerk en die gemeenskap verryk en verbreed, in die hoop om 'n verhoogde sensitiwiteit vir die gemarginaliseerdes te ontwikkel.

Hierdie studie geskied onder die promotorskap van professore Cas Wepener (Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie en Religie, Departementshoof van Praktiese Teologie) en Marcel Barnard (professor van Praktiese Teologie by Protestantse Teologiese Universiteit in Amsterdam, professor van Liturgiese Studies aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, Buitengewone professor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch), albei spesialiseer in beide Praktiese Teologie en Liturgie.

Die bogenoemde persoonlike bekendstelling lei vervolgens tot die volgende belangrike stellings:

1. Eerstens, as mens, beroepsvrou en navorser is ek onlosmaaklik verbind aan en deel van die apartheids- en postapartheidsera in Suid-Afrika op 'n baie spesifieke wyse, soos dit na vore kom uit my biografiese inligting.
2. Tweedens is ek deel van 'n land en haar mense wat steeds vasgevang is in kardinale aspekte van die verlede en die gevolge daarvan eerstehands beleef

in die hede, met die moontlikheid dat dit die toekoms gaan beïnvloed op wyses wat nie voorspoed inhou nie.

3. Derdens is ek bevooroordeel ten opsigte van baie sake wat reeds in my outobiografiese inligting duidelik geword het.
4. Vierdens is ek bekommerd oor die toekoms van ons land en die mense van Suid-Afrika, aangesien die prentjie wat geskets word nie rooskleurig is nie. Ek en my gesin moet hier 'n langtermyn-toekoms saam met miljoene ander Suid-Afrikaners uitworstel. Hoe gaan ons dit doen? Wat gaan ons doen? Is dit nie dalk al reeds te laat nie?
5. Vyfdens glo ek dat ek 'n verskil kan en moet maak. Ek is die verskil. Nie slegs in my eie persoon, gesin, die gemeente waarvan ek 'n leraar is en die gemeenskap se lewens nie, maar ook as Suid-Afrikaner; as kerkleier en as akademiese navorser is ek medeverantwoordelik in die breër Suid-Afrikaanse samelewing vir versoening en vrede.
6. Sisdens onderneem ek hierdie studie omdat die Woord my dring om gehoorsaam te wees aan die bedieningsopdrag tot versoening. Individueel met God en kollektief met mekaar oor kerk- en denominasies heen en selfs godsdienstige en kulturele verskille en grense heen. Gaan ek (ons) as kerk en gelowige(s) getrou wees aan hierdie opdrag? Gaan ons die mandaat daarvan opneem en dit inbou in ons eie lewens, en die van die gemeentes waarvan ons lidmate is en so ook in die gemeenskapslewe?

1.2. Navorsingsbehoefte

Die volgende twee vrae verwoord my aanvanklike navorsingsbehoefte:


- Hoe vind hartsverandering - tot versoening tussen die mense van Suid-Afrika - binne die Suid-Afrikaanse konteks plaas?

- Kan die NG Kerk en haar liturgie 'n bydrae lewer tot die proses van versoening tussen die mense van Suid-Afrika?

Hierdie twee vrae het gedien as die basis waarmee die lang pad van verkenning van die onderwerp van liturgie en versoening begin is.

Elke navorser moet hom- en haarself vergewis van die behoefte ten opsigte van die gekose navorsingsonderwerp. Daarom onderneem ek om 'n deeglike, kritiese analise te maak van relevante en beskikbare navorsing oor die gekose onderwerp (Cronin, Ryan & Coughlan, 2008:38). Die relevansie en aktualiteit daarvan, die bydrae tot die veld van die Praktiese Teologie (waarbinne die studie onderneem word), sowel as die betekenis van 'n praxisteorie as 'n vertrekpunt van 'n liturgiese teologie soos dit gevier word in die NG Kerk ter bevordering van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, vorm die basis van die verdere akademiese en empiriese navorsing.

Twee aspekte verdien vervolgens aandag. Eerstens, die Suid-Afrikaanse konteks en tweedens, die kerklike konteks. Die twee sake is nie keersye van 'n muntstuk nie, maar 'n werklikheid binne 'n werklikheid, soos deur die onderstaande beeld gedemonstreer.



Figuur 1: 'n Uitbeelding van die Suid-Afrikaanse- en NG Kerk konteks

Die groter Suid-Afrikaanse konteks, soos uitgebeeld deur die groot sirkel, het alles te make met die Suid-Afrikaanse geskiedenis, sosio-ekonomiese- en politiese konteks en die moontlike toekomstige scenario's wat Suid-Afrika kan definieer. Binne hierdie konteks, soos gedemonstreer deur die kleiner sirkel, bevind die kerk haarself (Let wel dat die grootte van die sirkels nie van belang is in die aanbieding van die konteks nie.). In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die NG Kerk wat die oudste Christelike kerk op eie bodem is (Van der Watt, 1976:4).

Die volgende oorsigtelike merkers beeld die tipies Suid-Afrikaanse konteks van kerk en samelewing uit, naamlik:

1.2.1. 'n Paradoksale en onstabiele Suid-Afrikaanse samelewing

Die jaar 2016 was die spreekwoordelike mondigwording van demokrasie in Suid-Afrika⁵. Die land en haar mense het 'n lang kronkelpad gestap om tot hier te kom. Baie het verander in die laaste vyf-en-twintig jaar, maar net so baie het tog ook maar dieselfde gebly. Cronje (2017:40, 88) vertel in hoofstuk 3 van sy boek getiteld: “*n Tydreisigersgids vir Suid-Afrika in 2030*,” die goeie verhaal van 'n beter lewe vir almal in die postapartheid Suid-Afrika. Twee hoofstukke later beskryf hy die volgende parallelle werklikheid: “Die rasseoorlog is op hande”.

Suid-Afrikaners het in 'n demokratiese Suid-Afrika, aldus Cronje se studie wat statistiek van 1995-2015 versamel en geanaliseer het, die volgende positiewe veranderings beleef:

- Grootskaalse elektrisiteitsvoorsiening aan mense wat voorheen daarvan uitgesluit was. So is 55% meer huishoudings in die Oos-Kaap van elektrisiteit voorsien (2017:40).
- Skoon water aan gemeenskappe wat voorheen nie daartoe toegang gehad het nie. 7,1 miljoen huishoudings is van lopende water voorsien (2017:40).
- Formele behuising het 14% meer Suid-Afrikaners toegang tot 'n eie woonplek gegee (2017:42-43).
- Die maatskaplike welsynstelsel het 14 miljoen meer Suid-Afrikaners 'n maandelikse kontanttoelaag verseker (2017:43).
- Reële bestebare per kapita-inkomste van huishoudings het met 44% toegeneem (2017:46) en het die groei van die swart middelklas bevorder (2017:46).
- Verbetering in skoolonderrig het gelei tot 'n 60% toename in toegang tot universiteite en die verwerwing van grade.

⁵ Die eerste demokratiese verkiesing het tot 'n nuwe politieke bestel en regering van eenheid op 27 April 1994 gelei (Deegan, 2001:107)

Terselfdertyd is daar, ten spyte van al die positiewe veranderings en verbeterings, 'n groeiende, gewelddadige protesaksie en antisosiale gedrag in die Suid-Afrikaanse samelewing sigbaar. Cronje (2017:53-63) het ses redes daarvoor geïdentifiseer, naamlik:

- Stygende en onvervulde verwagtings van jongmense.
- Gesondheidsorgtendense en politieke beleidsneigings.
- Verbokkeling van gesinstrukture.
- Elektrisiteitstekorte.
- Die gebrek aan water.
- Geweldsmisdaad.

Frantz Fanon (1991:33) in “*The Wretched of the Earth*”, beskryf hierdie fenomeen wat sigbaar word in die Suid-Afrikaanse samelewing as volg:

“National liberation, national renaissance, the restoration of nationhood to the people, commonwealth: whatever may be the headings used or the new formulas introduced, decolonization is always a violent phenomenon.”

Dekolonisasie volgens Fanon (1991:35) is 'n proses van totale wanorde, wat daarop uit is om die bestaande orde totaal om te keer en te vervang. Fanon (1991:35) beklemtoon ook dat dekolonisering nooit ongesiens verbygaan nie aangesien dit mense ten diepste beïnvloed en hulle wese verander.

Talle voorvalle van rassehaat het in die laaste aantal jare media-opslae in Suid-Afrika gemaak. Hier volg 'n eksemplariese lys voorvalle in die laaste aantal jare:

- Die eerste voorval wat groot aandag in die media geniet het, is die uitspraak van Penny Sparrow waarin sy swart mense wat op Nuwejaarsdag strand toe gaan, “ape” genoem het (Wicks, 2016).

- Daarna volg die sosiale mediastorm met die hutsmerk *#blackface* waar twee damesstudente van die Universiteit van Stellenbosch opspraak gemaak het met donkerpers verf op hulle gesigte vir 'n koshuispartytjie (Herman, 2016).
- Protesoptogte by universiteitskampusse (Universiteit van die Vrystaat en Noordwes-Universiteit se Mafikeng Kampus) was rede tot groot kommer vir talle Suid-Afrikaners.
- 'n Groep swart studente aan die Universiteit van Kaapstad het ook betoog omdat hulle gevoel het daar word teen hulle gediskrimineer op grond van ras en daarom word hulle nie gekeur vir koshuisplek nie (Malgas, 2016).
- Die Universiteit van Pretoria se kampusse was gesluit van die 22ste Februarie 2016 tot die 28ste Februarie 2016 as gevolg van geweld op die kampusse oor die moontlike verandering van die taalbeleid van die betrokke instelling (Vise-Kanselier & Bestuur van die Universiteit van Pretoria, 2016).
- TimesLive berig oor die opspraakwekkende video waarin Victor Mlotshwa deur Theo Jackson en Willem Oosthuizen in 'n doodskis geforseer word met die dreigement dat hulle 'n slang daarin sal gooi en ook die kis aan die brand sal steek. (Shange, 2018).
- Vicki Momberg, 'n eiendomsagent wat op kamera 'n swart polisie-offisier verbaal mishandel. Sy gebruik die verbode k***** woord meer as 40 keer (Shange, 2018).
- Die grusame dood van Emmanuel Sithole, 'n straatverkoper van Mosambiek, wat deur 'n groep jongmense oorval word en met 'n mes deur die hart doodgesteek word. Hierdie aanval was deel van die xenofobiese geweld in 2015 in een van Johannesburg se informele nedersettings, Alexandra (Shange, 2018).

- In 2017 word Suid-Afrikaners geskok deur die rasgedrewe insidente wat plaasvind in 'n klein landbou dorpie, Coligny in Noord-Wes. Jeffery (2018) berig op *Politicsweb* van die moord op 'n 16-jarige wat glo sonneblomme op 'n betrokke plaas gesteel het. Vier dae na die moord gepleeg is, reël 'n groep skoolkinders 'n optog deur die strate van Coligny, wat uitbreek in 'n gewelddadige protesoptrede, waar verskeie winkels geplunder en afgebrand word. Plase op die buitewyke word aan die brand gestee. Coligny word in 'n sekere sin toe die mikrokosmos van rass spanning van daardie jaar.
- Velaphi Khumalo, 'n regeringsamptenaar, het homself in warm water bevind na uitlatings op Facebook, waarin hy gesê het dat Suid-Afrika gereinig moet word van blanke mense op dieselfde wyse waarop Adolf Hitler met die Jode gedoen het (Singh 2018).

Die totale beeld wat so vorm aanneem, is tegelykertyd bemoedigend asook ontstellend. Dit spreek van vordering, maar ook van onrus. Die Suid-Afrikaanse samelewing is dus kompleks, paradoksaal en onstabiel, gevul met hoop en wanhoop, versoening en onversoendheid, strewes na geregtigheid en volgehoue ongeregtigheid. Binne hierdie konteks bevind lidmate van die NG Kerk hulself. Wat is die beeld van die NG Kerk?

1.2.2. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Met hierdie studie wil ek 'n bepaalde gedeelte van die verhaal binne die Suid-Afrikaanse samelewing ondersoek. Sedert 1994, met die aanbreek van demokrasie, was versoening die sleutelterm op almal se lippe; wat dit is en hoe die land dit gaan bewerkstellig. In hierdie studie wil ek aansluit by die postapartheids-versoeningsverhaal deur die bydrae van die NG Kerk en haar rol in die proses van versoening met 'n liturgies-rituele benadering te ondersoek. Ek fokus dus in hierdie gedeelte van die verhaal spesifiek op die liturgiesgeskiedenis van die NG Kerk in Suid-Afrika.

Ons⁶ verhaal begin in 1652 met Jan van Riebeeck en ander se aankoms aan die Kaap met die doel om 'n verversingspos aan te lê⁷. Tog sou hierdie aanvanklike verversingspos so ontwikkel en uitbrei dat die grense al verder noord- en ooswaarts geskuif is. Die polities-ekonomiese doelwitte het tegelykertyd ook met 'n kerksending verband gehou en die Gereformeerde Kerk⁸ het saam met die verversingspos gegroei en uitgebrei (Loff, 1997:1). Van Riebeeck het as kommandeur ook die Gereformeerde godsdiensoefeninge 'n belangrike deel van die daaglikse roetine geword. Die sieketrooster was daarvoor verantwoordelik en het ook die Sondagerediens gelei waar almal verplig was om die geleentheid by te woon (Loff, 1997:20).

In 1665 is die eerste gemeente aan die Kaap gestig, met ds. Johan van Arckel as predikant, Abraham Schut en Jan Reijneersz onderskeidelik as ouderling en diaken (Van der Watt, 1976:4). Verskeie ander gemeentes is kort daarna gestig en dit wil voorkom asof die Gereformeerde Kerk, die bevoorregte kerk was tydens die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie-tydperk (VOC-tydperk) (Loff, 1997:26). AJ Böeseke (1970:10) beskryf die stand van sake aan die Kaap en voer aan dat die Khoi-Khoi mense geen rol gespeel het met betrekking tot die kerklike lewe nie.

Dit was eers met Bartholomeus Ziegenbalg en Hendrik Plütschau se besoek aan die Kaap dat die eerste georganiseerde poging om die inheemse bevolking tot die Gereformeerde geloof te bekeer, teweeggebring is (Genischen, 1998:540-541). Hulle

⁶Die voornaamwoord "ons", word doelbewus gebruik omdat dit 'n inklusiwiteit veronderstel waaraan alle Suid-Afrikaners deel het.

⁷ Hierdie geskiedenis is vir die Suid-Afrikaanse leser bekend en die doel en praktiese uitvoering van die opdrag aan Van Riebeeck - deur die Oos-Indiese Kompanjie in Nederland (OIK) - word nie verder toegelig nie.

⁸ Die Gereformeerde Kerk is geplant saam met die aankoms van die Nederlanders in die Kaap in Suid-Afrika in 1652 (Van der Watt, 1976:10-11). Die Afrikaanse naam, naamlik Nederduitse Gereformeerde Kerk is amptelik in 1842 in gebruik geneem, en het in 'n noue verbintenis met haar Nederlandse moederkerk gestaan (Van der Watt, 1976:11). Die NG Kerk moet nie verwar word met die kleiner Nederduitse Hervormde Kerk (NHK) en Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) nie. Die sogenaamde 'dogter kerke' of 'sendingkerke' van die NG Kerk is ook eers later gestig, en spesifiek op grond van ras. Eerstens die NGSK (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) wat in 1881 vir bruinmense gestig is, en later ook die NGKA (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika) vir swartmense en die RCA (Reformed Church in Africa) vir Indiërs (Adonis, 2015:1). In 1994 het die NGSK en 'n groot deel van die NGKA saamgesmelt om die VGKSA (Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) te vorm.

het met die Morawiese Broederkerk geskakel en so het die eerste sendeling in 1737 in die Kaap aangekom. Georg Smidt moes onder moeilike omstandighede werk en het baie teenkanting ervaar (Potgieter et al., 1970:515).

Die eerste koloniste in die Kaap was nie almal van Nederlandse afkoms nie, daar was ook 'n taamlike hoeveelheid Duitse immigrante. Van die begin af was godsdienstvryheid 'n groot kwessie en het dit 'n dekade of twee geneem vir verskillende denominasies om te kon funksioneer. In 1778 het die Lutherse Kerk toestemming gekry om naas die Gereformeerde Kerk ook vrylik te kon aanbid (Hofmeyr, 1994:24-25).

Sedert die aankoms van die Gereformeerde Kerk in die Kaap het alle Christene, ongeag van klas of kleur, gesamentlik in een kerkgebou aanbid (Loff, 1970:80; sien Kriel, 1963:54; Marais, 1952:316; Smith, 1973:16; Spoelstra, 1907). Dit blyk tog dat daar wel 'n mate van onderskeid getref is in terme van presies waar watter lidmate kon sit tydens die erediens. Sitplekke is aan mense toegeken na aanleiding van die posisie wat iemand in die samelewing beklee het. Sitplekke sou eers aan die mans gegee word, daarna die vrouens - ooreenkomstig die rang van hulle eggenoot - en laastens sou sitplekke aan die slawe toegeken word (Loff, 1970:79-83).

In 1828 het die kerkraad van Somerset-Wes 'n besluit moes neem oor 'n man met die naam Bentura Visser wat gedoop is en daarna die nagmaal wou gebruik. Klagtes het gekom van mense wat ongemaklik voel omdat hy nou op dieselfde manier behandel word as vry mense. Dit was onaanvaarbaar om 'n slaaf en 'n vry mens op dieselfde manier te behandel. Die kwessie is nie regtig opgelos nie (Loff, 1970:84-89).

'n Besluit wat in 1857 deur die Sinode geneem is, het 'n ingrypende verandering teweeggebring, wat vir jare daarna nog by mense sou spook. Die besluit het die volgende gesê:

“De Synode beschouwt het wenselijk en schriftmatig, dat onze ledematen uit die heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenome en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolg van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen in die weg zou staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal” (Handelinge deur Gereformeerde Kerk Zuid-Afrika, 1858:58-60; sien Wepener, 2010:138-139).

Die gevolg van hierdie besluit het effektief beteken dat mense van verskillende rasse, klasse en tale nou apart van mekaar eredienste kon hou. Die erediens wat juis 'n plek van eenheid veronderstel, het 'n plek van intense sosiale verdeeldheid geraak.

In 1948 het 'n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika begin met die ideologie en beleid wat onderskeid tref tussen mense gebaseer op hulle ras. Dit is algemeen bekend dat *Apartheid* die politieke beleid van die Nasionale Party was. Die party het op daardie stadium steun gevind in die stemme van die Afrikanervolk. Die geskiedenis maak dit ook duidelik dat daar 'n noue band is tussen die Afrikanervolk en die NG Kerk (Millard, 1994:254; sien Van der Watt, 1987:84). Hierdie beleid het vir die daaropvolgende 46 jaar hierdie verdeeldheid en skeiding van mense verdiep en het die psige van die Suid-Afrikaanse samelewing verander. Dit wil soms voorkom asof verdeeldheid nog vir etlike jare in die onderbewussyn van Suid-Afrikaners sal skuil, maar die Anglikaanse Aartsbiskop, Desmond Tutu het in 1999 die volgende oor Suid-Afrika gesê:

“South Africa has had such a dreadful history and suffered devastating evil. Yet now the nightmare of apartheid is over and the country has shown a great capacity for good” (Deegan, 2001: Preface).

Suid-Afrika en haar mense het die potensiaal en ook die kapasiteit om 'n verlede van haat en diskriminasie agter te laat en 'n toekoms van vryheid en aanvaarding te betree.

Tog sukkel selfs die hoofstroom “kerkmense” van Suid-Afrika steeds om in eenheid te aanbid. In die laaste jare het die NG Kerk deur 'n kerkordelike proses gegaan om Artikel 1 van die Kerkorde te wysig, sodat die Belydenis van Belhar deel vorm van die

NG Kerk se belydenisgrondslag. 'n Positiewe uitslag ten opsigte van hierdie stemming oor die opname van die Belhar Belydenis sou die vordering kon aandui van die Kerk ten opsigte van versoening.

Die Sinode van die NG Kerk in Namibië het die eerste rooi lig gegee vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde (Jackson, 2015), waarna die Vrystaat Sinode gevolg het (Jackson, 2015). Nog twee sinodes volg met 'n afwysing van die voorstel om Artikel 1 van die Kerkorde uit te brei (Jackson, 2015). Die Moderamen van die Algemene Sinode het die uitslag van die stemming bekendgemaak en bevestig daarmee dat die belydenisgrondslag van die NG Kerk sal bly soos dit is. (Jackson, 2015). Die NG Kerk het dus onlangs getoon dat die voorstel ter tafel nie aanvaarbaar was nie. 'n Suid-Afrikaner sou redelikerwys kon dink dat Christengelowige mense die Rubicon reeds oorgesteek het ten opsigte van die Belhar Belydenis. Die teendeel is egter waar. Waar die groter gedagte versoenende optrede was, het die kerk dit duidelik gestel dat dit nie nou moontlik of wenslik is nie. Ek bevind my dus vandag nog in 'n onversetlike NG Kerk.

Die voorlopige gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat die praktyk van die liturgie soos gevier in die NG Kerk in Suid-Afrika, meegedoen het om mense so te vorm dat die wese van Apartheid in ons⁹ gegraveer is.

1.3. Navorsingsontwerp

1.3.1. Doel en doelstelling

Die navorsingsdoel word deur die volgende vyf stellings verwoord:

⁹ Weereens word die woord "ons" gebruik, om sodoende ook vir my as persoon daarby in te sluit.

Doelstelling 1: 'n Kontekstuele beskrywing en toepassing van die teorieë, modelle en metodes wat die teoretiese en metodologiese begronding vorm ten opsigte van 'n ondersoek van liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Liturgies-rituele benadering.

Doelstelling 2: 'n Verkenning van die Suid-Afrikaanse landskap deur die lens van die *South African Reconciliation Barometer*, asook 'n kerklike en teologiese lens om sodoende vas te stel hoe die landskap van versoening in Suid-Afrika in 26 jaar verander het of hoe dit dieselfde gebly het.

Doelstelling 3: 'n Kritiese bespreking van James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* as vertrekpunt vir 'n teologie en praktyk van die erediens soos dit gevier word in die NG Kerk, met die spesifieke fokus tot die bevordering van versoening binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Doelstelling 4: 'n Beskrywing en analise van die empiriese navorsing soos verkry deur semigestruktureerde indiepteonderhoude met medenavorsers oor die tema van Liturgie en Versoening.

Doelstelling 5: 'n Strategiese voorstel vir 'n praxisteorie as ontwikkeling van 'n liturgiese teologie in wording soos dit gevier word in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ter bevordering van sosiale versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Ten einde die bogenoemde doelstellings te kan bereik, word die volgende vrae geformuleer wat die studie rig en lei:

1.3.2. Vraagstelling

1.3.2.1. Die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae

Alvorens die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae geformuleer word, is dit nodig om die veronderstelling waarop hierdie studie gegrond is, te belig.

Eerstens moet die Suid-Afrikaanse konteks deeglik in ag geneem word. Tweedens die eksistensiële aard en selfrefleksie van Suid-Afrikaners en gelowige kerkmense. In die derde plek die formatiewe betekenis van die erediens en liturgie in die lewe van gelowiges. Soos reeds gesê wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, leef Suid-Afrikaners in 'n land met 'n traumatiese verlede, wat tot 'n mate agtergelaat is en tog het ons nog nie die eindbestemming bereik nie (Cilliers, 2015:2). Hierdie pynlike verlede veroorsaak 'n obstruksie vir die mense van Suid-Afrika om 'n betekenisvolle hede en toekoms saam te ervaar (Kruger & De Klerk, 2017:1).

Betreffende die eksistensiële vrae rakende identiteit, verantwoordelikheid en houdings wat voorveronderstellings insluit oor die nalatenskap van die verlede en elkeen se betrokkenheid by die samelewing, laat dit die mense van Suid-Afrika in 'n ongemaklike refleksiewe posisie wat op geen manier vermy kan word nie. Burger (2005:13) se drie eksistensiële vrae op hierdie aspekte is as volg:

- Die vraag na God: waar vind ek God en hoe leer ek God beter ken?
- Die vraag na 'n persoon se selfverstaan. Wie is ek ek hoe pas ek in?
- Die vraag na die sin en betekenis van die lewe: hoe kry ek sin gemaak van die wêreld daarbuite en en hoe vind ek my plek en rol daarin?

Ten opsigte van die erediens en liturgie voer Kruger & De Klerk (2017:3) aan dat die liturgie 'n unieke oorbruggingsproses moontlik maak, om deelnemers sodoende te lei na die konkrete werklikheid en so word die liturgie, die liturgie van die lewe. Die liturgie en die lewe word dus nou aan mekaar verbind in hierdie proefskrif (Barnard & Wepener, 2018:360). Verder is die veronderstelling van hierdie proefskrif dat die

liturgie nie bloot funksioneer om lidmate tevrede te stel, en hulle op hierdie manier te probeer behou nie, maar die liturgie help om mense se identiteit en lewe te vorm en te skep binne 'n veranderende Suid-Afrikaanse konteks (sien Pieterse 2001; Niemandt 2013:31–32; Van der Merwe 2009a:148–157).

Die erediens word nie uitsluitlik beskou as die alfa en omega van die gemeente se openbare byeenkomste nie, tog is dit steeds van sentrale belang in die lewe van die gemeente en gelowige individu volgens Barnard & Wepener (2018:360). Die erediens word beskou as die kernruimte waarbinne geloofsvorming plaasvind en waar die gemeente as geloofsgemeenskap saamkom om God te aanbid, verder is dit ook die missionêre ruimte van waar die bediening van die gemeente ontstaan, gerig en gestuur word (sien Barnard 1981:3; Muller 1990:3; Smit 2010:2). Junker (2014:xx-xxi) beklemtoon vervolgens dat die gemeenskap van gelowiges 'n transformasieproses eerstehands beleef, en dat hulle daardeur gedring word om agente van transformasie in die gemeenskap te wees.

Hierdie mediasie deur middel van die liturgie is veronderstel om mense se oë te open vir nuwe moontlikhede waardeur identiteit en houdings wat nog gegrond is in gekoloniseerde gedagtes kan verander. Die liturgie bied ook nuwe insigte tot die verlede, aangesien die brug oop is vir die verlede. So ook, is hierdie brug oop vir die toekoms. In hierdie mediasieproses van die liturgie, word deelnemers deel van 'n nuwe algemene geskiedenis, wat onthou word deur gereelde viering van hierdie algemene geskiedenis. Dit veronderstel dat die nuwe gemeenskap van gelowiges geen storie het om te vertel nie, want volgens Hauerwas (2002:150) deur middel van die vertelling, word hulle, die gemeenskap van gelowiges, die storie wat vertel word. Sodoende beklemtoon Smit (2008:143) dat die identiteit van 'n gemeenskap van gelowiges op die spel is in die liturgie. Volgens Ross (2016:78) is die liturgie dan 'n kollektiewe daad van God se mense, nie individuele daade nie.

'n Liturgie van mediasie lei tot die bewussyn van die ander in die alledaagse werklikheid. Kruger & De Klerk (2017:7) gebruik die gedagte van

onderskeidingsvermoë om self ondersoek in te stel na die manier waarop die gemeenskap van gelowiges na hulle eie houdings en persepsies teenoor die ander kyk. 'n Liturgie van die ander maak dit moontlik vir mense om minder van hulleself te dink en om meer te dink van ander mense. Ross (2016:80) verduidelik as volg wanneer liturgieë inklusief van aard is, word daar gefokus op die konteks, dan is daar 'n bewussyn vir die moontlike versoeking om eerder in afsondering te leef, dit maak die gemeente se deure oop om sosiale en ekonomiese kwessies in die samelewing aan te spreek. Hieronder sal dit baie moeilik wees vir 'n gemeenskap van gelowiges om werklik die pyn en lyding van onderdrukking van die ander in die gemeenskap raak te sien.

Liturgie as oorbruggingskonsep het te doen met die Evangelie wat in verband gebring word met die wêreld waarin ons leef, aangesien die Evangelie altyd etiese implikasies het. En sodoende vorm die liturgie mense se identiteit om te lewe na God se wil. Dit beteken dat elke erediens 'n openheid moet toon vir die samelewing waarbinne mense woon en werk en leef. Om in die erediens geseën te word, beteken dat ek sal leef dat ander geseën kan word (Kruger & De Klerk, 2017:8). Ross (2016:81) voer aan dat dit ook nodig is om deel te neem aan liturgieë van strategiese onderbreking. Hierdie strategiese liturgieë herinner mense aan dit waaroor die Christelike lewe en liturgie ten diepste handel, daardeur word mense besiel en ook ontwrig om te fokus op die nood van die wêreld. Deur middel van simboliese handeling word bewustheid geskep, maar mense word daardeur ook geskok tot aksie.

Die liturgie laat mense voor 'n kruispad te staan kom. In 'n wêreld wat gekenmerk word deur vyandigheid, moet elkeen van ons onself die vraag afvra: Wat kan moontlik gedoen word om die waardes van menswaardigheid te versterk? 'n Liturgie van deernis en gasvryheid skep nuwe ingange tot hernude verhoudings in gemeenskappe. Die veronderstelling is dat die liturgie ook in die daaglikse lewe kontinueer, en sodoende word nuwe houdings en verhoudings gevorm, gebou op die pilare van deernis en gasvryheid (Kruger & De Klerk, 2017:8). Op hierdie manier maak die liturgie dit moontlik vir mense om binne gemeenskappe gesprekke met mekaar te hê. Die liturgie maak 'n *ubuntu* lewe moontlik.

Ross (2016:82) verwoord die belang van formatiewe liturgieë as volg:

“Our liturgies and our lives have the power to resist in ways that can transform our imaginations and, perhaps, to move us a little closer to establishing and living in the realm of God's power where death is transformed into life and our fragile bodiliness is where we truly encounter God.”

Die kuns van aanbidding behoort aan die Kerk, dit is die wyse waarop die mense van God lewe, werk, onthou, en leer hoe om Kerk te wees, en om dit te geniet om God s'n te wees. Marva J. Dawn (1999:239) beskryf dit in haar boek getiteld *A Royal “Waste” of Time* met die volgende aanhaling:

“Healthy churches will worship God deeply and will be formed by their practices and education to have God's character, to be a people set apart by God to live as artists in community, as sentinels on the wall to warn of dangers, as ambassadors of the kingdom of God to share its Joys, as friends reaching out with genuine intimacy to their neighbors. They will not fall prey to the idoltaries of numbers or suces, spectacle or power, emotional highs or simply what is new, but will instead be the servants and cross-bearers and witnesses Christ called us to be.”

Op grond van die bogenoemde voorveronderstellings rakende die formatiewe aard van die liturgie, word die sentrale navorsingsvraag as volg geformuleer:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Na aanleiding van die sentrale navorsingsvraag is die volgende voortvloeiende vrae verwoord, naamlik:

- Watter risikofaktore in gelowige Suid-Afrikaners bied moontlike weerstand teen versoening?
- Kan die liturgie hartsverandering teweegbring wat tot versoening tussen die mense binne die Suid-Afrikaanse konteks sal lei?
- Indien 'n maatstaf aangelê word, is die vraag of Suid-Afrika en haar mense regtig so ver gevorderd het op hierdie reis na versoening as wat gemeen word?
- Wat is die moontlike struikelblokke op hierdie reis na versoening tussen die mense van Suid-Afrika?
- Watter katalisators stimuleer die proses van versoening en waarheen is die huidige versoeningsproses op pad en wie bestuur of fasiliteer die proses?

1.3.3. Belang van die navorsing

Hierdie studie vorm deel van 'n veld van navorsing waar die volgende sleutelkonsepte belangrik word, naamlik:

- a) Liturgie
- b) Versoening
- c) Suid-Afrikaanse konteks
- d) Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die volgende sekondêre konsepte geniet ook aandag:

- i) Identiteit
- ii) Imago Dei
- iii) Eenheid
- iv) Geregtheid
- v) Liturgiese rituele

vi) Leierskap en

vii) Missionale Teologie.

Elkeen van hierdie sleutelkonsepte is individueel nagevors, en heel party artikels is daarvoor beskikbaar. 'n Jaar na die demokratiese oorgang in Suid-Afrika skryf Burger (1995) in sy boek getiteld: “*Gemeentes in transitio*”, dat daar vernuwingsgeleenthede is in oorgangsperiodes, en dat die kerk baie besondere en unieke geleenthede sal hê om steeds 'n konkrete bydrae te lewer. Een van die evangeliese waarhede volgens Burger (1995:153) waaraan die kerk beter gestalte behoort te gee as in die verlede, is aan die eenheid van die kerk. Daarom is die eenheid van die NG Kerk-familie 'n saak van hoogste prioriteit, en volgens hom 'n lakmoestoets vir die integriteit van die kerk se geestelike bedoelings. Daar is ook heelwat navorsing gedoen rakende die kombinasie van die twee sleutelkonsepte liturgie en versoening (sien Burger, 1995; Muller, 2006; Pieterse, 2009; Wepener, 2009; Wepener, 2011; Wepener, 2012).

Die volgende drie doktorsale studies was baanbrekerswerk in die veld. In 2001 het Thesnaar ondersoek ingestel na die proses van heling en versoening tussen slagoffer en oortreder in 'n “post-WVK” periode in Suid-Afrika, met die oog op die uitdaging wat dit vir die pastoraat inhou. Wepener (2004) verwoord die noodligheid vir versoening in Suid-Afrika, asook in die kerklike konteks, waar NG Kerk en VGKSA nog steeds op grond van ras verdeeld bly, met 'n spesifieke fokus op die wyse waarop die nagmaal 'n negatiewe en ook positiewe rol gespeel het, en kan speel. Taljaard (2004) beskryf in haar doktorsale studie die nagmaal as 'n middelruimte waar gelowiges mekaar ontmoet, en sodoende word tyd en dialoog getransformeer. Hierdie middelruimte open moontlikhede om eerstens medeverantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar en tweedens om versoening en geregtigheid te beliggaam in die gemeenskap (Taljaard, 2004:373 en 377-379).

In De Klerk (2001) se ouer artikel getiteld *Liturgie, transformasie en Afrika Renaissance* word dit duidelik dat die jong Suid-Afrikaanse demokrasie in 'n

worstelstryd is om haar identiteit te ontdek. Dit word heel moontlik die beste verpersoonlik in die soeke na 'n *Afrika Renaissance* en die bydrae van die liturgie daartoe. Aangesien die liturgie menswaardigheid kan herstel en sodoende versoening kan bewerkstellig kan gelowiges op hierdie wyse hulle selfvertroue herwin om deel te neem aan die herstelproses van die mense van hierdie land. In 2003 publiseer De Klerk 'n artikel met die titel *Nelson Mandela and Desmond Tutu: Living Icons of Reconciliation* waarin hy aanvoer dat hierdie twee Suid-Afrikanners 'n bepaalde, lewenskragtige stel assosiasies van tyd, plek en kultuur beliggaam vir die mense van Suid-Afrika.

Die artikel van Cilliers en Nell (2011) met die titel '*Within the enclave*' – *Profiling South African social and religious developments since 1994*, ondersoek religieuse en sosiale transformasie binne die NG Kerk in Suid-Afrika. Die outeurs wys duidelik dat transformasie oor veel meer gaan as bloot die verandering van sisteme en strukture, op 'n dieper vlak het dit ook te make met die veranderinge van verhoudings en houdings tussen verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika. Tydens die euforia wat na die politiese oorgang in 1994 geheers het, is daar heelwat klem gelê op die unieke eenheid in diversiteit, met Desmond Tutu se bekende reënboognasie metafoor, enklawe-mentaliteit en die liturgie (Cilliers, 2007:1-19). Tog is daar volgens Cilliers en Nell (2011:6) aanduidings dat mense weer laer trek volgens etniese groeperinge wanneer daar gepoog word om mense se identiteit te definieer. Dit is duidelik dat die NG Kerk daardeur geraak word, aangesien die hartseer waarheid steeds geld dat die NG Kerk struktureel afgesonder is van die NG Kerk-familie. Wat duidelik word volgens hierdie artikel is dat die kerk (verskillende denominasies) 'n daadwerklike poging sal moet begin aanwend om grense oor te steek, om sodoende verryk en gelei te word deur kontak met die ander.

Die bogenoemde studies verwys baie spesifiek na die NG Kerk, aangesien dit ook die fokus van die betrokke studie is. Die volgende studies van ander teoloë in Suid-Afrika wat oor die tema gewerk het, is belangrik om na te verwys. John De Gruchy (2002) het 'n moeisame pad aangedurf met die skryf van *Reconciliation: Restoring Justice* waarin hy aantoon dat die Christelike narratiewe 'n wesentliche bydrae tot versoening

kan lewer. Ware versoening lê in openheid en 'n kritiese bewussyn, want wanneer die mens terugval op tradisie word verskeie vorme van onderdrukking net weer ingestel en herbevestig. Hierdie is 'n worstelstryd in Suid-Afrika, maar word ook oral in die wêreld bespeur. Mark Hay (1998:203) se proefskrif getiteld *Ukubuyisana, Reconciliation in South Africa* verwoord die noodsaaklikheid vir versoeningsrituele in Suid-Afrika as volg:

“Rituals will need to be found to help victims and communities mourn, heal, confront the past, exorcise the evil of the past, forgiveness etc. Perpatrators will need rituals to express repentance, remorse, contrition etc. Rituals will be needed to express justice, reparation, reconciliation, hope, human dignity and honour. There will be a variety of rituals needed for use at the national, local and individual levels. The ritual challenge is great.”

Die Lutheraan, Claudia Nolte-Schamm (2006:90), beskryf in haar artikel getitel *The African Traditional Ritual of Cleansing The Chest Of Grudges As A Ritual Of Reconciliation*, 'n Suid-Afrikaanse tradisionele kulturele ritueel waardeur sosiale versoening bewerk word tussen vyandige partye. Sy verwoord 'n dringende behoefte aan innoverende metodes wat sosiale versoening en die genesing van gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse konteks dien. En volgens Nolte-Schamm (2006:104), verleen Afrikatradisies hulleself tot hulpbronne wat gebruik kan word om sosiale versoening te bevorder. Nolte-Schamm (2006:370) ontvou ook die konsep *ubuntu/botho* as 'n hulpbron vir sosiale versoening, veral in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die gevolgtrekking waartoe sy kom, is dat hierdie begrip 'n allesomvattende etos omvat, wat onderliggend tot die Afrika sosiale lewe is.

In 2008, word 'n National Research Foundation (NRF) projek van stapel gestuur in Suid-Afrika, getiteld “Exploring the role of religious ritual in social capital formation for poverty alleviation”, onder leiding van akademici van Suid-Afrika en Nederland. Die navorsing het ten doel om te verstaan watter rol religieuse rituele speel tot die vorming van sosiale kapitaal, asook om religieuse rituele as lens te gebruik om te sien op watter

wyse sosiale kapitaal aanwesig is in gemeenskappe (Cilliers & Wepener, 2007:39). Om hierdie navorsingsdoel te bereik, het twee velde hande gevat, naamlik Ontwikkelingstudies en Rituele Studies (Wepener, 2010:1). Daar word hoofsaaklik gefokus op Christelike gemeentes in arm sosio-ekonomiese kontekste van die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal (Wepener, et. al., 2010:61).

In 2011 het ek navorsing gedoen ter vervulling van die vereistes vir 'n Magister Theologiae (MTh) in Praktiese Teologie met die titel *Sosiale kohesie en multikulturele eredienste: 'n Ritueel-liturgiese evaluasie*. Wanneer daar gekyk word na die Suid-Afrikaanse samelewing is dit duidelik dat die samelewing gekenmerk word deur diversiteit en pluraliteit in terme van etnisiteit, ras, taal en sosio-ekonomiese klas. Die leemte wat ek dus tydens hierdie studie geïdentifiseer het, lê daarin dat wanneer 'n mens veral na aanbidding in die NG Kerk kyk, die diversiteit en pluraliteit van die samelewing dikwels nie daar sigbaar is nie, want die gereelde kerkgangers is monokultureel. Die behoefte bestaan wel dat lidmate tydens aanbiddingsgeleenthede deel van die Suid-Afrikaanse samelewing wil voel, en dit was die motivering vir hierdie studie (Kleynhans, 2012:152).

Dit word duidelik uit die bogenoemde beskrywing dat daar definitiewe ooreenkomste is tussen hierdie betrokke studie en die vorige studies wat handel oor liturgie en versoening:

Die meeste van die bogenoemde studies poog om insig te verkry rakende die bydrae wat die viering van die liturgie in die NG Kerk tot die bevordering van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing kan lewer. Daarom is daar dus duidelike tematiese ooreenstemming met die vorige navorsing wat in die betrokke navorsingsveld gedoen is, aangesien ek ook in hierdie studie spesifiek fokus op die bydrae wat die liturgie soos dit gevier word in die NG Kerk 'n rol kan speel tot sosiale versoening in Suid-Afrika. Ek argumenteer dat hierdie betrokke navorsing voortvloei en bou op die navorsing wat vroeër gedoen is.

Daar is egter ook verskille met betrekking tot die vroeëre navorsing en daarin word die navorsingsleemte vir hierdie navorsing gevind, wat as volg verwoord word:

Eerstens is dit 'n nuwe tydvak waarbinne die studie gedoen word. Dit is juis nou na 'n kwarteeu van demokrasie nodig, om werklik stil te staan en die versoeningslandskap in Suid-Afrika, soos dit uitspeel in die samelewing, en ook in die kerk, oor die laaste vyf-en-twintig jaar te karteer. Die tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral met betrekking tot versoening, waarbinne die huidige navorsing gedoen word, lyk dramaties verskillend van die kontekste waarbinne die vorige navorsing gedoen is en dit word volledig bespreek in Hoofstuk 3.

Tweedens is die metodologiese verskille duidelik. Hierdie studie gebruik 'n liturgies-rituele benadering, teenoor die meeste van die vorige studies wat 'n rituele-liturgiese benadering gebruik het. Die volgende metodologiese merkers word as rede aangevoer waarom hierdie benadering geskik is vir die betrokke studie:

“Liturgical ritual must be understood in the first place within its cultural and anthropological contexts, that is, within its immediate and wider cultural contexts, as well as from its anthropological context, that is, from the perspective of its participants or performers” (Barnard, Cilliers & Wepener, 2014:30).

“Liturgical ritual must in the second place be understood from the way it is theologically informed and be evaluated from theological perspectives” (Barnard, Cilliers & Wepener, 2014:35).

Die begroning van die teoretiese studie in die liturgies-rituele benadering word gevind in die sin dat “liturgies” verwys na die teologiese perspektief van aanbidding en “ritueel” na die kultureel-antropologiese aspekte daarvan (Post, et al., 2009:8). Daarom is dit dus duidelik dat die fokus van hierdie betrokke studie dus op die

teologiese perspektief van aanbidding is, met die kultureel-antropologiese aspekte as ondersteunend tot die studie (sien Hoofstuk 4 & 5).

In die derde plek is hier 'n duidelike antropologiese klem. Die skopus van die studie het te doen met die identiteit van mense in Suid-Afrika, en hoe gelowige mense se harte deur middel van hulle deelname aan die NG Kerk liturgie gevorm word soos dit gevier word in die erediens. Vervolgens is dit ook nodig om aandag te skenk aan die faktore binne die mens wat weerstand bied teen sosiale versoening om plaas te vind in hierdie konteks.

Die belang van hierdie navorsing lê in die verkenning van die *huidige* Suid-Afrikaanse landskap wat versoening aanbetref, en die rol wat die liturgie soos gevier in die NG Kerk moontlik kan speel, deur middel van die *liturgies-rituele benadering*. Die bedoeling van die studie is om na aanleiding van die navorsingsproses 'n bydrae te lewer ten opsigte van die sogenaamde *liturgia condenda* (liturgie in wording) deur middel van 'n formulering van 'n praxisteorie as vertrekpunt rakende die liturgiese teologie van versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika.

1.4. Samestelling van die studie

Hoofstuk 1 gee 'n beskrywing van die navorsingsbehoefte en -ontwerp van die studie ten opsigte van liturgie en versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika; verder word die navorsingsvraag verwoord; asook die belang van die navorsing.

In hoofstuk 2 getiteld "Teoretiese en metodologiese begroning: Liturgies-rituele benadering" word 'n beskrywing en toepassing gegee van die teorieë, modelle en metodes wat die teoretiese en metodologiese begroning vorm ten opsigte van hierdie studie.

Hoofstuk 3 fokus op die Suid-Afrikaanse samelewing soos verwoord in die opskrif, “Suid-Afrika: Verlede, hede en toekoms”. In hierdie hoofstuk verken ek die Suid-Afrikaanse landskap met spesifieke verwysing na die politieke, ekonomiese en sosiaal-demografiese sfere, geskets teen tyd en met die fokus op rassekonflik en versoening.

Hoofstuk 4 verwoord die identiteit en roeping van die NG Kerk aan die hand van James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* ten opsigte van versoening in Suid-Afrika, met spesifieke fokus op die viering van die erediens.

Hoofstuk 5 handel oor die empiriese navorsingsmetodologie, semigestruktureerde indiepteonderhoude en die analise daarvan.

Hoofstuk 6 bied ‘n strategiese voorstel vir ‘n praxisteorie ter ontwikkeling van ‘n liturgiese teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van versoening tesame met die tekortkominge van die studie, asook moontlikhede vir verdere navorsing.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE EN METODOLOGIESE BEGRONDING: LITURGIES-RITUELE BENADERING

‘n Kontekstuele beskrywing en toepassing van die teorieë, modelle en metodes wat die teoretiese en metodologiese begronding vorm ten opsigte van ‘n ondersoek van liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: ‘n Liturgies-rituele benadering.

2.1. Inleiding

Praktiese Teologie het met verloop van tyd ‘n beduidende transformasie ondergaan. Dyson (1983) het die leiding geneem en kritiese uitsprake gemaak ten opsigte van die individualistiese klem veral met betrekking tot pastorale sorg. Hy het ook gewaarsku dat die manlik-gedomineerde aard van die Kerk en die teologiese tradisie, ‘n diepgaande rekonstruksie moet ondergaan veral met betrekking tot kernwaarhede asook vooropgestelde idees rakende die menslike persoon, die aard van mag, spiritualiteit en die bediening van die kerk in al haar vorme (Graham, 2017:172-173).

Daar het gaandeweg ‘n klemverskuiwing van Toegepaste Teologie na Praktiese Teologie plaasgevind. Toegepaste teologie is Bybelse beginsels ten opsigte van die bediening van die kerk en van die predikant soos dit van toepassing is in die praktyk (Pieterse, 2017:1). Hierdie fokus het verskuif en Osmer (2008:ix-x) beklemtoon dat die veld van Praktiese Teologie nie net meer fokus op die taak en rol van die predikant, asook die lewe van die gemeente nie. Die skopus van die studieveld sluit nou sake van openbare belang in wat verder strek as bloot die gemeentegrense. Dit sluit ook sake soos publieke beleid en sosiale transformasie in met die bedoeling om dit te beïnvloed.

Gedurende die 1990's het hierdie verandering voortgegaan en het praktiese teoloë hulleself geïdentifiseer met 'n model wat wegbeweeg vanaf 'n teoreties gefundeerde praktyk na die ontdekking van 'n normatiewe teoretiese praktyk en verder ook na die skepping van 'n kritiese teoretiese praktyk (Graham, 2017:173; sien Pieterse, 2017:1). Hierdie praktykgerigte beweging beklemtoon die belang van die menslike konteks en die realiteite van geleefde ervarings as die domein waarbinne 'n bepaalde bediening plaasvind. Daarom vra hierdie spesifieke verstaan van Praktiese Teologie vir 'n dialoog tussen teorie en praktyk¹⁰, soos Stoddart (2014:7) dit verduidelik:

“Practical Theologians are congenitally more comfortable with the notion of two-way rather than one-way streets. Practical Theologians will ... hold that people’s practice is informed, shaped, perhaps, by doctrine - or even dictated by it. But ... Practical Theologians want to keep asserting that doctrine is informed, shaped and even dictated by practice.”

Beaudoin (2016:9) verduidelik vervolgens dat die uniekheid van praktiese teoloë te vinde is in die kapasiteit om te wys op watter maniere die praktyk teologiese materiaal konstitueer. Dit veronderstel dat die praktyk heenwys na die essensiële verhouding tot die *theos*. Die implikasie is dat 'n praktiese teoloog, soos ek myself beskryf, ondersoek instel na die geleefde uitdrukkings van mense binne 'n bepaalde konteks met die hermeneutiese spiraal wat voortdurend tussen teorie en praktyk beweeg. Bonnie Miller McLemore beskryf die fokus van prakties teologiese interpretasie as die:

“... living human web ...” (Miller-McLemore, 1996).

¹⁰ Die definisies van die konsep praktyk in Praktiese Teologie is oorweldigend. Ek gebruik die konsep praktyk in hierdie studie om te staan vir 'n komplekse matriks van oorvleueling tussen konsepte, soos onder andere; praktyk, praxis, aksie, optrede/opvoering, ervaring (Beaudoin, 2016:9).

Net soos die drade van 'n spinnerak, so is die mens verweef met die bande wat individue, families, gemeentes, gemeenskappe en groter sosiale sisteme aan mekaar verbind. Fritjof Capra (1996), noem die bande wat verweef word, die “... *web of life* ...”

Daarom is Praktiese Teologie ten diepste kontekstueel van aard. Kärkkäinen (2013:1) beskryf veral die Westerse konteks waarbinne teologie tans beoefen word as volg:

“Postmodern, postfoundationalist, poststructuralist, postcolonial, postmetaphysical, postpropositional, postliberal, postconservative, postsecular, post-Christian, post-?”

Die Suid-Afrikaanse konteks waarbinne ek myself bevind, het vanaf 1984, kwantumskuiwe gemaak sedert die eerste demokratiese verkiesing plaasgevind het. Hierdie inligting is reeds beskryf en word deurgaans as die konteks veronderstel. Pieterse (2017:1) voer aan dat 'n postmoderne beskouing van kennis deur alle kontemporêre praktiese teoloë in Suid-Afrika aanvaar word. Binne die radikaal nuwe konteks, open dit moontlikhede om na te dink oor stories, metafore, simbole, kuns en die moontlikheid om deur middel van die verbeelding die Onsigbare te kan sien.

Praktiese Teologie in Suid-Afrika het kennis geneem van die postkoloniale en Afrika-konteks wat nuwe uitdagings skep vir navorsing binne die betrokke veld (Pieterse, 2017:1). Die postkoloniale konteks veronderstel dat navoring in Praktiese Teologie gedoen word met die fokus op kwessies wat uniek is aan die Afrika-konteks en Christelike praktyke in hierdie konteks. Sodoende word die kurrikulum aangepas om hierdie bevindinge in te sluit. So poog praktiese teoloë en filosowe om hierdie diepe begeerte aan te spreek, om te reik na die onbereikbare, terwyl hulle verward en onkundig is oor presies wat hierdie “onbereikbare” is.

Voeg die volgende by tot die alreeds komplekse matriks, onder andere, meervoudige kulture, gelowe, ideologieë, wêreldbeskouinge. So begin ek iets verstaan van die

uiters moeilike omstandighede van 'n postwêreld waarin teologie beoefen word (Kärkkäinen, 2013:3).

Lartey (2013) se bekende boek getiteld *Postcolonializing God*, in samewerking met die huidige dekolonisasie bewegings in die akademiese milieu, herinner my aan die vele stemme vanuit verskillende kulture, etnisiteite en gender wat vir te lank nie gehoor is nie. Brundson (2017:5) verduidelik dat dekolonisering 'n soeke geword het na daardie unieke identiteite, kulture en kennis om dit te herwin en herbevestig.

McGarrah Sharp (2012:423) bevestig dat nadenke oor globalisering, kolonisasie en postkolonisasie kritiese vrae beliggaam oor menslike verhoudings, op interpersoonlike, gemeenskaplike en ook globale vlakke. Dit sluit aan by die biografiese inligting wat in Hoofstuk 1 ter sprake kom. Die metafoor wat McGarrah Sharp (2012:423) gebruik, is die van sien, naamlik:

- Wie word raakgesien en wie is onsigbaar?
- Wie kyk?
- Wie word deurlopend onder 'n vergrootglas geplaas?

'n Ander metafoor maak gebruik van hoor en praat, naamlik:

- Wie word gehoor en wie is sonder 'n stem?
- Wie praat heeltyd?
- Watter manier van praat word as gesaghebbend beskou en hoe word hierdie manier van praat beliggaam?

Ander verwoord hierdie kwessie deur eenvoudig te vra (sien Chambers, 1997):

- Wie se werklikheid maak saak?

Praktiese Teologie tree in gesprek met hierdie vrae deur 'n versigtige evaluering van die kompleksiteit van die veld van geleefde ervarings, soos hierbo bespreek. Daarom vereis dit onvermydelik meervoudige metodologieë en metodes om ondersoek in te stel na die aspekte wat onder die vergrootglas geplaas word (Pieterse, 2017:1, sien McGarrah Sharp, 2012:423).

Wanneer konteks so 'n belangrike rol speel in die hedendaagse verstaan van die studieveld van Praktiese Teologie, is dit onwaarskynlik dat navorsers hulleself uit die konteks kan haal. Dit is dus baie belangrik om bewus te wees van my eie vooroordele en hoe die proses van navorsing my uitdaag ten opsigte van my eie betrokkenheid tot die spesifieke veld. Hierdie bewussyn van die eie, onvermydelike betrokkenheid by die navorsing, het gelei tot die beklemtoning van refleksiwiteit binne die veld van Praktiese Teologie. Refleksie is nie bloot diepe denke oor 'n bepaalde onderwerp nie, maar die bewuswording van die feit dat ek beide subjek en objek van die eie ervaring is (Graham, 2017:175). Refleksie volgens Dreyer (2016:101) word gebore uit my *habitus*, vanuit belangstellings, ervarings, bevoegdheid, en ook waardes. Dit veronderstel dat ek nooit losgemaak kan word van my horison van verstaan nie, selfs nie eers wanneer ek oor hierdie horison van verstaan reflekteer nie.

Walton beskryf refleksie soos volg:

“... reflective processes are characterized by acute observation and analysis of roles and context. Reflexivity takes this critical work a step further and also interrogates the position of the ‘self’ who observes” (Walton, 2014:7).

Hiermee word die idee uitgedaag dat navorsing kan plaasvind deur 'n lang lens en op so 'n manier dat ek totaal en al buite die proses beweeg (Graham, 2017:175). Dit word dus duidelik dat navorservooroordele 'n gegewe is. Alhoewel, alles nie verlore is volgens Dreyer (2016:107) nie, hang die sekerheid van my refleksie af van die mate waartoe ek die navorsing met integriteit en 'n etiese verbeelding beoefen, asook 'n

ware kommer toon vir die saak waaroor die navorsing gedoen word. Dit is waarvan praktiese teologiese navorsing behoort te getuig.

Verder skryf Mercer (2016:163) dat teologie nie in isolasie beoefen word nie, maar deur heelwat bronne beïnvloed word, waaronder Sosiale wetenskap, populêre kultuur, verskillende tipes literatuur, nie-Christelike filosofiese en psigologiese insigte, feminisme en ander dissiplines. Dit beteken teologie word dialogies gevorm deur verskillende bronne of dit kultuur-historiese, persoonlike of gemeenskapservarings is. Daarom is dit 'n interdissiplinêre vakgebied, wat steun op erkenning, gebruik maak en integrering van verskillende hulpbronne om sodoende 'n sistemiese uitkoms te kry wat meer is as die somtotaal van al die dele. Sodoende maak hierdie studie ook van meervoudige hulpbronne gebruik om ondersoek in te stel na liturgie en versoening in die Suid-Afrikaanse konteks.

2.2. 'n Beskrywing van Praktiese Teologie as studieveld

Met die kontekstualisering van Praktiese Teologie is dit noodsaaklik om te vra na 'n werkbare paradigma wat die klemverskuiwings wat in die Teologie sowel as in die konteks waarbinne dit beoefen word, sal verdiskonteer.

2.2.1. 'n Moontlike paradigma vir Praktiese Teologie

Die uitdaging is dus om die eise wat aan die prakties teologiese navorser in Suid-Afrika gestel word binne die diverse konteks – postapartheid en postkoloniale konteks – te verstaan en toe te pas. Die diverse Suid-Afrikaanse konteks: kultureel, taal, ekonomies, polities, etnisiteit en godsdienstig, vereis 'n epistemologiese paradigma wat die kontekstualiteit sal verwoord.

Meylahn (2017:1-2) stel die volgende rigtingwysers voor vir 'n moontlike epistemologiese paradigma:

- Die paradigma moet eerstens sensitief wees vir die verskillende kontekste in Suid-Afrika waar mense dieselfde geografiese area deel, maar steeds in verskillende wêreldes leef. Daarom moet daar 'n sensitiwiteit wees vir meervoudige wêreldes en die pluraliteit van wêreldbeskouinge in 'n spesifieke geografiese area.
Daar moet ook 'n sensitiwiteit wees vir wêreldes wat aanhoudend aan die verander en beweeg is deur die loop van 'n gemiddelde dag (werkswêreld; familiewêreld; vriende- en ontspanningswêreld; godsdienstige-kulturele wêreld; digitale wêreld & sosiale mediawêreld).
- Die paradigma moet tweedens radikaal hermeneuties wees. Dit beteken nie, om nie te besef dat daar 'n behoefte aan interpretasie is nie, maar die besef dat al wat daar is, is tekste en daarom is daar slegs interpretasies van interpretasies (Meylahn, 2017:1; sien Derrida, 1997). Volgens Ricoeur (1973:31) word alles as 'n teks beskou en daarom moet alles geïnterpreteer word: Bybeltekste en verhale; stories van individue; gemeentestories; gemeenskapstories; die storie van die land; die sosio-ekonomiese; die politiek en die storie van godsdiens; die storie van natuurwetenskappe en tegnologie. Gerard Lukken (2005:273), 'n liturgis, beklemtoon dat dit ook die geval is vir nielinguistiese belewenisse van die werklikheid, soos lyftaal, gesigsuitdrukkings, gebare, dade, gedrag, simbole, rituele en ook liturgieë.

Osmer (2008:21) voer aan dat die mens inherent "hermeneuties" van aard is en daarom voortdurend besig is met interpretasie en sin maak van gebeure en ervarings. Saam met die besef dat alles verhale is, kom die besef ook dat daar nie net een interpretasiemoontlikheid bestaan nie. Wat wel gebeur, is die moontlikheid van 'n dominante verhaal, wat voorgestel word as die 'ware' verhaal. Daar is nie net een verhaal nie, maar altyd meervoudige verhale en elkeen van hierdie verhale moet die kans gegun word om gehoor te word. Daarom is dit nodig om deur middel van 'n radikaal hermeneuties paradigma ruimte te skep vir ander verhale en interpretasiemoontlikhede wat ook gehoor

moet word. Ricoeur (2016:259, sien Dreyer, 2016:104-107) se hermeneutiese benadering van die self kan van groot waarde wees.

“By heart of hearts, Ricoeur refers to one of what he calls the three ‘registers of alterity’: the flesh that mediates between the self and a world, the stranger that mediates between self and others, and the heart of hearts that is the voice of conscience that addresses oneself from deep within oneself.”

Dit is dus die hermeneutiese benadering waarin sekerheid geken word aan beperkinge en feilbaarheid. Tog word daar met ‘n bewuste integriteit opgetree. Hierdie sekerheid word nie in ‘n selfversekerde persoon gevind nie, maar in ‘n persoon wat die kwesbaarheid en broosheid van interpretasie begryp en verstaan dat daar altyd ‘n mate van suspisie bestaan. Die benadering maak dit moontlik dat mense kan praat, kan optree, kan doen en kan lewe binne ‘n gemeenskap van egte verhoudings en instansies (Ricoeur, 2016:259).

- Dordens is daar ‘n sensitiwiteit vir die rol wat taal speel in die skep van wêreld. Taal maak die deur toe vir ‘n universele struktuur of essensiële waarheid, want dit sal bloot maar net nog ‘n interpretasiemoontlikheid wees. Daar bestaan nie ‘n universele epistemologie nie, maar meervoudige epistemologieë, maniere van interpreteer en daarom ook verstaan. Daar is nie net een manier om te verstaan wat dit beteken om mens te wees of gesond te wees of heel of normaal te wees nie. Daar is nie net een enkele manier waarop die mens moet rou of selfs een wyse om ‘n krisis te oorkom nie.

Epistemologiese transformasie betrek meervoudige bronne in die hermeneutiese proses. Turpin (2016:251) verduidelik waarom meervoudige bronne van kardinale belang is:

“The complexity of how experience comes together at the intrapersonal level of the individual, the interpersonal dynamics in relationships, the shared life of the congregation or local community, the local context and its history, and the broader cultural contexts and ideologies that interact with all of these levels of experience...”

Die beoefening van Praktiese Teologie vereis dat ek dus keuses maak rakende die sleutelaspekte waarop daar gefokus word en dit wat noodwendig uitgesluit word, om sodoende fokus te behou binne die kompleksiteit van geleefde ervaringe. Turpin (2016:265) beklemtoon dat hierdie keuses wat ek maak geensins neutraal is nie. Dit is polities in die sin dat die keuses gelaai is met die identiteit van groepe mense en ook magsverhoudings wat die huidige oomblik beïnvloed. My keuses is ten diepste eties van aard, aangesien die keuses kragtige oordele verteenwoordig, rakende dit wat goed is, regverdig is, mooi is ensomeer. Dit is ook normatief van aard, aangesien hierdie keuses bepaal watter elemente en aspekte oor tyd gewig dra (Turpin, 2016:266). Huidige navorsing aan Suid-Afrikaanse universiteite vereis dat daar kennis geneem word van die meervoudige bronne binne gegewe kontekste en dat ek en ander praktiese teoloë nie net daarvan kennis neem nie, maar aktief insluit in die beoogde werkswyse.

In enige postmoderne debat is daar altyd meer as een kant van 'n bepaalde saak, wat dit frustrerend maak, behalwe wanneer verstaan word dat daar legio moontlike verhale is wat in verskillende wêrelde afspeel. Hierdie wêrelde kompeteer om te bepaal wat reg, wat beter en wat die waarheid is. 'n Radikale hermeneutiese benadering dekonstrueer hierdie kompeterende wêrelde om die verstaan van mag en die dinamika van mag binne groepe en wêrelde te onderskei. Narratief is om bewus te wees van die rol van interpretasie van hierdie werklikhede, om spesifiek te fokus op die gemarginaliseerde of skaduweeverhale (magtelose). Anderson (2003:30) in die boek getiteld *Worship and Christian Identity* voer aan dat alle liturgiese praktyke oop is vir 'n pluralistiese "lees" daarvan. Dit beteken dat nie slegs ons interpretasie van narratiewe en liturgiese praktyke meervoudig is nie, maar ook die gereedskap waarmee dit geïnterpreteer word. Dit word dus 'n kritiese radikale hermeneutiese gesprek. Hierdie alternatiewe interpretasies kan moontlike ruimtes vir alternatiewe wêrelde skep (Meylahn, 2017:5) en word 'n voorkeur realiteit. 'n Voorkeur realiteit volgens Meylahn (2017:6) word nie gekies op grond van die waardes of geldige eise tot 'n bepaalde realiteit nie, maar op grond van spesifieke voorkeure. Dit wat voorkeur geniet, word gekies deur die wat by hierdie realiteit betrokke is of daardeur geïmpak word. Daarom word voorkeur realiteite gevestig deur mag en is dit nodig om te fokus op die magsfigure, naamlik die leiers.

Hierdie epistemologiese paradigma skep 'n interessante moontlike ruimte waarbinne 'n teoloog hom/haarself kan bevind en teologie beoefen in 'n diverse konteks. Die roeping van die Christelike teologie in 'n postwêreld is om inklusiwiteit as doelwit te stel (Kärkkäinen, 2013:16-17, sien Volf, 1996:233-236). Inklusiwiteit veronderstel diversiteit - selfs met tye teenoorstaande en selfs opponerende stemme wat deelneem aan die gesprek. Die gevolg is dat praktiese teoloë 'n moeilike en uitdagende taak onderneem en dat dit ook 'n tydsame proses is om mekaar se verhale te hoor. Osmer praat van priesterlike luister (Osmer, 2008:35). Dit is ook 'n paradigma wat etiese denke en gedrag moontlik maak. Op grond van hierdie paradigma is dit nodig om 'n sensitiwiteit te ontwikkel vir kontekstuele diversiteit. Dan word teologie inherent 'n daad van gasvryheid (Kärkkäinen, 2013:29). Moltmann (1981:xii-xiii) verwoord hierdie epistemologiese visie as volg:

“Truth is to be found in unhindered dialogue. Fellowship and freedom are the human components for knowledge of the truth, the truth of God. And the fellowship I mean here is the fellowship of mutual participation and unifying sympathy ... This free community of men and women, without privilege and without discrimination, may be termed the earthly body of truth ... (I) it is only in free dialogue that truth can be accepted for the only right and proper reason – namely, that it illuminates and convinces as truth. Truth brings assent, it brings about change without exerting compulsion. In dialogue the truth frees men and women for their own conceptions and their own ideas ... Christian theology would wither and die if it did not continually stand in a dialogue like this, and if it were not bound up with fellowship that seeks this dialogue, needs it and continually pursues it.”

Wat dus nodig is om teologie te beoefen binne hierdie verskillende wêreldes, is die ontwikkeling van nuwe hermeneutiese vaardighede om dit moontlik te maak om die teks(te) te kan lees binne die konteks(te) waarin dit afspeel. Die beoefening van teologie is daarom nie meer die ontdekking van waarhede of die korrekte interpretasie van tekste nie, maar eerder 'n uitnodiging om saam te reis deur verskillende wêreldes. Elkeen met 'n unieke interpretasiemoontlikheid en om saam te soek na 'n gedeelde interpretasies en sodoende die vorming van gedeelde wêreldes (Meylahn, 2017:2). Hierdie navorsing ondersoek die moontlike bydrae wat liturgie tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika kan lewer. Dit beteken dat ek ondersoek instel binne die kerklike konteks met spesifieke verwysing na die erediens in sy rituele- en liturgiese

gestalte, en gevra word na 'n priesterlike hermeneutiese luister na die verhale en gedeelde interpretasies van verhale, soos dit na vore kom in die liturgiese ruimte en met die nodige erkenning van al die verskillende nuanses.

2.2.2. Beoefening van Teologie

Om Teologie te beoefen, beteken om 'n teoloog te wees. Browning (1991:47) beskryf dit as volg:

“Fundamental Practical Theology ... has to do with what one is, which determines what one does.”

Daarom is hierdie epistemologiese paradigma nie net 'n paradigma wat toegepas word nie, maar dit is om te wees. Dit veronderstel dus om te wees in hierdie wêreld, die manier waarop die wêreld gelees en geïnterpreteer word en daarom is dit 'n manier van doen en wees - 'n teoloog en ook 'n gelowige. Hierdie paradigma soek nie langer na die regte wêreldbeskouing nie, maar besef dat daar ruimte is vir verskillende sieninge en verskillende interpretasies waarvan almal nodig is en terselfdertyd onvoldoende is.

Ek verduidelik my eie identiteit as navorser in Wepener (2015:5) se woorde aan die hand van die idee van liminaliteit¹¹ (sien Turner, 1969:93-111; Turner, 1996:511-519). Ek is voortdurend besig om verskeie grense of drumpels oor te steek tydens die navorsingsproses, en dit vra 'n spiritualiteit van liminaliteit om binne hierdie Afrika-konteks navorsing te doen. Hierdie spiritualiteit van liminaliteit volgens Wepener (2015:5) is tweeledig van aard; aan die eenkant die voortdurende oorsteek van drumpels en aan die anderkant, gelyktydig, 'n spiritualiteit van wees in die liminale ruimte wat tussen die oorgange bestaan. Hierdie spiritualiteit van liminaliteit is ten diepste 'n spiritualiteit wat op pad is, wat nog nie aangekom het nie en daarom nie finale antwoorde kan gee rakende die sentrale konsepte wat ondersoek word nie. Na

¹¹ Liminaliteit word afgelei van die Latynse woord *limen* wat drumpel beteken en is hoofsaaklik gebruik in antropologiese studies met betrekking tot oorgangsrites. Liminaliteit verwys dus na die ervaring om op die drumpel te staan van een oorgang na die volgende oorgang.

aanleiding hiervan is dit nie moontlik om prakties teologiese navorsing te doen, soos in die verlede nie. Ellis & Ter Haar (2007:385-401) verduidelik:

“What are needed are epistemologies that not only drink from the wells of the West but also from the rich and deep wells of Africa.”

Wepener (2015:19) gebruik die term *Pneumapraxis* waarmee die idee verwoord word om ruimte te skep op 'n ontologiese en epistemologiese vlak vir meerdere realiteite naas die Westerse tradisie binne die Praktiese Teologie. Hierdie paradigmaverskuiwing dring daarop aan dat die verhale van die gemarginaliseerdes ook gehoor word en in verband gebring word met die opstanding van Jesus Christus waarin 'n onmoontlike moontlike ruimte geskep word. Waarin die bevryding van die dominante mag verbreek word, hetsy ras, kultuur, taal, godsdiens en seksualiteit om sodoende ruimte te skep vir nuwe identiteite om gevorm te word (Meylahn, 2017:9).

Wat beteken hierdie epistemologiese paradigma in praktyk, ook vir hierdie navorsing, ten opsigte van versoening? Dit beteken ten diepste dat identiteit nie langer gevorm word deur hierdie wêreld en die dominante verhaal van hierdie wêreld en die ruimte waarbinne mense in hierdie wêreld moet funksioneer nie. 'n Ruimte van gelykheid word geskep, aangesien ons almal 'n gekruisigde identiteit in Christus het. Praktiese Teologie is 'n roeping tot dissipelskap, om Jesus Christus na te volg in Sy inkarnasie, soos Johannes 3:16 dit verwoord:

“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Die Bybel in Afrikaans. Nuwe Vertaling, 1983).

Om Jesus Christus te volg, bly 'n lewenslange reis, want daar sal altyd wêreldbeskouinge wees en daar sal altyd bepaalde identiteite en verhale wees, maar die verskil is dat hierdie identiteite en verhale beide nodig en onvoldoende is (Meylahn, 2017:9-10).

2.3 'n Beskrywing van 'n Praktiese Teologiese benadering

Ek het gekies om met die benadering van Osmer (2008) te werk, aangesien hy 'n metodologie bied vir die Praktiese Teologie ten opsigte van die praktyk van die pastor, maar ook vir my as akademiese navorser. Aangesien ek beide take onderneem - in die eerste plek as leraar van 'n gemeente en daarmee saam die van praktiese teologiese navorser - vind ek as predikant en navorser ruimte vir beide verantwoordelikhede binne hierdie metodologie. Hier volg 'n kontekstuele beskrywing van Rick Osmer se hermeneutiese benadering tot Praktiese Teologie vir hierdie bepaalde studie:

2.3.1 Rick Osmer se hermeneutiese benadering tot Praktiese Teologie

Osmer se praktiese teologiese benadering (2008) kan by Browning (1991) se hermeneutiese benadering en die empiriese bydrae by Van der Ven (1993) gevind word. Osmer (2008:4) beskryf vier kerntake met behulp van die formulering van vier vrae, wat die navorsingsproses rig. Die vier vrae is eenvoudig, maar priemend in hulle intensie en resultaat, naamlik:

- Vraag 1: Wat gaan aan en wat is besig om te gebeur?
- Vraag 2: Waarom gebeur dit en waarom gaan dit aan?
- Vraag 3: Wat behoort te gebeur en wat behoort aan te gaan?
- Vraag 4: Hoe kan 'n mens daarop reageer?

2.3.1.1. Die Beskrywend-empiriese taak – wat gaan aan?

Die doel van die eerste kerntaak, die beskrywend-empiriese taak, is tweeledig van aard. Eerstens het dit te make met die versameling van inligting wat help om patrone en dinamiek in besondere episodes, situasies en kontekste bloot te lê en terselfdertyd het dit ten diepste te doen met die kwaliteit waarneming waarmee ek mense en gebeure in die alledaagse lewe raaksien. Osmer (2008:33) vertaal die vaardigheid as


‘n spiritualiteit van teenwoordig wees. Osmer definieer ‘n spiritualiteit van teenwoordig wees as:

“... a spiritual orientation of attending to others in their particularity and otherness within the presence of God” (Osmer, 2008:33-34).

Hierdie spiritualiteit van teenwoordig wees, het alles te make met die bogenoemde epistemologiese paradigma van Meylahn (2017:9) en ook Wepener (2015:19) se *Pneumapraxis*. Dit het alles te doen met die wyse waarop ek teenwoordig is teenoor die ander en dan word waardes soos openheid, oplettendheid en gebed noodsaaklik. Hierdie manier van teenwoordig wees, skep die moontlikheid van ‘n verhouding tot die ander waardeur die ander geken kan word aan hulle uniekheid en ook andersheid (Osmer, 2008:34). Hierdie is die fondament waarop die beskrywend-empiriese taak van Osmer se prakties teologiese interpretasie gebou word. Dit verwoord die manier waarop ek teenwoordig is om raak te sien wat waarlik aan die gebeur is in die lewens van individue, families, gemeentes en gemeenskappe.

Tydens hierdie eerste kerntaak, soos deur Osmer (2008:32-33) verwoord, poog ek om die vraag “wat gaan aan?” met betrekking tot liturgie en versoening soos gevier in die NG Kerk in die konteks van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, te beantwoord. Ter beantwoording van hierdie vraag “wat gaan aan?” sal dit vir my nodig wees om verskillende bronne te raadpleeg wat handel oor die vier kernelemente van hierdie studie, naamlik: a) Liturgie b) Versoening c) NG Kerk konteks en d) Suid-Afrikaanse konteks. Die meervoudige bronne wat bestudeer word, word nie beperk tot die bestudering van literatuur in verskeie vakdissiplines nie. Lewende menslike tekste sal ook bestudeer word (Gerkin, 1984:200; sien Wepener, 2015:5).

Osmer gebruik die volgende kontinuum om die wyse waarop ek teenwoordig is tydens die bestudering van die meervoudige bronne aan te dui en beeld dit as volg uit (Osmer, 2008:37):



Figuur 2: 'n Uitbeelding van die kontinuum van teenwoordig wees (Osmer, 2008:37)

Aan die linkerkant van die kontinuum is *informele* teenwoordig wees - wat hoofsaaklik te make het met my teenwoordig wees in alledaagse omstandighede deur middel van aktiewe luister en interpersoonlike kommunikasie (Osmer, 2008:37). Vir my het dit betreklik natuurlik gebeur, aangesien ek as pastor weekliks in die huise van NG Kerk lidmate in die Suid-Afrikaanse konteks gekom het. Die gesprek het dikwels gewentel rondom hulle bekommernis rakende die huidige situasie in die land, asook die kerklike konteks, en die lidmate se persoonlike belewenisse daarvan.

Semiformele teenwoordig wees het te doen met die gebruikmaking van spesifieke metodes en aktiwiteite wat struktuur skep waarbinne dit plaasvind (Osmer, 2008:38). Tydens hierdie fase het ek op 'n meer sistematiese wyse omgegaan, met relevante en beskikbare akademiese en ook nievakwetenskaplike bronne rakende die sleutelkonsepte, om sodoende op hoogte te wees van die navorsing wat in hierdie veld gedoen word, asook die moontlikhede vir verdere navorsing. Hierdie sistematiese ondersoek was grootliks gebaseer op die navorsingsvraag van die betrokke studie, soos geformuleer in Hoofstuk 1.

Formele teenwoordig wees, het te make met die ondersoek van bepaalde episodes, situasies en kontekste deur middel van empiriese navorsing (Osmer, 2008:37). Deur middel van kwalitatiewe empiriese navorsing het ek gepoog om op 'n gedissiplineerde manier teenwoordig te wees in bepaalde episodes, situasies en kontekste wat betrekking het tot die sleutelkonsepte van hierdie studie. Die kwalitatiewe metode wat ek gebruik het om teenwoordig te wees, is die van semigestruktureerde indiepteonderhoude, wat in Hoofstuk 5 volledig bespreek word. Dit skep ruimte vir my om my verstaan van die spesifieke navorsingsbehoefte te verdiep ten opsigte van dit wat aangaan in bepaalde episodes, situasies en kontekste rondom liturgie en versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing (Fetterman, 2012:6).

Tydens die navorsingsproses is daar dikwels struikelblokke wat dit vir navorsers moeilik maak om waarlik teenwoordig te wees. Daar is geen maklike en eenvoudige tegnieke wat hierdie struikelblokke uit my weg kan ruim nie, verklaar Osmer (2008:40). Wepener (2015:12) stel wel voor dat om teenwoordig te wees, beteken dat ek nooit haastig behoort te wees tydens hierdie eerste kerntaak wat onderneem word nie. Geduld, asook uithou- en aanhouvermoë is van kardinale belang om waarlik die vraag “wat gaan aan?” te ondersoek.

2.3.1.2. Interpretatiewe taak – waarom gebeur dit?

Vervolgens het ek 'n teoretiese kaart van die pas ondersoekte landskap nodig. Hierdie landskapskaart karteer die landskap en ook die moontlike roetes wat ek kan volg. Volgens Osmer (2008:80-81) is dit nodig dat ek die volgende twee vaardighede aanleer:

- Eerstens, om te begryp dat die kaart nooit die terrein is nie. Die kaart verteenwoordig sekere eienskappe van die terrein, maar daar is vele eienskappe wat uitgelaat word. Net so is dit ook met teorieë, wat gebruik word in die navorsing. Teorieë is nie die probleem of die vraag wat ondersoek word nie. Die betrokke teorieë wat tydens die navorsingsproses gebruik word, help my bloot om sekere aspekte van episodes, situasies en kontekste te verstaan

en te verduidelik. Ek moet altyd bewus bly van die verskil tussen die teorie en die werklikheid wat ondersoek word.

- Tweedens, is dit van kardinale belang dat ek van die begin af teorieë sal kies wat geskik is vir die bepaalde navorsingsonderwerp wat ondersoek word.

Data rakende die vier sleutelkonsepte a) Liturgie, b) Versoening, c) NG Kerk konteks, en d) Suid-Afrikaanse konteks, is deur verskillende navorsingsmetodes gegenereer en tegelykertyd het ek reeds met die tweede taak begin, naamlik interpretasie van die data. Die hermeneutiese sirkel waarmee ek werk is veel meer in mekaar vervleg, as wat blyk te wees in Osmer (2008:100) se verstaan van die hermeneutiese sirkel.

Tydens die interpretatiewe taak met die vraag “waarom gebeur dit?”, word ek met soveel verskillende maniere gekonfronteer waarop die betrokke data geïnterpreteer kan word. In samewerking met Osmer (2008:100-128) se kommunikatiewe model van rasionaliteit¹² kies ek om ook gebruik te maak van ‘n dialogiese postkoloniale benadering (Magezi, 2018:5) tot interpretasie.

‘n Dialogiese platform van interpretasie in die vorm van ‘n sirkel, skep ruimte volgens Ramphela (2012:182), vir ‘n gelyke speelveld waarby alle betrokkenes ingesluit word en sodoende word oogkontak moontlik. Die bedoeling met hierdie dialogiese postkoloniale benadering is dus, dat hierdie navorsing ten diepste teologies van aard is. Die navorsingsvraag wat fokus op die bydrae wat die erediens tot versoening in Suid-Afrika kan lewer, toon aan dat die belang van ander vakdissiplines van onskatbare waarde is. Daarom word daar geen onderskeid getref tussen verskillende akademiese vakdissiplines tot die interpretasie van die gegenereerde data nie. Hierdie is daarom ‘n interdissiplinêre studie wat fokus op die integrasie van meervoudige

¹² Hierdie kommunikatiewe model bestaan uit die volgende drie basiselemente, naamlik: 1. Teorieë dien as bewys en ook as redes ter staving van my aannames. 2. Elke teorie probeer om die saak vanuit daardie teoretiese kader te benader. 3. Teorieë is feilbaar.

akademiese vakdissiplines om die komplekse saak van liturgie en versoening te ondersoek.

In hierdie studie word dit dus moontlik gemaak vir verskillende vakdissiplines om dialogies met mekaar te praat en ook te hervorm deur middel van die wedersydse betrokkenheid tot mekaar binne hierdie navorsing (Mercer, 2016:165). Binne die huidige konteks van Suid-Afrika is interdissiplinêre dialoog van onskatbare waarde, veral rakende teologie, soos deur Magezi (2018:6) verwoord word:

“... where theology has a baggage of association with apartheid, it is imperative to explore opportunities and possibilities of explicitly making practical theology assume a public practical-theological approach ...”

Hierdie benadering gee my die geleentheid om oor grense heen te beweeg en sodoende word hierdie spiritualiteit van liminaliteit (Wepener, 2015:5) die vonk vir konstruktiewe navorsingskreatiwiteit (Mercer, 2016:167).

2.3.1.3. Normatiewe taak – wat behoort te gebeur?

Aangesien hierdie studie rakende liturgie en versoening ten diepste teologies van aard is, is Osmer (2008:129) se derde taak, die normatiewe taak met die vraag “wat behoort te gebeur?”, van kardinale belang. Teologiese konsepte word gebruik om besondere episodes, situasies en kontekste te interpreteer en ook etiese norme te konstrueer waarmee menslike respons gelei word en om deur middel van “goeie praktyk” te leer. Osmer (2008:139) onderskei drie benaderings tot die normatiewe taak van die prakties teologiese interpretasie, maar die drie benaderings is nie eksklusief van aard nie:

- **Teologiese interpretasie**

Teologiese interpretasie fokus op die interpretasie van huidige episodes, situasies en kontekste deur middel van teologiese konsepte (Osmer, 2008:139). Niebuhr (1963:60) verduidelik dat elke optrede 'n *reaksie* is na aanleiding van 'n bepaalde gebeurtenis. Die optrede word gevorm deur die mens se *interpretasie* daarvan in die groter geheel. Die reaksie is *tydelik* van aard en daarom is verantwoordbaarheid teenoor ander van kardinale belang. Die reaksie van mense word deur *die gemeenskap* gevorm waarmee die betrokke persoon identifiseer. Dus word dit duidelik dat menslike optrede te alle tye gepas moet wees, wat groot verantwoordelikheid meebring. Teologiese interpretasie maak gebruik van uitgebreide teorieë van Goddelike en menslike aksie (Osmer, 2008:147).

- **Etiese interpretasie**

Osmer (2008:148) beklemtoon die feit dat interpretasie nie 'n proses is wat eers aan die einde van die navorsing plaasvind nie, maar dit gebeur reeds vanaf die begin en het dus van die begin af 'n invloed op elke keuse wat gemaak word. Hierdie gedagte het 'n bepaalde invloed op die verstaan van die prakties teologiese benadering. Dit kan die beste verstaan word as 'n praktyk-teorie-praktyk model. Dit begin gewoonlik wanneer 'n bepaalde probleem opduik binne die praktyk. Osmer (2008:149) beklemtoon dat huidige praktyke reeds gevul is met waardes en norme en daar is geen nodigheid vir die oordrag van waardes en norme in huidige praktyke nie.

- **Goeie praktyk en normatiewe refleksie**

Goeie praktyke voorsien normatiewe rigting op twee maniere:

- Dit voorsien 'n model van goeie praktyke van die verlede of hede om 'n bepaalde huidige praktyk te vernuwe;
- Dit ontwikkel nuwe wyses waardeur en waarop God, die geloofslewe en sosiale waardes verstaan word, in vergelyking met die tradisionele manier van doen.

Die normatiewe teologiese perspektief is volgens Osmer (2008:173), 'n rigtingwyser wat 'n aanduiding gee wat gedoen behoort te word. Magezi (2018:6) beklemtoon dat die normatiewe teologiese visie van Praktiese Teologie verbreed het om ook die

konteks van elke dag in te sluit op plaaslike, nasionale en ook globale vlak. Daardeur word Praktiese Teologie 'n groter sosiale lens en daarom het dit nie bloot net te make met teologiese refleksie rakende teologiese waardes en dogmas nie. Normatiewe teologiese refleksie het met die lewe self te doen (Magezi, 2018:6). In hierdie betrokke studie word daar swaar geleun op James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* as rigtingwyser vir die manier waarop die liturgie soos gevier in die NG Kerk 'n positiewe rol kan speel tot versoening in Suid-Afrika. Die bydrae van Smith voorsien egter nie 'n oplossing vir die vraag wat ondersoek word nie. Tog bied sy navorsing 'n droom en ook 'n verbeelding vir 'n nuwe gemeenskap (habitat) met nuwe gewoontes (habitus) wat deelneem aan komplekse publieke kwessies van die tyd (Magezi, 2018:7). Dit is die rol van die pragmatiese taak van die Prakties Teologiese benadering om oplossings te vind, waarop daar nou gefokus word.

2.3.1.4. Pragmatiese taak – wat is die reaksie?


Soos genoem, beskryf Osmer (2008:148) die prakties teologiese interpretasie as 'n *praktyk-teorie-praktyk* model. Tydens die eerste taak, die beskrywend-empiriese taak, word 'n bepaalde episode, situasie of konteks wat problematies is, gebruik om agter te kom wat presies besig is om te gebeur. Die interpretatiewe en normatiewe take gebruik teorieë vanuit verskillende vakdissiplines. Eerstens om die praktyk te verstaan en daarna te vra wat God se wil vir hierdie praktyk is. Tydens die laaste taak, die pragmatiese taak, keer ek weer terug na die praktyk om ondersoek in te stel na moontlike maniere waarop die episode of situasie of konteks verander kan word. Dit is moontlik om deur aksiestrategieë te bepaal wat 'n invloed sal uitoefen op die episodes, situasies en kontekste op maniere wat wenslik is en om op reflektiewe wyse daarmee in gesprek te tree (Osmer 2008:4).

Die fondament waarop hierdie taak gebou is, is 'n spiritualiteit van dienende leierskap.

“Servant leadership is leadership that influences the congregation to change in ways that more fully embody the servanthood of Christ” (Osmer, 2008:192).

Volgens Osmer (2008:192) het leierskap min te doen met persoonlike eienskappe, maar eerder met die wyse waarop ander bemagtig word, sodat ‘n diepe verandering kan plaasvind. Diepe verandering behels dat dit wat gewoonlik nie bespreek mag word nie, gekonfronteer word (2008:198). Leierskap bemagtig die gemeente om deur middel van dissipelskap ander se gevoelens net so belangrik te ag as hulle eie, selfs die wat van hulle verskil. Dienende leierskap word nie net verwag van die leierskap van ‘n gemeente nie, maar van die totale gemeente. Sodoende is dit moontlik om ‘n alternatief te skep en op hierdie manier katalisators te word vir sosiale transformasie.

Saam vorm hierdie vier kerntake die basiese struktuur van praktiese teologiese interpretasie. Volgens Osmer (2008:10) is dit van groot waarde om die vier kerntake te konseptualiseer met die beeld van ‘n hermeneutiese sirkel, waarin interpretasie uitgebeeld word as duidelike, maar ook interafhanklike momente. Die interaksie en die gemeenskaplike invloed van al vier die kerntake onderskei Praktiese Teologie van alle ander velde.



Figuur 3: Die vier kerntake van Prakties Teologiese Interpretasie (Osmer, 2008:11)

2.4 'n Beskrywing van die studieveld Liturgiewetenskap

Alvorens die verskillende aspekte van die liturgiese praktyk bespreek kan word, word daar nou eers stilgestaan by die liturgie as wetenskapsveld.

2.4.1 Terminologie: Liturgie, Liturgiek en Liturgiewetenskap

Gordon-Taylor (2016:11) verduidelik dat die aard en definisie van die konsep liturgie al deur vele navorsers bestudeer is; tog is daar nie een definisie wat voldoende is om hierdie term wat ryk en kompleks is, mee te beskryf nie. Anscar Chupungco (2010:51) beklemtoon vervolgens:

“liturgy is a rich complex – I should say a happy confluence – of theology, history, spiritual insight and pastoral care.”

Daarom is dit van belang om 'n aantal komponente oorsigtelik uit te lig wat benodig word ter definiëring van die konsep liturgie. Die begrip liturgie is afkomstig van die Griekse woord *leitourgia* wat nou verbind word aan die volgende begrippe; *leitourgeo*, *leitourgèma*, *leitourgikos* en *leitourgos*. Letterlik vertaal beteken *leitourgia* dan werk van die mense, publieke diens, amp, funksie in diens van die gemeenskap (Barnard, 1998:90, sien Gordon-Taylor, 2016:12). Vroeë gelowiges het die begrip aangeneem om die aanbiddingsgebeure tydens die erediens te beskryf. Ter herinnering daaraan dat liturgie en diens aan die gemeenskap onafskeibare aspekte van die gedoopte lewe is. Verder het die konsep liturgie ook te make met die gestruktureerde liggaam van teks en rituele, waardeur die Kerk as korporatiewe liggaam God aanbid.

Verskillende benaminge word binne hierdie vakdissipline gebruik, byvoorbeeld Liturgiek en Liturgiewetenskap. Die term *Liturgiek* kom eksplisiet voor in Franz Xaver Schmid se werk in 1832/1833, teenoor die begrip *Liturgiewetenskap* wat deur Romano Guardini in 1921 tot stand kom (Barnard, 1998:91). Liturgiewetenskap is die dissipline waarbinne die Christelike liturgie bestudeer word (Barnard, 1998:90). In Suid-Afrika is Liturgiewetenskap 'n besondere klein dissipline en weinig Suid-Afrikaanse teoloë het hulle in hierdie dissipline bekwaam volgens Wepener & Bartlett (2014:1). Dit is heeltemal te verstane gegewe die sterk Protestantse tradisie wat vir jare by Suid-Afrikaanse Teologiese fakulteite gehandhaaf is. In samehang daarmee ook 'n bepaalde Gereformeerde teologiese aksent. As gevolg hiervan het die Bybelwetenskappe en die Sistematiese Teologie tot 'n sterker tradisie ontwikkel, terwyl Homiletiek binne Praktiese Teologie as vakdissipline beklemtoon is.

“Tot 'n groot mate kan gesê word dat die bekende Reformatoriese spreuk Praedicatio verbi Dei est verbum Dei hoofsaaklik en byna uitsluitlik in terme van die gepredikte en dus verbaal gespreekte woord verstaan is, terwyl die sien, voel, proe en selfs ruik van die woord wat ook die woord van God grootliks verwaarloos is” (Wepener & Bartlett, 2014:2, sien Wepener 2006:387).

Binne die Gereformeerde Protestantse tradisie word die term Liturgiewetenskap gebruik en daarom vind hierdie studie daarby aansluiting.

Die kontekstuele aard van die betrokke studie vra dus ook 'n verkenning van die plaaslike asook globale liturgiese landskap. Wepener & Bartlett (2014:3) argumenteer dat indien verskillende handleidings¹³ vir die erediens in die NG Kerk ondersoek word, en dit moontlik gebruik kan word as 'n soort *locus theologicus*, asook 'n barometer met betrekking tot die huidige stand van die erediens soos gevier in die NG Kerk, dan het die liturgiese landskap wesenlik verander. Deur bloot na die inhoudsopgawe van die 2010-publikasie te kyk, sal reeds die duidelik grondstruktuurverskuiwing van die liturgie aandui.

Die bogenoemde liturgiese verskuiwings, het alles te make met die Liturgiese Beweging, wat rofweg oor die laaste twee eeue strek, volgens Wepener & Bartlett (2014:3). Hierdie Liturgiese Beweging het ten doel om die kerk te hervorm deur aktiewe deelname van gemeentelede aan die liturgie, deur die gereelde viering van die sakramente as simbolies-rituele ontmoeting met die Here (Anderson, 2003:39). Die fokus is dus op aanbidding, in plaas van sprake oor God, en die liturgie skep die ruimte waarbinne dit moontlik word. Sodoende is daar dus 'n terugkeer na die vroegste bronne oor Liturgiewetenskap en die Liturgiegeskiedenis, om op so 'n wyse die liturgie te herontdek, asook bewusmaking en vernuwing te inspireer. Die bronne van die vroeë kerk het gemeen dat daar 'n sentrale orde waarneembaar is, naamlik, die vier bewegings van die erediens a) Toetrede, b) Die diens van die Woord c) Die diens van die tafel d) Wegsending (Van der Merwe, 2009:165-180). Hierdie vierslagorde word dikwels na verwys as die ekumeniese-protestantse orde (Gordon-Taylor, 2016:14; vergelyk Oskamp, 1998:14-18), en dit het wêreldwyd groot inslag gevind.

Die liturgiese landskap van die NG Kerk in Suid-Afrika toon tekens van 'n beduidende afname in erediensbywoning soos wat die lidmaattal om verskeie redes die laaste twee dekades bly daal het (Wepener & Bartlett, 2014:3). Tog is daar heelwat mense in Suid-Afrika wat nogtans die keuse maak om kerk by te woon en ook in die NG Kerk. Alhoewel daar tekens gesien kan word van die ritueel-liturgiese vloei, is dit in 2019 in Suid-Afrika nog nie binne die NG Kerk 'n dominante werklikheid nie. Die volgende

¹³ Byvoorbeeld, *Die Kerkboek* (1976), *Handboek vir die erediens* (1988), *Vir die erediens* (2007) en *Handleiding vir die erediens* (2010)

waarnemings rakende die liturgie soos gevier in die NG Kerk is belangrik vir die studie, naamlik (Wepener & Bartlett, 2014:6-7):

- Die gewone Sondagerediens in die NG Kerk is ten minste in teorie 'n weeklikse viering van die opstanding van Jesus Christus. Of dit in die praktyk altyd so gevier word, is egter betwyfelbaar. In heelparty NG Kerke is die Sondagerediens beskou as die Joodse Sabbat, sodoende is die Ou Testamentiese sabbatsbepalings wetties toegepas. Dit het veroorsaak dat die eredienste in talle gemeentes in die NG Kerk 'n baie ernstige en somber karakter aangeneem het. Verskuiwings het wel plaasgevind en huidige tendense toon aan dat die atmosfeer van eredienste effens gemakliker en meer informeel is.
- Die normale eredienste patroon vandag in vele NG Kerke, is steeds die van 'n woorddiens, ten spyte van vele probeerslae om weekliks die nagmaal te vier. Die meeste NG Kerke hou by die tradisionele patroon waar die nagmaal vier keer per jaar gevier word. Tydens hierdie geleentheid word daar algemeen gebruik gemaak van 'n lang, leerstellige nagmaalsformulier waarin die betekenis van die nagmaal verduidelik word. Tog is daar verskuiwings deur middel van alternatiewe weergawes van die nagmaalsformulier wat gebruik kan word.
- In 'n klassieke viering van die Gereformeerde eredienste is daar 'n sterk verband tussen lofprijsing en smeking, die sing en lees van die Psalms het 'n daadwerklike bydrae tot hierdie samehang van lofprijsing en klag gelewer. Die opbloeit van die lofprijsingsbeweging in vandag se eredienste, plaas die fokus hoofsaaklik op lof en sodoende het smeking en klag en verootmoediging stadig verdwyn.
- Die samehang van onderrig en veral doopbediening in die NG Kerk is van kardinale belang. 'n Kommerwekkende verskuiwing is die meervoudige versoeke tot die bediening van die doop buite die eredienste in private of familiekringgeleentheid, waar die belang van die geloofsgemeenskap en die inlywing daarby totaal verlore gaan.

- Die viering van Kersfees, Goeie Vrydag, Paasfees en Pinkster, het hoofsaaklik die liturgiese kerkjaar oor jare in die NG Kerk bepaal. In die laaste jare is daar tog gepoog om nie net die groot feesdae te vier nie, maar ook gelei te word deur die liturgiese kalender.

Hierdie enkele voorbeelde van liturgiese verskuiwings soos deur Wepener & Bartlett (2014:7) verwoord, is duidelik positief en terselfdertyd ook kommerwekkend.

2.4.2 Metodes van Liturgiewetenskap

Binne die vakdissipline Liturgiewetenskap, bestaan daar verskeie metodes van ondersoek, soos wat die vakdissipline oor jare heen ontwikkel het (Gordon-Taylor, 2016:19). Paul Post (1995:28) beskryf vervolgens oorsigtelik die volgende agt benaderings:

- **Historiese benadering** – hier word daar hoofsaaklik op die liturgiegeskiedenis gefokus.
- **Antropologiese benadering** – die bestudering van die antropologie van die liturgie asook die antropologie van rituele en simbole.
- **Semiotiese benadering** – die bestudering van tekens en simbole en die gebruik daarvan binne die liturgie asook die interpretasie daarvan.
- **Pastoraalliturgiese benadering** – die bestudering van die pastorale dimensie soos gevind in die liturgie.
- **Empiries-liturgiese benadering** – hierdie benadering beweeg in noue samehang met die Sosiale wetenskappe.
- **Benadering vanuit die kunste** – hier word gefokus op beelde, musiek, liturgiese ruimte, liggaamlikheid en ook liggaamlike uitdrukking deur dans.
- **Sistematiese benadering** – die bestudering van die teologie van die liturgie, met sakramentele teologie wat intrinsiek deel vorm van hierdie benadering.
- **Ander benaderinge** – soos onder andere die feministiese benadering en spiritualiteit.

Barnard (1998:94) beskryf die volgende metodologiese benaderings, naamlik, Prakties Teologiese, sistematiese, historiese en Bybels-teologiese benaderings. Hier volg 'n oorsigtelike beskrywing van elke benadering volgens Barnard (1998:94):

- **Antropologiese benadering** - in die sestiger en sewentiger jare van die twintigste eeu, het daar 'n wending binne die Liturgiewetenskap ontstaan. In reaksie op die dialektiese teologie, word daar nou melding gemaak van *anthropologische Wende* (Barnard, 1998:94; sien Schmidt-Lauber 1992:31). In die subdissipline van liturgiese studies het daar 'n nuwe opwindende ontwikkeling oor die laaste dekade plaasgevind; naamlik die implementering van rituele teorie en praktyk (Barnard, Cilliers & Wepener, 2014; sien Van der Merwe, 2009; Lukken, 1999). Die fokusverskuiwing geskied vanaf die verkondiging van die Woord na die ryke verskeidenheid van die religieuse werklikhede wat in die liturgie gekommunikeer word. Die gelowige kommunikerende mens staan nou sentraal in die ondersoek. Die antropologiese benadering binne die Liturgiewetenskap ondersoek die simbole, simbooltaal en simboolhandelinge, feeste en viering, en die kunste (argitektuur, kerkmusiek ensomeer). Daar is 'n noue skakeling met ander dissiplines soos die sosiologie, psigologie, kunsgeiedenis, taal- en teaterwetenskappe, musiek en semiotiek (Barnard, 1998:95; sien Lukken, 1993:14-17).
- **Sistematiese benadering** - in die sistematiese benadering gaan dit oor die wisselwerking tussen die leer (dogma) en die liturgie wat letterlik uitdrukking vind in die frase *lex orandi, lex credendi* wat vertaal word as, die wet van gebed, is die wet van geloof (Barnard, 1998:95-96). Dit beteken dus dat gebed en geloof nie van mekaar geskei kan word nie.
- **Historiese benadering** - die ontwikkeling van die geskiedeniswetenskap en die historiese kritiek het 'n belangrik invloed in die Teologie uitgeoefen. Dit beteken dat die Liturgiewetenskap ook daardeur geraak is. In die negentiende eeu het daar 'n oplewing in die belang van die geskiedenis van die liturgie gekom - bronne is ontdek en gepubliseer. Daar vind ook 'n wisselwerking plaas tussen die geskiedenis van die liturgie in verband met die sosiale- en ekonomiese geskiedenis, kuns- en kerkgeskiedenis, maar ook met volkekunde (Barnard, 1998:96-97; sien Rouwhorst, 1988).

- **Bybels-teologiese benadering** - in die Protestantse tradisie word 'n vierde metode ondersoek. Hier word hoofsaaklik gefokus in aansluiting by die struktuur van die geskrifte, ook die Bybels verantwoordbare leesroosters en word daar gesoek na die verheldering van die struktuur van die erediens.

Soos ek reeds vroeër verwoord het, is hierdie 'n interdisiplinêre studie en maak ek gebruik van die volgende twee benaderings van Barnard (1998:94) om ondersoek in te stel na liturgie en versoening in die NG Kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika, naamlik die sistematiese benadering en ook die antropologiese benadering. Die keuse vir hierdie twee benaderings word alleenlik gefundeer op die vraag en doelstellings van die betrokke studie, soos verwoord in Hoofstuk 1.

Die sistematiese (liturgiese) benadering tot hierdie studie fokus hoofsaaklik op die verkenning van die Suid-Afrikaanse landskap rakende versoening asook 'n verkenning van die bydrae wat James K.A Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* ten opsigte van die liturgie en die viering daarvan in die erediens tot versoening kan maak. Die antropologiese (rituele) benadering fokus dus op die wyse waarop die liturgie formatief kan meewerk tot versoening in Suid-Afrika en dan word spesifieke gefokus op simbole en rituele en liturgiese kwaliteite soos dit na vore kom vanuit die data wat gegenereer word. Sodoende word hierdie twee benaderings gekombineer tot een benadering, naamlik die liturgies-rituele benadering.

2.5. 'n Beskrywing van die Liturgies-rituele benadering

Vervolgens beskryf ek die liturgies-rituele benadering soos dit gebruik is in hierdie betrokke studie:

Post & Faro (2017:23) beklemtoon die volgende belangrike eienskappe van die liturgies-rituele benadering, naamlik elke liturgies-rituele praktyk word oop, kontekstueel en dinamies benader en daarom hoef 'n liturgies-rituele praktyk nie noodwendig 'n bepaalde funksie te verrig nie, maar kan dit meervoudige funksies verrig. Dit is van kardinale belang om bewus te bly dat al die dele van 'n liturgies-rituele praktyk asook die geheel onlosmaaklik aan mekaar verbind bly tydens die

ondersoek. En ten slotte beklemtoon hulle dat liturgies-rituele betekenis mense aantrek en waardes kweek. Die liturgies-rituele benadering is altyd aktueel en gefokus op die hedendaagse tendense en praktyke.

Die huidige tendense in die betrokke benadering beklemtoon die verskuiwing van die tradisionele vorme van liturgieë, wat hoofsaaklik deur 'n bepaalde gemeente uitgeleef word in 'n kerkgebou, na ontluikende liturgiese-rituele in minder kenmerkende ruimtes, deur groepe wat nie altyd dieselfde is nie (Barnard, et al., 2014:12). Hierdie verskeidenheid van hedendaagse liturgies-rituele vorme is verbind aan mekaar op allerhande maniere. Eerstens omdat al die vorme uitgeleef word - gedeeltelik - deur dieselfde mense, waarskynlik in dieselfde fisiese omgewing van 'n buurt, of 'n dorp. Barnard et. al. (2014:12) verklaar:

“If liturgical ritual establishes and reinforces religious identity, then this identity has, generally speaking, to be characterised as unstable or dynamic; it is in constant movement in our late-modern times.”

Hierdie aanhaling bevestig die wyse waarop daar in die alledaagse gang van sake gereeld grense oorgesteek word, transformasie wat plaasvind, maar dit skep dadelik ook 'n teenbeweging van identiteite wat weerstand bied, wat terugryp na duidelike grense en die soeke na leiding in stabiele identiteite wat terugverwys na die (geskepte of uitgedinkte) verlede. Die liturgies-rituele benadering word geëposisioneer tussen:

“... connectedness and rootedness, between being captured in the flow of permanent transformation and being rooted in a more or less invented tradition” (Barnard, et al., 2014:12).

Dit veronderstel dat die Sondagerediens nie langer die alleenreg het nie, maar staan in verhouding tot alle ander aanbiddingsgeleenthede, rituele deur middel van media en sosiale media, asook private en individuele rituele. Die grens tussen kerk en museum, tussen kapel en straat, tussen natuur en begraafplaas verdwyn en word eintlik net 'n fyn stippellyn. Weereens is dit van kardinale belang om die fokus van kontekstualiteit te behou, midde die plattelandse konteks van die Noord-Kaap, asook die Vrystaat, waar ek die laaste etlike jare leraar was, is die tradisionele vorme van

liturgieë hoofsaaklik geldend. Tog is daar in die platteland ook die behoefte na ontluikende liturgiese-rituele soos dit gevier word in alternatiewe ruimtes. Daar is wel kontekste in die platteland waar ek bedien, waar daar nog nie stippellyne bestaan nie, maar waar die erediens nog erediens in haar volle glorie is. Barnard et. al. (2014:28) moedig dus akademiese studie van die liturgie aan in verhouding tot die bepaalde konteks waarin die liturgie uitgeleef word, eerder as om bloot net vanuit die teologiese, die prakties teologiese, die ekklesiologiese vakdissiplines liturgie te benader.

Ek verwys dus na die volgende onlangse studies as voorbeelde van die verskuiwing wat plaasgevind het, onder andere Flynn (2015) met die titel *Aanbidding en sport: 'n ruimtelik-liturgiese ondersoek* waar sy ondersoek gedoen het na die moontlike verband tussen aanbidding en sport. In 2016 voltooi De Klerk (2016) sy navorsingstudie getiteld *Pilgrimage as a challenge to Reformed liturgical praxis* met die fokus op pelgrimstogte as 'n rituele praktyk. Matthee (2019) doen ondersoek in sy navorsing getiteld *Cyber Cemeteries as a Challenge To Traditional Reformed Thanatological Liturgical Praxis* oor rituele liturgiese uitdrukking soos dit in die kuberruimte plaasvind.

Barnard & Post (2010) voer aan dat liturgiese praktyke verby bepaalde formate en spesifieke inhoud beweeg het. Liturgiese praktyke ontluik deur middel van kommunikasie met die kulturele en antropologiese konteks waarin dit plaasvind. Barnard & Post (2010) pleit vir 'n radikale asentriese benadering tot liturgie wat behels dat elke liturgiese vorm as 'n bepaalde liturgiese vorm tussen ander liturgiese vorme benader behoort te word. Daar is geen sentrale normatiewe liturgiese vorm, lied, kerkmusiek, kerkgebou nie, maar daar is altyd verskillende vorme wat in verhouding met die konteks in verband gebring word. Barnard (2008:16) verwoord hierdie tendens van die eietydse liturgie as:

“... bricolage: liturgie als knip- en plakwerk, als knutselwerk.”

Daarom beteken dit dat alle liturgiese rituele van belang is en moet as belangrik geag word.

Die eerste metodologiese merker wat van belang is vir hierdie studie, word as volg verwoord:

“... liturgical ritual must be understood in the first place within its cultural and anthropological contexts, that is, within its immediate and wider cultural context, as well as from its anthropological context, that is, from the perspective of its participants or performers” (Barnard, et al. 2014:30).

Barnard, et al. (2014:30) definieer liturgie as komplekse Christelike rites en simbole. Die tipiese karaktereenskappe waaraan rituele geken word, is herhaling, mite (storie) en ritueel, asook rituele dimensies, persoon, plek, tyd en simboolhandeling (Barnard, et al., 2014:30; sien Wepener & Van der Merwe, 2009:197). Die basiese elemente waaraan rituele gekenmerk word, is:

- Tekens wat 'n eenvoudige, verstaanbare betekenis dra byvoorbeeld 'n verkeerslig.
- Simbole wat in verskillende kontekste, meervoudige betekenis moontlikhede het. Simbole hoef nie verduidelik te word nie, dit bring die verlede en toekoms bymekaar uit in die hede en dit betrek die totale persoon.
- Simboliese aksies is dade wat deur die menslike liggaam uitgevoer word gevul met betekenis; mense is dus die agente te midde van die proses van simbolisering.
- Simboliese spraakaksies en rituele is dubbelsinnige taalgebruik, dit roep wêrelde op, skep nuwe realiteite en open nuwe horisonne wat die menslike verstand te bowe gaan (Lukken, 1999:20-25).

Catherine Bell (1997:139) beskryf in haar boek getiteld *Ritual Perspectives and Dimensions* die volgende ses algemene kategorieë van rituele, wat elkeen ooreenstem met 'n bepaalde wesenskenmerk van rituele, naamlik:

- **Vormdiens**, is een van die mees basiese wesenskenmerke van rituele, hoe meer formeel die opeenvolgende bewegings of aktiwiteite, hoe makliker word dit as 'n ritueel beskou. Op hierdie wyse is dit moontlik om deur middel van rituele baie komplekse sosio-kulturele boodskappe eenvoudig oor te dra, veral wat betref sosiale klassifikasie, hiërargiese verhoudings en die

onderhandelinge met betrekking tot identiteit en posisie in die sosiale milieu (Bell, 1997:141).

- **Gehegtheid aan tradisie**, het te make met die mens se poging om 'n stel aktiwiteite van 'n vroeëre periode nageset na te boots, om sodoende verbande met die verlede te herbevestig in 'n nuwe veranderde milieu. Volgens Bell (1997:145) is 'n ritueel wat geensins verband hou met enige vroeëre tradisies nie, onreëlmatig, nie eg nie, asook onbevredigend vir mense.
- **Onveranderlikheid**, is ook 'n belangrike wesenkenmerk van rituele, aangesien rituele dikwels uitgeken word aan die presiese herhaling en fisieke kontrole van 'n reeks handelinge. Bell (1997:150) verduidelik as volg:

“The emphasis may be on the careful choreography of actions, the self control required by the actor, or the rhythm of repetition in which the orchestrated activity is the most recent in an exact series that unites past and future.”

- **Reëlsbeheerde aktiwiteite** word in noue verband tot rituele beskou. Hierdie normatiewe grense verwoord wat aanvaarbaar is en orkestreer elke stap van hierdie aktiwiteite. Hierdie normatiewe reëls hou gemeenskappe tot gemeenskaplike gedrag wat aanvaarbaar is. Dit getuig van die outoriteit van mag en beheer wat hierdie normatiewe reëls in plek hou en sodoende word mense binne gemeenskappe beheer en bepaal deur moontlike uitkomst te beperk (Bell, 1997:155).
- **Sakrale simboliek** werk met die beginsel dat die bestaan van die sakrale realiteit 'n menslike reaksie tot gevolg het. Die komplekse natuur van simboliek word hierin bevestig, aangesien dit haas onmoontlik is om te verduidelik waarom gewone materie sakrale betekenis kan verkry. Bell (1997:157) verduidelik:

“If we were to try to pin down the exact nature of the sacrality evoked in such symbols, however, we would find a type of circularity by which sacredness, when not explicitly a

religious claim to divinity, is a quality of specialness, not the same as other things, standing for something important and possessing an extra meaningfulness and the ability to evoke emotion-filled images and experiences.”

Hierdie sakrale kwaliteit verwys nie net na objekte nie, maar ook plekke, geboue, en selfs ook mense.

- Verder is daar in die laaste jare veral op die **uitvoering van ‘n bepaalde rituele handeling** gefokus. Dit het alles te doen met die doelbewuste, selfbewuste optrede van ‘n simboliese handeling in die publieke domein en is ‘n belangrike sleutelkenmerk van rituele. Die waarde van hierdie wesenskenmerk van rituele word daarin gevind dat dit die mens op ‘n multi-sensoriese manier aanspreek, aangesien ‘n persoon nie net voorgesê of gewys word nie, maar dat die persoon dit self beleef en self daaraan deelneem. Barbara Myerhoff (1977:223) verklaar: *“not only is seeing believing, doing is believing.”*

Die Christelike liturgie is ‘n ritueel waardeur God se mense, as ‘n groep of individueel, uitreik na God in die verwagting dat hulle God sal ontmoet. Hierdie is ‘n voortdurende intensionele proses, wat deur Grimes (2000:9) ritualisering genoem word. Hierdie eerste metodologiese merker fokus sterk op die kulturele, asook antropologiese konteks van die liturgiese ritueel. Die vraag natuurlik: Wat van teologie?

Teologiese idees en begrippe kan nie alleenlik deur empiriese observasie en analise ondersoek word nie: tog vorm teologiese idees en begrippe ‘n belangrike deel van die Christelike ritueel. Die vraag is op watter manier is dit moontlik om teologiese idees en begrippe op ‘n verantwoordbare wyse empiries te ondersoek? Barnard, et al. (2014:33) stel drie maniere voor, naamlik:

- Ondersoek word ingestel na ‘n bepaalde vorm van liturgiese-rituele en hoe daardie spesifieke vorm van liturgiese-rituele teologies gevorm is deur tradisies en die bronne van tradisies, byvoorbeeld hoe ‘n bepaalde verstaan van die Bybel die liturgie beïnvloed?

- Onderzoek word ingestel na die manier waarop deelnemers teologiese waardes toevoeg tot liturgiese-rituele waaraan hulle deelneem. Hierdie spesifieke aspek van die Liturgiek is nog nie goed ontwikkel nie.
- Navorsers moet ook oop en eerlik wees oor die eie teologiese posisie, waaruit die navorsing gedoen word.

John Witvliet (2007:24) verduidelik dat liturgiste nie bloot net rituele observeer om agter te kom wat aangaan en om sodoende daaruit te leer nie, intendeel:

“... liturgists ... intend not only to describe existing ritual practice but also to envision a liturgical ideal, to diagnose ritual pathology, to discern exemplary ritual improvisations, and to prescribe appropriate ritual adaptation.”

Sodoende beteken dit dat ek die volgende twee voortdurende take, behoort te bemeester, naamlik om liturgiese rituele te beskryf, volgens Osmer (2009:4) se eerste taak) en tweedens om ook die liturgiese rituele te interpreteer deur middel van teologiese normes (Osmer, 2009:4) se derde taak. Hierdie normatiewe taak het ten doel om die liturgiese praxis te beskou om sodoende ‘n voller vergestalte Christelike geloof uit te beeld, asook ‘n meer betekenisvolle geloof uit te druk in terme van die menslike rituele kapasiteit (Witvliet, 2007:25). Die doel van liturgiste is nie om bloot die wêreld te beskryf soos dit is nie, maar om die wêreld te verander (Wolterstorff, 1983:164).

Die tweede metodologiese merker van hierdie studie word vervolgens verwoord:

“... liturgical ritual must in the second place be understood from the way it is theologically informed and be evaluated from theological perspectives” (Barnard, et al., 2014:35).

Wanneer die bogenoemde twee metodologiese merkers gekombineer word, beteken dit dat aanbidding aan die eenkant kultuur en antropologies gebonde is en aan die anderkant gebind word aan geloof. Dit veronderstel dat sosiaal wetenskaplike metodes en teologiese metodes komplimentêr is in die liturgies-rituele benadering (Post & Faro, 2017:24).

Barnard, et al., (2014:35) definieer aanbidding daarom as:

“... liturgical ritual. ‘Liturgical’ refers to the theological perspective of worship, ‘ritual’ to its cultural-anthropological aspects.”

Dit is duidelik dat liturgiese rituele ‘n komplekse en geslaagde fenomeen is.

Barnard, et al. (2014:39) voer aan dat die ondersoek na hedendaagse liturgiese rituele, die data wat gegenereer word tydens empiriese navorsing, asook die gevolgtrekkings wat gemaak word, slegs een van ‘n eindelose hoeveelheid interpretasiemoontlikhede van ‘n beperkte liturgies-rituele praktyk is. Die veronderstelling is dat geen liturgies rituele praktyk ooit ten volle geken sal kan word nie. Dit impliseer natuurlik ook dat interpretasiemoontlikhede nou verbind is aan die bepaalde navorsingsmetodologie wat gebruik is, asook my posisie as navorser tot die navorsing. Die navorsingsvraag word van die begin van die navorsing gebruik om die navorsing te beperk, so ook word die metodes wat gebruik word, bepalend om die fokus van die navorsing te verfyn (Post & Faro, 2017:25).

Hier volg dus ‘n kort beskrywing van die beoogde navorsingsmetodologie vir die betrokke studie.

2.5.1. Kwalitatiewe Empiriese Navorsingsmetodologie

Osmer (2008:49-50) definieer die doel van kwalitatiewe navorsing as volg:

“... it seeks to understand the actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life and the meanings they ascribe to their experience.”

Die keuse vir die gebruik van ‘n kwalitatiewe navorsingsmetodologie word in die definisie van Osmer gevind, en word bepaal deur die vraagstelling van die betrokke studie:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om 'n hartsverandering tussen die mense van Suid-Afrika te bewerk sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Die vraagstelling bepaal dat die primêre onderwerp van studie, die liturgie is (Wepener, 2006:386). Ek gaan poog om deur middel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie ondersoek in te stel na die belewenis en betekenis van die liturgie aan die hand van die konsep van versoening vandag in Suid-Afrika. Hierdie navorsingsmetodologie is gepas vir die betrokke studie, aangesien 'n indiepteondersoek beoog word (Osmer, 2008:50). 'n Volledige beskrywing van die navorsingsmetodologie, asook metodes en tegnieke wat in die proses gebruik word, word in Hoofstuk 5 aangebied.

2.5.2. Semigestruktureerde indiepteonderhoude

Semigestruktureerde indiepteonderhoude is 'n kwalitatiewe datagenereringstegniek waar ek aan die deelnemers 'n reeks voorafopgestelde oop-einde-vrae vra (Ayres, 2012). Ek het vooraf 'n onderhoudskedule ontwerp. Die onderhoudskedule kan spesifiek wees, met goed bewoorde vrae, of dit kan bloot 'n lys van onderwerpe wees. Dit sal bepaal word deur die navorsingsvraag en die onderliggende navorsingsveld wat bestudeer word.

2.5.3. Metodologiese triangulasie

Die basiese fondament van triangulasie in kwalitatiewe navorsing is die idee dat 'n bepaalde navorsingsobjek die heel beste verstaan kan word deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid navorsingsmetodes en -tegnieke. Triangulasie word ook gebruik om verskillende dimensies van die navorsingsobjek te identifiseer, te ondersoek en te verstaan wat die bevindinge versterk, asook die interpretasie van die data verryk (Barnard et al., 2014:40; sien Given (red.), 2012; Osmer, 2008:53-58).

2.5.4. Empiriese Data-analise

Barnard et al. (2014:41) voer aan dat analise die belangrikste les is om te leer rakende data:

“... thinking not only about one’s data, but also with and through the data, in order to produce fruitful ideas.”

Barnard et al. (2014:42) onderskei vier verskillende vlakke van interpretasie van liturgiese rituele:

Die liturgies-rituele fenomeen soos waargeneem word eerstens deur myself en tweedens deur die deelnemers. So ook die rekonstruksie en die interpretasie van die rekonstruksie. Verder, die interpretasie van die interpretasie van die rekonstruksies, eerstens deur akademiese gesprekke¹⁴ en tweedens gemeenskaps- en gemeente diskoerse¹⁵. Nie een van hierdie bogenoemde vlakke is die liturgiese ritueel nie. Verder is nie een van die vlakke meer teologies en ander vlakke weer antropologies nie. Persepsies, rekonstruksies en interpretasie word bepaal deur die antropologie en deur die teologie van my en ook die deelnemers van die liturgiese ritueel (Barnard et al., 2014:43).

2.6 ‘n Beskrywing van die sentrale konsepte van die studie

Hier volg nou ‘n beskrywing van die sentrale konsepte van die studie, naamlik:

¹⁴ Ek het onlangs ‘n akademiese aanbieding oor my studie tydens ‘n nagraadse Praktiese Teologiese werkgroepbyeenkoms onder leiding van prof. Cas Wepener in Junie 2018 gelewer. Verder was ek in die laaste jare betrokke by akademiese werkgroepe, soos onder andere die *Worship in Africa Research Group* onder leiding van prof. Cas Wepener, waar gesprekke met plaaslike en internasionale akademici (onder andere prof. Marcel Barnard en dr. Mirella Klomp) gevoer is oor hierdie bepaalde onderwerp, versoening en liturgie. Daarbenewens, het ek ook ‘n referaat oor dieselfde onderwerp in samewerking met proff. Cas Wepener en Hennie Pieterse by die *Werksgemeenskap van Praktiese Teologie* by die *Joint Conference of Academic Societies in the Field of Religion and Theology* in Pietermaritzburg gelewer.

¹⁵ Ek het ook op gemeente-, rings- en sinodale vlakke gereelde diskoerse oor my studie met die onderwerp liturgie en versoening gevoer.

2.6.1. Liturgiese Teologie

Alexander Schmemmann het die kerk se liturgiese tradisie beskou as die studieveld van liturgiese teologie, deur middel van historiese analise en teologiese interpretasie is die liturgiese tradisie ondersoek (Kelleher, 2007:202). Na die verskyning van Schmemmann se publikasie *The Liturgy of Life* in 1975 het die diversiteit en kompleksiteit van liturgiese teologie vorendag gekom. Volgens Kelleher (2007:204) word liturgiese teologie verstaan:

“... as an ongoing process of reflection on the significance and value of religion within a culture, a process which is guided by method.”

Kelleher (2007:204) beklemtoon dat dit nie te make het met abstrakte godsdiens nie, maar:

“... a concrete religion as it has been lived, as it is being lived, and as it is to be lived.”

Liturgiese teologie reflekteer godsdiens soos dit voorkom tydens publieke korporatiewe aanbidding as ‘n uitdrukking van die Kerk en haar geloof, spesifiek as ‘n ruimte waarbinne Christus teenwoordig is, asook binne ‘n bepaalde konteks waar ‘n ontmoeting met die woord en sakramente ‘n transformasie teweeg bring (Gordon-Taylor, 2016:14). Daar is legio moontlikhede om ondersoek in te stel binne hierdie studieveld, naamlik:

- Die fundamentele aspekte van aanbidding.
- Die dinamika van aanbidding.
- Die geskiedenis van aanbidding in ‘n bepaalde gemeenskap.
- Die sosiale, kulturele en politiese konteks van aanbidding.
- Die gebruik van liturgiese hulpbronne, taal en simbole.
- Die antropologiese, christologiese, pneumatologiese, ekklesiologiese, soteriologiese, sakramentele teologie wat deur aanbidding bemiddel word.
- Die ontwerp van aanbidding.
- Kulturele en liturgiese pluraliteit.
- Die verhouding tussen liturgiese aanbidding en die alledaagse lewe.

Die liturgie as ekklesiologiese rituele praxis vorm die kerk as 'n gemeenskap voortdurend prosesmatig deur die gawes van die Gees en deur die verkondiging van Jesus Christus se boodskap. Hierdie aktiewe proses vind plaas in diverse plaaslike gemeenskappe.

“Liturgy is social because it is produced within the ecclesial process, it is performed by an assembly, and participates in the ongoing life of the church, a social reality” (Kelleher, 2007:210).

'n Belangrike vertrekpunt aangaande die bespreking van die verband wat daar bestaan tussen liturgie en teologie, is die bekende frase *lex orandi, lex credendi*, wat vertaal word met, soos wat ons bid, so behoort ons ook te glo (Gordon-Taylor, 2016:16). In hierdie leuse is die uitnodiging om na te dink oor die verband tussen gemeenskaplike gebed, (of breedweg verstaan liturgie) en geloof, tussen praktyk en teologie, tussen teorie en praxis (Anderson, 2003:25). Mettertyd het die behoefte ontstaan dat die verhouding ook omgekeer word, sodat die reël van geloof, ook die reël van aanbidding kan wees. Dirkie Smit (2004:2) verwoord dat die kerk ook voortdurend die wisselende en veranderende aanbiddingspraktyke en kultiese en liturgiese vernuwinge krities in die lig van bepaalde geloofsoortuigings behoort te weeg en te beoordeel ten einde te verseker dat aanbidding inderdaad steeds Christelik bly. Onlangs is die oudkerklike stelreël uitgebrei deur die byvoeging van *lex vivendi* of soms *lex convivendi*. Dan beteken dit letterlik volgens Smit (2004:2): soos ons bid, en soos ons glo, só behoort ons ook te leef of só behoort ons ook sáám met mekaar te leef. Saliers (1979) en Irwin (1994) het beklemtoon dat daar nie net 'n verhouding bestaan tussen gebed en geloof nie, maar ook tussen gebed, geloof en om te leef. Aangesien die kerkgekiedenis dit duidelik maak dat Christelike gebed (aanbidding) en teologie op verskeie manier mekaar beïnvloed het en tog het dit sulke “kerklike” praktyke geword dat dit totaal ontkoppel is van dit wat in die wêreld gebeur (Anderson, 2003:27-28). Indien liturgiese sakramentele praktyke wesenlik en normatief is tot die aard en identiteit van gelowiges en gelowige gemeenskappe dan behoort dit georiënteer te word tot die lewe van gelowiges en gelowige gemeenskappe in en vir die wêreld.

‘n Opvolgvraag wat deur hierdie verhouding na vore kom is: wat is die verhouding tussen die kerklike praktyke en die amptelike teologie van ‘n gelowige gemeenskap? Op watter wyses word die teologie van ‘n bepaalde geloofsgemeenskap gevorm en kom tot uitdrukking deur die kerklike praktyke wat beoefen word? Op watter wyses dra die liturgiese praktyke wesenlike en normatiewe gewig in hierdie bepaalde geloofsgemeenskap?

Die volgende onderliggende aannames uit die vrae is van belang, volgens Anderson (2003:29):

Eerstens is Christelike aanbidding ‘n groep praktyke waarin persone en individue intensioneel en onopsetlik gevorm word deur die bepaalde verstaan van die self en die kerk. Gordon-Taylor (2016:17) verklaar dat liturgiese teologie ten diepste die geloof van die kerk in rituele beweging is. Tydens aanbidding, deur die liturgiese rituele, word die korporatiewe betekenis van die bepaalde gemeente uitgeleef en dit dra by tot die deurlopende vorming van die gemeenskap (Kelleher, 2007:205).

Tweedens voorsien Christelike aanbidding ‘n “grammatika” van die self waardeur ons verhoudings tot God en die naaste geïnterpreteer word.

En derdens bly Christelike aanbidding die manier waarop hierdie verhoudings implisiet of eksplisiet tot uitdrukking kom. Die uitdaging hiervan bly om nie ‘n oorsaak-en-gevolgverhouding tussen liturgie en geloof te veronderstel nie. Dit gebeur so maklik dat ‘n mens dink dat indien ‘n mens reg aanbid dan sal ‘n mens reg glo en daarom reg optree en leef. Tog maak die voorafgaande bespreking dit duidelik dat hierdie verhouding onderling oorsaaklik is (Anderson, 2003:29).

Hierdie gedagte is van kardinale belang vir hierdie bepaalde studie, aangesien dit op indirekte wyse die narratief soos vertel in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis rakende die verdelende sinodebesluit van 1857 beklemtoon. Soos wat ons aanbid, so

behoort ons te glo, te dink en te praat en soos wat ons glo, dink en praat, behoort ons te leef, elkeen, en ons almal met mekaar saam, of apart, soos die narratief dit vir ons beklemtoon.

Deur die liturgiese praxis bemiddel 'n gemeente 'n publieke horison. Dit wil sê 'n wêreld van betekenis wat kontekstualiteit verskaf waarin die gemeente se aanbidding plaasvind (Kelleher, 2007:205). Hierdie publieke betekenis moet onderskei word van persoonlike betekenis soos wat individue die liturgiese rituele beleef asook die betekenis soos dit in amptelike tekste voorkom. Kelleher (2007:206) voer aan dat elke persoon 'n horison het wat verstaan word as die grens van die wêreld waarin daardie individue leef. 'n Horison is nie 'n rigiede grens wat nie uitgebrei of verskuif kan word nie. Kelleher (2007:206) sien die horison as 'n dinamiese, sosiale produk soos verwoord in die volgende aanhaling:

“We are products of a process that in its several aspects is named socialization, acculturation, education. By that process there is formed our initial mind-set, world view, blik, horizon. On that basis and within its limitations we slowly become our own masters, think for ourselves, make our own decisions, exercise our own freedom and responsibility.”

'n Gemeente word 'n kollektiewe subjek deur middel van deelname aan die liturgie en deur middel van die rituele praxis word 'n simboliese publieke horison bemiddel. Kelleher (2007:206-207) beskryf die publieke horison as die grens van die gemeente se verbeelding. Dit is 'n publieke spiritualiteit, 'n roeping van wat dit beteken om te leef as 'n lid van die gelowige gemeenskap. Hierdie publieke horison met al die uitdagings, asook beperkinge word van geslag tot geslag in gemeenskappe oorgedra. Dit is wel ook 'n horison wat kan verander deur 'n besluitnemingsproses van die gemeente.

Die taak van liturgiese teologie is om hierdie publieke horisonne te ondersoek, onder die loep te neem, dit eksplisiet te maak. Deel van 'n gemeente se publieke horison of wêreld van betekenis is die geloofswaarhede. Hierdie geloofswaarhede dra en kommunikeer die gemeenskap se fundamentele geloofsoortuiginge oor. Dit wat hulle geleer het van hulleself, van God en van verhoudings en verwagtings binne die gemeenskap (Kelleher, 2007:207-208).

“Beliefs that are transmitted within a community in its stories, symbols, songs, rituals and creeds constitute part of that community’s existential history, its living tradition” (Kelleher, 2007:208).

Geleefde tradisie dra die totaliteit van betekenis, die wêreld van betekenis of horison oor aan die individue van hierdie gemeente. Dit word dikwels met blindekolle, nalatigheid, foute en vooroordele oorgedra en daarom is dit nodig om krities ondersoek in te stel na tradisie soos dit in enige gemeenskap uitgeleef word (Kelleher, 2007:208). Liturgiese teologie gebeur juis wanneer hierdie praxis ondersoek, bevraagteken en onder die loep geneem word (Kelleher, 2007:205).

Anderson (2003:39) beklemtoon vervolgens dat ‘n vernuwing van die liturgie en die vernuwing van die Christelike lewe nie bloot ‘n:

“an updated liturgical choreography.”

Dit vereis fundamentele veranderinge in die manier waarop elke persoon hom- of haarself beleef en ervaar as agente tydens ‘n samekoms van agente. Dus is die doel van liturgiese vernuwing nie bloot net om mense en ‘n geloofsgemeenskap op ‘n sekere manier te laat voel nie, maar moet ten diepste transformerend wees vir elke persoon en ook die geloofsgemeenskap.

Die volgende voorveronderstelling ten opsigte van aanbidding en liturgie is geldend:

Liturgie is volgens Dalmais (1987:229) eerstens ‘n aksie (*ergon*) eerder as ‘n vorm van diskoers (*logos*). Hierdie voorveronderstelling herinner daaraan dat die liturgie iets is wat die kerk *doen* eerder as iets wat die kerk *dink*. Dit beteken nie dat die liturgie ondeurdag is nie, die kerk beliggaam deur die liturgie dit waarin hulle glo. Happel (1987:179) verwoord dit as volg:

“Worship is not politically, economically, or aesthetically naive; it argues, persuades, and embodies various schemes of social recurrence. Through visions of the future, it redirects common desire, not in such a way that the community feels guilty for not living up to an ideal but by transforming the communion of believers, however incrementally,

in the present. Throug the sacraments we are enabled to love and established to complete a common work.”

Volgens hierdie aanhaling word dit duidelik dat die liturgie aktief is. Liturgie is ook simbolies, aangesien die basiese eenhede van rituele en simbole soos objekte, aksies, verhoudings, woorde, gebare en die manier waarop die ruimte ingerig word, sigbaar is. Liturgie is ook prosesmatig en Kelleher (2007:210-211) verduidelik dit as volg:

- Elke ritueel is 'n dinamiese proses met 'n innerlike ritme wat lang- of mediumtermyndoelwitte het en dit kan implisiet of eksplisiet wees.
- Liturgie is prosesmatig vanweë die verhoudings en ook deelname binne die gemeente.
- Liturgie is laastens prosesmatig, aangesien die simboliese eenhede in hulleself dinamies is.

2.6.2. Rituele Teorie

Foley (2012:143) beskryf rituele teorie as 'n oorkoepelende en dubbelsinninge term vir 'n interdisiplinêre benadering rakende die bestudering van rituele wat in die laat twintigste eeu ontwikkel het, hoofsaaklik in Noord-Amerika en Europa. Die studieveld waaronder hierdie rituele teorie resoneer, word *Ritual Studies* genoem en daar is nog nie 'n Afrikaanse sinoniem vir hierdie studieveld nie en word voortaan Rituele Studies genoem na aanleiding van Wepener (2004:50). Vervolgens 'n beskrywing van die studieveld en ook die benadering.

2.6.2.1. Rituele Studies: Verkenning van die ontwikkeling van die studieveld

In 1970 ontwikkel die studieveld Rituele Studies tot 'n eksplisiete studieveld in eie reg en daarom is dit 'n redelike nuwe studieveld alhoewel rituele as fenomeen sedert 1771 bestudeer is (Wepener, 2004:50). In 1977 word daar vir die heel eerste keer 'n Rituele Studies Konsultasie by die Amerikaanse Akademie van Religie in San Francisco gehou (Foley, 2012:145, sien Post, 2006:95). Op hierdie podium ontmoet verskillende mense en groepe mekaar en die vier groepe wat uitstaan, is:

godsdienwetenskaplikes, antropoloë, liturgiste en kunstenaars (veral uit die drama en teaterwêreld) volgens Post (2006:95). Algaande het die studieveld deur middel van kursusse, konsultasies, werkswinkels en selfs 'n joernaal getiteld *The Journal of Ritual Studies* ontwikkel (Wepener, 2004:51). Ronald Grimes word beskou as een van die stamvaders van hierdie studieveld (Foley, 2012:146). Grimes (2014:4-5) verduidelik sy benadering tot die studieveld van Rituele Studies as volg:

“Some who study ritual consider their labor a science; others regard it as an art. However, I’ve come to consider ritual studies a craft. Craft is art’s practical-minded, hands-on, manual-labourer cousin. (...) To treat ritual studies as a manual art, an activity of the hands, arises from a conviction that theorizing, like ritualizing, is inescapably embodied.”

Van Tongeren (2013:224) voer aan dat binne die studieveld van Rituele Studies rituele in totaliteit bestudeer word, met die klem op rituele as handeling, as opvoering. Dit het te make met die rituele praktyk in die sosiale en antropologiese konteks waarin dit plaasvind. Verder veronderstel dit dat Rituele Studies fokus op hedendaagse aktuele vorme van ritualiteit, met bepaalde fokus op die vorm, die uitdrukking en opvoering, die doel en bedoeling, op die inhoud en betekenis, asook op die uitwerking en effek van rituele.

Wepener (2004) en Foley (2012) voer aan dat Rituele Studies steeds die beste verstaan word as 'n studieveld, eerder as 'n akademiese dissipline. Alhoewel daar volgens Foley (2012:146) nie departemente van Rituele Studies bestaan nie, is daar verskeie kursusse in verskeie vakgebiede wat Rituele Studies insluit, onder andere antropologie, Asiatiese studies, musiektegnologie en liturgie. In Grimes (1982) se boek *Beginnings in Ritual Studies* beskryf hy die studieveld as volg:

“Ritual Studies, or ‘ritology’, is a new field, not because doing ritual or thinking about it is new, but because the effort to consolidate methods from the humanities and social sciences for the study of ritual in a context that is free to be cross-cultural and comparative is new. It is new as a distinct sub-discipline of the academic study of religion.”

Rituele studies is dus 'n breë podium of platform waar uiteenlopende ondersoekers mekaar kan ontmoet, met die bindende faktor, natuurlik die bestudering van rituele. In Post (2006:96-97) se artikel beskryf hy die Rituele Studies vierslag of die vier kenmerke of kwaliteite wat hierdie studieveld afbaken, naamlik:

1. Die gemeenskaplike en sentrale *objek* van Rituele Studies is die bestudering van rituele handeling.
2. Die tweede kwaliteit van Rituele Studies is *multidissiplinêre ondersoek* en is nou verbind aan *metodologiese pluraliteit*.
3. Die volgende *kenmerkende perspektiewe* is van belang in die studieveld van Rituele Studies:
 - a. 'n Prikkelende belangstelling na die ontwikkeling van teorieë en konsepte, soos dit na vore kom met die worsteling na beskrywings en definisies van rituele.
 - b. Die fokus op vergelykende studies.
 - c. Die inter- of kruiskulturele dimensie van Rituele Studies is van belang.
 - d. Die perspektief dat rituele nie staties is nie, maar eerder beskou word as 'n prosesmatige opvoering.
 - e. Die sintuiglike en liggaamlike dimensie is baie belangrik.
 - f. Die rol van die ondersoeker en die gepaardgaande hermeneutiese proses is van belang.
 - g. Rituele word omvattend en in totaliteit beskou en ondersoek.
 - h. Rituele kritiek is belangrik, aangesien dit van belang is om te kan onderskei watter rituele slaag en watter faal.
4. Die laaste kenmerk kan 'n *kanon* genoem word, wat verstaan word as 'n reeks *slutelkwessies* wat aangespreek word, binne die studieveld van Rituele Studies.

2.6.2.2. Rituele Teorie: Verkenning van die ontwikkeling van die benadering

Die diverse definisies en verduidelikings van rituele en ritualisering, maak dit haas onmoontlik om voldoende rituele teorieë volledig te beskryf. Wat wel belangrik is om te beklemtoon, is dat hierdie benadering tot die bestudering van Liturgiese Studies

eers onlangs aanvaarbaar geword het. Tydens die Reformasie was daar in die Middeleeue opstand teen alle rituele wat op een of ander wyse mense se aandag van die Woord afgetrek het. Dit is beleef as 'n afleiding om erns te maak met 'n persoon se geloof, in die ergste gevalle is dit selfs beskou as 'n terugval tot die heidendom (Searle, 2007:9). Hierdie beskouing van die Reformasie het tot in die 19e eeu en vroeg 20ste eeu nog 'n invloedryke rol in die Protestantse kerke se beskouing van antropologie gespeel. Sodoende het daar 'n onderskeid ontstaan tussen godsdiens en towerkuns soos verwoord deur Searle (2007:10):

"... 'religion' (where communication with the deity takes place rationally through the word) and 'magic' (regarded as an irrational belief in the power of human beings to coerce the powers believed to rule the world)".

Sedert die 1960's het daar 'n nuwe belangstelling ontwikkel vir rituele veral tussen liturgiste en ook in die sosiale wetenskappe. Monica Wilson en Victor Turner was radikaal deur aan te voer dat 'n samelewing se rituele die sleutel is waarmee die samelewing hulleself en die wêreld verstaan (Searle, 2007:10). Clifford Geertz maak 'n soortgelyke opmerking:

"... the role of ritual in creating and sustaining the identity and ethos of religious systems" (Searle, 2007:10).

Ook in Suid-Afrika is hierdie belangstelling geprikkel, volgens Wepener & Van der Merwe (2009:195). Oral is daar gemeentes wat teruggaan op ou vorms van die erediens. Nuwe rituele wat ontwerp word rondom groot oorgange in die lewe en in samehang hiermee is daar die ontluikende feeskultuur, onder andere die Vleisfees, Kaasfees, Wynfees, Olyffees, Oesterfees, Portfees, Kersiefees, Oppiekoppie, Aardklop en die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), om maar 'n paar te noem. Hierdie belangstelling in feeste het nie bloot net wetenskaplike belangstelling geprikkel nie, maar ook gretige deelname by feesgangers aangewakker.

Die vraag na waar hierdie hunkering en belangstelling in feeste en vierings vandaan kom, word deur Wepener & Van der Merwe (2009:196-197) as volg beantwoord. 'n Algemene verduideliking is die sogenaamde hunkering van postmoderne mense om

die mistieke, die misterieuse, die nierasonele en simboliese kant van die lewe te beleef en ervaar. 'n Volgende verduideliking wat veral van toepassing is op die Gereformeerde kerke spesifiek, is dat daar beweer word dat die kerke na die Reformasie met betrekking tot liturgiese hervorming met die nodige omsigtigheid sekere rituele en simbole weggeneem het. En die vraag ontstaan of dit moontlik is om daardie simbole en rituele weer terug te bring? Ander verklaar prontuit dat die Gereformeerde kerk te rasioneel is en hulle verkies 'n gemeente en styl waar liggaamlikheid met betrekking tot aanbidding van belang is. 'n Verdere verduideliking is die tegnologiese era waarin ons leef, 'n era waarin beelde al hoe belangriker word, rituele en simbole uitstekende mediums is om die evangelieboodskap oor te dra. Uit hierdie bogenoemde redes word dit duidelik dat dit 'n sameloop van verduidelikings is wat hierdie belangstelling en hunkering geprikkel het.

Ek poog nou om op 'n sistematiese wyse dieper ondersoek in te stel na simbole en rituele.

2.6.2.3. Rituele Teorie: 'n Definisie

Soos reeds genoem is, is die studieveld, Rituele Studies, deur 'n verskeidenheid vakdissiplines beïnvloed en dit dra by tot die probleem waarmee die studieveld worstel, rakende die bepaling van wat as rituele gedrag beskou word. Searle (2007:11-12) beskryf drie hoofbenaderings om rituele mee te definieer:

- 'n *Formele* definisie van rituele maak 'n onderskeid tussen rituele aktiwiteite teenoor enige ander vorm van gedrag in terme van kenmerkende eienskappe soos herhaling, voorskriftelikheid, rigiditeit, stereotopies, ensomeer.

Rappaport se definisie soos dit aangehaal word deur Searle, 2007:11:

"... the performance of more or less invariant sequences of formal acts and utterances not encoded by the performers."

Die groot probleem met hierdie benadering is dat die skopus so breed is dat enige iets gesien kan word as 'n ritueel.

- 'n *Funksionele* benadering vind aansluiting by die spesifieke funksie wat dit verrig ten opsigte van die mens se lewe. Sielkundiges fokus dus op rituele soos wat dit die behoeftes van die individu dien, teenoor sosioloë en antropoloë wat fokus op die waarde van die ritueel vir die kollektiewe gemeenskap. Funksies kan insluit:
 - Die instandhouding van die groep se solidariteit.
 - Die beoefening van die groep se waardes en norme.
 - Die instandhouding van sosiale skeidings en kategorieë.
 - Om sosiale konflik te beheer.
 - Om verandering te fasiliteer.
 - Om sosiale kohesie te bevorder.

- 'n *Simboliese* benadering fokus op kommunikasie, dit wil sê rituele is aktiwiteite wat betekenis oordra. Weereens is hierdie benadering breed in skopus, daarom is dit nodig om aan te dui watter tipe kommunikasie ingesluit word (Searle, 2007:12):
 - Publieke betekenis of private betekenis?
 - Betekenis soos deur kenners of betekenis soos deur algemene praktisyns?
 - Bewustelike betekenis of onbewustelike betekenis?

Verder is dit noodsaaklik om te verstaan dat rituele verskillende betekenis oordra vir verskillende mense. Die betekenis is dikwels gelyktydig op verskillende vlakke en ook in verskillende velde. Searle (2007:12) verwoord dit duidelik:

“Thus a liturgical rite may explicitly mediate contact with the divine while simultaneously rehearsing the participants in the community’s value system, covering over potential sources of conflict in the community, and consolidating the power structure operative in the community by associating it with the sacred and thus with the unquestionable.”

Daarom is dit noodsaaklik om te begryp dat 'n enkele definisie van rituele feitlik onmoontlik is en om eerder tot die besef te kom dat daar verskillende rituele is en dat

die Christelike liturgie dikwels 'n verskeidenheid rituele in 'n enkele erediens sal gebruik (Searle, 2007:12).

Ronald Grimes (2007:132; sien Searle, 2007:12) stel 'n meer generiese definisie voor, met ses verskillende modusse van rituele, naamlik:

- *Ritualisering* - rituele begin met ritualisering en dit verwys na gewortelde patrone van gebare of posture, of gestileerde vorme van gedrag soos gevind by mense en diere. Die oomblik wanneer betekenis, kommunikasie en optrede van groter belang geword het as funksionaliteit, op daardie moment het ritualisering begin.

Grimes (2007:134) verklaar:

"We are animals - sometimes rational ones, sometimes divine ones, sometime social ones - but still animals. And our most sacred rituals still concern our 'animal' functions - eating, drinking, moving about, reproducing, dying, mating, fighting."

Ritualisering is een van die ses modusse waarvoor die mens die minste 'n keuse tot deelname het. Rituele wat die proses van ritualisering die beste beliggaam het te make met seisoene, landbou, fertiliteit, die bonatuurlike, dood en genesing omdat dit die interafhanklikheid van mense met die fisiese omgewing en ook die liggaam eksplisiet beklemtoon. Daarom is die wortels van rituele onvermydelik biologies en natuurlik (Grimes, 2007:136).

- *Decorum* - verwys na gestileerde gedrag wat persoonlike interaksies beheer en vorm deel van die mens se siviele en sosiale lewe. 'n Uitmuntende kenmerk van *decorum* is beleefde, formele en gestileerde gedrag. *Decorum* is die manier waarop rolle, status en interpersoonlike verhoudings weerspieël word (Grimes, 2007:137-138).
- *Seremonie* - rituele tydens 'n seremonie is minder gewoon en meer intensioneel. *Decorum* in die publieke lewe word 'n seremonie waar status vertoon en mag gerespekteer word. Seremonies nooi deelnemers uit om hulle onafhanklikheid prys te gee, ter wille van 'n bepaalde saak waarvoor hulle dan

sal veg of selfs sterf. Hierdie saak word nie net beskou as waardig nie, maar dit is ook wettig en daarom bindend. Mag word dikwels deur middel van bepaalde aksies oorgedra. 'n Definitiewe onderskeid word tussen die “ons” en “hulle” gemaak (Grimes, 2007:139-140).

- *Liturgie* - Grimes bedoel nie net Christelike rites nie, hy verstaan dit eerder as enige rituele aksie wat 'n “ultimate” verwysingsraamwerk het. Grimes (2007:140) verduidelik:

“In liturgy we ‘actively act’ in order to be acted upon.”

Liturgie is 'n simboliese aksie van diepe ontvanklikheid, dikwels in die vorme van meditatiewe rites en kontemplatiewe oefeninge. Elke liturgie poog om elke vraag te antwoord en te verklaar dat “dit is hoe dinge is”, natuurlik gebeur dit in die woorde van 'n bepaalde tradisie.

- *Towerkuns* - hier onderneem deelnemers om die bonatuurlike te manipuleer. Towerkuns gebruik simbole meer vir die gevolge wat dit het, as vir die betekenis wat daaragter lê. Mense ontken dat hulle in towerkuns glo, maar tog gebruik hulle maklik medikasie of middele wat hulle glo 'n bepaalde eindresultaat gaan lewer (Grimes, 2007:144).
- *Viering* - hier fokus deelnemers meer op die ontmoeting met die bonatuurlike, as met die uitkoms daarvan. Die wortels van viering word in spontane opvoering gevind. Grimes (2007:145) beklemtoon:

“... our work is dramatic and therefor fictional.”

Die formele uitdrukking van emosies speel 'n belangrike rol tydens viering.

Die voordeel daarvan om Grimes se modusse te gebruik, lê daarin dat dit wat ons as “liturgie” verstaan, saamgestel word deur 'n wye verskeidenheid rituele modusse, nie almal is in essensie “liturgie” nie, en nie almal se betekenis is godsdienstig nie. As navorser in liturgiese studies vra dit 'n sekere hermeneutiek van agterdog, om

sodoende die maniere te identifiseer waarin sekere modusse weergegee word as 'n ander modus in 'n bepaalde konteks (Searle, 2007:13).

2.6.2.4. Rituele en die liggaam

Alhoewel liturgie in essensie iets is wat 'n persoon doen, 'n gebeure waaraan iemand deelneem, is die studie van liturgie in die verlede hoofsaaklik deur middel van die bestudering van tekste gedoen. Vir baie lank is die fokus op die verbale dimensie van die ritueel geplaas, met slegs 'n klein belangstelling in die nieverbale dimensie van die ritueel. Rappaport verduidelik:

“This is unfortunate, since what differentiates liturgy from other faith expression, such as preaching, poetry, iconography, and so on, is that it is essentially something that is what it is when it is carried out” (Searle, 2007:13).

Dit vereis die fisiese teenwoordigheid van lewende lywe in interaksie met mekaar in dieselfde ruimte op dieselfde tyd besig met dieselfde reeks voorgeskrewe handeling. Liturgie is uniek, aangesien dit 'n saak van die liggaam is - beide die individuele liggaam, asook die kollektiewe liggaam. Die vrae van Anderson (2003:59) is daarom van belang vir hierdie studie, naamlik:

- Op watter wyse kom geloof in ons lywe?
- Hoe maak die kerk afdrukke op gelowiges ter herinnering wie hulle is en wie s'n hulle is, hoe dit is om 'n lewe met God in en deur Jesus Christus te leef?
- Op watter manier vind opvoering in ons plaas deur middel van die liturgie?

Dit is belangrik om die psigologiese, sosiale en historiese funksies van rituele te beskryf wat 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van persone en gemeenskappe. Anderson (2003:62) lys sewe interafhanklike funksies, naamlik:

- Die integrasie van eksterne bronne van angs in die menslike orde.
- Om te spreek tot die onderbewuste deur middel van simbole.
- Om aan die lewe sin en betekenis te verleen.
- Om katarsisgevoelens uit te druk en te fasiliteer in individue en groepe.
- Om te help om die onvoorspelbaarheid van die lewe aan te spreek.

- Om die krag en permanensie van 'n groep te onthul en ook te beliggaam.
- Om die lewensfases en -siklusse te benadruk.

Hierdie funksies maak dit duidelik dat rituele meer is en doen, as om bloot geloof, tradisies, identiteit van individue en gemeenskappe uit te druk. Terwyl rituele hierdie uitdrukking van geloof en tradisies en identiteit moontlik maak, verleen rituele ook die manier waarop individue en gemeenskap gekonstitueer word.

Anderson (2003:80) neem hierdie argument verder en dui aan dat rituele en ritualisering nie alleen 'n manier van bestaan en 'n manier van kennis oor jouself in hierdie wêreld konstrueer nie. Rituele en ritualisering plaas hierdie argument in die liggaam, soos verwoord deur hierdie volgende aanhaling:

“I learn what it means to be a Christian as, year in, year out, I hear and tell the stories and traditions of that community. I learn how to be a Christian by enacting those stories and traditions in the ritual actions of the Christian community, in the dying and rising experience in baptism, in the grateful reception of bread and wine, in kneeling, bowing, or standing for prayer.”

Wepener (2015:5) verwoord sy argument rakende liggaamlikheid in Sub-Sahara Afrika as volg: ons liggame is nie dom nie, inteendeel. Mense is psigosomatiese wesens en daarom word kennis nie alleenlik beperk tot die kognitiewe vermoëns van ons brein nie, maar dit is definitief ook 'n funksie van ons liggaam. Wepener (2015:5) maak dit duidelik dat sy verwysing na liggaamlikheid nie net emosies insluit nie, maar die fisieke liggaam.

Sistematiese teoloog Theodore Jennings (1982:112) voorsien 'n raamwerk om onderskeid te tref tussen rituele kennis van “wat” en “hoe”. Hy onderskei drie oomblikke in die noëtiese funksie van rituele, naamlik:

1. Rituele is 'n modus van ondersoek en ontdekking, 'n manier waarop kennis versamel word. Hierdie noëtiese oomblik fokus op dit wat die deelnemer doen tydens die rituele handeling. Dus argumenteer Jennings (1982:112) dat hierdie kennis primêr liggaamlik eerder as serebraal is, aktief eerder as kontemplatief, en transformerend eerder as spekulatief is.

“Ritual knowledge is ‘gained by and through the body’; it is gained through action and is ‘identical with doing or acting, with a bodily doing or acting,’ through engagement rather than detachment” (Anderson, 2003:80; sien Jennings, 1982:115-116).

Mense doen liturgies-rituele kennis op deur aktiewe deelname aan die opvoering van die liturgie, eerder as deur instruksie of onderrig.

2. Die tweede oomblik in die noëtiese oomblik van rituele dui aan dat die oordrag van kennis plaasvind. In hierdie oomblik word daar op dit wat tydens die rituele aksie plaasvind, gefokus.

“Through engagement in ritual action, ritual transmits and focuses ‘a way of being and acting in the world” (Jennings, 1982:112).

3. Die derde noëtiese oomblik van rituele kennis gaan nie soseer oor om die wêreld anders te sien nie, maar om op ‘n ander manier op te tree. Wanneer die mens anders optree, dan lei dit daartoe dat die mens se wêreldbeskouing verander.

Hierdie kennis van rituele, word volgens Jennings (1996:331) as *“praxiological”* beskryf.

Op grond hiervan is dit moontlik om weg te beweeg van die kop-liggaam-dualisme, en eerder te argumenteer vir ‘n beliggaamde epistemologie wanneer daar liturgiese-rituele navorsing gedoen word (Wepener, 2015:5). Dit beteken dat aanbidding en dit wat tydens aanbidding gebeur, nie ‘n “praat” oor die lewe is nie, maar eerder ‘n “doen” van die lewe saam as gelowiges. Die liturgie is daarom nooit ‘n bespreking van die liturgie nie, maar ‘n uitlewing van betekenis, die beoefening van ons storie as God se mense, ‘n strategie waardeur ons herinner word aan God se teenwoordigheid en dat ons begenadigde dissipels is. Herhaalde deelname aan die liturgie word die manier waarop die liturgie letterlik betekenis graveer op ons liggame. Ek sluit hierdie gedeelte af met Don Saliers (2012:297) wat sê:

“The study of worship understands that the body remembers long after the mind may be dimmed.”

2.6.3. Versoening

Die teologie van versoening word deur Carney (2010:552) beskryf, as die Afrika-teologie wat in die vorige dekade die sterkste en mees dinamiese na vore gekom het. Eerstens is die taal van versoening diep teologies van aard, aangesien die hart van die Christelike geloof op versoening gebou word. Versoening het alles te make met die vertikale en horisontale dimensies van versoening. God se liefde vir die mens, kan nie losgemaak word van die mens se liefde vir mekaar nie. Versoening herinner die kerk dadelik aan haar roeping en ook haar stryd vanaf die begin om die “ander” in te sluit (Volf, 1996:22-25). Die formatiewe potensiaal van Christelike rituele, soos die nagmaal, skuldbelydenis en die was van voete beklemtoon dit. Daarom kan De Gruchy (2002:45) versoening as volg verwoord:

“sum total of what Christians believe about God’s saving work in Jesus Christ.”

Volgens Carney (2010:553) het versoening nie alleenlik ‘n diepgewortelde Christelike basis nie, maar spreek ook tot die konteks waarbinne Suid-Afrikaners hulleself bevind. Vervolgens ‘n kort beskrywing van die volgende drie teoloë¹⁶ se verstaan van versoening, naamlik:

1. Desmond Tutu

Desmond Tutu se droom van versoening as interafhanklikheid kan ook beskryf word met die Afrika-konsep *ubuntu*, die beginsel dat ‘n mens ‘n mens is op grond van die mense rondom jou. In hierdie sin is Tutu se verstaan van versoening ‘n produk van inkulturasie, aangesien dit op ‘n Afrika-wêreldbeskouing gebou word wat klem lê op die harmonieuse bestaan van God se skepping. Tutu se verstaan van versoening behels ook ‘n bevrydende dimensie, waar die waardigheid van mense eers herstel moet word, voor sosiale versoening in Suid-Afrika moontlik kan wees (Tutu, 1999:264). Tutu se bediening wys tot vandag toe nog dat die teologie van versoening ‘n profetiese dimensie behels en daardeur help hy die kerk om ‘n kritiese afstand teenoor die staat te handhaaf (Carney, 2010:554).

¹⁶ Die rede waarom ek hierdie drie teoloë kies is; aangesien versoening tot die hart van elkeen van hulle werk spreek, verder intergreer hulle die praktiese-, asook die teologiese dimensies van versoening met mekaar.

2. John Rucyhana

John Rucyhana beklemtoon die holistiese reformasie van versoening. Rucyhana (2006:200-201) beklemtoon eerstens dat God individue se harte transformeer as 'n eerste tree op die pad na versoening. Alhoewel versoening volgens Rucyhana by individue begin, is die einddoel altyd die gemeenskap. Die *telos* hiervan is *conviviality* en nie bloot net verdraagsaamheid nie (Carney, 2010:554). Sodoende is versoening holisties, relasioneel en transformerend. Rucyhana se bediening wys dat die teologie van versoening nie bloot net 'n teoretiese paradigma is nie, maar word beliggaam in die sigbare, tasbare daaglikse praktyke in die geloofsgemeenskap (Carney, 2010:555).

3. Emmanuel Katongole

Emmanuel Katongole & Rice (2008:13) voeg 'n derde komponent by tot 'n Afrika paradigma van versoeningsteologie, naamlik 'n alternatiewe politieke Christelike geloofsgemeenskap. Hy voer aan dat die manier waarop dinge nou gedoen word, hoef nie die manier te wees waarop dit noodwendig gedoen word nie. Ironies genoeg gebeur hierdie transformasie nie deur die werk van aktiviste nie, maar deur 'n proses van kontemplatiewe weeklaag (Carney, 2010:555). Weeklaag herken en erken dat menslike pogings nie alleen goed genoeg is om met die verskriklike seerkry van die samelewing te worstel nie. Alleen 'n Goddelike ingrype is nodig. Volgens Katongole & Wilson-Hartgrove (2008:133) is die kerk se roeping om:

“... to establish unconventional communities that live according to a different standard than the violence of the world ...”

Hierdie drie teoloë deel 'n verbeelding: van Tutu se *ubuntu*, Rucyhana se *umuvumu* en Katangole se nuwe “ons” gemeenskap wat etniese groepe en nasionaliteite oorkom. Verder deel hulle ook 'n relasionele verstaan van die versoeningsteologie, naamlik horisontale versoening met mense en vertikale versoening met God. Laastens, besef hulle ook die essensiële aard van tyd in hierdie versoeningsproses. Dit ontvou geleidelik, gedeeltelik en onbeslis (Carney, 2010:556).

2.7. Samevatting

Hoofstuk 2 bied 'n teoretiese en metodologiese begroning van die betrokke studie. Die volgende kerninsigte het na vore gekom en is van belang vir die sentrale vraagstelling soos dit geformuleer is in hierdie hoofstuk:

1. Eerstens is hierdie studie ten diepste 'n kontekstuele studie en daarom was dit nodig om ernstig te besin oor die postkoloniale konteks en die invloed daarvan op versoening. Die uitdaging waarvoor ek te staan gekom het deur die loop van hierdie studie is om die eise wat aan die Prakties Teologiese navorser in Suid-Afrika gestel word binne die diverse konteks van postapartheid en die postkoloniale konteks te verstaan en toe te pas.

2. Tweedens vereis die diverse Suid-Afrikaanse konteks (kultureel, taal, ekonomies, polities, etnisiteit en godsdienstig) 'n epistemologiese paradigma wat die kontekstualiteit sal verwoord. In die opsig moes ek as navorser 'n sensitiviteit ontwikkel vir die baie spesifieke konteks waarbinne die navorsing plaasvind. Verder is my hermeneutiese vaardighede ontwikkel om die *teks(te)* te kan lees binne die *konteks(te)* waarin dit afspeel. Hierdie hermeneutiese vaardighede het my oopgemaak om verby die dominante verhale wat na vore kom, te kyk en te luister, en het my bewus gemaak van die ander, die gemarginaliseerdes om ook na daardie stories te kyk en daarna te luister. Ek het ook tot die besef gekom dat ek as navorser onlosmaaklik verbind is aan hierdie navorsing, en dat dit nie bloot net langer 'n teoretiese navorsinsprojek is nie, maar dit was 'n persoonlike, geestelike en teologiese reis.

3. Derdens het ek gekies om met die benadering van Osmer te werk, aangesien hy 'n metodologie bied vir die Praktiese Teologie waarin die rol en taak van die pastor en navorser tegelykertyd beklemtoon word. Aangesien ek beide take onderneem - in die eerste plek as leraar van 'n gemeente en tweedens die van prakties teologiese navorser. Osmer (2008:4) beskryf vier kerntake met behulp van die formulering van vier vrae, wat die navorsingproses rig, naamlik:

- Vraag 1: Wat gaan aan en wat is besig om te gebeur?

Hierdie beskrywend-empiriese taak het my 'n spiritualiteit van teenwoordig wees geleer waardeur ek waarlik kon hoor en sien en ervaar wat aangaan en wat besig is om te gebeur rakende liturgie en versoening in Suid-Afrika.

- Vraag 2: Waarom gebeur dit en waarom gaan dit aan?

Die interpretatiewe taak het dit vir my moontlik gemaak om deur middel van 'n interdissiplinêre metodologie oor grense heen te beweeg en sodoende die landskap van liturgie en versoening in Suid-Afrika te kon karteer.

- Vraag 3: Wat behoort te gebeur en wat behoort aan te gaan?

Ek het die normatiewe taak onderneem deur gebruik te maak van 'n teologiese interpretasie, 'n etiese interpretasie na aanleiding van die voortdurende keuses wat gemaak is rakende die skopus van die betrokke studie en laastens deur normatiewe refleksie.

- Vraag 4: Hoe kan 'n mens daarop reageer?

Die pragmatiese taak word moontlik gemaak deur dienende leierskap as rigtingwyser vir die pad vorentoe en om die ander te bemagtig.

4. Vierdens, gebruik ek 'n liturgies-rituele benadering om ondersoek in te stel na liturgie en versoening in Suid-Afrika. Hierdie benadering beklemtoon die wisselwerking tussen teologie en antropologie, aangesien dit die sentrale navorsingsvraag dien.

5. Vyfdens, is die sentrale konsepte van hierdie studie bespreek en dien ter inleiding tot die hoofstukke wat volg.

In die volgende hoofstuk verken ek die Suid-Afrikaanse en kerklike landskap, die verlede, hede en toekoms deur die lens van versoening en transformasie.

HOOFSTUK 3

SUID-AFRIKA: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

‘n Verkenning van die Suid-Afrikaanse landskap deur die lens van die South African Reconciliation Barometer, asook ‘n kerklike en teologiese lens om sodoende vas te stel hoe die landskap van versoening in Suid-Afrika in 25 jaar se tyd verander het en ook dieselfde gebly het.

3.1. Inleiding

Die navorsing ondersoek twee breë, gelyklopende prosesse wat in berekening gebring word vir die ondersoek met die bepaalde navorsingsvraag, naamlik:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Die eerste proses van belang vir hierdie studie is die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasie wat in 1994 begin het. Die tweede proses wat gelyklopend plaasvind, is die teologiese diskoers oor die identiteit en roeping van die NG Kerk in hierdie veranderde samelewing. Beide hierdie prosesse speel ‘n wesenlike rol in die keuses wat Suid-Afrikane en lidmate van die NG Kerk in die toekoms sal moet maak oor die toekomsverhaal (Cronje, 2017:27) vir hierdie land.

Die Suid-Afrika wat vorm aangeneem het na die verkiesing in 1994, sou nie weer dieselfde wees as die land wat vir vier en ‘n half dekades gefunksioneer het op grond van rassevoordeel nie (Brits, 2014:493). Met die eerste demokratiese verkiesing in April 1994, wen die *African National Congress* (ANC) met 62,9% van die stemme (SAHO, 2019). Daarmee kom die eras onder bewind van die Nasionale Party (1924-

1934 en 1948-1994) tot 'n einde. Die tweede hiervan is deur 'n beleid van Apartheid gekenmerk (Furlong, 2010:67).

Die nuwe regering het tegelyk gefokus om die vele vlakke van ongelykheid in die land aan te spreek en ook die strewe na nasionale eenheid te bevorder. In 'n poging om die Suid-Afrikaanse samelewing te bevry van rasseongelykheid en die nalatenskap van Apartheid, was die nuut verkose regering se vertrekpunt om 'n verenigde samelewing te skep. Ware demokrasie sou poog om versoening, gelykheid, geleenthede en vryheid vir alle Suid-Afrikaners te weeg te bring (Brits, 2014:522; sien Henrard, 2002:18).

Na 'n kwarteeu is dit nodig om na te dink oor die werklike transformasie wat die regerende party geskep het, asook die bydrae en rol van die NG Kerk. Vervolgens begin ek deur die fokus eerstens te plaas op die breër Suid-Afrikaanse samelewing deur middel van 'n oorsigtelike periodieke beskrywing van die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasieproses sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994 (sien Figuur 1 in Hoofstuk 1). Die rede waarom ek 'n keuse maak vir politieke periodisering is, eerstens as gevolg van die interdisciplinêre aard van die studie, soos reeds beskryf (sien Hoofstuk 2). Tweedens is 'n groot komponent van die studie wat ondersoek word, onder andere sosiale versoening en dit hou verband met politieke datums.

3.2 'n Beskrywing van die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasie in Suid-Afrika

Die ANC se verkiesingsbeloftes en politieke mandaat het van die regerende party vereis om onmiddellike en daadwerklike verskil te bring in voorheen benadeelde Suid-Afrikaners se lewens.

3.2.1. 'n Jong demokrasie (1994-2004)

Die staat het vir 'n groot groep Suid-Afrikaners toegang tot sosiale dienste moontlik gemaak. Meer as 1.4 miljoen gesubsidieerde huise is gebou of was in die proses om gebou te word. Verder het 8,4 miljoen arm Suid-Afrikaners toegang tot lopende water gekry en 3,8 miljoen het elektrisiteit gekry. Tog was dit juis dienslewering op plaaslike vlak wat onvoldoende was, wat die regering se swakpunt geword het. Dienslewering, was veronderstel om die ongelykhede van die verlede reg te stel (De Beer, 2017:2-3, sien Brits, 2014:522, Swart, 2013:2-3).

In terme van ekonomiese groei, finansiële en monetêre beleid was die regering in die eerste tien jaar indrukwekkend. Werkloosheid het egter 'n probleem gebly en 'n groot getal landelike swart burgers het steeds in armoede geleef. Verder het 'n gebrek aan vaardighede die prentjie verder negatief beïnvloed. Dit het duidelik geword dat die onderwysstelsel nie die nodige basis geskep het vir mense om verder opgelei te word in spesifieke rigtings nie (Brits, 2014:523). Die regering het ook 'n transformasiebeleid in plek gestel wat onbuigbaar was en gebruik is sonder enige diskresie. Vir buitestaanders het die manier waarop die beleid geïmplementeer is, bloot gelyk na 'n vervanging van blanke mense met swart mense. Hierdie beleid en wat daarop gevolg het, was die gevolg dat vele opgeleide wit Suid-Afrikaners die land verlaat het, omdat hulle geen toekoms vir hulleself in die land gesien het nie.

Algeheel het die ideaal van 'n verenigde nasie stadig, maar seker momentum verloor, veral nadat Nelson Mandela die politieke toneel verlaat het. Brits (2014:523) voer aan

“The ‘Mandela magic’ disappeared and his successor’s priorities were different.”

In 2004 het dit duidelik geword dat Suid-Afrika steeds 'n verdeelde samelewing is (Brits, 2014:523).

3.2.2. Tienerfase van die demokrasie (2004-2013)

In die periode van 2004 tot en met 2013 het Suid-Afrika met vele probleme op sosiale terrein te doen gekry. Natuurlik is daar ook vordering gemaak om sekere van die kwessies op te los, maar terselfdertyd het ander kwessies agterweë gebly. Die groot kwessies wat dringend aandag verdien het, is die bekamping van misdaad, xenofobie, versoening en eenheid (Joubert, 2014:544).

In terme van gesondheidsorg was daar nie 'n groter kwessie as die Menslike immuuniteitsgebrekswirus/Verwore immuuniteitsgebreksindroom (MIV/VIGS) epidemie nie. Aanvanklik het Thabo Mbeki en Manto Tshabalala-Msimang wêreldwyd opspraak gewek met die sienings¹⁷ wat hulle gedeel het oor die MIV/VIGS epidemie (Child & Mabuza, 2016; sien Le Roux, 2006). In 2007 het 'n ommeswaai gekom vir gesondheidsorg met Barbara Hogan en Aaron Motsoaledi aan die stuur. Tot op hede is daar steeds geen kuur teen MIV/VIGS nie, maar met die getroue gebruik van die antiretrovirale medikasie kan die dood met om en by veertig jaar uitgestel word (Joubert, 2014:544-545).

Die misdaadstatistiek¹⁸ het skrikwekkend hoog gebly, alhoewel die regering meer polisiebeamptes aangestel het om aan te toon dat die bekamping van misdaad onder beheer is. Die uitbreek van Xenofobie het skerp gestyg in Suid-Afrika, sedert 2008. Die oorsaak van hierdie Xenofobiese geweld is as gevolg van die feit dat Suid-Afrika nie 'n streng genoeg beleid het rakende sekuriteit en beheer by grensposte nie. Daarom stroom groot groepe mense van ander Afrikalande, Suid-Afrika binne, vir veiligheid en sekuriteit. Immigrante word aangestel in die werksplek en daarom voel

¹⁷ Mbeki het beweer dat daar geen onweerlegbare bewyse is dat HIV, VIGS veroorsaak nie. Hy het verder ook verklaar dat die sieninge rakende mense se sekslewe, MIV/VIGS en die feit dat die gevreesde siekte die Afrika-kontinent tot 'n groot mate raak, beteken gewoon dat daar neergekyk word op swartmense as primitiewe, seksgeoriënteerde diere (Joubert, 2014:544). Tshabalala-Msimang het gesê dat 'n dieet wat knoffel, beet, suurlemoene en afrika-aartappel insluit beter werk as die gebruik van antiretrovirale medikasie vir die behandeling van MIV/VIGS (Joubert, 2014:544).

¹⁸ Sien onder andere die volgende webwerwe vir misdaadstatistiek in hierdie periode:

<https://www.crimestatssa.com/national.php>,

http://www.statssa.gov.za/?page_id=737&id=5%3D5&paged=10,

<https://www.saps.gov.za/services/crimestats.php>

die plaaslike Suid-Afrikaners dat hulle deur immigrante van werksgeleenthede ontnem word (Mamabolo, 2015:144-145).

In die politieke arena was die onderlinge bakleiery die meeste opvallend en daarmee saam die groeiende sosiale verdeeldheid in die land. Dienslewingsproteste het hoogty gevier soos beskryf word deur Joubert (2014:525, sien Brits, 2014:522, De Beer, 2017:2-3, Swart, 2013:2-3).

“Unrest orchestrated by the poor who could see how the fruits of democracy were benefiting only a select few, gave rise to the term ‘service delivery protest’.”

Antjie Krog (2003:114) beskryf die deelname aan ‘n protesoptog as volg:

“We linked arms. We stood arm in arm. Suddenly it was as if the whole landscape stopped breathing. Then we started walking. It was a march in complete stillness. Your heart started to spin dully inside you like an overripe pear. But after a few steps, we felt the power flowing through us. We marched, therefore we were.”

3.2.3. Die mondigwording van die demokrasie (2014-2019)

Volgens Clarke & Bassett (2016:183) is die worstelstryd tot transformasie in Suid-Afrika ‘n realiteit, hierdie tyd word gekenmerk aan ongerealiseerde drome en die voortdurende hoop dat die toekoms anders sal wees. Die 2014 nasionale verkiesing, wat 20 jaar van demokrasie in Suid-Afrika gevier het, het die beperkte transformasie wat plaasgevind het bevestig. Die voorspelling is bewaarheid, dat die ANC genoegsaam die stof kon laat lê om ‘n vyfde oorwinning in die verkiesing te behaal, ten spyte van politieke skandale, onheilspellende korrupsies, traë ekonomiese groei en openbare betogings.

Die 2014 verkiesingsveldtog van die ANC is gedryf met die leuse “*keep moving South Africa forward*” gebaseer op grond van die positiewe verhaal van die ANC en die suksesverhale van twintig jaar aan bewind. Dit is waar dat dinge verander het volgens Clarke & Bassett (2016:184): politieke mag is in die hande van die meerderheid, menswaardigheid word beklemtoon in die Konstitusie en beleide, daar is vir meer mense geleentheid tot onderwys en gesondheidsorg en infrastruktuur is ontwikkel onder andere die voorsiening van lopende water aan meer huishoudings in Suid-Afrika. Die suksesverhaal word ook gesien in die gelykmaking en uitbreiding van maatskaplike dienslewering deur middel van maatskaplike toelaes (Clarke & Bassett, 2016:184).

Tog, het finansiële wanpraktyke en korrupsie tesame met die aanneming van ‘n neo-liberale ekonomiese hervormingproses die ekonomiese en sosiale regte van mense ondermyn. Armoede bly steeds ‘n enorme krisis, terwyl ekonomiese ongelykhede met rasse skrede verhoog en Suid-Afrika so, een van die mees ongelyke lande in die wêreld maak (Masipa, 2018:3-4). Die voortdurende hoë werkloosheidsyfers ontmoedig mense om enigsins te soek vir werk. Volgens Clarke & Bassett (2016:184) het werkplek worstelinge die politieke landskap in die laaste jare oorheers. Die volgende belangrike insidente word in herinnering geroep:

- In die middel van 2012 vind die tragiese gebeurtenis by Marikana plaas, toe die polisie 34 stakende mynwerkers doodskiet en 78 stakende mynwerkers wond.
- Die vyf maande lange mynstaking in die platinumbelt, die langste staking in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, word dadelik opgeroep.
- In 2015 wek studentebetogings, die grootste sedert die Soweto-opstande in 1976, oor die hele land, opslae met die hutsmerk op sosiale media #FeesMustFall

In die laaste jare het die Suid-Afrikaanse koerante oor menige verhale van korrupsie verslag gelewer. Hierdie korrupsie is geïnstusionaliseer en het gelei tot die fenomeen wat genoem word staatskaping (Martin & Solomon, 2016:21). Staatskaping volgens Martin & Solomon (2016:21) hou verband daarmee wanneer individue of groepe in die

publieke en privaat sektore die regeringsbeleide beïnvloed vir eie gewin. In hierdie geval word daar verwys na die noue verbintenis wat bestaan tussen oudpresident Jacob Zuma en die Gupta-familie, en die effek wat hierdie verhouding het op die land en haar mense. Aan die einde van 2015, het dit duidelik geword dat die huidige president Jacob Zuma, 'n las vir Suid-Afrika geword het (Martin & Solomon, 2016:23).

Die verkiesing van Mnr. Cyril Ramaphosa as die ANC se president op 18 Desember 2017 en later as die Suid-Afrikaanse president, het 'n euforiese reaksie, asook versigtige optimisme ontlok by die meerderheid Suid-Afrikaners, so skryf politieke ontleder Raymond Suttner (2018). Hierdie gevoel wat by Suid-Afrikaners heers, word beskryf met die woord *Ramaphoria* (Mzansi Taal, 2019).

Gegewe die land se geskiedenis van verdeeldheid, asook die huidige situasie in die land is eenheid en versoening steeds 'n prioriteit, en tog ook 'n uitdaging in Suid-Afrika.

3.3. 'n Oorsig van versoening in Suid-Afrika deur die lens van *The South African Reconciliation Barometer (SARB)*

Ek maak nou gebruik van die SARB as spesifieke lens om die landskap van versoening in Suid-Afrika te skets, aangesien hierdie opname die volgende ten doel het:

"... has provided a nationally-representative measure of citizen attitudes towards national reconciliation, social cohesion, transformation and democratic governance" (South African Reconciliation Barometer Blog).

Die diskoers aangaande versoening het al menige vorme aangeneem sedert die tyd van die onderhandelinge, die verkiesing in 1994, die inhuldiging van president Nelson

Mandela, die Waarheids- en versoeningskommissie (WVK) en die gesprekke rondom die droom van die vestiging van 'n "reënboognasie". Sommige mense het die idee van versoening verwerp en ander het dit omhels. Versoening het vir 'n geruime tyd in Suid-Afrika 'n prominente plek ingeneem, veral in die oorgangsjare in Suid-Afrika. Daarom het die behoefte ontstaan na amper 'n dekade van demokrasie in Suid-Afrika om 'n poging aan te wend om sodoende te probeer vasstel of versoening plaasgevind het soos almal gehoop en gedroom het (sien Wepener, 2011:189-208).

Die SARB-projek is 'n projek van die Instituut vir Geregtheid en Versoening (*Institute for Justice and Reconciliation {IJR}*) wat 'n longitudinale studie¹⁹ is wat die proses van versoening in Suid-Afrika monitor (Lombard, 2003:3). Die projek versamel publieke opinie gedrewe data wat betroubaar en ook akkuraat is deur middel van 'n nasionale verteenwoordigende publieke opname wat 'n poging aanwend om te peil hoe Suid-Afrikaners voel oor versoening in 'n postapartheidskonteks. Die SARB-opname word in samewerking met twee fokusgroepgesprekke benader, dus word daar van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologieë gebruik gemaak. Die SARB opname vind plaas deur middel van gesig-tot-gesig gestruktureerde onderhoude met Suid-Afrikaners wat agtien jaar of ouer is en woon in al nege provinsies van Suid-Afrika. Hierdie opname vind jaarliks plaas, om sodoende die longitudinale karakter van die studie te behou. Die SARB gebruik 'n multi-fase gestratifiseerde steekproefnemingsproses met die volgende veranderlikes, provinsie, ras, geslag, ouderdom, asook geografiese area (Potgieter, 2017:13-14).

¹⁹ Longitudinale studies behels navorsing wat verskeie opvolgstrategieë insluit met betrekking tot individue of groepe wat deur 'n ewekansige steekproefneming geïdentifiseer word, oor 'n periode van tyd. Die doel van longitudinale studies is om kantitatiewe of kwalitatiewe, of beide, data in te samel en ook te analiseer om sodoende groei, verandering of ontwikkeling te monitor (Kalaian & Kasim, 2008:439).

3.3.1. 2003 - 'n Verkennende opname

In 2003 word 'n verkennende opname geloods met die volgende doelwitte (Lombard, 2003:2-3):

- *Wat is versoening?* Om ondersoek in te stel na gewone Suid-Afrikaners se opinie rakende die betekenis en assosiasie van die konsep versoening.
- *Wie se verantwoordelikheid?* Om ondersoek in te stel na die waar (plek) en die hoe (aard) aspek van die versoeningsproses.
- *Hoe vaar ons?* 'n Evaluasie van die land se nasionale leierskap, asook die vordering wat die land in geheel gemaak het in terme van die versoeningsproses.
- *Gereed om aan te beweeg?* Om ondersoek in te stel na die opinie van Suid-Afrikaners met betrekking tot die onafgehandelde verlede en hoe om daarmee te handel.

Die bevindinge van hierdie verkennende opname is:

Wat is versoening?

Versoening word meestal met die volgende idees verbind, vergifnis, eenheid, vrede en rasse integrasie. Volgens die verslag word dit duidelik dat swart Suid-Afrikaners vergifnis bo die idee van rasse integrasie plaas, terwyl die idee van rasse integrasie weer die belangrikste aspek van versoening is vir blanke Suid-Afrikaners. Sosio-ekonomiese geregtigheid is glad nie 'n prominente gedagte met betrekking tot die betekenis van versoening nie. 'n Groot persentasie deelnemers kon nie of wou nie 'n definisie van versoening deel nie (Lombard, 2003:2).

Wie se verantwoordelikheid?

Die meerderheid deelnemers het aangetoon dat gedeelde verantwoordelikheid tussen verskeie rolspelers nodig is om die versoeningsproses te dryf. 'n Klein persentasie deelnemers het dit nodig geag om persoonlik deel te vorm van die nasionale

versoeningsproses. 20% tot 25% van Swart, Bruin en Indiers dui aan dat hulle persoonlik betrokke by die versoeningsproses is, teenoor Blanke mense wat minder as 10% aandui. 'n Relatiewe klein persentasie deelnemers het aangetoon dat dit hulle belewenis is dat hulle 'n sterk bydrae tot die versoeningsproses kan lewer (Lombard, 2003:2).

Hoe vaar ons?

Die grootste persentasie deelnemers voel dat die leierskap van die land die versoeningsproses redelik goed bestuur en dat die proses in die land redelik goed verloop (Lombard, 2003:2).

Gereed om aan te beweeg?

Die idee word algemeen bevestig dat die land gereed is om die verlede te konfronteer, terwyl amper 80% van die deelnemers dit nodig ag dat die wat verantwoordelik was vir apartheid vergewe word. Die meerderheid deelnemers voer aan dat die verlede vergeet word en dat die land moet aanbeweeg, selfs wanneer herstel nie noodwendig plaasvind nie. Ten spyte van blanke Suid-Afrikaners wat onwillig is om verantwoordelikheid te neem vir die verlede, glo die meeste deelnemers dat dit tyd is vir voortuigang en 'n nuwe begin (Lombard, 2003:2).

3.3.2. 2003 - Eerste opname

Met die eerste opname was dit nodig om 'n kort teoretiese oorsig van die betekenis van die konsep versoening te gee. Lombard verduidelik as volg

“Reconciliation as a concept has no neat explication, no clearly defined definition and no undisputed meanings” (Lombard, 2003:10).

Paradigmas van versoening

Die konsep versoening is 'n komplekse saak, waaroor daar nie in almal se gemoed duidelikheid is nie. Literatuur en akademiese debatte oor versoening in die Suid-Afrikaanse konteks bied meervoudige definisies of paradigmas vir versoening aan. Hierdie definisies en paradigmas is nie eksklusief of uitsluitend nie, maar oorvleuel dikwels op bepaalde areas. Hier volg 'n konseptuele raamwerk wat spesifiek van toepassing is op die Suid-Afrikaanse konteks:

Volgens Lombard (2003:10) is die twee mees prominente ideologieë wat versoening in Suid-Afrika bevorder die nie-ras en multikulturele benadering. Die **multikulturele benadering** word dikwels, die smeltpot-van-kulture benadering, genoem wat verwys na die veronderstelling dat Suid-Afrika 'n samelewing is, wat gekenmerk word aan 'n diversiteit van kulture en geskiedenis (Volf, 1996:20). Daarom poog die versoeningsproses om die verlede te oorbrug, maar ook die verskillende kulture en grense van gemeenskappe te oorbrug. Die doel van die versoeningsproses is om 'n samelewing te skep waar almal in vrede en op 'n verdraagsame manier saamleef, waar diversiteit gerespekteer word en selfs gevier word.

Die **nierassige benadering** definieer versoening as die proses waardeur identiteite wat gebou is deur die beleid van die verlede ontbind word deur gebruik te maak van byvoorbeeld die WVK en enige ander soortgelyke gebeure om mense te bekeer, deur belydenis en erkenning, waardeur nuwe identiteite geskep word, wat nie-ras gebonde is nie (Lombard, 2003:11). Die volgende benadering is die **Menseregte benadering**. Versoening word deur Jakes Gerwel as volg beskryf

“the institutionalisation of consensus seeking. If we are a divided society with different sectors, with diversity, then institutionalisation of consensus is a very important thing” (Lombard, 2003:11; sien Gerwel, 2000:122).

Hierdie benadering voer aan dat sosiale interaksie deur die wet gereguleer behoort te word, sodat die gruweldade van die verlede nie herhaal sal word nie. Die trajek van

die menseregte benadering ten opsigte van die versoeningsproses beweeg van die makro- na die mikrovlak (Gibson, 2004:5). Die **religieuse benadering** tot versoening wat deur verskeie kerkgroepe gesteun word, werk met konsentriese sirkels van versoening beginnende by die individu, daarna die gemeenskapsvlak en daarna die makrovlak. Sentrale temas tot versoening binne hierdie benadering is onthou, waarheid en vergifnis (Meiring, 2002:334). Belangrike rolspelers word beklemtoon, asook betekenisvolle betrokkenheid op alle vlakke en verder speel die volgende elemente van versoening ook 'n belangrike rol; opregte skuldbelydenis, herstel en refleksie (Lombard, 2003:11). Piet Meiring (2002:332) voeg die volgende liturgiese middele tot versoening by, naamlik sing van liedere, interdenominasionele- en ook interreligieuse gebede, voorlesings in verskillende tale, aansteek van kerse en die swaai van olyftakke.

'n Mate van oorvleueling word gevind tussen die religieuse model en die **ubuntu-benadering**. Hierdie benadering word gebaseer op die Afrika-filosofie van *ubuntu* wat beteken dat alle mense van 'n gemeenskap menswees deel. Krog (2008:208) se idee van *interverbondenheid-tot-heelheid* dui op

“both a mental and physical awareness that one can only ‘become’ who one is, or could be, through the fullness/wholeness of that which is around one – both physical and metaphysical.”

Die onderlinge verbondenheid van individue word beklemtoon en die heropname van oortreders in die gemeenskap word gesien as die daad waardeur die hele gemeenskap se vrede herstel word (Lombard, 2003:11-12).

Die **gemeenskapsbou-paradigma** van versoening argumenteer dat mikro-vlak-verhoudings in gemeenskappe eers herstel moet word, voordat versoening op die makro-vlak gefasiliteer kan word. Die fokus van hierdie model berus op die herstel van verhoudings, deur historiese bewusmaking, die genesing van pynlike herinneringe, vieringsgeleentheid, dialoog en refleksie (Lombard, 2003:12). Wielenga (2013:1)

verduidelik dat mense van nature storievertellers is, en deur middel van die vertel van verhale word daar 'n samehangende beeld geskets om sin te maak van die geslaagdheid van gebeure soos dit plaasvind in die lewe van mense.

Die **ontwikkelings-paradigma** van versoening pleit vir die regstelling van ongelykhede as gevolg van die gebeure van die verlede. Terselfertyd word 'n poging aangewend tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die land en haar mense. Versoening is nie moontlik sonder restitusie, volgens hierdie paradigma nie. Hierdie model erken die ongeregtigheid van die verlede en pleit vir die regstelling van grootskaalse ongeregtigheid wat steeds 'n groot persentasie Suid-Afrikans beïnvloed (Lombard, 2003:12, sien Lederach, 1997:31).

Die **transformasie-model** is waarskynlik die mees ambisieuse van al die genoemde modelle. Voorstanders van hierdie model verklaar dat strukturele en sistemiese aanpassings gemaak behoort te word, wat insluit 'n nuwe postapartheids-waardesisteen, struktuur en politieke kultuur. Versoening is nie moontlik in Suid-Afrika indien die materiele, strukturele en waardesisteme waaronder hierdie verhoudings tot stand gekom het, nog funksioneer nie (Henrard, 2003:37-40, sien Lombard, 2003:13).

Hierdie konseptuele raamwerk is nie 'n eksklusiewe raamwerk nie, daarmee word bedoel dat die versoeningsproses vloeibaar in wese is, en sodoende open dit die moontlikheid vir nuwe nuanses om na vore te tree.

Individuele of Politieke versoening

'n Volgende roetemerker binne die konseptuele raamwerk van versoening is die onderskeid wat gemaak word tussen die verskillende vlakke van versoening. Volgens Lombard (2003:13) word daar onderskeid gemaak tussen interpersoonlike versoening en nasionale, politieke of sosiale versoening.

Charles Villa-Vicencio (2003:3, sien Lombard, 2003:14) maak die volgende kritiese onderskeid tussen politieke of sosiale versoening en individuele versoening

“political reconciliation can forego the psychological and moral challenges that many aggrieved individuals face, but often choose never to deal with in a thoroughgoing manner.”

In hierdie aanhaling word dit dus duidelik dat politieke versoening nie vergifnis nodig het om plaas te vind, soos dit die geval is by interpersoonlike versoening nie. Inteendeel, politieke versoening voorsien 'n proses waardeur dit wat aanhou om die vrede te versteur gekonfronteer en aangespreek kan word. Die aanvang van hierdie proses van politieke versoening begin met 'n tipe sosiale kontrak waarbinne ruimte geskep word vir die medebestaan en waardeur die heersende konflik vanuit 'n totaal ander perspektief aangespreek word (Lombard, 2003:14). Dialoog is uiters noodsaaklik vir die skep van 'n ruimte van naas mekaar bestaan. Hierdie proses word gedryf deur die erkenning van lyding in die verlede, en 'n afname in wraakgedagtes en -voornemens, asook die verstandhouding dat alle partye permanente deelnemers in mekaar se toekoms is. Politieke versoening het 'n definitiewe sosiale- en ekonomiese regverdige en gelyke samelewing in gedagte, wat gedryf word deur menseregte, respek vir die heersende beleid en vertroue in politieke instellings teenoor individuele of interpersoonlike versoening wat veel meer fokus op die herstel van verbroke verhoudings (Lombard, 2003:15). Die SARB fokus hoofsaaklik op politieke of sosiale versoening in Suid-Afrika. Aangesien hierdie studie ook fokus op sosiale versoening, is dit van kardinale belang om te hoor wat die SARB aangaande sosiale versoening te sê het.

Die bevindinge van die eerste opname wat van belang is, is Suid-Afrikaners wat relatief verbind is aan nasionale eenheid wat rasse verdeeldheid oorbrug, alhoewel dit vir hulle moeilik is om hulleself aan 'n politieke party te verbind wat nie hoofsaaklik uit hulle ras bestaan nie. Suid-Afrikaners het 'n merkwaardige welwillendheid om die

verlede te konfronteer en 'n nuwe toekoms in te slaan. Daar heers wel steeds 'n soeke na vergelding vir die wat verantwoordelik was vir Apartheid, en aan die anderkant is Blankes nie bereid om sosio-ekonomiese opofferings te maak nie. Vordering kan waargeneem word wat inter-rassige kontak aanbetref, maar dit blyk steeds dat interaksie in 'n gemaklike, ontspanne, sosiale omgewing tussen rasse steeds beperk is. 'n Kritiese deel van die samelewing vind integrasie van skole en gemeenskappe steeds problematies. Fisieke en ekonomiese sekuriteit is van groot belang vir die proses van versoening. Hierdie aspekte benodig primêre aandag van die leierskap.

3.3.3. 2003 - Tweede opname

Tydens die tweede opname van die SARB word daar gefokus op die geleenthede en struikelblokke van die versoeningsproses, soos dit in die titel van die verslag beklemtoon word (Lombard, 2004). Hier volg die bevindinge van die tweede opname, naamlik:

'n Beduidende toename is sigbaar in die alreeds hoë vlakke van abstrakte toewyding aan nasiebou. 'n Openheid vir dialoog het teoreties dieselfde gebly of dit waarlik plaasvind, is 'n ander vraag. 'n Beduidende toename is sigbaar in mense wat aandui dat hulle nog nooit sosiale interaksie met verskillende rassegroepe beleef het nie. 30% van deelnemers aan die studie het aangedui dat hulle meer gereelde kontak tussen rassegroepe verlang, terwyl 60% van Suid-Afrikaners sukkel om mense te verstaan wat aan 'n ander rasgroep behoort. 40% van deelnemers aan die studie dui aan dat mense wat aan 'n ander rasgroep behoort onbetroubaar is. Tyd is nodig om grense oor te steek. Integrasie in skole word gesien as 'n goeie beginpunt.

Die helfte van die swart Suid-Afrikaners wat deelgeneem het aan die studie is optimisties oor die verbetering van hulle fisiese, ekonomiese en kulturele sekuriteit, teenoor blanke en Indiër Suid-Afrikaners wat minder opgewonde is oor hulle fisiese,

ekonomiese en kulturele sekuriteit. Die grootste verdeeldheid is steeds gefokus op die verskillende ekonomiese klasse tussen mense van Suid-Afrika.

President Thabo Mbeki het in 2003 die volgende oor versoening in Suid-Afrika gesê:

“As we enter the last year of the First Decade of Freedom, we will heed the lessons of these first ten years and build on what has been achieved ... we must together approach the Second Decade of Freedom (2004-2014), as one in which the tide of progress will sweep away the accumulated legacy of poverty and underdevelopment”
[State of the Nation Address, 2003] (Lombard, 2004:53).

Suid-Afrika het in die laaste tien jaar vordering getoon wat versoening aanbetref, die rol van positiewe leierskap is beklemtoon in hierdie eerste opnames ten opsigte van versoening in Suid-Afrika. Daar is ook 'n merkwaardige bereidwilligheid onder Suid-Afrikaners om die verlede te konfronteer, daarvan te vergeet, en aan te beweeg na 'n nuwe toekoms. Tog, bly die pogings om gewone Suid-Afrikaners se lewensomstandighede te verander voortduur, aangesien die ekonomiese stand steeds die meeste verdeeldheid in Suid-Afrika veroorsaak. Sosiale interaksie tussen verskillende mense van Suid-Afrika bly 'n aktuele probleem, en het 'n negatiewe impak op versoening, asook die onbetrokkenheid van pertinent blanke Suid-Afrikaners aan die versoeningsproses (Cilliers & Nell, 2011:1).

3.3.4. 2004 - Derde opname

In 2004 vier die nasie die eerste dekade van demokrasie, daar is heelwat om te vier, maar die pad na versoening is steeds lank (Du Toit, 2005:140). Lombard (2004:54) voer aan dat daar tussen 2003 en 2004 'n effense opwaartse neiging sigbaar is in die optimistiese houding waarmee Suid-Afrikaners hulle ekonomiese, fisiese en kulturele sekuriteit beleef. Indien hierdie belewenis in stand gehou kan word, sal daar 'n groter mate van sosiale vertrouwe wees. Die statistiek maak ook bekend dat Suid-Afrikaners

meer vertrouwe in leierskap het, veral in terme van die leiers se betroubaarheid en die leiers se bekommernis oor die welstand van gewone mense. 'n Effense toename kan gesien word in 'n persentasie van die deelnemers aan die studie wat aandui dat die Parlement alle Suid-Afrikaners regverdig behandel en dat die Parlement vertrou kan word om die regte ding vir die land te doen (Lombard, 2004:54).

Geen merkbare verandering is te bespeur in terme van die hantering van die komplekse en pynlike verlede nie, asook die dryf om die verlede te vergeet en aan te beweeg nie. 'n Effense afname in vergelding word waargeneem, wat 'n positiewe bydrae kan lewer tot die versoeningsproses.

Teoretiese en abstrakte ondersteuning van die nasieboudroom het dieselfde gebly, maar die oomblik wanneer dit implementering vra, verdwyn die ondersteuning en toewyding. Daar is hoegenaamd geen toename in mense se behoeftes om te sosialiseer met verskillende rassegroepe nie, dis kommerwekkend vir die versoeningsproses. Mense van verskillende rasse dui steeds aan dat ander rassegroepe onverstaanbaar en onbetroubaar is (Lombard, 2004:55).

Volgens Lombard (2004:55) bly integrasie in skole steeds die beste platform waardeur stereotipes gebaseer op grond van ras afgebreek kan word. Du Toit (2005:143) verklaar dat die opvoedingsinstansies nie die soort uitkomsteweg bring wat werkskepping vir almal waarborg nie en dit veroorsaak groot bekommernis. Ongelykheidsvlakke op alle terreine bly steeds sigbaar, en geweld teen vroue is skrikwekkend hoog, alles faktore wat die versoeningsproses kelder.

3.3.5. 2005 - Vierde opname

Hofmeyr (2005:50) dui aan dat die vierde opname van die SARB weereens betekenisvolle data na vore laat kom het, maar dit is duidelik dat dieperliggende vrae ook na vore gekom het in hierdie opname rakende veranderlikes wat 'n bydrae kan lewer tot die versoeningsproses.

Sedert 2003 is daar 'n effense afname in die belewenis van algemene en persoonlike sekuriteit, alhoewel 'n afname sigbaar is, is die afname nie beduidend nie. Hierdie afname stem ooreen met 'n effense afname in die belewenis dat die regering nie effektief misdaad bekamp nie. Ten spyte van die hoë vlakke van onrustigheid in gemeenskappe oor die kwaliteit van dienslewering, dui deelnemers aan dat die regering positiewe voorsiening maak in kernbelangrike sosiale dienste, soos behuising, gesondheidsorg en basiese dienste (Hofmeyr, 2005:50).

In terme van die politieke kultuur, het minder mense aangedui dat hulle vertrou het in die leiers om te doen wat reg is. In hierdie vierde opname is daar 'n effense toename van deelnemers wat aandui dat hulle sal deelneem aan wetlike optogte, soos byvoorbeeld betogings. Daar is wel ook 'n effense toename in die deelnemers wat aangedui het dat hulle geweld sal gebruik om hulle ontevredenheid oor 'n bepaalde saak te wys (Hofmeyr, 2005:51).

Min verandering in statistiese gegewens is sigbaar rakende die manier waarop Suid-Afrikaners die komplekse verlede beskou. Hofmeyr (2005:51) maak dit duidelik dat daar 'n drastiese afname sigbaar is in blanke deelnemers wat aandui dat apartheid 'n misdaad teen die mensdom was. Dit is kommerwekkend vir die proses van versoening in Suid-Afrika.

Daar is steeds 'n hoë vlak van toewyding aan nasiebou en werkbare politieke verhoudings. Werkbare politieke verhoudings bly 'n uitdaging, aangesien min dialoog bestaan tussen verskillende groepe. In hierdie opname word die kerk en openbare media aangedui as twee hoofrolspelers wat dialoog kan fasiliteer tussen verskillende groepe om 'n positiewe bydrae tot die versoeningsproses te lewer (Hofmeyr, 2005:51).

In terme van sosiale kontak met verskillende rassegroepe, is daar 'n duidelike verskil sigbaar tussen die verskillende rassegroepe se oortuigings. Swart Suid-Afrikaners het 'n lae persentasie kontak met ander rassegroepe, teenoor deelnemers van minderheidsgroepe, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan min toegang tot vervoer en daarom 'n lae persentasie kontak met ander rassegroepe. Die statistiese gegewens wys duidelik dat daar nie regtig 'n behoefte by deelnemers is om kontak met verskillende rassegroepe te maak nie (Hofmeyr, 2005:51). 'n Moontlike verklaring hiervoor mag lê in die aanduiding dat 60% deelnemers dit moeilik vind om ander rassegroepe se gebruike te verstaan, terwyl 'n verdere 40% van die deelnemers aangedui het dat ander rassegroepe onbetroubaar is.

In terme van integrasies van woonbuurte en skole was daar 'n effense toename in deelnemers wat aandui dat integrasie van woonbuurte en skole van groot belang is. Ten spyte van die toename van deelnemers wat integrasie ondersteun, is daar weereens 'n afname in blanke Suid-Afrikaners ten opsigte van integrasie van woonbuurte en skole (Hofmeyr, 2005:52).

3.3.6. 2005 - Vyfde opname

Dit is die derde bestaansjaar van die SARB, alhoewel die opname al vyf keer gedoen is, is die data geldend vir twee jaar se publieke opinie van versoening in Suid-Afrika. Dit is 'n kort periode van tyd, maar daar is reeds rigtingwysers wat aandui dat daar definitief 'n algemene responspatroon is (Hofmeyr, 2005:39).

‘n Faktor wat in berekening gebring word, veral met sosiale opnames in Suid-Afrika, is responspatrone wat op ras gebaseer is. Die geskiedenis van verdeeldheid op grond van ras en elke ander aspek van die lewe het tot gevolg dat die algemene Suid-Afrikaanse waardes eerder die uitsondering as die norm is. Die statistiese gegewens van die vyfde opname van die SARB is geensins anders nie. Hofmeyr (2005:39) dui aan dat ‘n algemene optimisme onder swart Suid-Afrikaners prominent is, teenoor die ander populasiegroepe. Sentimente van waaksaamheid en pessimisme is meer algemeen in die ander populasiegroepe. Blanke Suid-Afrikaners bly die populasiegroep wat die mees skepties is oor hulle plek in die samelewing, verhoudinge met ander, en fisiese en materiële sekuriteit.

Met hierdie vyfde opname is daar wel rigtingwysers wat aandui dat die respons-gaping tussen die verskeie populasiegroepe besig is om te krimp. Indien dit die geval is, kan dit ‘n teken wees van die verbreding van die gemeenskaplike gronde tussen die verskillende mense van Suid-Afrika - ‘n uiters positiewe ontwikkeling volgens Hofmeyr (2005:39).

In hierdie opname kom dit duidelik na vore dat die meerderheid Suid-Afrikaners glad nie vertrou het dat hulle persoonlike sekuriteit enigsins sal verbeter nie (Hofmeyr, 2005:39). ‘n Algemene afname is sigbaar ten opsigte van mense se vertrou dat hulle ekonomiese omstandighede sal verbeter (Hofmeyr, 2005:39-40). Die kwaliteit van dienslewering speel ‘n kritieke rol in die versekering van miljoene Suid-Afrikaners se ekonomiese stabiliteit. In die laaste jaar het betogings teen swak dienslewering landswyd toegeneem. Hierdie ontevredenheid is ook duidelik sigbaar in die statistiese data.

‘n Marginale afname is sigbaar in Suid-Afrikaners wat optimisties is oor mense wat hulle kultuur en godsdiens respekteer. ‘n Beduidende positiewe rigtingwyser wat sigbaar is in die data, is blanke Suid-Afrikaners se vlak van optimisme wat verdubbel het oor die laaste twee jaar (Hofmeyr, 2005:40).

'n Merkwaardige rigtingwyser het sigbaar geword met hierdie opname, rakende die evaluasie van leierskap. 'n Dramatiese toename van mense wat onder uiters swak omstandighede leef, het aangedui dat politici nie omgee vir mense soos hulle nie (Hofmeyr, 2005:40).

Meer as die helfte van die deelnemers aan die studie het vertroue in die parlement, om regverdig teenoor alle Suid-Afrikaners op te tree, ten spyte van ras (Hofmeyr, 2005:40).

Nasionale eenheid word die sterkste ondersteun deur swart, bruin en Indiërs in Suid-Afrika, terwyl blanke ondersteuning in die jaar met 10% toegeneem het. Sterk steun bly sigbaar in die opname vir die betrokkenheid van kerke en die media om dialoog tussen mense te bevorder (Hofmeyr, 2005:41).

Hoë vlakke van ooreenstemming bestaan tussen vorige benadeelde groepe dat Apartheid 'n misdaad teen die mensdom was, en dat die staat verantwoordelik was vir gewelddadige gruweldade. Hierdie groepe dui ook aan dat hulle poog om die verlede en die oortreders te vergewe, maar 36% het aangedui dat oortreders gestraf behoort te word, selfs al beteken dit dat wette oortree word (Hofmeyr, 2005:41).

Met hierdie opname dui 'n derde van Suid-Afrikaners aan dat hulle op 'n normale dag geen basiese kontak met verskillende rassegroepe het nie. Hierdie is 'n marginale afname in vergelyking met die vorige jaar. Verder dui die opname aan dat 54% van deelnemers geen sosiale kontak met verskillende rassegroepe in Suid-Afrika het nie (Hofmeyr, 2005:41). Wepener (2008:6) beklemtoon drie jaar later in sy artikel getiteld *Snert: Ritual liturgical measurements and recipes for social capital* dat daar 'n groep Swart Suid-Afrikaners in Phepheni is wat nog nooit saam met Blanke Suid-Afrikaners 'n maaltyd gedeel het nie. Die ondersteuning van integrasie in skole en woonbuurte bly hoog (Hofmeyr, 2005:41).

Die resultate van hierdie opname is veral bemoedigend, want dit begin 'n gemeenskaplike houding aandui met betrekking tot die aanvaarding van sosiale integrasie (Hormeyr, 2005:41). Nasiebou word in teorie ondersteun, maar die oomblik wat implimentering ter sprake kom, is die entoesiasme daarvoor drasties minder. Tog is daar steeds kommerwekkende patrone sigbaar, waarvan die volgende die sterkste na vore kom: ontbrekende leierskap, gewelddadige protesaksie as gevolg van swak dienslewering en blanke Suid-Afrikaners wat Apartheid nie as problematies beskou nie.

3.3.7. 2006 - Sesde opname

In 2006 word daar teruggekyk oor 10 jaar nadat die WVK vir die eerste keer in sitting was. Alhoewel daar vele tekortkominge was in terme van die werksaamhede van die WVK, het hierdie kommissie dit tog reggekry om die ware aard van die onderdrukking onder die Apartheidsregering bekend te maak. Hofmeyr (2006:56) voer aan dat geen enkele Suid-Afrikaner nou kan sê "hulle het nie geweet nie". Die vraag op almal se lippe is: Wat was die impak van die WVK op die Suid-Afrikaanse samelewing?

Vir die laaste drie jaar het die SARB die vordering deur die opnames rakende versoening in Suid-Afrika dopgehou. Met die vorige rondte het die opname duidelik gewys dat daar 'n groeiende beweging was na 'n algemene publieke opinie en sentiment rondom versoening en die verskillende veranderlikes. Hierdie fenomeen is ook sigbaar in die sesde opname (Hofmeyr, 2006:58). Alle groepe wat deelgeneem het aan die studie, dui 'n verhoogde optimisme aan met betrekking tot een van die volgende aspekte: fisiese sekuriteit, ekonomiese sekuriteit, en/of kulturele sekuriteit (Hofmeyr, 2006:58). Een uitsondering word waargeneem, wanneer evaluasie van dienslewering aan die orde kom, is daar 'n merkwaardige afname te bespeur deur deelnemers.

Hofmeyr (2006:59) dui aan dat alle groepe aandui dat hulle óf reeds 'n veiliger omgewing beleef óf hoop het dat hulle omgewing beveilig sal word. Hierdie data het hoofsaaklik te doen met persoonlike sekuriteit, ekonomiese sekuriteit en kulturele sekuriteit. Hierdie optimisme word hoofsaaklik beleef deur mense wat deel vorm van die middelklas en die laer-middelklas.

Samelewings in oorgangsfases het legitieme politieke leierskap nodig wat nuwe waardes en norme daar stel, waarna die samelewing streef. In 2006 het die politieke leierskapsdebatte oor leierskapopvolging binne die ANC gehandel. In hierdie stryd gewikkel is president Thabo Mbeki en sy voormalige adjunkpresident Jacob Zuma. Hierdie magstryd tussen Mbeki en Zuma, het alles te make met leierskapstyl sedert Mbeki tot president verkies is. Met hierdie as agtergrond is dit dus te verstane dat 51% van Suid-Afrikaners die belewenis het dat die leiers nie omgee vir mense soos hulle nie (Hofmeyr, 2006:60). In die laaste jaar het verskeie insidente negatiewe refleksie op die regering se sogenaamde deernis met mense gewerp.

Hofmeyr (2006:60) dui aan dat elf nuwe instansies deel uitmaak van die opname, dit is nie net meer die parlement wat geëvalueer word nie. Hierdie instansies²⁰ is ingesluit in die opname deur die rol wat hulle speel met betrekking tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika. Die twee instansies wat die minste vertroue by Suid-Afrikaners inboesem, is politieke partye en die plaaslike regering. Dit is verbasend positief, aangesien dit 'n aanduiding is van 'n gesonde demokrasie met die dat die meerderheid Suid-Afrikaners die vertroue het dat hierdie instansies in hulle beste belang sal optree (Hofmeyr, 2006:60).

Dit is interessant om te sien dat twee nie-politiese instansies deel uitmaak van die top drie instansies wat die meeste vertroue by Suid-Afrikaners inboesem. In die eerste

²⁰ Die instansies wat ingesluit word is, die Presidensie, nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, die Parlement, groot maatskappye, politieke partye, gedrukte media, uitsaaimedia, die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, godsdienstige instansies, die Konstitusionele hof, die regsstelsel in die algemeen.

plek was dit die uitsaaimedia en derdens was godsdienstige instansies. Hierdie data bevestig dat demokratiese stabiliteit nie net gebeur deur regerings en burokratiese prosesse nie, maar ook deur vrye media en sosiale groepe wat die potensiaal het om as teenwigte teen staatsmag op te tree (Hofmeyr, 2006:61).

Met die sesde opname is daar 'n verskuiwing wat plaasgevind het in die manier waarop Suid-Afrikaners voel oor die waarde van die konstitusie en die wette en beleide wat daarmee saamgaan. Die verskuiwing het in Suid-Afrikaners se verstaan van 'n instrumentele verstaan van die waarde van die konstitusie en beleide plaasgevind, na 'n intrinsieke verstaan van die waarde van die konstitusie en beleide (Hofmeyr, 2006:61).

Nasionale eenheid bly steeds 'n hoë prioriteit vir die deelnemers van die opname, alhoewel die presiese inhoud en karakter van hierdie eenheid steeds onseker blyk te wees. Sosiale dialoog op alle vlakke is noodsaaklik om sodoende seerkry te kommunikeer, dit veroorsaak 'n gedeelde verstandhouding van wat gedoen behoort te word om te kompenseer vir die seerkry. Hierdie opname dui aan dat die uitsaaimedia en godsdienstinstellings 'n positiewe bydrae kan lewer deur die skep van veilige ruimtes waar dialoog tussen verskillende mense van Suid-Afrika kan plaasvind (Hofmeyr, 2006:63). Müller (2006:643) beklemtoon dat hierdie diskoerse op 'n dikwels vergete vlak gevoer behoort te word, naamlik deur rituele wat 'n bydrae lewer tot versoening en transformasie. Müller (2006:649-657) noem die volgende rituele:

- Prediking van die Woord van God.
- Die doop as 'n rite van inisiasie, deelname en versoening.
- Die nagmaal.
- Rituele van skuldbelydenis en vergifnis.
- Rituele van gebed, lofprysing en weeklaag.

Die kerk opsigself is die sakramentele beliggaming van eenheid, versoening en geregtigheid, en hierdie sakramentele identiteit behoort te manifesteer in elke konteks, naamlik die historiese, kulturele en sosiale.

Die WVK het gevind dat Suid-Afrika se verlede onlosmaaklik deel van die toekoms is. In hierdie opname het die deelnemers aangedui dat hulle verkies om die verlede agter te laat en aan te beweeg met hulle lewens (Hofmeyr, 2006:63). Wanneer daar oor vergifnis en versoening in postapartheid gepraat word, is dit nodig om in gedagte te hou dat vergifnis eers kan plaasvind wanneer die oortreders die ongeregtheid erken teenoor die slagoffers. 68% van die slagoffers van Apartheid het aangedui dat hulle poog om die oortreders te vergewe. 'n Kommerwekkende rigtingwyser dui aan dat 'n groot groep Suid-Afrikaners steeds wraakgedagtes koester teenoor apartheidsoortreders, en voer aan dat hulle tot onwettige aksie sal oorgaan (Hofmeyr, 2006:65).

Die bevindinge van hierdie sesde opname dui steeds aan dat daar nog hard gewerk moet word aan die dinge wat struikelblokke blyk te wees in die pad na versoening in Suid-Afrika. Die grootste struikelblok is steeds die feit dat verskillende mense van verskillende agtergronde nie gereelde sosiale kontak met mekaar het nie en ook nie die behoefte het om sosiaal met ander rassegroepe te verkeer nie. In die lig van hierdie bevinding is dit uiters moeilik om sosiale kohesie te bewerk (Hofmeyr, 2006:65-66).

Dit is in die veilige ruimtes van huise en woonplekke waar verhoudings gebou word en vertroue gekweek word. Die opname dui aan dat daar nie genoegsame interaksie plaasvind om verhoudings te bou en vertroue te kweek nie. Die vraag is watter struikelblokke staan in die pad van meer gereelde sosiale interaksie met verskillende rassegroepe? Die opname dui aan dat 'n groot persentasie deelnemers steeds aandui dat mense van ander rasse onbetroubaar is. Verder het medenavorsers ook aangedui dat die hoogste verdelende faktor verskilte in inkomste is (Hofmeyr, 2006:66). Die volgende struikelblok op die pad na versoening blyk te wees, die traak-my-nie-agtige houding van leierskap, wat met hierdie houding 'n gevoel skep van geen deernis met mense wat leef en werk en woon in haggelike omstandighede nie.

3.3.8. 2007 - Sewende opname

Suid-Afrikaners se belewenis van hulle persoonlike fisiese sekuriteit vir die volgende twee jaar het dramaties afgeneem, in vergelyking met die vorige jare. Hierdie afname is sigbaar in al die populasiegroepe van Suid-Afrika. 'n Matige afname is sigbaar in terme van medenavorsers se belewenis van ekonomiese sekuriteit en werkseleenthede in vergelyking met vorige opnames. Die grootste oorsaaklike faktor hieraan verbonde is die evaluasie van dienslewering deur die regering. Die meerderheid medenavorsers toon aan dat hulle godsdiensgelykheid beleef in Suid-Afrika en die meerderheid medenavorsers beleef dat hulle moedertaal die erkenning kry wat die taal verdien (Hofmeyr, 2007:47).

In die jaar waarin die kwessie rondom leierskap op almal se lippe was, dui die medenavorsers minder vertroue in die nasionale leierskap aan. 'n Toename is ook sigbaar in medenavorsers wat voel dat die leierskap nie omgee vir mense soos hulle nie. Medenavorsers het die minste vertroue in belangrike openbare en publieke instansies, soos byvoorbeeld die plaaslike regering en politieke partye. Die groter meerderheid medenavorsers dui respek vir die wette en beleide van die land aan ten spyte van die politieke party wat in beheer is (Hofmeyr, 2007:48).

Die meerderheid medenavorsers voer aan dat nasionale eenheid wat kulturele en historiese grense te bowe gaan, moet 'n prioriteit wees. Minder medenavorsers het aangedui dat nasionale eenheid waarlik bereik word in Suid-Afrika. In hierdie tyd kom Müller (2007:443) tot die hartseer gevolgtrekking dat die publieke liturgieë van die kerk 'n negatiewe bydra lewer tot die versoeningsproses in Suid-Afrika. Hierdie liturgieë waarna verwys word het die ideologie van verdeeldheid en rassesseiding bevestig en sodoende 'n bewussyn geskep dat liturgieë ook die Evangelie kan verraai. Dit veronderstel dus dat die liturgie dikwels nie 'n Evangelies geïnspireerde rituele handeling is nie, maar eerder 'n sosio-politieke rituele handeling (Müller, 2007:444).

Vir die eerste keer word voorkeur vir assosiasie met verskillende groepe in die opname gemeet. Die uitkoms is dat mense verkies om met die volgende groepe te assosieer: taal, ras en etnisiteit (Hofmeyr, 2007:48). Hofmeyr (2007:48) dui aan dat die meerderheid medenavorsers huiwerig was om openlik te gesels oor die onderwerp ras, veral wanneer mense van ander rasse teenwoordig was. Selfs in homogene groepe het medenavorsers aangetoon dat hulle huiwerig is om oor ras te gesels.

Op nasionale vlak is die aanduiding dat die meerderheid medenavorsers aandui dat Apartheid 'n misdad teen die mensdom was en dat gruweldade gepleeg is om die regime te beskerm en in stand te hou. Die meerderheid van die vorige benadeelde groepe dui aan dat hulle dié vergewe wat voordeel getrek het uit die vorige regime, terwyl hulle benadeel is. 42% van die medenavorsers dui aan dat hulle saamstem dat voorheen bevoordeelde mense moet voel hoe dit voel om benadeel te word deur diskriminasie (Hofmeyr, 2007:49).

Net meer as die helfte van die medenavorsers toon aan dat rasseverhoudinge verbeter het sedert 1994. Sosiale kontak tussen mense van verskillende rasse groepe bly redelik laag, asook die behoefte om met verskillende mense van verskillende rasse te sosialiseer. Amper 75% van die deelnemers dui aan dat hulle geen begrip het van ander se kultuur en manier van doen nie (Hofmeyr, 2007:49).

3.3.9. 2008 - Agtste opname

Hierdie opname dui 'n beduidende wisselvalligheid aan met betrekking tot die materiële omstandighede van Suid-Afrikaners. Medenavorsers se ekonomiese omstandighede was minder seker, fisiese omstandighede was meer onveilig, en hulle was minder seker oor die toekoms. Hierdie statistiek is 'n moontlike aanduiding van die effek wat hierdie vlakke van onsekerheid plaas op sosiale kohesie in Suid-Afrika. Hofmeyr (2008:1) voer aan dat hierdie tipe onsekerheid dikwels die belangrikste foutlyne bloot lê in ontwikkelende gemeenskappe. In hierdie plofbare omstandighede

word vertrouwe 'n kernbelangrike waarde. In hierdie opname word aangedui dat daar steeds 'n mate van vertrouwe is in instansies, maar dit het oor die jare afgeneem.

Hofmeyr (2008:1) dui aan dat kapasiteit en vaardigheidstekorte in die regering 'n bydrae lewer tot die weerloosheid wat Suid-Afrikaanse burgers beleef. Indien hierdie situasie nie mooi bestuur word nie, kan dit verdere sosiale ontevredenheid en geweld tot gevolg hê. Die uitbreking van Xenofobiese geweld in Mei 2008 het bevestig hoe weerloos die samelewing werklik is.

Volgens Hofmeyr (2008:4) word Suid-Afrika gedefinieer deur die begrip *ubuntu* aangesien Suid-Afrika die oorgang van geweld na versoening in die postapartheids-era kon maak. Met hierdie as agtergrond, gebeur die Xenofobiese opstande in Mei 2008 en word deur Hofmeyr (2008:4) as volg beskryf

“represented one of the lowest points in its short post-apartheid history.”

Die brutaliteit van hierdie aanvalle was in skrilte kontras met die harmonie wat die laaste jare in die Suid-Afrikaanse samelewing geheers het. Die reaksie op hierdie gebeure was ontkenning. Sulke gedrag kan nie Suid-Afrikaans wees nie (Hofmeyr, 2008:4). Sekere inwoners van gebiede waar hierdie aanvalle plaasgevind het, het dadelik betrokke geraak in die hoop om die geweld te verhoed, asook om gasvryheid teenoor vreemdelinge uit te leef (Hofmeyr, 2008:4). Nell (2009:239) vra in hierdie tyd die vraag: hoe word daar gepreek in 'n konteks van Xenofobie en geweld? Nell (2009:239) begin om hierdie vraag te beantwoord met 'n aanhaling van die bekende feministiese teoloog Denise Ackermann (2003) wat sê:

“I am pleading for a church that laments suffering and injustice. This is my concern ... because I believe that the church can and does play a role for many people in making life worth living. The church should draw contemporary political and social concerns

into its rites. It need not shy away from lament. Instead of worship service that are unremittingly positive in tone, there is room for mourning and protest – not as an end in themselves – but as holding together loss and hope. Lament does not end in despair – it ends in affirmation and praise that are hard won.”

Op grond hiervan formuleer Nell (2009:240-243) ‘n raamwerk vir prediking in ‘n konteks van geweld binne die Suid-Afrikaanse konteks, naamlik:

- Om hande te vat (eenheid) – die profetiese oproep om met ope arms te leef om sodoende die grense oor te steek wat mense steeds verdeel.
- Om mekaar te vergewe (versoening) – profetiese prediking in samewerking met inisiatiewe waar ruimte geskep word vir slagoffers en oortreders om die verlede te herbesoek en om betrokke te raak in ‘n proses van vergifnis en versoening.
- Om die fiets terug te gee (geregtigheid) – hier gaan dit om meer as bloot die fiets wat terug gegee moet word. Die volgende aanhaling bevestig dit:

“White people, I wish you can understand that we don’t want your houses, your money or your jobs ... we want your hearts, your friendship, your love. We want you!” (Nell, 2009:243).

Dit is uiters belangrik om die globale konteks in gedagte te hou wanneer daar verwys word na hierdie gebeure. 2008 kenmerk ‘n wisselvalligheid regoor die wêreld. Ekonomiese weerloosheid speel ‘n belangrike rol in die woorde van Hofmeyr (2008:4)

“In many instances such economic insecurity has either instigated violence or deepened conflicts along existing domestic or regional faultlines.”

Goeie leierskap en robuuste demokratiese instansies is van kernbelang om diverse samelewings bymekaar te hou in tye van onsekerheid en wisselvalligheid. Dit gebeur maklik dat selfs leiers onseker raak oor presies wat hulle te doen staan en dit

veroorzaak onetiese leierskap, volgens Nell (2009:160). Die opname dui aan dat daar steeds vertroue in leierskap en demokratiese instansies is, maar dat 'n afname oor die laaste jare wel toegeneem het. Die bevindinge van die SARB in 2008 bevestig die ongemak van talle Suid-Afrikaners.

3.3.10. 2009 - Negende opname

Dit is van groot belang om die sosio-politieke omstandighede in ag te neem wanneer daar na die 2009 opname van die SARB gekyk word. Op 16 Desember 2004 verduidelik president Thabo Mbeki hoe Suid-Afrika sigbare vordering gemaak het met betrekking tot versoening. Slegs vyf jaar later word vele vrae gevra oor die klaarblyklike sigbare versoening wat die land bymekaar moes bring as 'n nasionale eenheid. Eenstemmigheid is al hoe meer sigbaar in terme van Suid-Afrikaners wat aandui dat Suid-Afrika nie genoeg verander het sedert 1994 nie. Die politiese narratief van Suid-Afrika is bekend vir die meeste Suid-Afrikaners. In die laaste nege maande het drie presidente die Uniegebou beset. Die kabinet is geskommel en weer geskommel, en 'n nuwe politieke opposisieparty, *Congress of the People (COPE)* het ontstaan (Lefko-Everett, 2009:8).

In 2009, met die aanloop tot die verkiesing, word dit duidelik dat die publieke opinie rakende versoening gestabiliseer het. Die volgende gevolgtrekkings het na vore gekom met die negende opname:

Vertroue in publieke instansies wat veral werk met versoening het oor die laaste jare dramaties gedaal, indringende aandag moet geskenk word rakende die redes vir die dramatiese afname in vertroue en die manier waarop die vertroue herstel kan word. In aansluiting hiermee dui die opname aan dat die vertroue in die parlement ook dramaties daal, omdat deelnemers nie sien dat die parlement besluite neem in belang van alle Suid-Afrikaners nie. Kommunikasie en skakeling met burgers van die land is van kritiese belang. Daarmee saam voel 'n beduidende hoeveelheid medenavorsers

dat die leiers van die land onbetroubaar is, en dat hulle ook glad nie deernis het met die mense van hierdie land nie. Daarom is dit nie 'n verrassing dat die meerderheid medenavorsers aandui dat hulle sal deelneem aan protesaksies wanneer hulle regte geskend word nie (Lefko-Everett, 2009:15).

Wye aanvaarding oor alle populasiegroepe heen bestaan rakende apartheid wat 'n misdad teen die mensdom was en dat die regering skuldig was aan gruweldade onder die apartheidsregime. Hierdie aanvaarding is 'n sleutelement van die proses van versoening in Suid-Afrika. Hierdie opname se resultate dui ook aan dat mense nie so maklik die verlede gaan vergeet en die oortreders gaan vergewe soos in die verlede, bedoelende die enkele jare voor 2009, nie (Lefko-Everett, 2009:15).

Kontak tussen verskillende rassegroepe het redelik staties gebly sedert die eerste rondte van die SARB opname. Hierdie bly 'n teken van sosiale integrasie wat nie gevorder het, soos wat vermoed is dat dit sou vorder nie. Terselfdertyd is dit ook 'n aanduiding van die fisiese geskeidenheid en uitsluiting wat steeds bestaan. Ekonomiese ongelykheid is steeds die grootse oorsaak van verdeeldheid tussen mense van hierdie land. Die volgende faktor wat gelys word wat 'n verdelende effek het, is politieke partydigheid en daarna volg verdeeldheid op grond van ras (Lefko-Everette, 2009:15).

3.3.11. 2010 - Tiende opname

Die optimisme van die tiende opname van die SARB kan moontlik verbind word aan die opgewondenheid en die uitbundigheid wat met die *Federation of International Football Associations* (FIFA) Sokkerwêreldbeker gepaard gaan (Flynn, 2015, sien Lefko-Everett, et al., 2010:41).

‘n Groot meerderheid glo steeds dat dit moontlik is vir die droom van nasionale eenheid om te realiseer, wat ‘n boublok vir die proses van versoening is. Daar is wel vroe in sekere se gemoed of dit ‘n prakties haalbare realiteit is. Die waarheid rondom die verlede van Suid-Afrika en die rol van apartheid word steeds erken, en die meerderheid deelnemers voel steeds dat dit moontlik is om te vergewe en te vergeet en om kollektief aan te beweeg na ‘n nuwe toekoms (Lefko-Everett, et al., 2010:41).

Suid-Afrikaners identifiseer steeds makliker met mense wat dieselfde taal praat of van dieselfde etniese groep afkomstig is. Vir die meerderheid deelnemers voorsien hierdie sosiale identiteite vir hulle gevoelens van sekerheid, positiewe bevestiging en om te behoort en van belang te wees. Hierdie opname sien ook ‘n toename in medenavorsers wat aandui dat integrasie van skole en woonbuurte ‘n belangrike manier van verandering is. Verder het die meerderheid medenavorsers ook aangedui dat die transformasieproses van die werksplek met betrekking tot ras en geslag en fisiese vermoëns ‘n belangrike rol speel om gelykheid tussen mense te bewerkstellig (Lefko-Everett, 2010:41).

‘n Positiewe toename word gesien in medenavorsers wat vertrou uitspreek teenoor die regstelsel en die werk van die polisie. Hierdie toename dui daarop dat deelnemers toenemend veilig voel rakende fisiese sekuriteit. Dit blyk dat vertrou besig is om herstel te word in regeringsinstansies wat die regering se legitimiteit en geloofwaardigheid sal versterk. ‘n Skrilte kontras bestaan steeds tussen die wisselvalligheid van vertrou in regeringsinstansies, teenoor sekere vertrou in die media en godsdiensinstansies (Lefko-Everett, 2010:41).

Hierdie opname dui ook die plekke aan waar daar nodigheid vir substantiewe verbetering is. Net soos met die opname van 2009 voel die meerderheid deelnemers dat hulle ekonomies nie veilig en stabiel is nie. Gedeeltelik is hierdie ekonomiese onstabieleit ‘n gevolg van die globale resesie, maar ekonomiese onsekerheid is ook ‘n langtermyn uitdaging vir hierdie land. Ekonomiese ongelykheid is steeds die grootste verdelende faktor tussen mense van hierdie land. Sedert die eerste opname in 2003

word dit ook duidelik sigbaar dat ekonomiese geregtigheid 'n intrinsieke deel uitmaak van versoening in Suid-Afrika om sodoende genesing te bring vir stukkende gemeenskappe (Thesnaar, 2010:93-106).

Dit bly 'n kommerwekkende bevinding dat die meerderheid medenavorsers min vertrouwe het in die leiers om waarlik deernis te toon met hulle spesifieke omstandighede. Verhoogde bereidwilligheid van medenavorsers tot deelname aan protesoptogte wat geweld insluit, is sigbaar met hierdie opname. Verder dui die opname ook aan dat alhoewel 'n groot groep mense bereid is om van die verlede te vergeet en aan te beweeg, is daar ook 'n groeiende groep mense wat geregtigheid soek deur die vervolging van oortreders van die apartheidsera.

Lefko-Everett, et al. (2010:42) verklaar dat kontak met die verskillende rassegroep stadig plaasvind, wat nou verbind word met die ekonomiese ongelykheid wat steeds heers in Suid-Afrika. Die opname van 2010 dui aan dat die welvarende mense van veral stedelike gebiede in Suid-Afrika dit kon regkry om oor grense heen kontak te maak. Dit is wel nie die geval vir die armste huishoudings van die land nie, daarom bly dit steeds 'n enorme uitdaging vir die proses van versoening.

3.3.12. 2011 - Elfde opname

In 2011 word daar 'n verslag deur die Nasionale Beplanningskommissie vrygestel waarin die uitdagings gelys word waarmee Suid-Afrika worstel. Die grootste uitdagings wat geïdentifiseer is, is die hoë werkloosheidsyfer, lae kwaliteit onderwys en opvoeding veral vir swart mense, onvoldoende infrastruktuur, belangrike ruimtelike ontwikkeling, 'n hulpbron-intensiewe en onvolhoubare groeipatroon, onvoldoende en ontoereikende gesondheidsorg, oneweredige publieke sektorevaluering en korrupsie (Lefko-Everett, et al. 2011:7).

Die Nasionale Beplanningskommissie se verslag het ook bekendgemaak dat nasionale eenheid na die verkiesing van 1994 nog nie eintlik vordering toon nie. Suid-Afrika is steeds 'n land wat gekenmerk word deur ongelikheid en verdeeldheid. Ten diepste word die verdeeldheid toegeskryf aan ekonomiese ongelikheid, wat 'n gevolg is van die land se vroeëre geskiedenis (Lefko-Everett, et al., 2011:7). Min Suid-Afrikaners sou met die bevindinge van hierdie verslag stry, alhoewel dit moeilik is om te hoor. Hierdie jaar was 'n moeilike jaar vir vele Suid-Afrikaners, en daarom is dit nodig om waarlik die realiteit van die situasie in die oë te kyk.

Volgens Lefko-Everett (2011:7) is 2011 die jaar waarin die verdeeldheid tussen die enkeles wat "het" en die miljoene wat "nie het nie" die opvallendste is wat na vore gekom het. Hierdie word veral gesien in die protesoptogte as gevolg van swak dienslewering, wat afgeneem het, maar tog met baie meer geweld gepaardgaan. Sedert die eerste opname van die SARB is die bevindinge elke jaar dat Suid-Afrika ten diepste 'n verdeelde samelewing is en bly. Ten spyte van hierdie bevindinge, is daar ook positiewe verskuiwings wat plaasvind wat die proses van versoening positief kan beïnvloed.

Met hierdie elfde opname word bevind dat deelnemers steeds min vertrou het in die plaaslike owerheid, teenoor provinsiale en nasionale sfere. Deelnemers voel gematig oor hulle stem in die verkiesing wat moontlik 'n positiewe bydrae kan lewer. 'n Toename is sigbaar in deelnemers wat aandui dat hulle aan gewelddadige protesoptogte sal deelneem, wanneer hulle verontreg word, en dieselfde persentasie deelnemers dui aan dat hulle reeds in die jaar aan gewelddadige protesoptogte deelgeneem het (Lefko-Everett, et al. 2011:7).

Soos wat die jaar verloop het, het die ekonomiese onsekerheid en onstabiliteit bly verhoog, as gevolg van die skuld krisis wat in die noordelike halfrond plaasgevind het (Lefko-Everett, et al. 2011:7).

Vele Suid-Afrikaners steun steeds die transformasie van die werksplek, veral wat ras, geslag en fisiese vermoëns aanbetref. Suid-Afrikaners identifiseer steeds die maklikste met mense van hulle eie taal, ras en etnisiteit. Die opname dui steeds aan dat die droom van 'n nasionale eenheid iets is waaraan mense vashou, omdat dit wenslik en moontlik is volgens die deelnemers. Sosiale kontak met mense van verskillende rasse vind steeds net in gegoede huise plaas en die gaping tussen ryk en arm is steeds die grootste verdelende faktor. Die hantering van die verlede word al hoe meer bevraagteken, veral rondom die oordrag van geskiedenis aan die nuwe generasie kinders in Suid-Afrika (Lefko-Everett, et al. 2011:8).

Vele Suid-Afrikaners wil bloot die vraag beantwoord hê: het ons al gevorder op die pad na versoening? Die reaksie op die vraag: sommige glo ons het, vele ander dink ons het nog glad nie gevorder nie, en baie is onseker oor die vordering. Lefko-Everett, et. al. (2011:8) haal een van die deelnemers van 'n fokusgroep aan wat verklaar dat versoening steeds iets bly waaroor die meerderheid van Suid-Afrikaners droom.

3.3.13. 2012 - Twaalfde opname

Vir dekades in Suid-Afrika word daar opgekyk na die jeug as die draers van 'n regverdige, gelyke en demokratiese toekoms. In die laaste jare wil dit blyk dat die manier waarop daar na die jeug gekyk word dramaties verander het (Lefko-Everett, 2012:7). Zwelinzima Vavi se vergelyking van jongmense as 'n tikkende tydbom, het die embleem geword van Suid-Afrika se jeug - werkloosheid, gewelddadige protesoptogte, armoede. Die jeug se identiteit word nou verbind met die omstandighede waarin hulle leef, eerder as die kragtige, kreatiewe mense wat by magte is om verandering te bewerkstellig.

Lefko-Everett (2012:7) verduidelik dat dit glad nie die manier is waarop die jeug hulleself beskou nie. Die jeug beskou hulleself as vol vertrou, kreatief en aktief. Hulle is optimisties oor die toekoms en daarom word daar in hierdie twaalfde opname

gefokus op die belewenis van die jeug rakende die proses van versoening in Suid-Afrika.

Die jeug se deelname of afwesigheid in politiek, gegewe die verkiesings wat plaasvind in 2014 is van groot belang vir die toekoms en leierskap van Suid-Afrika. Na 18 jaar sedert Apartheid is daar 'n redelike mate van vertroue in openbare instansies soos die parlement, nasionale regering en die howe, alhoewel dit effens laer is vir mense wat aan minderheidsgroepe behoort. Die meerderheid Suid-Afrikaners, oud en jonk, beleef die leiers as afwesig, in die sin dat leiers nie reageer op mense se behoeftes nie. Hierdie toedrag van sake vra vir inklusiewe en deelnemende bestuursprosesse, want dit is waardeur leiers legitimititeit verkry en verantwoordbaarheid wys (Lefko-Everret, 2012:49). Vertroue in die plaaslike owerhede, veral vir lae inkomstehuishoudings word direk verbind aan die kwaliteit van basiese dienslewering. In hierdie verband is daar nog baie werk nodig (Lefko-Everett, 2012:49).

Die twaalfde SARB dui aan dat jongmense min vertroue het in terme van die integriteit van nasionale leiers. Die jeug dui ook aan dat korrupsie orals in hulle gemeenskappe plaasvind, met of sonder klinkklare bewyse. Die jeug voer aan dat wette buigsaam is en oop is vir interpretasie. Een uit elke 5 jongmense onder die ouderdom van 35 jaar het aangedui dat hulle deelneem aan gewelddadige protesoptogte. Volgens Lefko-Everett (2012:49) is dit 'n neiging waarmee onmiddellik weggedoen behoort te word.

Dit is moeilik om te hoor dat veral jong Suid-Afrikaners baie optimisties is oor hulle ekonomiese toekoms, gegewe die nasionale en internasionale ekonomiese vooruitskouings. Sonder meer effektiewe en volhoubare werkskeppingsinisiatiewe gaan daar binnekort 'n misverstand plaasvind, as gevolg van die hoë verwagtinge wat gestel word en die ekonomiese kapasiteit om die jeug te absorbeer (Lefko-Everett, 2012:49).

Die SARB dui ook aan dat daar stygende sinisme by die jeug aanwesig is, rakende die land en haar verlede. In die werkplek is daar vroeë rondom die sukses van BEE (Black Economic Empowerment), asook die impak van apartheid en die nalatenskap van apartheid en ook die afkeuring van ekonomiese wyses waarop geregtigheid en restitusie bewerkstellig word (Lefko-Everett, 2012:49). Nasionale eenheid is steeds 'n prioriteit, maar daar word gevra of dit moontlik is om 'n nuwe sosiale orde te skep ten spyte van die diepe verdeeldheid en ongelykheid wat steeds bestaan.

Jong Suid-Afrikaners het nog nie gebreek met die identiteite van die vorige generasies nie, dit mag wees dat die onderwysstelsel hier 'n gulde geleentheid gemis het om 'n meer inklusiewe geskiedenisprogram te vestig, om sodoende gedeelde waardes te kweek (Lefko-Everett, 2012:49). Sosiale kontak met verskillende mense van verskillende rasse is makliker, en die SARB dui aan dat jongmense moontlik daartoe in staat is om dieper verhoudings te bou met mense regoor grense heen.

3.3.14. 2013 - Dertiende opname

Verskille in 'n samelewing is nie noodwendig 'n struikelblok vir die proses van versoening nie volgens Wale (2013:7). Wanneer verskille gekombineer word met 'n skeefgetrekte magsverdeling dan lei dit gewoonlik tot ongelykheid en uitsluiting. Versoening maak staat op die bou van brûe en die verstaan oor verskille en grense heen, veral waar dit versterk word deur skeefgetrekte magsverdeling. Die 2013 SARB gee aandag aan die nuwe verhouding tussen versoening, ongelykheid en uitsluiting.

Wale (2013:8) verduidelik dat waarheid, geregtigheid, vergifnis, genesing en restitusie konsepte is wat nou verbind word met versoening. Versoening is 'n multi-dimensionele konsep wat oor verskeie vakdissiplines soos sielkunde, filosofie, politiek en ekonomie strek. Die kompleksiteit van die konsep versoening skep diepte, maar die kompleksiteit daarvan kan ook wees waarin mens vasval (Conradie, 2013:24). Die groot probleem met versoening gebeur wanneer een element van versoening, meer aandag geniet as

al die ander elemente. In Suid-Afrika word dit duidelik dat daar hoofsaaklik gefokus word op die terapeutiese en interpersoonlike aspekte van die konsep, en die ekonomiese aspekte word agterweë gelaat (Wale, 2013:8). Die taal van versoening word skerp gekritiseer omdat dit wollerig, betekenisloos en by tye ideologies is.

Na amper 20 jaar van demokrasie bevind die SARB dat die grootste struikelblok in die weg van nasionale versoening ekonomiese ongelykheid en materiële ongeregtheid is. In die lig hiervan is dit nodig om die konsep versoening te herkonseptualiseer om ekonomiese geregtigheid sentraal te maak. Tog kan die pendulum nie van die een uiterste tot die volgende uiterste swaai sonder gevolge nie. Daarom word daar gepleit vir die beklemtoning van die verhouding tussen sielkunde en ekonomie, tussen interpersoonlikheid en struktuur (Wale, 2013:8).

Die dertiende SARB dui duidelik aan dat klasse ongelykheid, werkloosheid en armoede die grootste verdelende faktore in Suid-Afrika is. Daarom is dit nodig om ekonomiese geregtigheid sentraal te plaas wanneer daar van radikale versoening gepraat word. Wale (2013:41) voer aan dat ras nie onbelangrik is nie, aangesien die resultate ook wys dat die meerderheid swart Suid-Afrikaners deel vorm van die armste huishoudings in Suid-Afrika, met geen blankes wat in daardie kategorie val nie. Dit veronderstel dat ekonomiese ongelykheid en uitsluiting ook 'n rasseaangeleentheid is. Versoening sal dus aandag moet gee aan alle sosiale marginalisering.

'n Tweede bevinding is die dramatiese afname van vertroue in leierskap, as gevolg van die manier waarop partypolitiek gebruik word om verdeeldheid te skep. Radikale versoening sal dus kritiese aandag moet skenk aan die sogenaamde partypolitieke narratief, om leiers te help om inklusiewe verhoudings te bou, eerder as om verdeeldheid te saai (Wale, 2013:41). Van der Merwe, Pieterse & Wepener (2013:9) dui aan dat leierskap van kardinale belang is om 'n ruimte te skep waar versoening en sosiale kohesie 'n realiteit word.

Derdens word bevind dat blanke Suid-Afrikaners hulle omstandighede net met blanke Suid-Afrikaners vergelyk. Die resultate dui aan dat blanke Suid-Afrikaners aandui dat daar nie mense is wat slegter af is as wat hulle is nie, dit is natuurlik onwaar. Volgens Wale (2013:410) moet radikale versoening rasgebaseerde persepsies daadwerklik aanspreek wat bewustheid teenwerk, sodat daar oor grense heen kontak met mekaar gemaak kan word.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur kwessies oor dienslewering. Dit word selfs beskryf as een van die grootste uitdagings van die postapartheid Suid-Afrika (Nell, 2013:1). In 2012 is daar alleen 226 diensleweringbetogings gehou, meer as in enige van die vorige jare. Praktiese Teoloë stel nie bloot net belang in hierdie tipe van alledaagse praktyke wat die lewe van mense beïnvloed nie. Die belangstelling word geprikkel aangesien daar 'n noue verband bestaan tussen “diens” *diakonia* (om die gemeenskap te dien) en “dienslewering” (wat deur die regering voorsien word, sodat elkeen in Suid-Afrika 'n menswaardige bestaan kan voer) wat belangrike implikasies inhou vir leierskap in die Suid-Afrikaanse samelewing (Nell, 2013:6).

Die laaste bevinding van die 2013 SARB het te make met die verhouding tussen ras, versoening en ekonomiese restitusie. Versoening tussen mense van verskillende rasse word bemoeilik as gevolg van die geografiese uitsluiting van veral swart Suid-Afrikaners. Dit mag ook moontlike gevolge inhou vir ekonomiese restitusie, aangesien wit Suid-Afrikaners glad nie kan identifiseer met die lot van swart Suid-Afrikaners nie. Hierdie bevindinge is uiters belangrik vir die proses van radikale versoening aangesien die behoefte na vore kom vir die bou van intersubjektiewe bewustheid en verbondenheid aan mekaar oor grense heen (Wale, 2013:41).

3.3.15. 2014 - Veertiende opname

Die 2014 opname van die SARB is 'n refleksie oor die afgelope dekade (2004-2014) se data-opnames om waarlik die vraag te vra rondom die vordering van Suid-

Afrikaners op die pad van versoening, en natuurlik om te bepaal waar die aandag vir die toekoms gevestig moet word. Wale (2014:7) maak dit baie duidelik dat versoening en die vordering daarvan nie op 'n liniêre wyse gemeet kan word nie, want in sekere aspekte van versoening is die vordering duidelik, in ander aspekte is daar stagnasie en in ander selfs regressie. Verder, is dit van belang dat die data geïnterpreteer word, aangesien dit op die oog af blyk of daar regressie is van sekere aspekte van versoening, maar wanneer die data in verbinding gebring word met ander bevindinge, word dit duidelik dat die behoefte bestaan vir 'n dieper transformasie in die samelewing.

'n Historiese gebeurtenis wat 'n groot invloed op hierdie opname en die belewenis van versoening deur Suid-Afrikaners gehad het, is die heengaan van oudpresident Nelson Mandela op 5 Desember 2013. Hy was die argitek en simbool van versoening in Suid-Afrika (De Klerk, 2003:322-334). Menigte Suid-Afrikaners het in daardie oomblik bymekaar gekom om te treur oor die man en sy nalatenskap. Die tyd het aangebreek dat Suid-Afrika nie langer droom oor die heiliges van versoening nie, maar beweeg na die taak om versoening deel te maak van elke liewe dag, soos in die woorde van Lukuko gevind in Wale (2014:9):

“At the beginning of our transition naturally there was a lot of uncertainty and insecurity as to what ought/could/should and would happen in order to move forward. Reconciliation became that process where we found symbolic acts by our leaders that got us to develop confidence [in] reconciliation as a process, especially the gestures of forgiveness by Nelson Mandela, who symbolised the suffering of many. In that way he actually got us to believe that despite all these challenges, we could walk on water. But now that he is gone, we realise that the contradictions were always there and that we had better now begin to address them more earnestly and honestly in order to fully reconcile. We have to actually learn to swim, which is obviously the tough part. Certainly he left us with the goodwill we might need to give us strength and enthusiasm to do so.”

Barnard, Nell & Mbaya (2014:10) maak dit duidelik dat daar waar nasionale leierskap gefaal het om mense se behoeftes aan te spreek, word die onus op plaaslike leierskap geplaas. Dit is nie bloot net toevallig dat die postkoloniale benadering soveel klem plaas op kontekstualiteit nie.

Wale (2014:9-10) verduidelik om versoening vanuit die abstrakte hoogtes aarde toe te bring wat waarlik die alledaagse lewe van mense raak, is om die teenstrydighede raak te sien en te erken met die impak wat dit uitoefen. In terme van die proses van versoening in Suid-Afrika is hierdie 'n waterskeidingsmoment.

Die bevindinge van die dataopnames van die laaste 11 jaar word as volg verwoord:

'n Positiewe bevinding vir die proses van versoening met betrekking tot die politieke kultuur in Suid-Afrika is die afname van veelrassige wantroue. Hierdie bevinding loop saam met die toename van kontak tussen verskillende rasse-groepe, ook in 'n sosiale omgewing. Hierdie bevindinge dui daarop dat gereelde en verhoogde kontak veral in 'n sosiale omgewing lei tot die afname van wantroue teenoor ander rasse-groepe (Wale, 2014:35).

In terme van rasseverhoudinge is daar 'n positiewe neiging tot integrasie, wat 'n positiewe bevinding is vir die proses van versoening. Die oomblik wat hierdie bevinding in verband gebring word met klasseongelykheid, is daar 'n skaduwee wat oor die saak val. Die frekwensie van rasse-integrasie is veel laer vir die armste van armes in Suid-Afrika, teenoor die middelklas tot welvarende Suid-Afrikane. Wepener & Barnard (2010:205) bevestig hierdie bevinding van die SARB, deur te verklaar dat daar ruimtes in hierdie land is waar lidmate van 'n bepaalde gemeente nog nooit saam met 'n blanke persoon 'n maaltyd gedeel het nie. Hierdie bevindinge dui op die uitsluiting van die armes veral met betrekking tot die integrasieprosesse wat binne die formele ekonomie plaasvind. Vele swart Suid-Afrikane word steeds vasgevang in

informele nedersettings in afgeleë gebiede met swak infrastruktuur en geen toegang tot sosiale kontak met mense van enige ander rassegroep nie (Wale, 2014:35).

Die 2014 opname van die SARB toon 'n afname ten opsigte van die erkenning en bewustheid rakende die ongeregthede van die apartheidsregime oor tyd heen. Hierdie bevinding dui aan dat daar moontlik 'n verskuiwing plaasgevind het in terme van hoe Suid-Afrikaners die verlede onthou. Die vraag of Suid-Afrikaners regtig besef wat die geskiedenis van die verlede beteken, is 'n totale ander aangeleentheid volgens Wale (2014:35). Die gebrek aan historiese waarhede is veral kommerwekkend by blanke Suid-Afrikaners. Hierdie bevindinge spreek uiteraard tot die manier waarop Suid-Afrikaners die geskiedenis verstaan en dit het 'n bepaalde invloed op rasseverhoudinge en die skep van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse identiteit.

'n Merkwaardige teenstrydigheid word duidelik in hierdie opname van die SARB, naamlik aan die eenkant is dit duidelik dat rasseverhouding verbeter deur kontak tussen mense, aan die anderkant bly Suid-Afrikaners se primêre identiteit tog nog gekoppel aan ras.

Volgens die 2014 SARB is daar 'n leemte binne die konsep van nasionale eenheid, naamlik die onderliggende kompleksiteit. Die resultate van hierdie opname dui 'n afname in die behoefte na nasionale eenheid in Suid-Afrika en 'n toename van deelnemers om hulle te identifiseer volgens ras. Suid-Afrikaners sukkel om te verwoord wat dit beteken om Suid-Afrikaners te wees. Dit speel 'n rol in terme van die belewenis van nasionale eenheid. Wat sterk na vore kom, is die behoefte na ruimtes waar konflik kan plaasvind binne hierdie eenheidsgevoel (Wale, 2014:35-36).

Die belang van die bou van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse identiteit is in hierdie opname uitgelig. In hierdie proses speel die manier waarop die verlede onthou word, 'n belangrike rol. Die verskillende belewenisse van die verlede kan moontlik 'n bepalende faktor wees vir die afname in die behoefte om 'n nasionale identiteit te deel.

Wale (2014:36) dui aan dat dialoog rakende die betekenis van die verlede 'n fondasie kan lê vir die bou van 'n nasionale identiteit, sodat die verlede en die implikasies van die verlede nie ontken hoef te word nie. Indien Suid-Afrika dit kan regkry om 'n gedeelde weergawe van die verlede, hede en toekoms te konstrueer, kan dit die basis vorm vir begrip vir mekaar se geleefde ervaringe en om 'n inklusiewe identiteit te vorm.

'n Verdere bevinding rakende politieke identiteit, is die frustrasie en ontnugtering wat bruin mense beleef ten opsigte van die proses van versoening. Hierdie politieke identiteit, word dikwels beskryf as die zebropolitiek van Suid-Afrika, waar die fokus dikwels val op swart Suid-Afrikaners, of wit Suid-Afrikaners. In hierdie opsig is bruin mense se belewenis die van uitsluiting en marginalisering en word helder verwoord in die volgende aanhaling:

“the blacks are running the country and the whites own the country...” (Wale, 2014:36).

Vervolgens, dui die opname van 2014 aan dat die belewenis van blanke Suid-Afrikaners rakende versoening glad nie ooreenstem met enige van die ander rassegroepe nie. Blanke Suid-Afrikaners dui laer vlakke van vertrouwe aan, laer behoefte aan integrasie, hoër vlakke van ontkenning ten opsigte van die ongeregtigheid van die verlede en laer vlakke van ondersteuning vir restitusie. Die volgende aanhalings beklemtoon die bogenoemde:

“but I’m not going to apologise for being white” (Wale, 2014:36).

“I don’t feel I need to reconcile with anyone because I didn’t do anything” (Wale, 2014:36).

“apartheid has nothing to do with me” (Wale, 2014:36).

Die vraag hoe om blanke Suid-Afrikaners by die dialoog oor die proses van versoening te betrek, bly 'n worsteling. 'n Werklike verandering blyk nodig te wees in die betekenis

van wat dit beteken om wit te wees in Suid-Afrika, asook die manier waarop jong blanke Suid-Afrikaners geleer word rakende die relevansie van die verlede vir vandag en die toekoms.

Die laaste bevinding van die SARB van 2014 is die behoefte aan jaarlikse feestelike gebeure oor grense heen waar die vordering van versoening in Suid-Afrika gevier kan word, soos byvoorbeeld met die FIFA Sokkerwêreldbeker van 2010 (Wale, 2014:37).

3.3.16. 2015 - Vyftiende opname

Daar gaan nie 'n dag verby in die postapartheid Suid-Afrika waar daar nie deur middel van protesoptrede, veral deur swart Suid-Afrikaners, gewys word dat lewensomstandighede onhoudbaar is nie. Mense voel afgeskeep en het breekpunt bereik, waar genoeg, nou genoeg is. Wepener (2015:1) verwoord in sy artikel getiteld *'Bliksem!' / Damn it! A ritual-liturgical appreciation of a deadly sin for an angry nation* dat baie mense in Suid-Afrika woedend is. Daar is verskeie redes waarom mense ontnugter is, hoofsaaklik oor dit wat in die verlede gebeur het, wat steeds besig is om te gebeur, hoe situasies hanteer is en hanteer word. Wanneer blatante ongeregtheid, korrupsie, rassisme, armoede, swak leierskap en swak dienslewering endemies word, dan is woede nie 'n onbekende teenwoordigheid in die liggame van Suid-Afrikaners nie.

"When confronted by that which threatens what we hold dear, we experience an increase in the rate of our heartbeat, rising blood pressure, a little sweat on the forehead and a slight quivering of our hands" (Wepener, 2015:1).

Volgens Hofmeyr, et al. (2015:2) moes die mondigwording van hierdie nuwe postapartheidspolitiese orde in 2015 gevier word. Maar dit gebeur toe nie so nie, die

verhale van die “goeie werk wat gedoen is”, ontplof toe op kampusse regoor die land met studente van middel tot laer klas, wat steeds uitsluiting beleef deur hulle verskeie instellings. Tesame met die “Rhodes Must Fall” en “Fees Must Fall”- veldtogte het die refrein van “We were sold out by Mandela” deur die land weerklink. Hierdie gebeure het ‘n radikale verskuiwing meegebring in beide die toonaard en die inhoud van nasionale diskoerse.

Teen hierdie agtergrond is die sleutelbevindinge van die 2015 SARB as volg:

Suid-Afrikaners glo dat die land oor die algemeen vordering toon op die pad na nasionale versoening sedert die begin van demokrasie in 1994, en is oortuig daarvan dat die land dit steeds as ‘n nasionale doelwit moet nastreef. Die meeste van die deelnemers is wel oortuig dat hierdie doelwit onmoontlik is om te bereik, indien die voorheen benadeeldes onder die apartheidsregering in armoede bly voortleef. Armoede bly die hoof faktor van verdeeldheid tussen mense van Suid-Afrika (Hofmeyr, et al. 2015:1).

Die meerderheid medenavorsers toon aan dat rasseverhoudinge of dieselfde gebly het of agteruit gegaan het. Slegs 35% van die deelnemers het aangetoon dat hulle geen rassisme beleef in hulle alledaagse lewe nie. Vertroue in mekaar oor grense heen bly laag, die meerderheid medenavorsers toon aan dat hulle geen vertroue in mense van ander rasse het nie (Hofmeyr, et al. 2015:1). Die meeste interaksie tussen mense van verskillende rasse gebeur in publieke ruimtes, soos die werksplek, universiteite en by winkels. Interaksie in huise of sosiale ruimtes is uiters beperk en mense wat welvarender is dui aan dat hulle beter interaksies het met mense van verskillende rasse.

Hofmeyr, et al. (2015:1) dui aan dat mense steeds makliker identifiseer met mense van dieselfde ras en taal, maar tog is hulle Suid-Afrikaanse identiteit ook belangrik. Die meerderheid medenavorsers dui aan dat dit belangrik is om te streef na nasionale

eenheid, tog blyk dit dat historiese en strukturele nalatenskappe van apartheid steeds die ou patrone van verdeeldheid versterk.

3.3.17. 2017 - Sestiende opname

Meer as twee dekades na Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing (1994), die eerste verhore van die WVK (1995), asook die neerlê van die Grondwet (1996) is daar vele inisiatiewe aan die dag gelê om die reis tot dusver te beoordeel en daarop te reflekteer vir die toekoms. Potgieter (2017:9) voer aan dat Suid-Afrika al vele kere gelukkig is met die gladde oorgang van apartheid na demokrasie, die proses van versoening en ook die aanvaarding van die Grondwet. Maar, in die laaste paar jare is die leierskap, bestuur, politieke narratief en die ekonomie onder die soeklig. 'n Wye reeks standpunte is sigbaar in die nasionale diskoerse en dit dui op die polarisasie oor van die heel belangrikste sake. Dit beklemtoon die vraag na die versoeningsproses tot dusver - hoe sal 'n versoende Suid-Afrika lyk? Watter beperkinge staan in die pad van versoening om plaas te vind?

Potgieter (2017:9) verduidelik dat die konsep versoening uiters kompleks van aard is en inherent moeilik meetbaar is. Verskeie definisies word gebruik, met verskeie elemente wat 'n belangrike deel van die proses uitmaak.

Fischer et al. (2000) verduidelik dat daar drie kernelemente van versoening is, naamlik:

“... it is within the concepts of truth, justice and mercy that that the bridge from violence to peace can be found ... by finding a balance between these three, reconciliation can be fostered, and that is reconciliation that provides the foundation stone for building positive peace” (Potgieter, 2017:9).

Waarheid behels die volgende elemente:

- erkenning
- deursigtigheid
- openbaring en duidelikheid

Genade behels die volgende elemente:

- vergifnis
- ondersteuning
- deernis
- genesing
- aanvaarding

Geregtigheid behels die volgende elemente:

- gelykheid
- restitusie
- regte en verantwoordelikheid

Terwyl “positiewe vrede” die volgende elemente behels:

- harmonie
- eenheid
- welstand
- sekuriteit (veiligheid)
- respek

Versoening is die wyse waarop elkeen van hierdie elemente deel vorm van die proses en doel. Die balans, asook die proses kan verskil na gelang van die konteks waarin dit plaasvind. Aangesien elke versoeningsproses uniek is, en unieke kompleksiteite meebring, is dit die manier waarop elke gemeenskap kies om die proses te

interpreteer en daarna te streef wat waarde toevoeg. Dit maak die proses betekenisvol, en daarom nie langer net bloot 'n droom nie (Potgieter, 2017:10).

Die volgende bevindinge word beklemtoon deur die sestiende opname van die SARB:

Suid-Afrikaners dui aan dat hulle 'n verenigde nasie verkies en dat hulle glo dat dit moontlik is om 'n verenigde nasie te wees. Die meeste Suid-Afrikaners voel ook dat versoening nog nodig is. Net meer as die helfte dui aan dat die versoeningsproses vordering toon, teenoor net minder as die helfte wat versoening in hulle alledaagse lewe beleef (Potgieter, 2017:51).

Onopgeloste nalatenskappe van die apartheidsregering is steeds besig om 'n struikelblok te wees, sodat die samelewing vry, regverdig en gelyk kan wees. Die meerderheid Suid-Afrikaners glo wel steeds dat apartheid 'n misdad teen die mensdom was, 'n meerderheid glo ook dat die nalatenskappe van apartheid tot vandag tot nog geldend is. Verskille is wel sigbaar tussen die verskillende rassegroepe (Potgieter, 2017:51).

Sedert die aanvang van die SARB in 2003 is ekonomiese ongelykheid steeds die hoof verdelende faktor in Suid-Afrika. Daarom is dit nie verrassend nie dat Suid-Afrikaners voel dat daar min moeite gedoen is om hierdie situasie te verander of te verbeter. Ekonomiese ongelykheid is dus beide verdelend en blywend in die samelewing. Vertroue in leiers en publieke instansies is laag volgens Potgieter (2017:51).

'n Insiggewende bevinding het te make met interpersoonlike verhoudings, Suid-Afrikaners dui aan dat hulle, hulle familie die heel meeste vertrou, teenoor enige ander sosiale groeperinge. Die deelnemers aan die studie dui ook 'n groter openheid aan vir sosiale integrasie. Die bevindinge maak dit egter duidelik dat die ruimtes waar sosiale

integrasie moet plaasvind, ook die ruimtes is waar die meeste rassisme beleef word (Potgieter, 2017:51).

Potgieter (2017:51) sluit af met die volgende woorde:

“A foundation for reconciliation can be fostered by finding a balance between truth and historical confrontation, healing and racial reconciliation, and justice and addressing inequalities.”

Om vordering te toon met betrekking tot die proses van versoening, moet elkeen hulle deel bydra blyk uit hierdie navorsing van die SARB.

3.4. Die belangrikste fokuspunkte ten opsigte van versoening in Suid-Afrika deur die lens van *The South African Reconciliation Barometer (SARB)*

Die belangrikste fokuspunkte vir hierdie bepaalde studie na aanleiding van die bestudering van die SARB as ‘n bepaalde lens rakende versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, is as volg:

- Die beklemtoning van nasionale eenheid en nasiebou in die eerste paar jaar van die SARB-opname.
- Teenoor die fokus op daadwerklike radikale ekonomiese- en strukturele- en geografiese geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.
- Die onbetrokkenheid van blanke Suid-Afrikaners by die versoeningsproses in persoonlike hoedanigheid, maar ook andersins.
- Aanvanklik het leierskap ‘n positiewe bydraende rol tot die versoeningsproses gespeel, maar vanaf 2005 tot en met 2017 is daar ‘n daadwerklike en ook dramatiese afname in vertroue wat in leierskap geplaas word om versoening te bevorder. Leiers word beskou as onbetrokke en ook traak-my-nie-agtig en

het geen deernis met mense wat in haglike omstandighede 'n lewe probeer maak nie.

- Vanaf die verkennende SARB opname in 2003 tot en met 2017 word aangedui dat daar min tot geen sosiale interaksie tussen mense van verskillende etnisiteite bestaan nie, wat problematies is tot die bevordering van versoening, aangesien dit 'n ruimte is waar vertrouwe gekweek word.
- Vanaf 2005 tot en met 2017 word beklemtoon deur die SARB opname dat kerke en die openbare media, die enigste twee instansies is, wat eerlike dialoog kan fasiliteer aangaande versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing.
- 'n Kommerwekkende bevinding is dat daar te veel mense in Suid-Afrika nog dink, veral blanke mense, dat Apartheid geen misdaad was nie.
- Vanaf 2008 tot en met 2017 is die land op haar weerloosste, in terme van geweld, die onstabiele ekonomiese omstandighede, werkloosheid, gebrekkige leierskap, Xenofobiese geweld, gewelddadige diensleweringbetogings.
- Dit blyk veral uit die laaste vier opnames dat versoening 'n wollerige begrip is, wat nog nie posgevat het in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Die opname van 2014 stel dit duidelik, Mandela is dood, nou is dit tyd vir drastiese optrede en transformasie.

Die landskap wat geskets word deur hierdie bevindinge is kommerwekkend. Ek het tot die besef gekom deur die bestudering van die SARB dat die versoeningslandskap die afgelope paar jaar dramaties verander het, en dat die land volgens hierdie beeld, haarself op 'n baie donker plek bevind. Vervolgens, draai ek die lens nou 'n bietjie skerper en fokus nou op die pad van die NG Kerk met die betrokke onderwerp, naamlik versoening.

3.5. Die NG Kerk se moeisame reis met versoening in Suid-Afrika

Du Toit, Hofmeyr, Strauss & Van der Merwe (2002:53) beskryf in die boek met die titel *Moeisame pad na vernuwing* die NG Kerk as die "apartheidskerk". Stemme van binne en ook buite die kerk het veral in die jare 70's begin fluister dat die NG Kerk op die

verkeerde pad is. Sodoende moes die NG Kerk in 'n vinnig veranderende samelewing 'n radikale koersaanpassing maak.

Een van die krisismomente in Suid-Afrika het gekom na aanleiding van die Cottesloe-beraad wat in Desember 1960 plaasgevind het. Die verklaring wat uitgereik is na die Cottesloe-beraad het onder andere die volgende sake verwoord (Du Toit, et al., 2002:56-57):

- Alle bevolkingsgroepe wat permanente burgers van die land is, moet deel in die voorspoed van die land.
- Die kerk moet die boodskap van hoop verkondig in Suid-Afrika, aan wit Suid-Afrikaners in hulle onsekerheid, en aan swart Suid-Afrikaners te midde van groot frustrasie wat beleef word.
- Kerklidmaatskap mag geensins op grond van ras of kleur bepaal word nie.
- Daar is geen Bybelse beginsels vir die verbod op rasgemengde huwelike nie.
- Trekarbeid het verwoestende gevolge vir gesinne in swart gemeenskappe.
- Vergoeding vir die oorgrote meerderheid swart bevolking is ver onderkant minimumloon.
- Elke inwoner van die land moet die reg hê om die grond waarop hy of sy woon te kan besit, en moet ook deel hê aan die regering van die land.

Die beleid van die kerk, en ook die staat moes hieraan voldoen. Die vraag is deur hierdie verklaring hard en duidelik gevra, kan die NG Kerk te midde van die onreg wat gepleeg is, voortgaan om die beleid van Apartheid te steun (Van der Merwe, 2010:156)?

Volgens Du Toit et al., (2002:61) het die Sinode van 1970 besluit om 'n amptelike antwoord rakende die NG Kerk se standpunt rondom rasseverhoudinge daar te stel. In Maart 1975 word die sinodale verslag gepubliseer met die titel *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Die inhoud van hierdie verslag het die volgende vier temas aan die lig gebring, naamlik:

- ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif – hermeneutiese riglyne is nie konsekwent toegepas nie.
- die kerk, koninkryk en ekumene – verskeidenheid binne die een mensheid is beklemtoon, met die onderskeid tussen “verskeidenheid” en “verskeurdheid”.
- die kerk en maatskaplike geregtigheid – trekarbeid is geïdentifiseer as die wortel van maatskaplike probleme.
- die kerk en sending – gesamentlike aanbidding word teenoor “integrasie” gestel, wat slegs “gewens” sou wees in uitsonderlike gevalle (Du Toit, et al., 2002:62).

Verwysings na rasse en volke, gemengde huwelike, kerkeenheid, maatskaplike probleme soos trekarbeid, grondbesit, sedeloosheid, opvoeding en onderwys, en die posisie van die Bruin mense in Suid-Afrika het soos ‘n goue draad deur hierdie verslag geloop. Kritiek het uit alle oorde gekom, die vraag wat reeds in 1960 by Cottesloe gevra is, is nogsteeds nie beantwoord nie. Ras, volk en nasie is geweeg en te lig gevind (Van der Merwe, 2010:157).

Volgens Du Toit, et al., (2002:79) het een van die belangrikste teenstemme vir die NG Kerk se betrokkenheid by apartheid vanuit die destydse NG Sendingkerk (NGSK) gekom. Op 1 Oktober 1982 het die NGSK in ooreenstemming met die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) besluit om ‘n *status confessionis* daar te stel, die Belydenis van Belhar. Hierdie belydenis verwoord eenvoudig:

“Daarom verwerp ons enige leer wat of die natuurlike verskeidenheid of die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werkbare eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot ‘n aparte kerkformasie; wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë onversoenlikheid, wat ontken dat ‘n weiering om hierdie sigbare eenheid as kosbare gawe na te jaag sonde is; wat uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van ‘n kerk” (Du Toit, et al. 2002:81).

Die belang van die Belydenis van Belhar lê opgesluit in die feit dat dit die ervaring en gevoel van die wat onder apartheid gely het, verwoord het. Apartheid het verwond en die wat verwond is, het deur die Belydenis van Belhar gepraat. Nico Koopman (2009:66) verduidelik verder:

“The reconciliation that is confessed in Belhar reflects the two dimensions of reconciliation in Paulinic thought. Reconciliation as hilasmos has to do with the expiation of wrongs and stumbling blocks to atonement (at-one-ment). Reconciliation as katalasso refers to harmony in the relationship with the other. The reconciliation of Belhar has in mind the embrace that Miroslav Volf²¹ refers to, the embrace of different races, tribes, nationalities, socio-economic groups, genders, sexual orientations, age groups, “normal” and disabled people. There conciliation of Belhar pleads that stumbling blocks for peaceful living, for the embrace, be removed. Reconciliation therefore implies opposing injustices like racism, tribalism, xenophobia, classism, misogyny, homophobia, ageism and handicapism.”

Met *Kerk en samelewing* (1986) het die NG Kerk in ‘n groot mate gepoog om die vraag van Cottesloe te antwoord. Dit was hoegenaamd nie ‘n finale antwoord nie, tog was dit ‘n nuwe rigting aangesien nuwe klem op kerkeenheid geplaas word. Die kerk se deure word oopgestel, die Bybelse fundering van apartheid is verwerp en rasgemengde huwelike is nie langer as Bybels verbode verklaar nie (Van der Merwe, 2010:160). Du Toit, et al., (2002:91) beskryf dit as ‘n kompromisdokument, met die eise van naasteliefde, reg en geregtigheid, barmhartigheid, eerlikheid en menswaardigheid as norme neergelê.

Tydens die Rustenburg-beraad, ‘n beraad van belydenis, vra die NG Kerk om verskoning vir haar aandeel in apartheid. Prof. W.D. Jonker het tydens sy toespraak verklaar:

²¹ Volf (2009:171)

“I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economical and structural wrongs that have been done to many of you, and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also do that in the name of DRC of which I am a member and for the Afrikaner people as a whole. I have the liberty to do just that, because the DRC at its latest synod has declared Apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing itself from it long ago” (Van der Merwe, 2010:161).

Die belydenis was nie goedkoop nie, en so ook nie Desmond Tutu se vergifnis nie sê Alberts & Chikane (1992:92). Hierdie kosbare oomblik word vinnig geskend deur stemme uit alle oorde wat aanvoer dat prof. Jonker nie namens die NG Kerk om verskoning kon vra nie. Die NG Kerk het in 1986 begin om ‘n nuwe koers in te slaan. In 1990 tydens die Rustenburg-beraad is die NG Kerk se standpunt nog duideliker gestel. Die 1994-Sinode het die NG Kerk se erns oor die aangeleentheid bo alle twyfel gestel. Die NG Kerk was besig om gelouter uit die smeltkroes van apartheid te tree (Du Toit, et al., 2002:113).

Woensdag die 19de November 1997, sal altyd in die NG Kerk se annale uitstaan. Dit is die dag waarop die moderator ds. Freek Swanepoel, sy plek op die podium ingeneem het, voor die WVK. Die tyd het aangebreek volgens Meiring (2003:250) vir die NG Kerk in Suid-Afrika om die WVK van aangesig tot aangesig te ontmoet. Daar was ooreenstemming dat die NG Kerk iets behoort te sê, maar wat? Volgens Meiring (2003:254) was dit ‘n hartseer dag, want die NG Kerk kon dit nie regkry om vanuit ‘n verenigde mond te praat nie. Volgens hom sou dit ‘n getuienismoment in die NG Kerk se geskiedenis van die ware evangelie van vrede wees. Ongelukkig en betreurenswaardig het die NG Kerk hierdie geleentheid deur haar vingers laat glip. Nelson Mandela, asook Desmond Tutu, en ook die WVK het gehoop op die rol van die NG Kerk om die soeke na waarheid te onderneem in terme van dit wat gebeur het in die Suid-Afrikaanse samelewing. Om sodoende tot ‘n dieper verstaan van die konteks te kom, om ‘n brug te bou oor die seerkry van die verlede na ‘n nuwe toekoms gevul met versoening (Meiring, 2003:254).

Alhoewel die NG Kerk geantwoord het op die vraag van Cottesloe, gaan die Suid-Afrikaanse samelewing steeds gebuk onder verdeeldheid, armoede, rassisme en alle tipes ongeregtheid. Die NG Kerk vertoon self 'n uiters komplekse, pluriforme landskap wat eenheid en versoening betref. Kerkspieël, 'n nasionale sensusopname van die NG Kerk laat die volgende beeld van versoening en eenheid na vore kom, vanaf 1996 tot en met 2010 (Schoeman, 2010:137):

- Meeste predikante en kerkleiers toon aan dat sigbare eenheid belangrik is, maar hulle is egter onseker of die gemeentes daarvoor gereed is.
- Predikante en kerkleiers beklemtoon onafhanklike besluitnemingsprosesse oor kerkeenheid in samewerking met buurgemeentes.

Dit word duidelik dat daar 'n wesenlike probleem bestaan tussen teorie en praktyk in die NG Kerk met betrekking tot versoening en eenheid (Schoeman, 2010:137).

In Augustus 2006 word daar weer vir predikante en ook vir kerkleiers gevra of die NG Kerk gereed is vir versoening en eenwording. Die volgende opmerkings kan gemaak word volgens Schoeman (2010:138):

- Die meerderheid predikante en kerkleiers dui aan dat sigbare eenheid tussen die NG Kerk-familie 'n behoefte is.
- Daar is meer predikante as kerkleiers wat die Belydenis van Belhar sal aanvaar ter wille van die bevordering van kerkeenheid tussen die NG Kerk-familie. Die meerderheid kerkleiers is nie bereid om die Belydenis van Belhar te aanvaar nie.
- Predikante is meer gereed as kerkleiers om die Belydenis van Belhar as 'n persoonlike belydenis te aanvaar. Die meerderheid kerkleiers is nie bereid om die Belydenis van Belhar as 'n persoonlike belydenis te aanvaar nie.
- Predikante en kerkleiers beklemtoon onafhanklike besluitneming rakende kerkeenheid.
- Slegs 'n derde van predikante dui aan dat hulle aktief betrokke is by die bevordering van kerkeenheid in die NG Kerk-familie.

- Twee derdes van die predikante sê “ja” maar doen verder nie veel nie, of staan heeltemal apaties teenoor die proses van kerkeenheid. Dit blyk dat hierdie predikante die *status quo* versterk.
- Die vraag of rassisme op agendas van kerkvergaderings verskyn, word as volg beantwoord: die antwoorde van medenavorsers maak dit duidelik dat rassisme nie so ‘n groot probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing is nie, en daarom word dit nie beskou as ‘n prioriteit in kerkvergaderings nie.

Schoeman (2010:140) kom tot die volgende gevolgtrekking met die volgende aanhaling van Jansen (2009:35):

“The deeply rooted racial and social differences in the DRC and with its family cannot be ignored. The challenge is to deal with these differences in a constructive way when crossing the racial border. ‘The criticism still remains that the church is the only space in which the Afrikaners can be left alone to be white and Afrikaans without interference; they remain the only arena that is, in many cases, still all-white and all-Afrikaans in the new South Africa.”

Die aanvaarding van die tussenorde wat ruimte skep tussen die NG Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk (VGKSA) om eenheidstrukture tussen die twee kerke op te rig, deur middel van kerkordelike reëlings (Jackson 2017), was ‘n stap in die regte rigting. Hiervan is die verhaal, soos die een waarvan Jackson (2018) in *Kerkbode* berig, waar die twee, NG Kerk en VGKSA gemeentes in Bredasdorp, na 104 jaar op Pinkstersondag, 20 Mei 2018 een word, in skerp kontras met die vorige insidente van rassekonflik en -spanning.

Die impasse met betrekking tot die kerkherenigingsproses binne die NG Kerk-familie is tot vandag toe nog ‘n uitdaging, nadat die NG Kerk besluit het om nie haar belydenisgrondslag aan te pas, om sodoende die Belydenis van Belhar deel daarvan te maak nie (Jackson, 2016). Van der Merwe (2010:162) pleit dringend teenoor alle kerke in Suid-Afrika:

“It is time, ke nako²², to listen carefully, to look carefully, and to speak up, to take up the challenge to make South Africa a better place for all! By doing that, Cottesloe won't be a relic, but will be part of the living history of the church in South Africa.”

3.6. Versoening: ‘n Teologiese verkenning

Vervolgens, verken ek die teologiese landskap van die konsep versoening. Die bogenoemde uittreksels uit die SARB dui daarop dat die term “versoening” op verskeie maniere in die samelewing gebruik word. Die term word algemeen gebruik om te praat van ‘n persoonlike verhouding wat op een of ander manier skeef geloop het in ‘n huwelik, tussen familielede, tussen bure, kollegas of lede van ‘n bepaalde organisasie. In hierdie verhoudings word versoening beskou as ‘n noodsaaklikheid sodat die spanning en konflik opgelos kan word, sodat die verhouding weer kan floreer (Conradie, 2013:17, sien Meierhenrich, 2008:213).

In ‘n sosio-politieke konteks het versoening dikwels te make met die beskrywing van persepsies, houdings en gedragspatrone van individue of groepe veral teenoor ander sosiale groepe - dikwels sonder kennis of ervaring van die betrokke individue of groepe. Hierdie groepe word gedefinieer volgens sekere identiteitsmerkers, naamlik, ras, klas, geslag, taal, kultuur, nasionaliteit, godsdiens en ook seksuele oriëntasie (Meierhenrich, 2008:213). Conradie (2013:17-18) dui aan dat die term “versoening” in hierdie geval ‘n barometer word vir sosiale kohesie, om aan te dui hoe lede van die groeperinge mekaar respekteer, oor die weg kom, verdra of om openlike kontak met mekaar te vermy (Hughes, 2018:624).

In ‘n Christelike konteks word die volgende drie lae van betekenis bygevoeg (Conradie, 2013:18, sien Schreiter, 1992:42-58):

- Versoening met God na ‘n periode van vervreemding as gevolg van “sonde”. Dit word verstaan as ‘n gebroke verhouding met God.

²² ‘n Sotho frase wat beteken, dit is tyd.

- Versoening deur die een word met Jesus Christus in die liggaam van Christus, naamlik die kerk.
- Die bediening van versoening deur die Heilige Gees in die kerk en gemeenskap.

Die kritiese vraag natuurlik is, watter verband is daar tussen die term versoening soos dit binne die konteks van die kerk gebruik word en soos dit in die konteks buite die kerk gebruik word? Dit is van groot belang om hierdie teologiese, ekklesiologiese en sosiale lae van betekenis te begryp. Dit sal rampspoedig wees om hierdie drie lae van betekenis van mekaar te skei, maar dit sal net so problematies wees om die drie lae van betekenis met mekaar te verwar (Conradie, 2013:18; sien De Gruchy 2002:24).

Conradie (2013:18) verduidelik dat sommige 'n "deduktiewe" benadering kies wanneer daar nagedink word oor die konsep versoening. Die "deduktiewe" benadering fokus op versoening wat vanaf God beweeg tot by die bediening van versoening in die gemeenskap. Hay (1998:92) verwoord dit as volg

"According to this logic the fruits of reconciliation are dependent upon reconciliation with God, taking place in the innermost heart of the one who was lost and found. In the words of John Paul II 'But it has to be added that this reconciliation with God leads, as it were, to other reconciliations which repair the breaches caused by sin. The forgiven penitent is reconciled with himself in his innermost being, where he regains his own true identity. He is reconciled with his brethren whom he has in some way attacked and wounded. He is reconciled with the church. He is reconciled with a creation'."

Dit is duidelik met die deduktiewe benadering dat die bediening van versoening slegs moontlik is op grond van die versoening wat plaasvind in Jesus Christus. Die taak van hierdie bediening het nie bloot net te make om mense te help om met mekaar oor die weg te kom nie. Die fokus bly altyd op die versoening met God, slegs dan kan die diepste sosiale verdeeldheid en konflik opgelos word. Sonder hierdie, sal versoening

in die gemeenskap altyd vlak, misplaas en kwesbaar vir nuwe konflik wees (Conradie, 2013:19).

Die “induktiewe” benadering tot versoening behels situasies van sosiale konflik wat die beginpunt vorm vir multidissiplinêre refleksie. Teologiese interpretasies kan moontlike waardevolle bydraes lewer tot die refleksie, dit verdiep ook die verstaan van wat waarlik op die spel is. Teologiese interpretasies kan ook die kosmiese verwysingsraamwerk van persoonlike en sosiale verhoudings verbreed. Indien nie, dan help dit gelowiges om die sosiale konflik tussen mekaar te verwerk, dit beteken ook dat hierdie teologiese interpretasies beperk is tot gelowiges (Conradie, 2013:20).

Daar is wel gevaartekens vir albei benaderings volgens Conradie (2013:21). Ingebed in die sogenaamde deduktiewe benadering is die gevaar van abstrakte teologiese taal, die fokus op die kerk eerder as die behoeftes van die gemeenskap, die waarde van teologiese legitimiteit eerder as sosiale relevansie. Die gevare van die induktiewe benadering is self-sekularisasie, die redusering van die Christelike geloofsbelydenis tot een voorbeeld van ‘n godsdienstige affiliasie. Hierin lê die gevaar om sosiaal relevant te wees, sonder om enige duidelikheid aan te bied in antwoord op die situasie.

Conradie (2013:21) voer egter aan dat hierdie twee benaderinge nooit in stryd met mekaar moet wees nie, eerder ‘n wisselwerking, want die gevolgtrekking van die een kan die beginpunt vir die ander een wees.

3.6.1. Die verskillende gesigte van versoening in die samelewing

Soos voorheen in die studie vermeld, word die term versoening gebruik om te verwys na ‘n verskeidenheid verhoudings. Enige verhouding tussen twee individue is egter ingebed in ‘n komplekse netwerk van ander verhoudings, binne families, instellings, gemeenskappe en die wyer samelewing. Conradie (2013:24) merk tereg op dat dit

onduidelik is of dit enigsins moontlik is om konseptuele duidelikheid te verkry rakende die term versoening gegewe die verskeidenheid kontekste. Die volgende aanhaling verwoord my intuitiewe gevoel:

“... since the word ‘reconciliation’ is indeed used in all these contexts, it may be necessary to allow for some conceptual fuzziness instead of prematurely narrowing the scope of its usage” (Conradie, 2013:24).

3.6.2. Die dinamika van versoening

Dit is moontlik om ‘n analise te maak van logiese aspekte wat deel vorm van die dinamiese proses van versoening. Conradie (2013:27-42) bespreek ‘n gedetailleerde lys van aspekte in sy werk *Reconciliation as one guiding vision for South Africa* waarop ek nie nou gaan uitbrei nie, aangesien dit nie die fokus van die betrokke studie is nie. Hierdie gedetailleerde lys²³ help om te verstaan dat versoening ‘n proses is wat oor ‘n periode van tyd gebeur. Hay (1998:129-135) groepeer die aspekte binne die versoeningsproses saam onder die volgende:

- die fokus op die verlede;
- die impak wat dit op die hede het;
- en die skep van ‘n nuwe toekoms.

Conradie (2013:42-43) voer aan dat versoening nie verstaan moet word vanuit ‘n liniêre benadering nie. Die realiteit van versoening is veel meer kompleks.

Hierdie navorsing gaan die volgende aspekte binne die groter versoeningsproses in meer diepte ondersoek, aangesien dit my spesifieke vraagstelling dien:

²³ Dit sluit in onder andere, die aard van die voormalige verhouding, indien enige, dade van oortreding, strukturele geweld, konfrontering van die oortreding, konfrontering van die oortreder, verwagting van die slagoffer, skuldbelydenis, vergifnis (sien Conradie, 2013:27-42).

3.6.2.1. Onthou en benoeming

Enige daad van oortreding tussen individue of groepe impliseer 'n nadelige gevolg wat nooit ongedaan gemaak kan word nie. Hierdie nadelige gevolge is daarom gedeeltelik 'n funksie van die verganklikheid van die lewe, daar sal altyd 'n mate van daardie nadelige gevolge agterbly, ten spyte van berou en verantwoordelikheid aanvaar vir die gebeure. Conradie (2013:44) verduidelik waarom die term “deficit” gebruik word in hierdie konteks wat niks met finansies te doen het nie:

“it is used here by metaphoric extension precisely to indicate something that cannot be counted and therefore cannot be compensated in financial terms.”

In die konteks van langdurige konflik tussen groepe, word hierdie idee van 'n “deficit” nog meer kompleks. Die ekonomiese, sosiale en opvoedkundige impak van eeue se imperialisme, slawerny, kolonialisme en apartheid in Suid-Afrika het ongekende “deficit” geskep. Twee dekades na die oorgang tot 'n volwaardige demokrasie word hierdie nadelige gevolge nog die meeste deur die voorheen benadeelde mense gevoel. Conradie (2013:45) verduidelik dat hierdie nadelige gevolge net nog meer kompleks gaan raak, want hoe langer dit neem om strukturele ongeregtigheid aan te spreek, hoe moeiliker word dit.

Volgens Vellem (2013:113) is dit van belang om die verskil tussen herstel en die hantering van die nadelige gevolge te verreken. Herstel kan verstaan word as die aanspreek van die skade wat moontlik ongedaan gemaak kan word. Eers wanneer die skade herstel is, dan kan die nadelige gevolge aangespreek word, en op grond hiervan kan versoening moontlik wees. Herstel is dus die minimum standaard van geregtigheid, maar dit is nie voldoende vir versoening om plaas te vind nie. Boesak & De Young (2012:13) verwoord dit duidelik

“Reparation can never compensate for the experience of loss, suffering and humiliation of the victim.”

Dit is wel voor die handliggend dat daar sekere gevalle is waar ongeregthede nie ongedaan gemaak kan word deur dae van herstel nie. Dade van herstel kan vorme van vergoeding insluit. Restitusie word dikwels verstaan as dae van herstel en vergoeding. Dit wil sê restitusie behels die dae van herstel waarin gepoog word om ‘n regstelling te bewerk deur iets terug te gee aan die slagoffer.

3.6.2.2. Skuld en die belydenis van skuld

In Suid-Afrika wat vir jare verdeel is deur apartheidswetgewing, kan die rol van verhale vertel ‘n kragtige manier wees waardeur skuld erken word. Skuld word nie bloot net ontdek deur selfondersoek nie, dit is slegs deur die aanhoor van verhale van ander dat ‘n mens ontdek wat waarlik gebeur het.

In die 1980’s waarin die onstabiliteit van die sosiale en politieke sisteem van die apartheidsregering duidelik geword het, het gesprekke in teologiese kringe ontstaan na die idee van skuldbelydenis in Suid-Afrika. Die volgende vrae is daaruit geformuleer:

- Wie moet skuld bely?
- Hoekom?
- Tot watter mate?
- Aan wie?
- Wanneer?
- Waar?

Verskeie teoloë (De Gruchy, 2015; sien Meiring, 2017, 2007; Smit, 2016) het teruggegryp na die verhaal wat net ‘n paar jaar vantevore in Duitsland afgespeel het.

Hier was die werke van Dietrich Bonhoeffer van kardinale belang. Die volgende dokumente is met intensiteit bestudeer; Stuttgart Belydenis van Skuld van die Sinode van die Evangeliese Kerk in Oktober 1945 en die Darmstadt Verklaring van 8 Augustus 1947. Skuld is erken met die bekende Stuttgart verklaring (De Gruchy, 1989:34)

“... for not witnessing more courageously, for not praying more faithfully, for not believing more joyously and for not loving more ardently.”

Karl Jaspers (1946:45) onderskei tussen vier verskillende tipes skuld, naamlik kriminele skuld, politieke skuld, morele skuld en metafisiese skuld. Die WVK het hoofsaaklik kriminele skuld aangespreek. Die Suid-Afrikaanse diskoers van skuldbelydenis het hoofsaaklik geworstel met politieke en morele vorme van skuld. Skuldbelydenis is 'n term wat myns insiens in drie kontekste gebruik word, naamlik die NG Kerk, die Nasionale Inisiatief vir Versoening en binne die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK).

Die volgende lae van skuld en die belydenis van skuld word deur Conradie (2013:55-58) geïdentifiseer, naamlik:

- Veral blanke gelowiges in Suid-Afrika wat aktief deelgeneem het aan apartheid. Hierdie kategorie sluit egter ook die in wat die booshede wat die apartheidsregime veroorsaak het ignoreer, wat die skeiding tussen kerk en samelewing in stand gehou het.
- Hoofstroomkerke wat apartheid ondersteun het, aktief of bloot deur die self te skei op grond van ras deur stilbly, of deur nie waagmoedig genoeg te wees om die sisteem te weerstaan nie.
- Swart gelowiges wat die bitterheid teen die wat hulle onregmatig behandel en seergemaak het agter te laat.
- Die gewelddadige swart teen swart optrede in die Suid-Afrikaanse informele nedersettings moet ook gereken word.

- Die kerk het die geweldige verantwoordelikheid om skuld te bely nie net vir haarself nie, maar ook die skuld van ander. Wanneer die kerk bereid is om skuld te erken namens die wêreld, dan bestaan die moontlikheid van vergifnis.

3.6.2.3. Vergifnis

Vergifnis speel 'n noodsaaklike rol in die proses om tot verhaal te kom na die belewenis van die skending van 'n mens se menswaardigheid. Conradie (2013:58) verwoord dit as volg:

“In general, one may observe that something like forgiveness is necessary for a person to come to terms with the past in order to be liberated from feelings of vengeance and to be able to continue with her or his life with a view to the future.”

Die vraag bly altyd of dit moontlik is om “onvoorwaardelik” te vergewe? In die teologiese diskoers met betrekking tot versoening kan vergifnis slegs aangebied word, indien dit onvoorwaardelik is. Trisk (2015:80) verduidelik dat mense inherent eerder geneig is om wraak te neem, as om te vergewe, daarom is die proses van vergifnis letterlik om teen die grein van menswees in te gaan. Om waarlik bevry te word, is dit nodig om vergifnis vrylik aan te bied, of eerder glad nie. Trisk (2015:82) verduidelik dat dit nooit die reg van die oortreder is om vergifnis te versoek nie. Dit impliseer volgens Tutu (1999:220) dat berou en herstel nie as voorwaardes vir vergifnis voorgehou kan word nie. Inteendeel, dit is moontlik dat die ervaring van God se vergifnis, of die grootmoedigheid van die slagoffer se vergifnis, die oortreder tot berou bring (Conradie, 2013:62).

Dit word duidelik uit bogenoemde dat vergifnis altyd deel moet vorm van 'n groter narratief, 'n proses (Foster, 2016:1). Vergifnis het altyd 'n oop-einde, dit is 'n daad van moed en behels die neem van risiko's, aangesien die respons van die ander party nooit gewaarborg is nie. Vergifnis moet ook op die presiese regte moment aangebied

word, nooit te gou nie, en nooit te laat nie (Conradie, 2013:64). Trisk (2015:81) verwoord dat vergifnis nooit gelykgestel moet word aan om te vergeet nie. Vergifnis vra juis die teenoorgestelde, om te onthou

“... it is important to remember, so that we should not let such atrocities happen again” (Tutu, 1999:271).

Net soveel as wat vergifnis te make het met die onthou van die verlede, net soveel het vergifnis te doen met die toekoms. Daar is ongetwyfeld bevryding in vergifnis volgens Trisk (2015:83).

3.6.2.4. Versoening, Restitusie en Geregtheid

In Suid-Afrika is die teologiese diskoers van versoening veral gefokus op die gevare van “goedkoop” versoening. En dit word as volg verwoord deur Nürnberger & Tooke (1988:87):

“However, reconciliation which serves to conceal or play down injustices, which condones the abuse of power at the expense of others, which appeases the wronged party, which serves to avoid the suffering necessary for the restoration or development of just relationships, or which assigns to one party more of the benefits and to another more of the sacrifices is a fraud and stands condemned in the eyes of God and human morality. It will make no contribution to the resolution of conflict and undermines the credibility and effectiveness of the church’s message of reconciliation in society.”

Volgens hierdie aanhaling is dit duidelik dat daar ‘n sterk verband tussen versoening en geregtigheid bestaan. Hierdie verhouding vind uitdrukking veral in die derde en vierde artikels van die Belydenis van Belhar, waar beide geregtigheid en versoening beklemtoon word. Dit word ook duidelik vanuit die subtitel van John De Gruchy (2002) se boek met die titel *Reconciliation, Restoring Justice*, versoening beteken die herstel

van geregtigheid; “restorative justice”. Vele bly skepties oor die spanning wat steeds gevind kan word ten opsigte van die werk van die WVK en die realiteit van die lewe in Suid-Afrika, waar ekonomiese ongelikheid hoogty vier. Boesak & De Young (2012) voer aan dat die term versoening slegs gehandhaaf kan word indien “goedkoop” versoening in kontras gebring kan word met “radikale” versoening.

Binne hierdie konteks word die noodsaaklike rol van restituisies erken. Volgens Conradie (2013:69) is dit belangrik om te onderskei tussen herstel en restituisie.

“Reparation refers to the need to give back what can be given back, or to offer compensation for what cannot be given back” (Conradie, 2013:69).

Hierdie is ‘n minimum vereiste vir geregtigheid, asook vir versoening om plaas te vind. Indien herstel nie plaasvind nie, kan versoening nie bewerkstellig word nie. Dit is dan ook nie moontlik om in hierdie konteks vergifnis aan te bied, sodat ‘n verbreekte verhouding herstel kan word deur wedersydse respek nie:

“... restitution then refers to ways of addressing the lasting deficit once the need for reparation and compensation has been addressed” (Conradie, 2013:70).

Hierdie geregtigheid sluit in vorme van herstel wat minder tasbare aspekte aanspreek soos menswaardigheid, persoonlike status, algemene herinneringe, geleentede en deelname. Volgens Conradie (2013:70) is dit dikwels moeilik om te onderskei tussen herstel, vergoeding en restituisie en daarom is dit later nie meer duidelik oor wat teruggegee kan word en aan wie dit gegee moet word nie. Snyman (2012:49) definieer restituisie as volg:

“Restitution involves seeking to set right the generational ills of inequality by engaging those who have benefited from the system directly or indirectly, in transferring wealth and social capital and reinvesting in communities that still suffer from the past’s grim legacy.”

Die volgende strukturele ongeregthede moet aangespreek word, vir die onthalwe van “nasionale versoening”, maar natuurlik op verskillende maniere en oor verskillende tydsraamwerke heen:

- die behoefte aan ‘n meer regverdige verdeling van grond onder die mense van Suid-Afrika;
- die behoefte aan ‘n vorm van behuising vir alle Suid-Afrikaners, om sodoende die moontlikheid van ‘n gesinslewe te herstel;
- die beskikbaarheid van vars water en sanitasie vir inwoners van hierdie land;
- die beskikbaarheid van basiese kosprodukte teen bekostigbare prys;
- die beskikbaarheid van primêre gesondheidsorg vir Suid-Afrikaners;
- die beskikbaarheid van primêre opvoedkundige geleenthede vir Suid-Afrikaners
- die behoefte aan regstellende aksie met betrekking tot aanstellings om sodoende die demografie van die land voor te stel;
- die behoefte aan simboliese vorme van restitusie, om sodoende die onderliggende spanning wat sosiale kohesie ondermyn aan te spreek.

Hierin speel profetiese verbeelding en visonêre leierskap ‘n noodsaaklike rol (Conradie, 2013:75).

3.7. ‘n Gevolgtrekking van versoening deur ‘n kerklike en teologiese lens

Na aanleiding van die bogenoemde verkenning van versoening, volstaan ek met hierdie kernelemente van versoening, soos deur Schreiter verwoord in sy boek getiteld *Reconciliation, Mission & Ministry in a Changing Social Order* 1992:59-62:

1. God inisieer en bring versoening tot stand

Mense is nie in staat om vanuit 'n posisie van slagoffer of oortreder nuwe narratiewe te skep waardeur die skade van die verlede, soos in die Suid-Afrikaanse samelewing, te oorkom nie. Alhoewel mense met hulle lewe aangaan, word hulle nooit vrygespreek en losgemaak van die verlede nie. Die trauma van die verlede sit nog diep in die psige van Suid-Afrikaners. Die nuwe strukture wat opgerig word, in die plek van die ou strukture van ongeregtheid, is nooit regtig reg nie. Sodoende word my aandag opnuut gevestig op die Een wat versoening inisieer en ook tot stand bring.

2. Versoening is 'n spiritualiteit, en nie 'n strategie nie

Die versoeningsproses is nie 'n tegniese, probleemoplossende rasionaliteit nie. 'n Teologiese verstaan van die versoeningsproses word gebou op 'n spiritualiteit, waarbinne 'n visie van die wêreld gevorm word met God as die Een wat versoening in hierdie wêreld moontlik maak. Daarom word versoening ontdek, en nooit bereik nie. Vanuit God se versoenende optrede in die mens se persoonlike lewe en ook in die gemeenskappe waarbinne die mens leef, word die bediening van versoening gebore. Versoening word 'n manier van lewe, nie meer net take wat afgehandel behoort te word nie. Versoening is nou 'n roeping, 'n voortdurende roeping om weer en weer deel te word van die bediening van versoening.

3. Versoening maak die slagoffer en ook die oortreder nuwe skepsels

Versoening gaan oor veel meer as bloot die regmaak van dit wat verkeerd is, en om berou te toon oor dit wat verkeerd is. Natuurlik, is dit uiters belangrike aspekte van die versoeningsproses. Die nuwe skepping is ook van kardinale belang. Versoening maak dit moontlik om na 'n ruimte geneem te word waar niemand nog voorheen was nie. Dit is volgens Schreier (1992:61) van groot belang, want die slagoffer asook die oortreder het dikwels 'n bepaalde uitkoms in gedagte, waar daar hoofsaaklik op die transformasie van die oortreder gefokus word. Maar die versoeningsproses transformeer beide oortreder en slagoffer tot 'n nuwe skepsel.

4. Die narratief van Jesus Christus se kruisiging, dood en opstanding staan sentraal tot versoening

Die kruis van Jesus Christus staan sentraal tot versoening. Dit mag nie beskou word as 'n vorm van patriargale sadisme nie, maar eerder as 'n daad van diepe solidariteit met die lyding van die mensdom (Schreiter, 1992:61). Die gewelddadigheid van die kruisiging ontmoet die gruwelddade van die lewe waarin mense leef. Die kruis daag die magte van hierdie wêreld uit, soos Schreiter (1992:61) verwoord:

“That is most evident in reconciliation itself, where those who are weak, broken, and oppressed show the way to those who had wielded power.”

5. Versoening is 'n multidimensionele realiteit

Versoening behels nie alleenlik God se versoenende optrede nie. Versoening vra ook dat daar rekening gehou moet word met die:

“otherness and the alienation that situations of violence and oppression have created” (Schreiter, 1992:62).

Die vra vir tye van weeklaag en ook die genesing van herinneringe. Dit bestaan uit 'n ontwykende kosmiese dimensie waarvoor die mens maar net vaagweg begrip het. Radikale versoening is daarom 'n ontwykende misterie, 'n droom wat nie nou bewaarheid kan word nie. In teologiese diskoerse: 'n eskatologiese realiteit. Die realiteit in die gewone menslike lewe, ook in gelowige gemeenskappe is dikwels totaal anders. Dit is juis die kontras tussen die realiteit en die eskatologiese realiteit wat die bron van hoop is, inspirasie en toewyding meebring om deel te neem aan hierdie voortdurende proses van versoening, te midde van vyandskap en strukturele geweld (Conradie, 2013:78).

3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk het ek Osmer (2008:4) se beskrywende-empiriese taak onderneem, met die gepaardgaande vraag: wat gaan aan en wat is besig om te gebeur in Suid-Afrika met betrekking tot versoening? Die navorsing het ondersoek ingestel na die twee breë, gelyklopende prosesse met betrekking tot versoening in Suid-Afrika. Eerstens, die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasie wat begin het in 1994. Tweedens, die teologiese diskoers oor die identiteit en roeping van die NG Kerk in hierdie veranderde samelewing. Beide hierdie prosesse speel 'n wesenlike rol in die keuses wat Suid-Afrikaners en lidmate van die NG Kerk in die toekoms sal moet maak oor die toekomsverhaal (Cronje, 2017:27) vir hierdie land.

Die belangrikste fokuspunte vir hierdie bepaalde studie na aanleiding van die bestudering van die *South African Reconciliation Barometer* as 'n bepaalde lens rakende versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, is as volg:

- Die beklemtoning van nasionale eenheid en nasiebou in die eerste paar jaar van die SARB opname, teenoor die fokus op daadwerklike radikale ekonomiese- en strukturele- en geografiese geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.
- Die onbetrokkenheid van blanke Suid-Afrikaners by die versoeningsproses in persoonlike hoedanigheid, maar ook andersins.
- Aanvanklik het leierskap 'n positiewe bydraende rol tot die versoeningsproses gelewer, maar vanaf 2005 tot en met 2017 is daar 'n daadwerklike en ook dramatiese afname in vertrouwe wat in leierskap geplaas word om versoening te bevorder. Leiers word beskou as onbetrokke en ook traak-my-nie-agtig, het geen deernis met mense wat in haglike omstandighede 'n lewe probeer maak nie.
- Vanaf die verkennende SARB opname in 2003 tot en met 2017 word aangedui dat daar min tot geen sosiale interaksie tussen mense van verskillende

etnisiteite bestaan, wat problematies is tot die bevordering van versoening, aangesien dit 'n ruimte is waar vertrouwe gekweek word.

- Vanaf 2005 tot en met 2017 word beklemtoon deur die SARB opname dat kerke en die openbare media, die enigste twee instansies is, wat eerlike dialoog kan fasiliteer aangaande versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing.
- 'n Kommerwekkende bevinding is dat daar te veel mense in Suid-Afrika nog dink, veral blanke mense, dat Apartheid geen misdaad was nie.
- Vanaf 2008 tot en met 2017 is die land op haar weerlooste, in terme van geweld, die onstabiele ekonomiese omstandighede, werkloosheid, gebrekkige leierskap, Xenofobiese geweld, gewelddadige diensleweringbetogings.
- Dit blyk veral uit die laaste vier opnames dat versoening 'n wollerige begrip is, wat nog nie grond gevat het in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Die opname van 2014 stel dit duidelik, Mandela is dood, nou is dit tyd vir drastiese optrede en transformasie.

Die landskap wat geskets word deur hierdie bevindinge is kommerwekkend. Ek het tot die besef gekom, dat die versoeningslandskap die afgelope paar jaar dramaties verander het, en dat die land volgens hierdie beeld, haarself op 'n baie donker plek bevind.

Deur die verkenning van die kerklike en teologiese landskap van versoening, volstaan ek met die volgende sleutelemente van versoening, naamlik: 1) God inisieer en bring versoening tot stand; 2) Versoening is 'n spiritualiteit, en nie 'n strategie nie; 3) Versoening maak die slagoffer en ook die oortreder nuwe skepsels; 4) Die narratief van Jesus Christus se kruisiging, dood en opstanding staan sentraal tot versoening en 5) Versoening is 'n multidimensionele realiteit.

Vervolgens, fokus ek nou op die NG Kerk en die viering van die liturgie deur middel van 'n kritiese bespreking van James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo*

Liturgicus as 'n beginpunt vir 'n teologie en praktyk van die erediens ter bevordering van versoening in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 4

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK: VIERING VAN DIE EREDIENS

‘n Kritiese bespreking van James K.A. Smith se Homo Liturgicus as vertrekpunt vir ‘n teologie en praktyk van die erediens soos dit gevier word in die NG Kerk, met die spesifieke fokus tot die bevordering van versoening binne die Suid-Afrikaanse konteks.

4.1. Inleiding

Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 1 gestel word, vra:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Die vraag vra ten diepste op watter wyse die erediens soos dit gevier word in die huidige Suid-Afrikaanse konteks binne die NG Kerk ‘n diepgaande invloed op ‘n persoon, asook ‘n gemeenskap se ontwikkeling kan hê, met betrekking tot die bevordering van versoening? Hiermee roep ek die vorige hoofstuk in herinnering, waardeur aangedui is dat die konteks in Suid-Afrika uiters kompleks is en so ook die begrip versoening. Hierdie navorsingsvraag aanvaar dat die erediens ‘n formatiewe rol speel ten opsigte van individue, asook gemeenskappe.

Anderson (2003:113) verwoord hierdie veronderstelling as volg:

Ten eerste word Christelike liturgieë gelyktydig beskou as konstituerend en normatief vir die vorming en uitdrukking van ‘n Christelike lewenswyse, selfs wanneer die norme omstrede is. Tweedens, liturgiese kategetiek, as ‘n praktyk van die kerk verbind die verlede, die hede en die toekoms tot ‘n betekenisvolle liturgiese aksie. Derdens,

liturgiese kategese as 'n betekenisvolle, strategiese aksie, is 'n praktyk van die gelowiges van 'n geloofsgemeenskap. En laastens, liturgiese kategese as strategiese ekklesiologiese praxis soos dit beoefen word tydens Christelike aanbidding is nie instruksies vir liturgiese deelname nie, en ook nie kritiese refleksie oor liturgiese deelname nie, dit is 'n formatiewe praktyk in eie reg.

Hierdie hoofstuk het dus ten doel om ondersoek in te stel na die wyse waarop hierdie formasie plaasvind, en dan spesifiek met betrekking tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika. Om hierdie vraag te beantwoord wend ek my na James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* en vervolgens vind 'n kritiese bespreking plaas van sy werk as 'n vertrekpunt vir die teologie en praktyk van die erediens soos dit gevier word in die NG Kerk, met spesifieke fokus tot die bevordering van versoening binne die Suid-Afrikaanse konteks.

4.2. Die Christelike filosofiese antropologiese begronding

Hierdie hoofstuk berus tot 'n groot mate op James K.A. Smith (2009:40) se alternatiewe filosofiese antropologie wat menswees ten diepste verstaan as liturgies van aard, dit beteken dat mense ten diepste begerende wesens is. Volgens Smith (2016:2) in sy boek getiteld *You are what you love* is mense dit waarvoor hulle lief is, en mense se liefde word gevorm, voorberei en gerig deur liturgiese praktyke wat mense se diepste binnestes aangryp. Op grond hiervan verklaar Smith (2009:4)

“So we are not primarily homo rationale or homo faber or homo economicus; we are not even generically homo religiosus. We are more concretely homo liturgicus; humans are those animals that are religious animals not because we are primarily believing animals but because we are liturgical animals – embodied, practicing creatures whose love/desire is aimed at something ultimate.”

Die sleutelvrae vir Smith (2016:3), is:

Wat is mense?

Watter tipe wesens is mense?

En waarvoor is mense geroep?

Daar is verskeie kompeterende modelle wat deur die geskiedenis gebruik is om op filosofiese, antropologiese, psigologiese, ekonomiese en teologiese maniere die mens te definieer en te verstaan.

4.2.1. “Ek dink, daarom is ek”: Die mens as rasonele denker

‘n Dominante model, so oud soos Plato self, maar herskep deur Descartes en gekweek regdeur die moderne era, sien die mens fundamenteel as ‘n rasonele denker. Hierdie filosofiese antropologie beteken dat die mens essensieel verstaan word as ‘n logiese verstand en bewussyn – soms en tydelik beliggaam, maar nie essensieel nie (Smith, 2009:42). Hierdie sienswyse van die mens beklemtoon die dominante en kragtige beeld van die mens as fundamenteel ‘n denkende wese – ‘n kognitiewe masjien wat deur gedagtes en rasonele bedrywighede gekenmerk word (sien Lindbeck, 1984:16).

Alhoewel hierdie model verskeie vorme aangeneem het regdeur die moderne era, is hierdie model tog deur die Protestantse geloofsgemeenskappe geabsorbeer en het dit veroorsaak dat daar baie klem geplaas is op die intellektuele verstaan van wat Christenskap behels (Smith, 2009:42). Johan Cilliers (2009:1) verduidelik dit as volg:

“Protestant worship services are sometimes so inclined to be centred on the act of (cognitive) preaching, and that the latter deteriorates into a lecture with mere liturgical addenda.”

Hierdie aanneming van die rasonale, kognitiewe antropologie het bygedra daartoe dat Protestantse aanbidding hoofsaaklik fokus op die “boodskap” wat oorgedra word. Die gevolg hiervan volgens Smith (2009:42) is die verskerpte fokus op dogmas en idees, en daarom gebruik kerke rasonale argumente, doktrines en teorieë om gelowiges te vorm.

‘n Klemverskuiwing is wel sigbaar in teologiese kringe volgens Houtman & Meyer (2012) in *Things: Religion and the question of materiality*, blyk dit noodsaaklik te wees vir geloof om konkreet bemiddel te word om enigsins teenwoordig, sigbaar en tasbaar in hierdie wêreld te wees. Hierdie klemverskuiwing van geloof na praxis, van idees na materie, daag die huidige moderne ruimte van godsdiens uit om ook van ruimte te verwissel, vanaf die individuele private sfeer na die publieke sfeer (Strijdom, 2014:1). Lefebvre (1991:410-411) sê:

“Space is becoming the principal stake of goal-directed actions and struggles ... it has now become something more than the theatre, the disinterested stage or setting, of action ... its role is less and less neutral, more and more active, both as instrument and as goal, as means and as end.”

4.2.2. “Ek glo om te verstaan”: Die mens as gelowige

Die Gereformeerde tradisie het gevolglik sterk teenkanting gebied op die bogenoemde reduksionistiese manier waarop die mens verstaan word, aangesien die ryk en komplekse aard van die mens as persoon nie in ag geneem word nie. Verder is kritiek gelewer op grond van die feit dat geloof die basis is waaruit denke gestimuleer word, rasonale denke is nie ‘n neutrale, objektiewe aktiwiteit opsigself nie, dit is eerder ‘n beliggaming van vertrouwe deur geloof in die wêreld (Smith, 2009:43). So, voordat die mens rasonale denkers is, is mense gelowiges en voordat die mens rasonale verduidelikings rakende die wêreld kan maak, is die aanname dat die mens se wêreldbeskouing alreeds gevorm is deur geloof.

Hierdie alternatiewe filosofiese antropologie skets die mens nie fundamenteel as rasonele masjiene nie, maar eerder as gelowige wesens. Dit beteken dat mense gedefineer word, nie primêr deur wat hulle dink nie, en ook nie uitsluitlik deur wat hulle glo nie. Volgens Smith (2009:43) skuif die essensie van die mens van 'n meer abstrakte, liggaamlose wêreld van idees na 'n pre-rasonele vlak van verpligtinge wat meer in voeling met die mens self is.

Lindbeck (1984:16) verwoord hierdie filosofiese antropologie as 'n "ervarings-ekspressiewe" benadering waardeur dogmas as simbole of innerlike gevoelens of houdings geïnterpreteer word. In die 1950's het "kreatiewe liturgieë" die fokuspunt geword, en in 1970 het die ontwikkeling van kontemporêre aanbidding opgang gemaak.

Smith (2009:44) spreek die volgende kritiek uit teen hierdie geloof gebaseerde antropologie uit:

- Alhoewel hierdie model weg beweeg van die naiewe fokus op idees, verskuif die botsing van idees net 'n vlak afwaarts, na botsing van geloofsoortuigings. Volgens Smith (2009:44) is hierdie semantiese skuif steeds nie genoegsaam om die volle diepte en kompleksiteit van die mens te artikuleer nie.
- Smith (2009:44-45) voer aan dat hierdie model ook steeds funksioneer vanuit 'n liggaamlose, individualistiese skets van die mens. Die geloofsoortuigings wat die persoon rig is steeds losstaande van die liggaam, met min tot geen liggaamlike kontak.

Gesamentlik dien hierdie kritiek van Smith (2009:45) teen die model van die persoon as gelowige en dui daarop dat dit steeds 'n reduksionistiese beeld gee van die persoon.

4.2.3. “Ek is waarvoor ek lief is”: Die mens as minnares

Smith (2009:46) het beide bogenoemde modelle as reduksionisties beskryf, daarmee bedoel hy dat die modelle faal om die kompleksiteit en die rykheid van die holistiese mens weer te gee. In teenstelling met die bogenoemde modelle, beklemtoon Smith (2009:47) dat daar ‘n filosofiese antropologiese model nodig is wat ‘n nie-reduksionistiese verstaan van die mens weergee, as liggaamlike agente van begeerte en liefde. Hierdie Augustiniaanse-model van die mens bied weerstand teen die beklemtoning van rasionaliteit; en verskuif die middelpunt van die identiteit van die mens, vanaf die kop na die *kardia*.

Babin & Iannone (1991) se boek getiteld *The New Era in Religious Communication* voer aan dat tot en met voor die ontwikkeling en ontstaan van die drukpers, alle godsdienstverwante instruksies hoofsaaklik regterbrein geïntendeerd was. Onderrig in die kerk het plaasgevind deur gebruik te maak van beelde, ikone en morele dramaopvoerings, die Bybel is beeldend uitgebeeld en die kerke was vol daarvan. Na aanleiding van die ontwikkeling en die ontstaan van die drukpers, het daar ‘n verskuiwing in die kerk plaasgevind, daar is al hoe meer op die linkerbrein boeke kennis gefokus. Babin & Iannone (1991) het gepleit vir ‘n nuwe era van religieuse kommunikasie wat die holistiese mens in ag neem. Dit vra vir die gebruik van teks en prente, woorde en beelde, poësie en ook skeppende kunste. Die punt wat Smith (2009:47) beklemtoon is die manier waarop die mens in hierdie wêreld is, is nie primêr as denkers of gelowiges nie, maar as gevoelsmatige, beliggamde wesens.

4.2.3.1. Bedoeling: Liefde se gerigtheid

Hierdie model van Smith (2009:47) soos verwoord in sy werk *Desiring the Kingdom, Worship, Worldview and Cultural Formation* werk met die veronderstelling dat die mens as persoon doelgerig is, teenoor die mens as statiese houers gevul met idees of oortuigings. Hierdie manier van dink oor die mens as persoon beklemtoon dat om in-die-wêreld-te-wees altyd gekenmerk word aan ‘n dinamiese oriëntasie wat gerig is

op die wêreld as die objek van die mens se bewussyn. Wanneer Smith (2009:48) die mens as doelgerig bestempel, dan veronderstel dit dat daar 'n teiken of 'n objek is, waarheen daar gemik word (sien Figuur 1). Hierdie idee staan sentraal in Husserl se fenomenologie naamlik dat die bewussyn altyd die bewussyn *van* is, in teenstelling met Descartes, kan die mens nie net dink nie, die mens dink noodwendig *aan* iets (Tassone, 2017:2). Die sentrale uitgangspunt van Husserl is dat die liggaam juis nie bloot 'n uitgebreide fisieke substansie van die brein is nie. Die liggaam is 'n lokus van kenmerkende soorte belewenisse en ook 'n samehangende sisteem van bewegende moontlikhede wat dit moontlik maak om elke belewenis van die praktiese-perseptuele lewe te ervaar. Volgens Smith (2009:48) beteken dit dat die mens nie

“... the sort of creature that can be diagramed with a dot or an ‘X-marks the spot’; rather, because of this dynamic, intentional nature of our being, the first move is to sketch the human person as an arrow that intends the world or aims at the world.”

Die fenomenologiese tradisie, wat strek tot by Augustinus van Hippo, identifiseer verskillende maniere waarop die mens met verskeie bedoelinge in-die-wêreld kan wees, byvoorbeeld 'n mens kan *dink* aan 'n vriend, of jy kan 'n persoon *waarneem*, 'n persoon kan 'n vriend *onthou*. In sommige vreemde gevalle kan 'n persoon tot *bang* wees vir iemand, of 'n persoon het iemand *lief*. Al hierdie bogenoemde voorbeelde is verskillende maniere van met bedoeling in-die-wêreld wees, verskillende modusse van intensionaliteit (Smith, 2009:49).

Op hierdie punt van bespreking, bevind ek my op die terrein van 'n sleuteldebat in die veld van fenomenologie tussen Husserl en Heidegger (sien Heidegger, 1966:41-42) rakende watter modus van intensionaliteit fundamenteel tot menswees is. Heidegger argumenteer dat Husserl – in Descartes se voetspore volg – deurdat hy die mens hoofsaaklik as kognitiewe en rasonele wesens beskou en daarom in-die wêreld is deur middel van die modus van dink en waarneem. Heidegger het hierdie manier van argumenteer as reduksionisties gesien, aangesien Husserl die diepte en kompleksiteit van die geleefde ervaringe van mense tot blote waarneming en kognitiewe gedagtes

gereduseer het, en daarom die wêreld sien as die versameling van “objekte” (Smith, 2009:49).

Hierteenoor, argumenteer Heidegger dat die mens nie *dink* oor die wêreld van objekte nie, maar eerder *betrokke is* as rolspelers. Die wêreld is die milieu waarin die mens woon en werk en leef, eerder as ‘n prent waarna mense kyk as veraf observeerders. Daarom verklaar Heidegger dat *omgee* die mees oorspronklike modus is waarop die mens intensioneel in-die-wêreld is. Horrigan-Kelly et. al. (2016:3) maak dit duidelik dat Heidegger se struktuur van omgee uitdruklik bekend maak dit wat van meeste belang is vir die mens. Hiermee, maak Heidegger (1966:227) ‘n kritiese en fundamentele skuif, hy beweeg die sentrum van die mens van die kognitiewe na die nie-kognitiewe – van die kop na iets soos die hart – van die serebrale streke van die brein, na die meer affektiewe streke van die liggaam. Heidegger verklaar:

“I don’t think my way through the world, I feel my way around it” (Smith, 2009:50).

Hiermee verwoord Heidegger ‘n alternatiewe filosofiese antropologie van die mens (sien Smith, 2009:50). Smith (2009:50) voer aan dat hierdie model soos deur Heidegger verwoord word, nog ‘n tree verder gevoer behoort te word. Augustinus (1996) se *Teaching Christianity* word deur Heidegger uitgedaag, op ‘n sorgelyk wyse as wat Heidegger vir Husserl gekritiseer het, om nie te skik vir die generiese idee van omgee as fundamentele modus van bedoeling nie. Augustinus argumenteer dat die mees fundamentele modus van bedoeling in hierdie wêreld *liefde* is (Smith, 2009:50). Mense is oorspronklik en essensieël agente van liefde, wat die vorm van begeerte of verlange aanneem. Smith (2009:51, sien Olthuis, 2001:68-70) verklaar:

“To be human is to love, and it is what we love that defines who we are.”

In hierdie geval word daar nie van alledaagse liefde, of selfs die liefde vir 'n geliefde gepraat nie, hier het dit te make met *fundamentele* liefde – dit waartoe mense fundamenteel georiënteerd is, dit wat die uiteindelijke strewe na die visie van die goeie lewe dryf, dit wat die in-die-wêreld wees vorm. Volgens Smith (2009:51) is liefde 'n strukturele wesenskenmerk van die mens, dit is nie maar net 'n karaktereienskap van passievolle mense, of romantiese mense of selfs sekere godsdienstige mense nie.

Belangrik om in ag te neem, net omdat die mens bedraad is om lief te hê, beteken nie dat almal dieselfde dinge lief het nie. Albert Wolters (1985:72-95) verduidelik dat die struktuur van liefde verskillende rigtings kan inslaan, wat beteken dat liefde ook misplaas kan word. Dit hang alles af van die manier waarop die liefde gerig word. Hierdie gedagte herinner aan die Heidelbergse Kategismus (1982:41) Sondag 3, Vraag 8, wat lui:

“Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?”

Die liefde van die mens kan in verskillende rigtings gemik word, en hierdie verskillende rigtings is waardeur die mens gedefinieer word as individue en as gemeenskappe (Smith, 2009:52).

In die Suid-Afrikaanse konteks het die versoeningskoon Nelson Mandela (1995) in sy outobiografie *Long Walk To Freedom* vanuit 'n politieke perspektief 'n soortgelyke opmerking gemaak:

“No one is born hating another person because of the color of his skin, or his background, or his religion. People must learn to hate, and if they can learn to hate, they can be taught to love, for love comes more naturally to the human heart than its opposite” (Mandela, 1995:622).

Vir die Suid-Afrikaanse konteks wat versoening aan betref, het hierdie alternatiewe filosofiese antropologiese benadering verrykende gevolge. In 'n samelewing waar rassehaat steeds hoogty vier, word individue en gemeenskappe steeds in 2019 geken by uitstek aan homogeniteit. In hierdie betrokke geval wys dit duidelik dat die rigting van die liefde ook misplaas kan word, soos in die geval van rassisme in Suid-Afrika.

Cilliers (2009:511) roep 'n toneel uit die briljante Sweedse film *As it is in heaven* na vore om hierdie bogenoemde argument te bevestig. Die predikant se vrou beskuldig die kerk daarvan dat hulle sonde op 'n baie spesifieke wyse verstaan om sodoende die kerk se werksaamhede te beskerm. Sy konfronteer haar man openlik en erken aan hom dat sy van mening is dat die liturgie 'n hulpmiddel geword het om die idee van sonde, asook mense se skuldgevoelens te bly manipuleer, om sodoende in beheer te bly en daardeur mag te bly beoefen. In effek protesteer sy teen die liturgie wat mense tot slawe maak, eerder as om hulle te bevry. Sodoende pleit sy vir 'n fundamentele hervorming van die liturgie, om sodoende 'n liturgie te word wat waarlik die gawe van lewe vier, "as it is in heaven".

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die dalende getalle van mense wat nog gereeld eredienste bywoon goedge dokumenteerd volgens Hendriks (2003:1-26). Dit is duidelik dat liturgiese vernuwing en hervorming weereens 'n belangrike agendapunt geword het. Cilliers (2009:512) bewoerd dit eerder as 'n teologiese hervorming van die liturgie, om sodoende enige misverstande uit die weg te ruim.

Die kritieke vraag dus: hoe word die rigting van die liefde verander? Hierdie vraag bring my dan by die tweede element van die model (sien Figuur 1).

4.2.3.2. Teleologie: Liefde se teiken

Deur te sê dat die mens dinamiese intensionele wesens is, behels ook 'n tweede karaktereienskap: die mens as *teleologiese* wese. Die mens se liefde is altyd gerig op verskillende doelwitte of objekte, in Grieks *teloi*. Die veronderstelling volgens Smith (2009:52) is dat die liefde van die mens inherent gerig is op 'n doel, 'n *telos*. In ander woorde

“... what we love is a specific vision of the good life, an implicit picture of what we think human flourishing looks like” (Smith, 2009:52, sien Taylor, 2007:16).

In James K.A. Smith (2016:10) se boek getiteld *You are what you love* verduidelik hy menswees aan die hand van 'n reis. Om te leef is om 'n onbewustelike reis te onderneem onderweg na 'n persoon se droom eindbestemming. Hierdie plek, waarheen elke mens onbewustelik na strewende word deur antieke filosowe genoem die *telos* – die mens se doel, die eindbestemming. Smith (2016:11) beklemtoon dat hierdie *telos* nie iets is wat 'n persoon kan ken of uitdink nie, dit is veel eerder 'n begeerte, iets waarna daar gesmag word. Dit is nie 'n ideaal wat uit bepaalde idees bestaan nie, dit is eerder 'n visie van die “goeie lewe” wat die mens begeer. Deur die mens se verbeelding word 'n beeld van 'n florerende lewe geskets, 'n vae tog aanloklike idee van waar ware geluk gevind kan word. Hierdie skets van 'n florerende lewe bestaan uit verskillende komponente, onder andere, hoe goeie verhoudings lyk, wat 'n regverdigte ekonomie behels, verdeling van hulpbronne, watter soort sport en aktiwiteit waardevol is, in watter verhouding 'n mens tot die natuur staan, watter beroep van belang is, hoe florerende families daaruit sien en soveel meer. Om mens te wees volgens Smith (2016:11) is om die koninkryk te begeer – 'n koninkryk. Smith (2016:11) gebruik spesifiek die begrip koninkryk om duidelik te verwoord dat hierdie nie bloot 'n private Eden – 'n persoonlike nirvana – is nie, maar 'n *sosiale visie* van hoe die samelewing behoort te lyk.

Van besondere belang vir hierdie studie is om ook te beklemtoon dat daar vele koninkryke begeer word, wat ongelukkig nie die fokus plaas op 'n florerende lewe vir almal nie, onder andere rassisme, populisme, kolonialisme, kapitalisme en neo-conservatisme. Smith (2016:12) beklemtoon vervolgens dat die vraag *of* mense 'n koninkryk begeer nie ter sprake is nie, maar die belangrike vraag is *watter* weergawe van die koninkryk mense begeer. Hierdeur word my aandag dus gefokus op die moontlike gevaartekens van die versugting van sommige Suid-Afrikaners met betrekking tot versoening as 'n koninkryk wat voorspoed en 'n goeie lewe veronderstel. Tog kan dit ewenwel net nog 'n koloniale konstruk word, wat die *status quo* handhaaf.

Hierdie *sosiale* visie vorm en motiveer die mens se besluite en aksies. Dit is van belang om te benadruk dat dit 'n *skets* is. Die *telos* waarheen die mens se liefde gerig word is nie 'n lys van idees of persepsie of dogmas nie; dit is nie 'n lys abstrakte, liggaamlose konsepte en waardes nie. Die rede waarom die gedeelde visie die mens beweeg is as gevolg van die affektiewe, sintuiglike, self estetiese aard van die skets van hoe die goeie lewe behoort te lyk. Stanley Hauerwas (2001:171-199) voer aan dat hierdie visie die harte en verbeeldings van mense aangryp, daarom word hierdie visie kragtig oorgedra deur middel van stories, legendes, mites, romans, films, eerder as deur verhandelinge, boodskappe en monografieë.

Smith (2009:54) verduidelik dat die mens nie gestoot word deur oortuiginge nie, maar getrek word deur 'n *telos* wat die mens begeer.

"It's not so much that we're intellectually convinced and then muster the willpower to pursue whate we ought; rather, at a precognitive level, we are attracted to a vision of the good life that has been painted for us in stories and myths, images and icons" (Smith, 2009:54).

Dit is nie soseer die gedagtes van die mens wat aangegryp word deur die sketse nie, maar veel eerder die verbeelding, wanneer die verbeelding aangegryp word, is die mens gevang. Hierdie aspekte van die goeie en florerende lewe begin in ons diepste

wese insypel, en daardeur word die mens se aksies en besluite bepaal en gevorm. Hierdeur word die mens, 'n bepaalde persoon, die persoon begin die bepaalde verlangde visie navolg, naboots en weerkaats. Die teendeel is natuurlik ook waar, Smith (2016:20) beklemtoon dat dit nie noodwendig beteken dat mense die regte dinge of die ware Koning begeer nie. Dit veronderstel dus dat die rigting waarheen gemik word skeefgetrek is, die *kardia* as kompas is besig om te wanfunksioneer, wanneer dit gebeur is die uiteinde ramspoedig, soos dit gesien kan word in die Suid-Afrikaanse samelewing met betrekking tot die verlede.

Smith (2009:54-55) benadruk dat elke mens 'n bepaalde visie van die goeie en florerende lewe sien, dit beteken nie noodwendig dieselfde of gedeelde visie nie. Aangesien die struktuur van liefde misplaas kan word, beteken dit dat daar verskillende *teloi* kan wees, dit wil sê verskillende visies van hoe die “koninkryk” lyk. Die vorm van die koninkryk genereer verskillende stories en daarom verskillende tipes mense, eintlik burgers in stryd met mekaar. Sodoende beklemtoon Smith (2016:20) dat mense se harte, net soos 'n kompas, gereeld gekalibreer word om weer in stemming met die Skepper te wees, die mens se magnetiese noord.

Cilliers (2009:514) voer aan dat kalibrasie gebeur wanneer die Christus-gebeure, soos dit beliggzaam word deur inwoning van die Heilige Gees in gelowiges se lewe opnuut beklemtoon word. Die Christelike erediens is immers 'n viering van die lewe, dood, opstanding en verheerliking van Jesus Christus. Volgens Cornehl (2005:275-287) was die eerste en fundamentele belydenis waarop die vroeë kerk se eredienste gebou was, Christus is Here (*Kurios*).

Deur Jesus Christus *Kurios* te noem het die eerste gelowiges bevestig dat Jesus Christus self die mag van God het, dat Jesus inderdaad God se openbaring is wat alle mag en gesag nietig verklaar. Hierdie belydenis het die grondslag gevorm van die eerste gelowiges se eredienste. Cilliers (2009:514) beklemtoon dat hierdie fokus op Jesus Christus geensins die Triniteit ontken nie, inteendeel, word die titel *Kurios* in die

Ou Testament vertaal met JHVH, en die verband tussen die Christus-gebeure en die Heilige Gees is onmiskenbaar.

“The role of the liturgy on a Sunday for the early Christians was indeed, and still is, to orientate, i.e. to symbolically turn towards the east, where the sun rises, as symbol of turning towards the risen Christ as the Light of the world” (Cilliers, 2009:514).

4.2.3.3. Gewoontes: Liefde se draaipunt

Smith (2016:21) verklaar dat liefde ‘n gewoonte is, en die mens se hart word gekalibreer deur navolging van rolmodelle en die inoefening van praktyke oor tyd heen. Smith (2009:55) verwoord:

“... a desire for and orientation to a particular vision of the good life (kingdom) becomes operative in us (motivating actions, decisions, etc.) by becoming an integral part of the fabric of our dispositions – our precognitive tendencies to act in certain ways and toward certain ends.”

Wat ons onthou en ook hoe ons dit onthou bepaal nie net die liturgiese ervarings in die hede nie, dit bepaal ook ons hoop vir die toekoms. Om te onthou oortref en verdig tyd en ruitme. Die verlede word die hede en gelyktydig ook ‘n komponent van die toekoms.

“The act of remembering is constitutive of identity and the content of the memories shapes the character of the identity. The church not only needs to remember, but what and how it remembers will affect its nature and mission. The church’s defining memory is the narrative of who we are in relationship to God in Jesus Christ. Christian identity is shaped in relation to that narrative” (Keshgejian 2000:201-202).

Groot filosowe soos Aristoteles, Aquinas en MacIntyre beskryf hierdie ingesteldheid as “gewoontes”. Goeie gewoontes word gesien as deugde, teenoor slegte gewoontes wat gesien word as euwels. Hierdie gewoontes maak ‘n tipe “tweede natuur” uit, gewoontes word aangeleer, en is daarom nie net biologiese instinkte nie, maar word so ingewef in die vesel van die mens, dat die gewoonte funksioneer soos asof dit natuurlik of biologies is. Smith (2016:22) voer aan dat indien ons is, dit waarvoor ons lief is, en ons liefde uiteindelik gevorm en gerig word deur praktyk en kulturele rituele, dan vorm hierdie praktyke die identiteit van ‘n persoon fundamenteel. Gewoontes is geneig om die mens te laat optree, sonder nadenke of refleksie oor die bepaalde optrede. Volgens Smith (2009:56) vorm gewoontes die draaipunt van menslike begeerte, dit is die dinge wat die hart “draai”, die liefde rig en stuur in bepaalde rigtings. Smith (2016:22) noem hierdie formatiewe, liefde-vormende liturgiese rituele.

4.2.3.4. Gemeenskaplike praktyke: Liefde se formasie

Die laaste aspek van hierdie alternatiewe antropologie sê:

“... ‘you are what you love’ is synonymous with saying ‘you are what you worship’...” (Smith, 2016:23).

Dit gaan nie oor *of* mense aanbid nie, maar *wat* mense aanbid wat van belang is. Smith (2016:23) verduidelik dat menswees ten diepste liturgies van aard is, die mens se liefde word deur aanbidding gevorm, en aanbidding is nie opsioneel nie.

“In the day-to-day trenches of adult life, there is no such thing as atheism. There is no such thing as not worshipping. Everybody worships. The only choice we get is what to worship” (Wallace, 2008:2).

Frank Senn (2016:1; sien Barnard, Cilliers, Wepener & Mbaya, 2014:160) verklaar eenvoudig dat die voorveronderstelling is dat die mens niks anders as die menslike liggaam het om God mee te aanbid nie. Hier begin die klem val op die mens se liggaamlikheid, soos vroeër aangedui verskuif die sentrum van die mens van die kop na die hart. Smith (2009:57) benadruk dat die mens die weg deur die lewe aanvoel, eerder as bedink. Die mens se wêreldbeskouing is eerder 'n saak van verbeelding, en die verbeelding word gevoed deur beelde wat gekanaliseer word deur die sintuie (sien Aquinas, 2015:76). Dit veroorsaak 'n meer holistiese (en minder dualistiese) skets van die mens as beliggaamde wese.

Die Afrikaanse spreekwoord is dalk nie so ver van die waarheid af, deur te sê dat die pad na iemand se hart is deur die maag, of spesifiek in hierdie geval deur die liggaam. Smith (2009:58) verduidelik hierdie op twee maniere: eerstens word die idee van die goeie lewe voorgestel deur prente, konkrete en aanloklike uitbeeldings van hoe die goeie lewe daaruit sien, en hierdie beelde, stories en films speel in op die nie-kognitiewe vlak van die mens.

“Stories seep into us – and stay there and haunt us – more than a report on the facts” (Smith, 2009:58).

Die rede daarvoor is, dat hierdie beelde en verhale deur 'n affektiewe medium oorgedra word, wat op 'n totale ander golflengte ingestel word, wat baie nader aan die kern van die mens lê, en oor tyd vorm dit die begeertes van die mens en word dit die brandstof wat aksies en besluite in beweging bring.

Tweedens, word gewoontes ingegraveer in die hart deur middel van liggaamlike praktyke en rituele, wat die hart leer, in soveel woorde, om sekere doelwitte te begeer. Hierdie inoefening is nie-kognitiewe opleiding, 'n tipe opvoeding wat gevorm word en plaasvind, sonder dat die mens regtig daarvan bewus is.

“The senses are the portals to the heart, and thus the body is a channel to our core dispositions and identity” (Smith, 2009:59).

Met die verloop van tyd vorm rituele en praktyke, dikwels in samewerking met estetiese fenomene soos prente en verhale die neigings van die mens se in-die-wêreld wees deur die inoefening van bepaalde begeertes. Barnard, et. al. (2014:170) beklemtoon dat deelname aan liturgiese rituele ‘n fisieke, multi-sensoriese daad is waardeur mens met God en met mekaar verbind word. Die liggaam word die hermeneutiese teks van die lewe. Verder is die liggaam ook die medium waardeur liturgiese rituele geïnterpreteer word.

Van Aristoteles is daar kritiek gelewer op die idee van die materiële, liggaamlike vorming van die nie-kognitiewe neigings, dit is bestempel as spekulatiewe, idealistiese gedragsleer soos beskryf in Christian Scharen (2004) se werk getiteld *Public Worship and Public Work: Character and Commitment in Local Congregational Life*. Tog, is daar nou ondersteuning vanuit die neurowetenskap en kognitiewe wetenskap rakende die liggaamlike vorming van nie-kognitiewe neigings (sien Wilson, 2002). Smith (2009:62) beklemtoon die intieme verband tussen die liggaamlike praktyke en die aanpasbare onderbewussyn, as ‘n bewys van die holistiese karakter van die mens.

Dit is vir Smith (2009:62) van belang om te besef dat praktyke altyd gemeenskaplik of sosiaal is, en daarmee dus die veronderstelling dat praktyke kultureel gewortel is.

“Practices don’t float in society, rather, they find expression and articulation in concrete sites and institutions – which is also how and why they actually shape embodied persons” (Smith, 2009:62).

Verder van belang, 'n *telos* is altyd ingebed in hierdie praktyke en instellings, daar is 'n intieme verband tussen die *telos* waarheen die mens verlang, en die praktyke waardeur die rigting van die mens gevorm en beweeg word.

"The practices 'carry' the telos in them" (Smith, 2009:62).

Christelike liturgieë is gelaai met 'n eie visie van hoe 'n florerende lewe daar uitsien, dit is 'n visie wat nie net "spiritueel" of eteries van aard is nie. Anderson (2003:115) verduidelik vervolgens dat daar nie in die algemeen van 'n gedeelde identiteit as Christene gepraat kan word nie, aangesien liturgiese kontekste radikaal van mekaar verskil. Alhoewel die belydenis dat "Jesus die Here" is gedeel word, is die manier waarop hierdie belydenis op mense se liggame geskryf word en in ons gedagtes en siel vasgelê word, radikaal verskil, vanweë verskillende liturgiese kontekste.

"... the picture of Jesus that hangs in so many Protestant Sunday School rooms – romanticized, comfortable, Northern European, male – is different from that proposed by the Orthodox icon of Christ Pantokrator – mysterious, transcendent, and other" (Anderson, 2003:115).


N.T. Wright (2012:26) sien dit as volg:

"What are we here for in the first place? The fundamental answer ... is that what we're 'here for' is to become genuine human beings, reflecting the God in whose image we're made, and doing so in worship on the one hand and in mission, its full and large sense, on the other; and that we do this not least by 'following Jesus.' The way this works out is that it produces, through the work of the Holy Spirit, a transformation of character. This transformation will mean that we do indeed 'keep the rules' – though not out of a sense of externally imposed 'duty', but out of character that has been formed within us. And it will mean that we do indeed 'follow our hearts' and live 'authentically' – but only when, with that transformed character fully operative (like an airline pilot with a

lifetime's experience), the hard work up front bears fruit in spontaneous decisions and actions that reflect what has been formed deep within. And, in the wider world, the challenge we face is to grow and develop a fresh generation of leaders, in all walks of life, whose character has been formed in wisdom and public service, not in greed for money or power."

Uit hierdie gedagtegang van Wright (2012:26) word dit duidelik dat die doel van aanbidding in noue verband gebring kan word met die doel van die skepping. Die *telos* van Christelike aanbidding lê in die vernuwning van die mandaat van God se kosmos: om nutgemaak te word na God se beeld, om daarna *gestuur* te word as Sy beelddraers *na* en *vir* die wêreld.


Smith visualiseer sleutelaspekte van hierdie filosofiese antropologie in Figuur 4:



Figuur 4: Homo Liturgicus: Die mens as minnares

4.3. Van 'n Wêreldbeskouing na Sosiale Verbeeldings

Die volgende uitbeelding skets die verskuiwing van menslike identiteit van denke, idees en dogmas, na die affektiewe, nie-kognitiewe gedeeltes van die mens.




Figuur 5: Verskuiwing van die self: vanaf die kognitiewe na die affektiewe

Die kognitiewe-sentriese benadering is vasgevang in die kognitiewe streek, 'n tipe tunnel visie wat net op die brein gefokus is, as gevolg daarvan word die liggaam en alles wat met die liggaam te make het, soos die verbeelding agterweë gelaat.

In hierdie studie word die term "sosiale verbeelding" gebruik soos gevind in Charles Taylor (2004 & 2007) se werke *Modern Social Imaginaries* en *A Secular Age*. Taylor (2004:23) beklemtoon dat alle samelewings en gemeenskappe aangemoedig word deur 'n sosiale verbeelding, wat te doen het met die manier waarop mense die sosiale omgewing waarin hulle beweeg "sien", deur middel van stories, beelde en legendes,

en nie soseer in teoretiese terme nie. Hierdie term gee alreeds 'n aanduiding van die liggaamlikheid en in hoe 'n mate die mens daardeur in die wêreld oriënteer word. Daarmee word verklaar dat die mens in-die-wêreld is deur 'n diepliggend tasbare manier wat gedryf word deur die sintuie, 'n tipe intuïsie (Smith, 2009:66). Die stories wat die verbeelding aangryp is altyd gemeenskaplik, daar bestaan nie so iets soos 'n private storie nie; elke verhaal wat vertel word, is oorgelewer van een geslag na die volgende. Volgens Smith (2009:66) is stories sosiaal op twee maniere; eerstens is dit 'n sosiale fenomeen wat oorgelewer word van een geslag na die volgende en gedeel word met mekaar; tweedens is dit 'n visie van en vir die sosiale lewe – 'n visie wat 'n goeie lewe in gedagte het, betekenisvolle verhoudings ensomeer.

Figuur 6 kan nou as volg aangepas word, na aanleiding van Taylor se bevindinge:



Figuur 6: Van 'n Wêreldbeskouing na Sosiale Verbeeldings

Smith (2009:68) verklaar die volgende rakende sosiale verbeelding

“... a distinctly Christian understanding of the world is implicit in the practices of Christian worship.”

Rakende hierdie studie, is dit dus noodsaaklik om ondersoek in te stel na die gelowige praxis soos gevind in die liturgie soos dit gevier word in die NG Kerk, aangesien dit die gelowige verstaan van die wêreld waarin ons leef ontwikkel. Smith (2016:90) herinner my dat diepliggende verskille rakende die *telos* radikale verskillende weergawes genereer van wat beskou word as deugsaam en wat euwels is. In Suid-Afrika vermoed ek dat daar verskillende verbeeldings gekristaliseer word in die erediens, ek het onderneem om tydens my empiriese navorsing hieraan aandag te skenk met een van die vrae wat deelvorm van die onderhoudskedule (sien Addendum D en F) en dit word in die volgende hoofstuk bespreek (sien Hoofstuk 5).

4.4. Dun en ryk beskrywings van liturgiese praxis

Dit is van belang om hier 'n wyle stil te staan by gewoontes, soos vroër reeds bespreek. Gewoontes word deur praktyke gevorm onder andere roetines en rituele wat deurlopende gewoontes in die wese van mense graveer, in so 'n mate dat dit tweede natuur word. Hierdie gewoontes het 'n tipe outomatisiteit, wat uitdrukking vind in standaard tendense en neigings wat die mens volg, sonder om daarvoor na te dink. Daarom is dit nie bloot dieselfde as biologiese instinkte nie, want, gewoontes word aangeleer volgens Bargh & Chartrand (1999:465) en is daarom nie deel van die mens se eerste natuur nie, maar die tweede natuur. Bargh & Chartrand (1999:468) dui aan dat die ontwikkeling van hierdie outomatisiteit te make het met

“... the frequent and consistent pairing of internal responses with external events” (Bargh & Chartrand, 1999:468).

Sommige van hierdie outomatiese response ontwikkel intensioneel, die mens kies om 'n bepaalde gewoonte aan te leer deur gereelde beoefening daarvan. Bargh & Chartrand (1999:469) bevestig wel dat outomatiese response ook onbedoel aangeleer kan word.

“So there can be all sorts of ‘automating’ going on that we do not choose and of which we are not conscious but that nevertheless happen because we are regularly immersed in environments that elicit commonly ‘paired’ responses.”

Daar is soveel dinge wat gesien word as praktyke wat die mens vorm, dat dit belangrik is volgens Smith (2009:82) om wel te onderskei tussen “dun” en “ryk” praktyke.

4.4.1. Beskrywings van dun liturgiese praxis

Smith (2009:82) verduidelik dat sekere gewoontes as dun of alledaagse praktyke verwoord kan word, soos byvoorbeeld om tande te borsel, of om dieselfde ontbyt elke oggend te eet ensomeer. Hierdie praktyke word nie beoefen ter wille van hulleself nie, hierdie praktyke is instrumenteel tot die bereiking van 'n ander doelwit. Hier bevind ek my op die nuutste ontwikkeling binne die Praktiese Teologie, te wete, Praktiese Teologie as “lived religion”, geleefde geloof soos beskryf word deur Ganzevoort & Roeland (2014:94) met die titel *Lived Religion, The praxis of practical theology*. Ek is terdeë daarvan bewus dat verskillende alledaagse praktyke vir verskillende mense spirituele betekenis oordra, aangesien dit hulle help om deur fundamentele lewenskewissies te werk (Ganzevoort & Roeland, 2014:99).

4.4.2. Beskrywings van ryk liturgiese praxis

Smith (2009:82-83) beskryf die betekenisvolle praktyke as ryk, aangesien hierdie gewoontes 'n betekenisvolle rol speel tot die vorming van die mens se identiteit. Om

deel te neem aan hierdie gewoontes sê nie net wie die persoon is nie, maar vorm die mens ook tot daardie persoon. Hierdie ryk gewoontes is beide die teken en ook die manier waarop die mens se kernwaardes gevorm word op grond van die mens se diepste behoeftes en begeertes. Dit is hier waar religieuse praktyke soos die Sondagerediens, gebed, pastorale gesprekke gesetel word.

Smith (2009:83) kwalifiseer dadelik die onderskeid tussen beskrywings van dun en ryk liturgiese praxis, want soms is die lyn tussen dun en ryk gewoontes vaag en moeilik om te trek. Smith (2009:83) verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld, om saam met 'n vriend weklíks koffie te drink, blyk waarskynlik soos 'n beskrywing van 'n dun gewoonte. Tog kan dit ook neig in die rigting van die beskrywing van 'n ryk gewoonte, aangesien dit iets uitbeeld van die verbintenis teenoor vriende en verhoudings. En daarom is dit belangrik om te erken volgens Smith (2009:83) dat praktyke en gewoontes binne die begerende raamwerk nooit neutraal staan nie. Alle gewoontes is betekenisvolle, identiteitsvormende praktyke wat die mens subtiel vorm, aangesien gewoontes mense se liefde vasvang, en sodoende die mens se begeertes en dade rig sonder dat die mens bewustelik daartoe instem. .

4.5. Liturgie en Sosiale verbeelding

Smith (2009:133) verklaar

“In short, being human takes practise – and implicit in those practices is a social imaginary that orients, guides, and shapes our desire and action.”

Kritiese vrae ten opsigte van die liturgie is as volg (Smit, 2009:99-107):

Watter epistemologieë en teologieë van die wêreld is ingebed in die liturgieë soos dit beoefen word in die NG Kerk?

Watter visies van die koninkryk is ingebed in Christelike aanbidding?

In ander woorde, wat sê aanbidding van die Christelike geloof soos dit beoefen word in die NG Kerk in 2019?

Hoe is God teenwoording?

Wie is dié God wat só by ons teenwoordig is?

Hoe aanbid ons dié lewende, drie-enige Verbondsgod na behore?

Eerder as om na geskrewe tekste, dogmas en teoretiese artikulasie van teoloë te draai, word ondersoek ingestel na die manier waarop gelowiges hulle geloof uitleef – of meer spesifiek gestel, wat die kerk as *mense* van God saam in die *leitourgos* “die werk van die mense” doen (Smith, 2009:134). Die viering van die erediens word dus gebruik om die aard van die sosiale verbeelding te onderskei, soos dit in Hoofstuk 5 na vore kom deur middel van die empiriese navorsing. Dit veronderstel dus dat die verhouding tussen praktyk en geloofsoortuigings herbedink word, aangesien die neiging bestaan om te dink dat dogma en geloofsoortuigings eerste kom, en vanuit die dogma en geloofsoortuigings vind die uitdrukking en toepassing in aanbidding plaas (Weyel, 2014:159). Smith (2009:135) voer aan dat hierdie idee impliseer dat ‘n wêreldbeskouing reeds in plek is, en daardeur word praktyke ontwikkel wat daarmee ooreenstem, sodoende word die Bybel as beginpunt gebruik as bron vir die mens se dogmas en geloofsoortuigings om toe te pas op die manier waarop die Bybel daaraan uitdrukking gee (Smith, 2009:135).

Volgens Smith (2009:135-136) is hierdie beskouing problematies op grond van die volgende redes:

In die eerste plek stem dit nie ooreen met die historiese rekord van God se mense, wat geroep is om die liggaam van Christus te wees, wat God aanbid het lank voordat die dogmas of die elemente van hulle wêreldbeskouing geartikuleer is nie. Geleefde aanbidding is die fontein, die plek waar die mens se sosiale verbeelding ontspring,

eerder as deur die uitdrukkings of toepassings van kognitiewe geloofsoortuigings. Tweedens, is dit in stryd met die alternatiewe filosofiese antropologie soos hierbo beskryf, aangesien historiese Christelike aanbidding fundamenteel harte verander deur die liggaam. Smith (2009:138) beklemtoon om die aard van 'n Christelike wêreldbeskouing te onderskei, dit van kardinale belang is dat die plek van die liturgie weer voorkeur sal geniet.

4.6. Sakramentele Verbeelding

Die ritme en rituele van Christelike aanbidding vind neerslag in die liggaamlikheid van die mens en ook in die alledaagse wêreld, onder andere in water, brood, wyn. Smith (2009:140) verwoord dit as volg

“That God would meet us in the mundane and earthy is a performance of God’s affirmation of creation and materiality as a good to be enjoyed and as a gift to be received, rather than a regrettable and lamentable condition from which we can hope to escape.”

Hierdie liturgiese bevestiging van die aardseheid van aanbidding word algemeen beskryf as 'n sakramentele verstaan van die wêreld – dat die fisiese, materiële dinge van die skepping en ook die liggaamlikheid van die mens die manier is waarop God se genade die mens ontmoet en aanraak (Smith, 2009:141). Dit is nodig om stil te staan by die term sakrament. Van der Zee (2004:22-23) verduidelik sakramente as gedeeltes van God se skepping wat deur Homself gebruik word as unieke kanale van genade met die insluiting van 'n belofte. Augustinus van Hippo (1978:3) verduidelik die konsep sakrament as manifestasies van God wat deur een of ander element, deur een van die natuurlike elemente van die wêreld, na die mens kom. God se woord kom na ons deur 'n bad, 'n ete of 'n gebaar (Senn, 2016:48).

Die mens is 'n aardse wese, die Skepper verbind Homself aan ons deur middel van aardse kanale waardeur genade vloei, naamlik, die sakramente. Die liggaam van die

mens ervaar die sakramente, die water wat die mens skoon was, die brood en die wyn wat voed en lewe gee. Senn (2016:53) verduidelik dat God 'n poging aanwend om Homself opnuut aan die mens te verbind, om sodoende die mens te verander, te vernuwe, en Hy doen dit deur die mens se liggaam te impakteer.

Volgens Smith²⁴ (2009:143 en 2004:188-194) is die aspekte van die materiële wêreld soos byvoorbeeld brood en water nie sakramenteel omdat dit deur een of ander magiese bevel so getransformeer is nie; eerder wanneer dit as sakramente gebruik word in die konteks van aanbidding, dan word die “natuurlike sakramentaliteit” daarvan verskerp en voltooi. Dit veronderstel dus dat aanbidding nie 'n buitensporige ekstra ding is waarby mense betrokke is in hulle aardse, fisiese, materiële natuur nie, dit is *aanbidding as die epifanie van die wêreld* (Schmemmann, 2004:120). Aanbidding is die reëlmaat van die materiële wese om sodoende die doel te bereik waarvoor die mens geskep is.

'n Sakramentele teologie van aanbidding impliseer dat God die mens ontmoet in die mens se materiële bestaan, en daarom is die natuurlike wêreld altyd meer as net natuur – die wêreld is vol van die teenwoordigheid en glorie van God, soos in Jesaja 6:3b verwoord word:

“Heilig, heilig, heilig, is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid” (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1993:637-638).

Totale sakramentele viering volgens Junker (2014:97) ondersoek bonatuurlike egtheid in taal en rite, eis die gemeenskap se identiteit, en bevorder 'n getroue Christelike lewenswyse in die wêreld. Vanuit hierdie perspektief verstaan is die uitdaging van sakramentele teologie, 'n daadwerklike verbintenis tot 'n liturgiese spiritualiteit – 'n profetiese aksie – gerig en gefokus op die vestiging van lewe, die lewe vir almal.

²⁴ James K.A. Smith staan in die Gereformeerde tradisie en daarom is sy sakramentsbeskouing belangrik vir hierdie studies, omrede die NG Kerk ook in die Gereformeerde tradisie staan.

Sodoende word die geloofsgemeenskap geroep om in eenheid te leef, om die praxis van versoening te beliggaam, om gelykheid te bevorder en om daadwerklike agente van transformasie te wees.

Sakramentele teologie hou wel ook eie uitdagings en versoekings in, soos verwoord deur Smith (2009:148-149). In die eerste plek is dit moontlik dat die sakramentele verstaan van die erediens, dat die goedheid van die skepping en die sakramentele aard van die wêreld, die kerk kan marginaliseer. Bedoelende, indien die wêreld en alles daar in 'n sakrament is, wie benodig dan die kerk en haar liturgie? Indien die wêreld 'n sakrament is, wat is dan so spesiaal aan die viering van die nagmaal of doop? Die veronderstelling is dus dat die totale wêreld 'n sakrament is, terwyl die sakramente naamlik die doop en nagmaal, unieke "hot spots" is waar God se vormende en verhelderende teenwoordigheid duidelik beleef word.

Die tweede versoeking van die sakramentele verstaan van aanbidding is om die liturgie af te maak as net nóg 'n liggaamlike praktyk, soos enige ander. Aanbidding is fundamenteel liggaamlik, maar dit is nie nét materieël nie, so is aanbidding ook ten volle natuurlik, maar dit is nooit nét natuurlik nie. Christelike aanbidding is 'n uitnodiging om deel te neem aan die trinitariese bestaan van God self. Die kerk se aanbidding is 'n unieke intense ruimte waarbinne die Heilige Gees in Sy transformerende aard teenwoordig is. Junker (2014:134) voer aan dat profetiese liturgieë waarin sosio-kulturele sensitiwiteit na vore kom, wat gegrond is in konsekwente teologiese paradigmas, is bestem om 'n agent van transformasie te wees. Dit beteken dat elke liturgiese praxis – alle kommunikasiemediums in die erediens – betekenis en identiteit aan die gemeenskap verleen, verder word 'n uitdaging gerig aan elke deelnemer om dit wat geleer en ervaar is oor te dra, en met ander te deel. Die veronderstelling is dus dat rituele opvoedkundig, pastoraal en ook teologies van aard is.

"They reflect who we are (culture), where we are (habitus), how we are (habit), and point us towards what we are called to be" (Junker, 2014:134).

Ter opsomming, die liturgie word 'n ruimte van kategese waardeur die mens leer wie en Wie s'n hulle is, asook 'n ontdekking van hulle roeping voor God en vir die mensdom. 'n Profetiese liturgie is die dialogiese grond waar die kerk en die wêreld mekaar ontmoet, mekaar omhels deur middel van sang en musiek.

Barnard, Cilliers, Wepener & Postma (2014:183) dui aan dat hulle geleer het dat liturgie nutteloos is. Rituele het geen einde nie, en dus dien rituele geen doel nie, rituele het geen funksies nie en is ook nie produktief nie. Tog beteken dit nie dat die liturgie oorbodig is en daarom bloot weggedoen kan word nie. Hierdie is 'n komplekse debat, sonder 'n finale antwoord, die spanning word eerder behou tussen nie-funksioneel en funksioneel. Vervolgens wys Gerard Lukken (2005:54-73) op tien funksies of dimensies van die liturgie, naamlik 1) 'n bemiddelende dimensie tussen die verlede en toekoms; 2) 'n formatiewe dimensie; 3) 'n verdigtende dimensie; 4) 'n verhelderende en kanaliserende dimensie 5) 'n terapeutiese dimensie; 6) 'n ekspressiewe dimensie; 7) 'n beswerende dimensie; 8) 'n etiese dimensie; 9) 'n sosiale dimensie; 10) 'n politieke dimensie. Die Suid-Afrikaanse teoloog Dirkie Smit (2004:887-907) formuleer agt funksies van liturgiese rituele, naamlik 1) ondermyning; 2) bevryding; 3) gemeenskap; 4) artikulasie; 5) roeping 6) formasie; 7) transformasie; 8) verbintenis. Smith (2009:150) beklemtoon dat die bedoeling van Christelike aanbidding nie soseer formatief is nie, formasie is eerder 'n oorspoel-effek van die ontmoeting met die Verlosser deur lof en aanbidding, gebed en gemeenskap. Marva Dawn (1995:79) artikuleer, God is beide subjek en objek van die mens se aanbidding. Die bedoeling van aanbidding is:

“to create a powerful environment of God-centredness.”

Barnard, et. al. (2014:191) beklemtoon dat 'n mens nie primêr betekenis in die liturgie moet soek nie, dit is eerder 'n viering van die naakte bestaan van die mens in 'n ruimte waar God se genade regeer. Aanbidding is nie 'n persoonlike ervaring wat individuele behoeftes bevredig nie, aanbidding het alles met God te doen. Die verklaring dat God beide subjek en objek van aanbidding is, beklemtoon dat die Drie-Eenheid beide

gehoor en ook die agent van aanbidding is, God is aktief betrokke *tydens* aanbidding deur die Woord en sakramente. Nicholas Wolterstorff (1992:287-288) beklemtoon dat die liturgie van die Reformasie verstaan en gevier is as God wat doen en die mens wat daarop reageer deur die werking van die Heilige Gees. Wolterstorff (1992:287-288) verwoord dit as volg:

“... the Reformers saw the liturgy as God’s action and our faithful reception of that action. The governing idea of the Reformed liturgy is thus twofold: the conviction that to participate in the liturgy is to enter the sphere of God’s acting, not just of God’s presence, plus the conviction that we are to appropriate God’s action in faith and gratitude through the word of the Spirit. The liturgy is a meeting between God and God’s people, a meeting in which both parties act, but in which God initiates and we respond.”

4.7. Liturgie en Versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika

Versoening en die ontwikkeling van ‘n inklusiewe Suid-Afrikaanse identiteit is van die begin van die vryheidstydperk in Suid-Afrika tot vandag toe as ‘n belangrike taak van nasiebou-projek daar gestel (Naidoo, 2017:1). Vele navorsers in verskillende vakdissiplines het ook al geskryf oor hierdie proses in die Suid-Afrikaanse samelewing (Wepener, 2009, sien De Gruchy, 2002; Krog, 1998; Tutu, 1996). Die versoeningsproses in Suid-Afrika is daarom geen nuutjie nie. Dit is wel waar dat versoening, die teoretiese en ook praktiese begroning daarvan kompleks en ook konteks gebonde is.

Daar is vanuit verskeie oorde (sien *The Reconciliation Barometer*, 2006; 2009) aangevoer dat die kerk die potensiaal het om die rasgedrewe samelewing in Suid-Afrika te kan oorkom (Naidoo, 2017:1). Sy verwoord die potensiaal van die kerk as volg:

“... they have the potential to draw people out of their private, racially segregated lives, into a social space where human interactions are more intimate than the public arena.”

Volf (1996:36) skryf in sy boek *Exclusion and embrace: A theological exploration in learning and teaching* dat die kerk wat die veronderstelde agente van versoening is magteloos staan, en self medepligtig is tot die onenigheid en onverdraagsaamheid. Kerklike strukture is van diepgaande natuur en aard patriargaal en hierargies, dit veroorsaak dat die man oor die vrou heers, en die geestelike leiers oor die gewone lidmate, sodoende word onderdrukking ten diepste beliggaam volgens Kee (2006:86). Naidoo (2017:1) beklemtoon dat die kerk 'n plek van subtiele rasse spanning, seksisme en homofobie is, eerder as 'n ruimte waar aanvaarding en liefde uitgeleef word.

Nico Koopman (2008:160) sê

“The former racially separated Dutch Reformed Mission Church in South Africa and the Dutch Reformed Church in Africa unified as the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA). Although structurally unified as a multicultural and non-racial church it remains culturally and racially ‘separated’ mostly due to unchanged geographical demographics and systemic and institutional reasons. It is failing to construct a new theology of interracial and multiculturalism despite the fact that it founded the Confession of Belhar which witnesses for authentic unity, reconciliation and justice.”

Kerke, insluitende die NG Kerk, het 'n indrukwekkende positiewe en ook negatiewe rol gespeel in die Suid-Afrikaanse samelewing. Ongelukkig was die NG Kerk te nou betrokke by die beleid van Apartheid en politiek en namate tyd verloop het, het die stem van die NG Kerk al hoe stiller geraak. Tog bring die woorde hoop vir die NG Kerk in 'n veranderde Suid-Afrika:

“Tutu reminded South Africans that they needed to be a nation where all belonged and knew they belonged, where all were insiders, none was an outsider, and where all were members of a remarkable, crazy country” (Hofmeyr & Millard, 2014:632).

‘n Artikel van Meiring (2001:102) is ‘n roetemerker vir die identiteit en roeping van die NG Kerk in ‘n veranderde Suid-Afrika. Die artikel begin met ‘n aanhaling van David Bosch (1979:246):

"Die Kerk is aan die wêreld hoop verskuldig. Hoop vir hierdie wêreld en hoop vir die uiteindelijke, nuwe wêreld. Omdat die Kerk weet dat sy nou reeds 'n gevolmagtigde getuie vir die komende orde is, moet sy nou reeds tekens van die koninkryk oprig. Omdat sy weet dat die poorte van die hel haar nie sal oorweldig nie, kan sy die onmoontlike waag. Omdat sy leef vanuit die "Kyk, Ek maak alles nuut" (Op 21:5), kan sy nou reeds met die nuwe 'n begin maak."

Die aanhaling van David Bosch (1979:246) word sonder twyfel twee en twintig jaar later deur Piet Meiring profeties gebruik om te beklemtoon dat die pad van versoening wat voorlê en geloop word, harde werk vra. Die NG Kerk moes in 2001 aan die werk spring. Die Algemene Sinode van (1998) het pas gekonstitueer toe ‘n spesiale mosie van ‘n afgevaardigde die moderatuur bereik. In hierdie mosie vra die afgevaardigde op watter manier gewone lidmate in die samelewing betrokke kan raak. Wat verwag die Here van ons, die NG Kerk, in Suid-Afrika? Vele dinge het gebeur wat lidmate tot dankbaarheid stem, maar net so baie het gebeur wat mense moedeloos, bang en verward laat. Kan die NG Kerk in hierdie omstandighede werklik ‘n verskil maak? Watter hoop het die NG Kerk vir lidmate – en hoe kan hierdie hoop in daad omgesit word? (Meiring, 2001:104) Die mosie het as volg gelui:

"Die sinode moet sy verantwoordelikheid aanvaar om saam met ander kerke in die land aan die volgende sake dringend aandag te gee: die bevordering van versoening, die bekamping van armoede, sowel as die verval van morele waardes in die land". Op versoek van die voorsteller het die sinode besluit om 'n ad hoc-kommissie aan te stel

om die kerk so spoedig moontlik met praktiese voorstelle in die verband te dien”
(Verslag, Bylae A, 2000:1 sien Meiring, 2001:104).

Die ad hoc-kommissie het die volgende verslag gelewer 1) Dat die NG Kerk nie langer in sak en as hoef te sit nie, want die tyd het aangebreek dat die NG Kerk weer betrokke raak in die samelewing. 2) Die rol van die NG Kerk sal daadwerklik moet verander van ‘n eens magtige profetiese rol, na ‘n priesterlike rol, die rol van dienskneg (Meiring, 2001:105). Die vraag is natuurlik of die NG Kerk opgewasse is vir hierdie groot taak om hoop in aksie om te sit?

In die boek *The Church: The Mirror or Window?* verduidelik Whitley (1969) dat die kerk ‘n keuse tussen twee rolle het, ‘n spieël of ‘n venster. Kerke is dikwels die spieëlbeeld van wat in die samelewing gebeur; al die pyn, frustrasie, magteloosheid en vooroordeel, al die sinisme en onreg wat die samelewing siek maak, is te vinde in die kerk. Die kerk kan ook anders wees. Die kerk kan ‘n oop venster wees waar ‘n moedelose samelewing kan gaan staan om nuwe perspektiewe te kry, om asem te haal, om weer te hoop, in plaas van wanhoop (Meiring, 2001:107). Die kerk sal groot erns moet maak met nadenke oor die identiteit van die kerk en natuurlik die roeping van die kerk.

Vir dekades lank word die identiteit en roeping van die kerk bedink deur die gebruik van vier Griekse woorde. In hierdie oomblik waarin ons vandag leef is dit noodsaaklik om nuut oor hierdie vier begrippe na te dink.

- *Kerugma* – hierdie begrip verwys na die verkondigingstaak van die kerk. Volgens Piet Meiring (2001:108-109) rus die onus op predikante om in hierdie volgende tyd die evangelie van die Koninkryk opnuut te (her)ontdek, daar moet besef word hoe groot en omvangryk die boodskap van die totale Bybel is en watter moontlikhede en uitdagings dit aan ons stel. Dit beteken dat die boodskap van die Bybel helder, duidelik en inspirerend van die kansel af moet klink, sodat gemeentelede met die boodskap op hulle lippe huis toe gaan, werk toe gaan en skool toe gaan. Gemeentelede is immers die fakkeldraers van

hoop, nie net predikante en ampsdraers nie, aangesien dit lidmate is wat van Maandag tot Sondag dwarsdeur die samelewing beweeg. Piet Meiring voer in hierdie artikel aan, dat wanneer teologie-beoefening kerngesond en geïnspireerd is, sal dit ook van die prediking waar wees. (Meiring, 2001:108-109).

- *Diakonia* – die begrip *diakonia* verwys na die liefdesdiens van die kerk. Dit is van kardinale belang om te verstaan dat hoop nie net gepraat, gepreek en geteologiseer kan word nie, die hoop moet oë, ore, hande en voete kry. Die hoop moet elke dag gelééf word! Gelowiges word daarom opgeroep om elke dag, waar hulle ook al beweeg tekens op te rig van die komende Ryk van Jesus Christus. Dit beteken noodwendig dat gelowiges hulle hande sal uitsteek, dat die prys wat liefdesdiens vra betaal sal word.

“Om in ‘n diensknegsgestalte in die samelewing te beweeg, vra dat jy uit jou ‘comfort zone’ sal moet tree, laag sal moet buk, soms plat in die stof sal moet kniel, misverstand sal moet trotseer, dat jy jou hand diep in jou sak moet steek” (Meiring, 2001:111).

Dit is immers tog hoe dit hoort, want Jesus Christus het vir ons die perfekte voorbeeld van diensbaarheid gestel. Die kruis van Christus is nie net die inhoud van die boodskap wat ons verkondig, of die simbool wat ons teen ons mure ophang nie. Die kruis is ook elke gelowige se handleiding van hoe te werk gegaan moet word, vir hoe ver gelowiges bereid is om op te offer, en as dit moet, te ly (Meiring, 2001:110-111).

- *Koinonia* – die getuieniskanaal van *koinonia*, het te make met die gemeenskap van gelowiges. Piet Meiring (2001:111; sien Burger & Nell, 2002) beklemtoon dat die kerk nie net die draer van die boodskap is nie, die kerk is deel van die boodskap wat sy verkondig. Daarom is dit van kardinale belang om met nuwe oë na gemeentes te kyk, na hulle verstaan van hulle roeping en hoe hulle funksioneer. Die vraag is dan natuurlik: hoe lyk ‘n gemeente wat gerig is op die hoop? Ons sal met nuwe erns aandag moet skenk aan ons gemeentelewe, in die woorde van Johannes 13:34 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983):

“As julle mekaar liefhet, sal die wêreld weet dat julle dissipels van My is.”

Tesame hiermee, sal daar eweveel aandag gegee moet word aan die versoeningstaak van die kerk, veral in hierdie land wat gebuk gaan onder rassisme, verdeeldheid en verwydering.

- *Leitourgia* – die laaste kanaal is die van *leitourgia*, ons aanbidding, ons erediens, aan God. Daar is geskrywe dat wanneer die *leitourgia* wegval, die ander drie aksies blote aktivisme is, want die kerk se getuigenis is ten diepste tot God gerig, die God wat ons aanbid en deur middel van ons optrede in die kerk en in die wêreld dien. Die erediens begin op ‘n Sondag in die kerk, maar dwarsdeur die week word dit in die alledaagse lewe en wêreld voortgesit (Barnard & Wepener, 2018:360). Daarom is dit van kardinale belang dat daar gevra word: vind die hoop wat ons koester praktiese neerslag in die liturgie?

4.8. Samevatting

In Hoofstuk 4 het ek die derde taak van Osmer (2008:4) onderneem, die normatiewe taak, met die gepaardgaande vraag, wat behoort te gebeur en aan te gaan in die liturgie ter bevordering van versoening in Suid-Afrika?

Ten diepste word daar in hierdie studie gevra na die spesifieke wyse waarop die erediens soos dit gevier word in die huidige Suid-Afrikaanse konteks binne die NG Kerk ‘n diepgaande invloed op ‘n persoon, asook ‘n gemeenskap se ontwikkeling kan hê, met betrekking tot die bevordering van versoening? Hierdie navorsingsvraag aanvaar dat die erediens ‘n formatiewe rol speel ten opsigte van individue, asook gemeenskappe.

Die doel van hierdie betrokke hoofstuk was om ondersoek in te stel na die wyse waarop hierdie formasie plaasvind, en dan spesifiek met betrekking tot die bevordering

van versoening in Suid-Afrika. Om hierdie vraag te beantwoord het ek my gewend na James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* as alternatiewe filosofiese antropologie. Deur hierdie alternatiewe filosofiese antropologie word die identiteit van mense geherdefinieer as *homo liturgicus*, daardeur word die belang van menslike affektiwiteit en die wyse waarop die liturgie formatief kan mee werk om menslike identiteit te vorm beklemtoon.

Dit veronderstel dat elke liturgiese praxis – alle kommunikasiemediums in die erediens – betekenis en identiteit aan die gemeenskap verleen. Verder word ‘n uitdaging gerig aan elke deelnemer om dit wat geleer en ervaar is oor te dra en met ander te deel.

“They reflect who we are (culture), where we are (habitus), how we are (habit), and point us towards what we are called to be” (Junker, 2014:134).

HOOFSTUK 5

EMPIRIESE NAVORSING

Navorsingsmetodologie, semigestruktureerde indiepteonderhoude en analise.

5.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk, soos al die vorige hoofstukke, word ten diepste verbind aan die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie, naamlik:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

In hoofstuk 3 is daar hoofsaaklik terug gekyk na die verlede om die narratief van versoening in die kerk en die samelewing in herinnering te roep. Hoofstuk 4 roep in herinnering die teologiese verskuiwings met betrekking tot liturgie en versoening soos dit gevier word in die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing. In hoofstuk 5 kyk ek rondom my en poog om te sien en te hoor en te beleef wat in die gedagtes en harte van sleutelpersone met betrekking tot liturgie en versoening aangaan.

Hier volg dus nou 'n gedetailleerde beskrywing van die empiriese navorsingsproses vir hierdie betrokke studie. Daar is 'n magdom definisies oor kwalitatiewe navorsing beskikbaar. Ek maak gebruik van die volgende werksdefinisie van Marilyn Lichtman (2014:10), naamlik:

“Qualitative research is a way to study the social interactions of humans in naturally occurring situations. The researcher plays a critical role in the process by gathering data and making sense of or interpreting the phenomena that are observed and revealed.”

Die rede vir die keuse is as volg: hierdie definisie van Lichtman (2014:10), beklemtoon kernelemente van dié betrokke kwalitatiewe empiriese navorsing. Ten eerste benader kwalitatiewe navorsing die wêreld daar buite, eerder as om navorsing binne gespesialiseerde navorsingsomgewings soos laboratoriums te doen. Kwalitatiewe navorsing is van voorneme om sosiale fenomene van die “binnekant” te verstaan en te beskryf en soms selfs te verduidelik (sien Flick, 2018:5), soos in hierdie studie rakende die moontlike wyse waarop eredienste, as sosiale fenomeen, versoening in Suid-Afrika kan bevorder. In hier betrokke benadering beoog ek om te begryp op watter maniere mense se lewenswerklikhede gekonstrueer word en wat gebeur in hierdie bestaanswerklikheid wat sinvol en betekenisvol is (Bell, 2009:83). Post & Faro (2017:23) verwoord hierdie idee as volg:

“Er wordt beschreven, er worden verbanden gelegd, vergelijkingen gemaakt, er wordt kritisch gekeken naar belangen en agenda’s, geïnterpreteerd en verbeeld.”

Verder is my belewenisse as navorser van onskatbare waarde in hierdie studie, soos wat Lichtman (2014:10) pertinent verklaar. Die fundamentele rol van my as navorser word hoofsaaklik gebaseer op grond van my persoonlike teenwoordigheid as navorser van hierdie studie, maar ook in terme van my vorige ervaringe in hierdie veld van navorsing (sien Van der Merwe, 2015; Van der Merwe, Pieterse & Wepener, 2013 & Kleynhans, 2012). Barnard, et.al. (2009:35) beklemtoon dat my keuse met betrekking tot die navorsingsmetodologie, asook die rol wat ek tydens die navorsing inneem, ‘n unieke bydrae lewer tot die data wat ingesamel word, asook die analisering, en ook die interpretasie van die data.

Verder verwoord Nieuwenhuis (2007:51) ‘n belangrike kenmerk van kwalitatiewe navorsing wat fokus op kwaliteit en die diepte van die navorsing. Dit het nie te make met die hoeveelheid inligting wat gebruik word soos in kwantitatiewe navorsing nie. Kwalitatiewe navorsing verwys dus na die betekenis, konsepte, definisies, karaktereienskappe, metafore, simbole en beskrywings van objekte. Kwalitatiewe navorsing neem die sosiale omgewing, asook die mense van die omgewing in ag. In

hierdie navorsing gaan ek poog om ondersoek in te stel na die wyse waarop mense hulleself inrig in hulle sosiale omgewings. Asook die wyse waarop hierdie mense deur middel van simbole, rituele, sosiale strukture en sosiale rolle sin vind in hulle omgewings (Berg, 2009:3).

Die volgende lys elemente is intrinsiek deel van kwalitatiewe navorsing volgens Lichtman (2014:11):

- Die doel van kwalitatiewe navorsing is om die betekenis van sosiale interaksie en sosiale fenomene te verstaan en te interpreteer.
- Die navorsing bevat vrae wat verband hou met die *wat* en *hoe* van menslike interaksie.
- Dit is 'n studie wat binne die natuurlike omgewing plaasvind.
- Die navorsingmetodologie is dinamies en vloeibaar, daarom ontwikkel die presiese manier van data-insameling soos wat die navorsing vorder.
- Dit maak gebruik van 'n induktiewe denkraamwerk.
- Die studie kyk na die geheel van 'n betrokke situasie, eerder as net na 'n spesifieke saak binne die betrokke situasie.
- Die rol van my is van uiterste belang, want dit is deur my oë en ore wat die data ingesamel en geanaliseer word.
- Realiteit word deur my gekonstrueer, daarom is daar nie net 'n enkele interpretasie nie, maar meervoudige interpretasiemoontlikhede.
- Dit is 'n indieptestudie, daarom neem net 'n klein groepie mense deel in hulle natuurlike ruimtes.
- Die studie is op soek na temas of narratiewe en daarom word data hoofsaaklik met woorde en beelde weergegee.
- Die studie beklemtoon my stem binne die konteks van die betrokke studie.
- Die studie moedig ook alternatiewe aanbiedingstyle van die navorsing aan.

Hierdie bogenoemde sleutelaspekte van kwalitatiewe navorsing skep vir my die moontlike ruimte om indieptenavorsing te doen oor twee sosiale fenomene in die Suid-Afrikaanse samelewing, naamlik liturgie en versoening. Die kontekstuele aard van

hierdie studie; asook die fundamentele rol wat ek binne die navorsingsproses speel, word hierdeur beklemtoon (Wepener, 2005:112). Die wyse waarop hierdie data weergegee word, asook moontlike toekomstige publikasies wat hieruit voortvloei, beoog alternatiewe aanbiedingstyle en daarom is 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering veel meer gepas.

Lichtman (2014:20) sluit af deur te verklaar dat navorsing vele male gedoen word as gevolg van die betrokke werksomstandighede, asook as gevolg van opvoedkundige vereistes soos deur universiteite daar gestel word. En dan verwoord Lichtman (2014:20) die hart van hierdie studie as volg:

“But other times, we do research to make a difference in the lives of others and ultimately in our own lives.”

5.2. Navorsingsmetodologie vir die empiriese ondersoek

5.2.1. Kwalitatiewe Navorsingsbenadering: Gevallestudie

Ek kies om 'n gevallestudiebenadering te gebruik op grond van die volgende definisie van Helen Simons (2009:9) aangesien dit ooreenstem met die doelstellings en die sentrale navorsingsvraag van die betrokke studie soos verwoord word in Hoofstuk 1. Simons (2009:9) verwoord dit as volg:

“Case study is an in-depth exploration from multiple perspectives of the complexity and uniqueness of a particular project, policy, institution, programme or system in a real-life context. It is research-based, inclusive of different methods and is evidence-led. The primary purpose is to generate in-depth understanding of a specific topic (as in a thesis), programme, policy, institution or system to generate knowledge and/or inform policy development, professional practice and civil or community action” (Simons, 2009:9).

Die empiriese navorsing het ten doel om 'n indiepteondersoek in te stel na die moontlike bevordering van versoening deur die viering van die ere diens in die NG Kerk. Hierdie indiepteondersoek geskied deur gebruik te maak van meervoudige perspektiewe om sodoende die kompleksiteit, sowel as die uniekheid van die studie te beklemtoon. Verder is dit van groot belang dat die studie erns maak met kontekstualiteit en word die studie gegrond in die leefwêreld van elke medenavorser, soos verwoord deur Catherine Bell (2009:81). Grimes (2014:336) voer aan dat die gevallestudie benadering

“... pull theoretical flights of abstraction back to earth.”

Hierdie studie poog om deur middel van verskillende navorsingstegnieke 'n indiepte verstaan van die betrokke onderwerp te genereer om sodoende 'n praxisteorie te ontwikkel wat dien as die vertrekpunt vir 'n liturgiese teologie soos gevier in die NG Kerk ter bevordering van versoening aan te bied. Post & Faro (2017:24, sien Barnard, et al., 2009:36) verduidelik dat hierdie verskillende navorsingstegnieke altyd interaktief funksioneer, dit veronderstel 'n nieliniêre of niehiërargiese, maar eerder 'n spiraalvormig en interfererende werkswyse.

Simons (2009:11-12) lys die volgende sterkpunte wat 'n sleutelrol speel rakende die gevallestudie benadering:

- Gevallestudies wat gebruik maak van kwalitatiewe navorsingstegnieke stel my in staat om die kompleksiteite van 'n bepaalde onderwerp te bestudeer, asook om die manier waarop die onderwerp beliggaam word in die verskillende leefwêreld te interpreteer.
- Gevallestudies maak dit vir my moontlik om meervoudige perspektiewe, teenstrydige stemme en sleutelrolspelers se bydraes te dokumenteer. Daarom het gevallestudies die vermoë om die *hoe* en *hoekom* te verduidelik.
- Gevallestudies is bruikbaar om ondersoek in te stel en ook om te verstaan hoe die dinamiese proses van verandering werk.

- Gevallestudies is buigbaar, is nie tydsgebonde of gebind aan 'n bepaalde navorsingsmetodologie nie.
- Gevallestudies bied ook die moontlikheid dat die medenavorsers betrek kan word by die navorsingsproses. Hierdie is 'n belangrike aspek van die studie, aangesien dit dui op 'n potensiële verskuiwing van die kennismagsbasis, asook die belangrikheid van medekonstruksie wat plaasvind binne die veld a.g.v. die verhoudings tussen navorser en die medenavorsers.

Jillian Farquhar (2012:26, sien Post & Faro, 2017:23) som die bogenoemde sterkpunte van die gevallestudiebenadering eenvoudig op deur te verwoord dat teorieë gevorm word, eerder as wat teorieë getoets word.

Die volgende beperkinge van die gevallestudiebenadering word as volg deur Simons (2009:12-13, sien Mills, Durepos, Wiebe, 2010:90) verwoord:

- Gevallestudies het die vermoë om verdraaide weergawes van die werklikheid uit te beeld.
- Gevallestudies is ook opgesluit in 'n bepaalde tydsperiode, terwyl die medenavorsers van die gevallestudie, moontlik al aanbeweeg het rakende die bepaalde onderwerp.
- Gevallestudies se beklemtoning van die betrokkenheid en subjektiwiteit van my as navorser kan problematies wees.
- Die manier waarop afleidings en toepassings gemaak word oor 'n bepaalde saak met die gebruik van gevallestudies word as problematies beskou.

Hierdie genoemde beperkinge word nie noodwendig as beperkinge beskou nie, dit het te make met die spesifieke manier waarop hierdie sake verstaan en geïnterpreteer word.

5.2.1.1. Afbakening van die gevallestudie

Ek het doelbewuste keuses gemaak rakende die afbakening van die gevallestudie om sodoende die navorsingsdoelwitte te bereik en die sentrale navorsingsvraag te dien (sien Barnard, et al, 2009:36). Daar word gebruik gemaak van 'n kollektiewe gevallestudie benadering, wat behels dat meer as een geval bestudeer word (Goddard, 2010:1). Elke geval word met groot verantwoordelikheid gekies, om sodoende diep en ryk data te verseker. Die werkswyse waarvan ek gebruik gemaak het om die gevallestudies mee te identifiseer, word deur Mills, et al., (2010:582) 'n parallelle strategie genoem. Dit veronderstel dat al die gevallestudies op 'n bepaalde tyd geïdentifiseer is om deel te neem aan die betrokke navorsing.

Elke geval word bestudeer as deel van die kollektief om sodoende 'n dieper en ryker verstaan van die sosiale fenomene te bied, as wat moontlik sou wees met 'n enkele gevallestudie (Mills, et al., 2010:582). Die deurlopende tema van kollektiewe gevallestudies is dat dieselfde navorsingsvraag in verskillende kontekste deur middel van dieselfde metodes van data-insameling en data-analise ondersoek word. Elke geval word *in situ* bestudeer, maar die kollektiewe gevallestudie word gebruik vir die analise gedeelte van die studie (Goddard, 2010:2).

Met betrekking tot hierdie spesifieke navorsing is die volgende identiteitsmerkers van belang om die individuele gevalle (medenavorsers) met mekaar in verband te bring:

1. Akademiese betrokkenheid in die onderskeie vakgebiede van Teologie
2. Kerklike betrokkenheid veral met die fokus op die lei en bywoning van eredienste
3. Geslag
4. Ouderdom
5. Etnisiteit
6. Konkrete betrokkenheid by die bevordering van versoening in Suid-Afrika

Elke geval (medenavorser as individu) word benader as 'n individuele entiteit, en met 'n indieptebenadering. 'n Kollektiewe gevallestudie volgens Goddard (2010:2-3) is veral bruikbaar in sosiale instellings, soos tydens die erediens, in die geval van hierdie studie. Die ooreenkomste en verskille tussen die verskillende individuele gevalle (medenavorsers) is van groot belang vir kollektiewe gevallestudies, aangesien dit die wyse is waarop onderskeid getref word tussen 'n gevallestudie en 'n kollektiewe gevallestudie. 'n Kollektiewe gevallestudie vra ook 'n deeglike metodologiese proses om sodoende reg te laat geskied aan die individuele geval, maar ook die kollektief.

5.2.2. Navorsingstegnieke

5.2.2.1. Semigestruktureerde indiepteonderhoude

Semigestruktureerde indiepteonderhoude is soortgelyk aan 'n oop, gemaklike en eerlike gesprek wat plaasvind tussen twee individue wat gesels oor 'n saak wat vir albei van belang is (Morris, 2015:3, sien Wepener, 2005:116). Die aard daarvan is ten diepste, 'n navorser wat vrae vra en opvolg na aanleiding van die respons van die medenavorser, om sodoende genoegsame inligting te bekom van die persoon wat 'n kenner is op die gebied waarin hy belangstel. Alhoewel die onderhoud vloeibaar van aard is, bly ek deurentyd besig om die onderhoud te fokus om so veel as moontlik inligting in die toegekende tyd te bekom. Die medenavorsers kan hulleself uitdruk op enige manier. Die verwagting is wel dat hulle hulle storie sal vertel in hulle eie woorde (Barnard, et al., 2009:36). Volgens Morris (2015:8) is daar wel 'n verskil tussen 'n gesprek en 'n navorsingsonderhoud en dit behels die vrae van indringende vrae. Indringende vrae behels dat ek die respondent vra om of uit te brei op die antwoord, of die antwoord verder te verduidelik. Die doel van indringende vrae is om meer duidelikheid en besonderhede te verkry van 'n betrokke saak.

5.2.2.2. Die voordele van semigestruktureerde indiepteonderhoude

Semigestruktureerde indiepteonderhoude is 'n effektiewe manier om data in te samel vir navorsing in die sosiale wetenskappe. Die onderhoud gee vir my toegang tot die medenavorser se gedagtes, refleksies, motiewe, ervarings, herinneringe, verstaan en interpretasie van die saak waaroor die navorsing handel. Dit gee my geleentheid om te verstaan waarom die medenavorser die wêreld verstaan en konstrueer, soos wat hulle doen.

5.2.2.3. Die beperkinge van semigestruktureerde indiepteonderhoude

'n Belangrike beperking van semigestruktureerde indiepteonderhoude is die feit dat medenavorsers 'n wêreld kan konstrueer wat ver van die waarheid is, en dit is nie altyd moontlik om na te gaan nie. Dit is ook so dat daar altyd medenavorsers sal wees wat nie omvattende en gedetailleerde antwoorde gaan gee nie. Morris (2015:16) voer aan dat dit 'n verdere beperking van hierdie tipe onderhoud is, dat die data nie veralgemeen kan word nie. In meerdere onderhoude is die voorkoms van datasaturasie belangrik, om sodoende betroubaarheid en geldigheid van die data te bevestig. Onderhoude is dikwels 'n tydrowende en duur metode van data-insameling. Om toegang te verkry tot medenavorsers kan in sekere omstandighede moeilik of selfs onmoontlik wees.

5.2.2.4. Die gebruik van semigestruktureerde indiepteonderhoude

Volgens Morris (2015:17) is die gebruik van semigestruktureerde indiepteonderhoude toepaslik wanneer die navorsing veral oor sensitiewe sake handel, soos in die geval van hierdie navorsing, wat handel oor versoening in Suid-Afrika.

Die navorsingsvraag lei my ook in die rigting om te bepaal of die gebruik van semigestruktureerde onderhoude die beste navorsingsmetode is om data in te samel, wat in hierdie geval sodanig is.

5.2.2.5. Die keuse van medenavorsers

Die vraag rakende wie deelneem aan 'n studie is van die uiterste belang volgens Morris (2015:1). Elke navorsingstudie het 'n navorsingsvraag en daaruit word hoofsaaklik bepaal watter medenavorsers geskik sal wees om deel te neem aan 'n betrokke studie. Die medenavorsers wat deelneem, word gekies op grond van hulle kennis en ervaring van die betrokke veld waarbinne die navorsing plaasvind, om sodoende te verseker dat indiepte data ingesamel word om sodoende die navorsingsvraag te help beantwoord. Ek het gebruik gemaak van die doelgerigte steekproefnemingstegniek om medenavorsers te kies wat deelneem aan die betrokke empiriese navorsing. Sandra Mathison (2005) beskryf die spesifieke tegniek as volg:

“Purposeful sampling involves selecting informationrich cases for study in depth, cases that offer insights into issues of central importance to the purpose of an evaluation, thus the term purposeful sampling. Small purposeful samples yield in-depth understanding and insights rather than empirical generalizations.”

Ek het dus die genoemde kriteria (sien onder die opskrif: Afbakening van gevallestudie) gebruik om ses medenavorsers te identifiseer wat indieptekennis en -ervaring van liturgie en versoening in Suid-Afrika het. Elke medenavorser is ook gekies met die oog op verteenwoordiging op grond van kerklike verbondenheid, etnisiteit, vakkundige kennis, geslag en ouderdom. Hierdie kollektiewe gevallestudie, het dus nie ten doel om empiriese veralgemenings te maak nie, maar om indiepteverstaan en -insigte oor liturgie en versoening na vore te bring (Morris, 2015:24).

Die vraag oor hoeveel medenavorsers voldoende is vir 'n betrokke studie is moeilik om te beantwoord, dit word herhaaldelik in die literatuur voorgestel (Morris, 2015:26). Daarom het Glaser en Strauss in 1967 die konsep van datasaturasie ontwikkel wat beteken dat addisionele onderhoude nie enige nuwe data na vore bring nie. (Morris, 2015:27) voer aan dat die navorsingsvraag van 'n betrokke studie grootliks bepalend is vir hoeveel medenavorsers benodig word, en daarom volstaan hierdie spesifieke empiriese studie met ses medenavorsers, wat 'n bepaalde bydrae lewer tot die veld van liturgie en versoening rakende hulle betrokkenheid en ervaring van hierdie konsepte.

5.2.2.6. Die sleutelbeginsels en -prosedures van etiesgefundeerde empiriese navorsing

Ek het die etiese klaringsproses deurloop, soos vereis deur die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria. Die volgende beginsels en prosedures is gevolg om etiese klaring vir die empiriese navorsing te verkry (sien Wepener, 2005:116-117):

1. Die navorsingsvoorstel is ontwerp en nagegaan deur die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie en Religie om sodoende integriteit, kwaliteit en deursigtigheid te verseker.
2. Medenavorsers wat aan die empiriese navorsing deelneem, word volledig ingelig met betrekking tot die doel van die studie, die metodes wat gebruik word, asook die publikasies van die studie, wat die medenavorsers se deelname behels, en watter risiko's dit behels, indien enige. Hierdie inligting word opgeneem in die Ingeligte Toestemmingsbrief wat elke deelnemer onderteken (sien aangeheg as Addendum A en B).

3. Die studie word beskou as konfidensieel, daarom word anonimiteit verseker deur geen name of enige herkenbare inligting te gebruik in die betrokke studie nie.

4. Medenavorsers neem vrylik deel aan die studie, en kan ook op enige gegewe stadium van die studie onttrek, sonder enige gevolge, soos verwoord in die Ingeligte Toestemmingsbrief.

Na aanleiding van hierdie prosedures is daar etiese klaring verleen, en kon ek voortgaan met die empiriese navorsing (sien Addendum I).

5.2.2.7. Die semigestruktureerde indiepteonderhoudskedule

Die ontwikkeling van 'n effektiewe onderhoudskedule is van kardinale belang vir semigestruktureerde indiepteonderhoude. Die onderhoudskedule in essensie fokus die empiriese navorsing, sodat die data wat ingesamel is, al die navorsingsvrae beantwoord (Morris, 2015:3). Vir die ontwikkeling van 'n onderhoudskedule moet ek 'n baie goeie idee van die tema en navorsingsvrae van die studie hê. Verder moet ek ook 'n goeie begrip van die voorafbestaande literatuur rakende die veld van liturgie en versoening hê. Die oorhoofse tema en die navorsingsvraag bepaal watter vrae gevra word in die onderhoudskedule, want die vrae wat in die onderhoude gevra word, help my om die navorsingsvraag te beantwoord (Morris, 2015:7). Ek het die onderhoudskedule as volg ontwikkel:

Die onderhoudskedule word ontwikkel deur gebruik te maak van vier sleuteltemas, soos geïdentifiseer vanuit die literatuur, en word ook weergegee in die teoretiese hoofstukke, naamlik:

- Versoening in die breër samelewing
- Teologiese verstaan van versoening
- Betrokkenheid by die bevordering van versoening

- Die verband tussen die erediens en versoening

So binne hierdie raamwerk, is daar buigsaamheid binne die onderhoud, solank al die bogenoemde temas aandag geniet binne die tydsduur van die onderhoud. Ek het binne hierdie raamwerk van sleuteltemas vrae geïdentifiseer en geformuleer wat nodig is om te vra. Die vrae is duidelik en eenvoudig geformuleer, sodat dit maklik verstaanbaar en beantwoordbaar is. Daar word gebruik gemaak van oop einde vrae, wat beteken dat die medenavorser nie gelei word deur die vraag om 'n bepaalde antwoord te gee nie (Morris, 2015:13). Die semigestruktureerde indiepte-onderhoudskedule word aangeheg as Addendum D en F.

5.2.2.8. Voorbereidings vir die semigestruktureerde indiepteonderhoude met die sewe medenavorsers

Ek het al die medenavorsers ingelig dat daar gebruik gemaak word van 'n klankopname, vir die volledige weergee van die onderhoud (sien Ingeligte Toestemmingsbrief Addendum A en B). Dit is uiters moeilik vir my om volledige notas te neem vir die weergee van die onderhoud, en om ook te konsentreer op die onderhoud volgens Morris (2015:3). Die voordeel van 'n klankopname is dat die presiese woorde weergegee kan word in die transkripsie van die onderhoud. Ek het voor die betrokke onderhoude seker gemaak dat die bandopnemer in orde is, asook dat die batterye vol gelaai is. Die klankopnames word op 'n CD geskryf, vir die bewaring deur myself en ook deur die Departement Praktiese Teologie van die Univeristeit van Pretoria, volgens die regulasies en vereistes van die Universiteit van Pretoria. Verder het ek gebruik gemaak van 'n notaboek en 'n pen, om steeds vinnige notas van belang neer te skryf. Verder moes een van die onderhoude oor Skype gevoer word, aangesien die afstand tussen my en die medenavorser net te ver was om in persoon gevoer te word. Beide partye moes 'n stabiele internetverbinding hê, asook toegang tot die gebruik van 'n rekenaar of selfoon met die betrokke sagteware.

Ek het gebruik gemaak van e-pos om 'n afspraak te reël waartydens die onderhoud plaasgevind het. Die eerste e-pos het die volgende inligting bevat (sien Addendum G):

- Bekendstelling
- Kort verduideliking van die navorsing en waarom hulle gekies is om deel te neem daaraan
- Voorgestelde tydsduur van die onderhoud

Daarna is afgespreek op 'n bepaalde datum, tyd en plek wat gerieflik is vir elke medenavorser wat deelgeneem het aan die empiriese studie. Ek het 'n dag voor die onderhoud weer opgevolg en die afspraak bevestig. Op hierdie manier is al ses onderhoude benader om te verseker dat die medenavorsers op hulle gemak is tydens die onderhoud.

5.3. Analise van die semigestruktureerde indiepteonderhoude

5.3.1. Semigestruktureerde indiepteonderhoudstranskripsies

Een van die groot uitdagings van die empiriese navorsing is om die inhoud van die onderhoude so goed as moontlik weer te gee en duidelik aan te toon hoe hierdie insigte my gehelp het om die sentrale navorsingsvraag te beantwoord. Hierdie omskakeling van onderhoudstekste tot akademiese manuskrip vereis geduld, kreatiwiteit, organisasie en 'n duidelike visie van die navorsingsvraag wat beantwoord word.

Die volgende stap in die empiriese navorsingsproses is om die onderhoude te transkribeer, dit is 'n tydrowende taak, wat deur 'n vaardige persoon gedoen behoort te word, aangesien dit 'n belangrik stap van die navorsingsproses behels (Morris, 2015:4). Ek het gekies om self die onderhoude te transkribeer, om sodoende waardevolle inligting raak te sien wat nie tydens die onderhoud so duidelik na vore gekom het nie. Sodoende het ek ook vertrouwd geraak met die navorsingsdata.

Akkurate transkripsies is nodig om die data te analiseer, en daarvoor is 'n verbatim getranskribeerde teks wat gegrond is op die opname nodig. Morris (2015:4) dui aan dat die taal, of taalstruktuur of taalfoute geensins reggestel mag word, wanneer die onderhoude getranskribeer word nie. Daarom het ek geen taal- of struktuuroute gekorrigeer in die aangehegte onderhoudstranskripsies nie (sien Addendum J), want alhoewel dit taalkundig foutief is, is dit ryk aan betekenis en beelde. Die volgende gegewens word aan die begin van die onderhoudstranskripsie aangedui om sodoende 'n profiel van die medenavorsers te skets:

- Geslag
- Etnisiteit
- Ouderdom
- Kerklike verbondenheid

Die profiel van die deelnemende medenavorsers kan as volg weergegee word:

| Medenavorsers | NGK | VGKSA | Man | Vrou | Ouderdom | Etnisiteit |
|---------------------------|------------|--------------|------------|-------------|------------------|-------------------|
| Medenavorser A | X | | X | | Emeritus | Blank |
| Medenavorser B | | X | X | | Middeljarig | Bruin |
| Medenavorser C | | X | | X | Middeljarig | Blank |
| Medenavorser D | | X | X | | Middeljarig | Swart |
| Medenavorser E | X | | X | | Vroeë middeljare | Blank |
| Medenavorser F | X | X | | X | Middeljarig | Blank |

Tabel 2: Profiel van die medenavorsers

Hiermee erken ek dat die kulturele verteenwoordiging van die medenavorsers ietwat problematies voorkom, aangesien vier van die ses medenavorsers aan 'n spesifieke kultuurgroep verbonde is. Ek verduidelik as volg: elf medenavorsers is uitgenooi om deel te neem aan die betrokke navorsing, waarvan vyf medenavorsers as gevolg van verskeie redes nie kon deelneem aan die studie nie. Die vyf medenavorsers wat nie kon deelneem aan die studie nie, is 2 medenavorsers vroulik, 1 medenavorser is Swart en 2 medenavorsers is Bruin. As gevolg daarvan dat die vyf medenavorsers nie aan die studie kon deelneem nie, is kulturele verteenwoordiging effens problematies en word dit as 'n potensiële leemte van hierdie studie erken.

Vervolgens argumenteer ek dat die profiele van die medenavorsers in geheel beskou behoort te word, dan vervaag die problematiese kulturele verteenwoordiging binne die groter prentjie. Verteenwoordiging vanuit die VGKSA is goed. Vroulike verteenwoordiging, asook ouderdom spesifieke verteenwoordiging is aanvaarbaar gegewe die kerklike, akademiese konteks, asook die uiters beperkte kriteria waaraan medenavorsers moes voldoen om aan hierdie betrokke studie te kon deelneem.

5.3.2. Analise van die semigestruktureerde indiepteonderhoude

Gevalllestudienavorsing produseer groot hoeveelhede data wat ontleed word. Om my in staat te stel om die bevindinge van die navorsing weer te gee, asook om die navorsingsvraag te beantwoord, word die data sistematies oopgevlak, herrangskik en georganiseer en ook geïnterpreteer (Mills, et al., 2010:749). In hierdie stadium van die navorsingsproses is ek besig om sin te maak van die data, om te verstaan wat van belang is soos dit na vore gekom het vanuit die kollektiewe gevalllestudie.

Ek gebruik die triangulasieproses van Morris (2015:13-30, sien Van der Merwe, Pieterse en Wepener, 2013) wat as volg in 5 stappe weergegee word:

1. Die stadige deurlees van elke onderhoudstranskripsie, terwyl aantekeninge gemaak word - met hierdie eerste stap word veronderstel dat daar met aandag deur die transkripsies gelees word, sonder dat die transkripsies gekodeer word. Aantekening kan wel gemaak word rakende die oorhoofse kwaliteit van die onderhoud en sleutelaspekte wat na vore kom in die onderhoud.

2. Noemenswaardige aanhalings – hierdie noemenswaardige aanhalings verteenwoordig uitstaande sleutelaspekte en temas wat na vore kom in die data.

3. Kodering – na die aanvanklike lees van die transkripsies het ek 'n aanvoeling vir die data begin kry, en daarom kan kodering nou plaasvind. Kodering van data behels die organisering van die onderhoudsmateriaal in kodes, dit help my om die data met mekaar te vergelyk en om sodoende sin te maak van die data wat ingesamel word.

Die kodes word vasgestel op grond van die volgende beginsels:

- Die belang van die kode tot die beantwoording van die navorsingsvraag
- Kodes wat sterk en kragtig is, verskyn vanself
- Herhaling is belangrik om kodes mee te identifiseer
- Verder is uniekheid 'n belangrike aspek om kodes te identifiseer

4. Organisering en strukturering van die kodes – hier kry ek die geleentheid om die kodes te organiseer, te struktureer en te integreer om te sien hoe die betrokke kodes die groter prentjie belig.

5. Interpretasie – die data-analise help my om die fenomeen soos ondersoek deur die empiriese navorsing te beskryf, te verduidelik en te interpreteer.

Aangesien die empiriese navorsing van hierdie betrokke studie 'n ondersteunende rol speel, en nie die enigste fondament is waarop die studie berus nie, het ek gekies om deur middel van 'n eie koderingsproses die data te analiseer, aangesien ek+ ook die nodige ervaring ten opsigte van hierdie navorsingstegniek openbaar (sien Van der Merwe, 2015; Van der Merwe, Pieterse & Wepener, 2013 & Kleynhans, 2012).

Ek gebruik Hennie Pieterse (2011:100, sien Theron, 2015, Wepener & Pieterse, 2018) se koderingsproses as voorbeeld vir hierdie koderingsproses. Die eerste siklus van kodering "open coding" organiseer die data in hanteerbare segmente as volg; al ses die semigestruktureerde indiepteonderhoudstranskripsies word uitgedruk, vervolgens word die transkripsies per vraag bymekaar gesorteer. Daarna het die oop koderingsproses in werklikheid begin, met die data wat per segment gelees en weer gelees word om sodoende aanvanklike kodes te identifiseer. Aanvanklike kodes word geïdentifiseer op grond van herhaling veral, verder ook kodes wat sterk en kragtig na vore kom, en ook kodes wat uniekhede en teenstrydighede vertoon. Hierdie aanvanklike kodes is in die kantlyn van die uitgedrukte onderhoudstranskripsies neergeskryf (O'Reilly, 2009:36).

Die datasegmente, asook die aanvanklike kodes word tydens hierdie eerste siklus konstant met mekaar vergelyk deur te sien, te reflekteer, te herrangskik om sodoende die aanvanklike kodes te integreer. Hierdie proses het plaasgevind deur kodes wat op 'n manier verband hou met mekaar, met dieselfde kleur pen te merk (O'Reilly, 2009:36) om sodoende die geheel van die data te behou. Elke segment se kodes is verder verwerk tot idees, kategorieë en konsepte. Hierdie idees, kategorieë en konsepte verwoord dit wat die medenavorsers verklaar rakende liturgie en versoening in die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing, soos dit na vore gekom het vanuit die data.

Vervolgens, volgens Pieterse (2011:106), beweeg ek nou vanaf analise na konseptualisering. Dit beteken dat die verbande tussen die konsepte gelê word, om sodoende temas te voorskyn te bring. Dit het volgens O'Reilly (2009:37) tot gevolg dat

die kodes verminder, tot 'n paar temas wat duidelik na vore gekom het deur die proses van ontleding en analise. Hierdie proses staan bekend as formele kodering. Ek het tydens hierdie siklus van die koderingsproses gebruik gemaak van breinkaarte ("mind maps")²⁵ om die verbande op 'n sigbare en visuele manier voor te stel, soos verwoord met die volgende aanhaling:

"Mind mapping converts a long list of monotonous information into a colorful, memorable and highly organized diagram that works in line with your brain's natural way of doing things" (Buzan, 2019).

Tydens hierdie siklus van die koderingsproses behoort ek heeltyd ontvanklik te bly vir veranderinge, aangesien alles wat deelvorm van die proses redelik voorlopig is.

Hier volg dus die analise van die semigestruktureerde indiepteonderhoudstranskripsies; verwerk soos per die ondershoudsvrae, soos dit na vore gekom het in die data. Geen gevolgtrekkings word tot dusver gemaak nie:

Vraag 1A: Wat gaan in Suid-Afrika aan met betrekking tot versoening?

Die uitbeelding van die navorsingsdata met betrekking tot versoening in Suid-Afrika soos dit na vore kom na aanleiding van die empiriese navorsing lyk soos volg:

²⁵ Tony Buzan, 'n Britse sielkundige, was die meesterbrein agter die konsep van 'n breinkaart (sien <https://www.tonybuzan.com/>).



Figuur 7: 'n Uitbeelding van versoening in Suid-Afrika

Medenavorser A²⁶ het dadelik verwoord dat versoening toe nie so maklik gebeur het, as wat aanvanklik gedink is nie. Ons het verkeerdelik gedink dat versoening ‘n gebeurtenis is, en eintlik is dit ‘n proses. Hy sê verder oor die versoeningsproses

“Jy kan nooit regtig sê ons is versoen nie. Ons sou dit graag wou doen, maar ek dink ons moes leer dat versoening ‘n lang proses is en ons is nog ver op pad na versoening” (Medenavorser A).

Medenavorser B verduidelik dat dit van kardinale belang is om te verstaan dat die versoeningsproses vanuit verskillende invalshoeke benader word, gegewe die spesifieke konteks van die persoon wat praat.

“Verskillende mense kyk verskillend na versoening, en soms dink ons dat verskillende antwoorde wat gebied word ... mekaar uitsluit...” (Medenavorser B).

Die rol van leierskap met betrekking tot die bevordering van die versoeningsproses in Suid-Afrika is opvallend. Medenavorser B noem leiers by name soos Michael Cassidy van die *African Enterprise* en David Bosch, die groot missioloog, wat veral in die tagtiger jare ‘n groot rol gespeel het met betrekking tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika. Medenavorser A dui aan dat Suid-Afrika wel tans in die moeilikheid is, omdat die rolspelers wat ‘n groot rol kan speel om die land op hierdie versoeningpad te lei, nie regtig doen wat hulle moes doen nie. Dit geld vir alle leiers, politieke leiers, kulturele leiers, en ook godsdienstige leiers. Verder verwoord Medenavorser A dat “ons blankes ook nie ons rol gespeel het nie”

²⁶ Sien vervolgens die tabel op bladsy X vir die onderskeie profiele van die deelnemende medenavorsers.

“... Afrikaanssprekende NG Kerk mense, lidmate het teruggetrek uit die samelewing ...”
(Medenavorser A).

Verder word dit gou duidelik dat die versoeningsproses nie net die verantwoordelikheid van die voorlopers is nie, maar van elke gewone Suid-Afrikaner, mans en vrouens, moeders en jongmense. Uiteindelik is dit hulle wat die groot bydrae gaan lewer. Dit vra bemaatiging en inspirasie om waarlik hierdie rol te vervul.

Die volgende insiggewende perspektiewe op die drie tydperke van versoening in Suid-Afrika het na aanleiding van die data-analise na vore gekom:

- **Versoening in die 1980's** – die volgende dokumente van belang is in die tagtiger jare geformuleer; die Belydenis van Belhar, die Kairos dokument en ook die *Relevant Pentecostal Witness* wat vanuit die pentekostalistiese groepering te voorskyn gekom het. Volgens Medenavorser B is versoening in hierdie konteks gesien as 'n alternatief tot die soeke vir geregtigheid. Versoening is in die tagtiger jare met groot agterdog bejeën, vanuit verskillende oorde. Die konteks van die 80's in Suid-Afrikaanse geskiedenis word hoofsaaklik gesien in die lig van die diepte en tipe konflik wat geheers het, Medenavorser B praat van

“... 'n lae intensiteit oorlog ...”

Dit was die jare van die bosoerlog, diensplig; dis die jare waarin daar in swart en bruin gemeenskappe en “townships” deur die weermag gepatrolleer is; dit is die jare van die gewapende stryd, die “armed struggle”. Die land se toekoms was letterlik op 'n mespunt gebalanseer, en in hierdie konteks word die oproep tot versoening gemaak (Medenavorser B).

- **Versoening in die 1990's** – met die oproep in die 1990's vir versoening, is dit nie 'n nuwe konsep wat op die tafel land nie. Met die konteks van die 80's in gedagte, vind die ontbaning van die bevrydingsbewegings plaas, Nelson Mandela word vrygelaat, en die onderhandelinge begin.

“... dit is ‘n genade van die Here dat ons nie in die 90’s uitbarstings gekry het nie”
(Medenavorser B).

‘n Vreedsame oorgang word gemaak na ‘n nuwe demokratiese Suid-Afrika; en daarom moet die oproep tot versoening as ‘n doelbewuste poging verstaan word om die oorlogssituasie op hande te ontlont. In hier konteks is

“... die keuse vir versoening gemaak en dit het geslaag, dit was ‘n stuk genade van die Here” (Medenavorser B).

Die Waarheids- en versoeningskommissie lewer ‘n groot bydrae tot die ontwikkeling van ‘n proses om die verlede op ‘n manier te verwerk wat tot genesing lei, en nie vergelding nie. Medenavorser B voer aan dat die 90’s hoofsaaklik gewerk het met prosesse van “story telling” met die klem op genesing en die herstel van verhoudings.

- **Versoening in 2019** – Medenavorser C beklemtoon 5 keer in die bestek van ‘n paar sinne, dat daar geen versoening in Suid-Afrika is nie:

“Waar moet mens daarvoor kyk? Bedoel jy die kerk? Bedoel jy die groter samelewing? Nee, ek sien dit nie!”

Medenavorser D bevestig ook hierdie gevoel van Medenavorser C in die volgende aanhaling:

“... let us juxtapose this conversation post 1994, where there was much talk about the rainbow nation and us at having surprised the world with how we just became this new South Africa. So today there is not even talk about reconciliation as far as I am concerned ... because of issues in my opinion that should have been taken care off, that did not happen ...”

Die belangrike kwessie wat nog nie aandag geniet het volgens Medenavorser D is: emosionele kwessies soos grondhervorming, die voortdurende

ongelykheid tussen ryk en arm. In aansluiting hierby voeg Medenavorser B die groterwordende verskynsel van “service delivery protests” waar daar al hoe meer die bewussyn geskep word dat die versoeningsproses nie so suksesvol verloop het, as wat almal gedink het nie. Die krisis rondom geweld en misdaad in hierdie land, en hoedat dit na sy oordeel ‘n analise is van die gevolg van ‘n generasie wat nie die proses van heling deurloop het nie. Daarom ‘n generasie wat gewond is. Repondent B eis met dringendheid dat hierdie kwessies vandag nog aangespreek moet word, wanneer daar oor versoening gepraat word. Vandag moet daar erken word

“... the liberation project did not deliver the fruits that they thought would come with that” (Medenavorser D).

Die land is nie op ‘n goeie plek nie, nie as daar gekyk word na dit wat gebeur in terme van armoede en werkloosheid, die onbehaaglikheid wat mense het rondom die sake wat aan die orde van die dag is, soos byvoorbeeld staatskaping. Die meeste mense voer aan dat al die leiers voete van klei het. So, op die stadium in die woorde van Medenavorser A

“... is versoening ernstig, ernstig, ernstig nodig.”

Medenavorsers C en D argumenteer dat selfs in die kerklike sfeer versoening nie ‘n konsep is wat met ope arms verwelkom word nie. Die familie van kerke dryf al hoe verder van mekaar af weg. Dus selfs in kerklike kringe wil versoening as bloot kosmeties voorkom. Dit word bloot gebruik om mense goed te laat voel en daarna beweeg elkeen maar weer na hulle eie ruimtes.

“We are having this case... because reconciliation is a negotiated settlement ... it did not go down to the grassroots, it did not go down to communities, and as a result reconciliation was never owned by communities” (Medenavorser D).

Na aanleiding van hierdie sketse word dit duidelik dat die meerderheid medenavorsers pleit vir radikale versoening in Suid-Afrika. Radikale versoening vra dat daar begrip is vir waarom ons vandag in Suid-Afrika versoening nodig het.

“What happened for us to reconcile? What happened for us to be estranged? It starts with an acknowledgement with what has happened” (Medenavorser D).

Medenavorser E haal vir Boesak aan deur te verklaar dat radikale versoening met ‘n prys kom, en dit is nie goedkoop nie.

“Ons kan nie anders oor versoening praat, sonder geregtigheid nie...” (Medenavorser E).

Medenavorser B voer aan dat ‘n koue en kliniese blik na die ekonomiese beleid van Suid-Afrika wys dat die beleid nie in die doel geslaag het nie. Sekere beleidskeuses bly die gaping vergroot tussen die ultra-rykes en die ultra-armes. Van belang om te hoor is

“... die wat die ekonomiese mag het, natuurlik ook die vermoë het om te bepaal dat sekere groepe bevoordeel word deur die ongelikheid” (Medenavorser B).

Radikale versoening wat strukture van onreg aanspreek, is daarom kontra-kultureel van aard, dit gaan teen die grein in van die bevoordeling van sekere groepe bo ander groepe. ‘n Belangrike fokus om te behou, is dat nie almal belange in ‘n versoende gemeenskap het nie. Nie almal is ten gunste daarvan dat daar groter gelykheid en eenheid tussen die gemeenskap bestaan nie.

“Daarom is die goeie nuus, die evangelie, vir die wat soek na groter mate van versoening, eenheid en geregtigheid. Daardie goeie nuus is slegte nuus vir die wat belange het in ongelykheid en in verdeeldheid en in verskeurdheid” (Medenavorser B).

Ten spyte van al die negatiewe rondom die konsep van versoening, skets Medenavorser F ook ‘n ander prentjie – ‘n prentjie van konvivialiteit, waar die gemeenskap mekaar baie goed ken. In hierdie gemeenskap leef mense naby aan mekaar. Versoening is iets wat op ‘n daaglikse basis plaasvind. Versoening leef in hierdie konteks in verhoudings, omdat die mense mekaar ken, in mekaar se huise en woonbuurte kom.

“Communal living, maak dat verhoudings anders lyk” (Medenavorser F).

Dit het alles te doen met mense wat bepaalde keuses gemaak het, met leiers wat

“... letterlik in die ‘thresholds’ gaan staan het en brûe tussen kulture geword het en op so ‘n manier mense weer bymekaar gebring het” (Medenavorser F).

Nood in die gemeenskap het mense verenig, en op so ‘n wyse het “connections” op ‘n natuurlike manier gebeur.

Vraag 1B: Wat is die grootste struikelblokke op hierdie pad na versoening?



Figuur 8: Grootste struikelblokke op die pad na versoening

Die data-analise wys dat die volgende hoofstruikelblokke is op die pad van versoening in Suid-Afrika vandag:

- **Rassisme & Klassisme** – volgens Medenavorser F is rassisme gewortel in vrees, of anders gestel in 'n persoon se klein selfbeeld.

“... rassisme is darem maar ‘n draak wat jy sy nek nie maar net gou omgedraai kry nie”
(Medenavorser A).

Hiermee saam is klassisme ook ‘n struikelblok op die pad na versoening.

“Ek is in ‘n hoër klas as jy en daarom meng ek nie met jou nie, of ek het meer geleerdheid as jy wat ongeletterd is...” (Medenavorser F).

- **Ontbrekende leierskap** – indien daar nie prosesse in plek gestel word om mense te begelei en aan te moedig en bemagtig op die pad van versoening

nie, dan val alles deurmekaar. Die rol van ontbrekende kerklike leierskap word sterk verwoord deur Medenavorser A met die volgende aanhaling

“Wat ons hinder in hierdie land is dat kerke nie genoeg doen om die lidmate te bemagtig, vir hulle te inspireer en vir hulle te wys wat hulle rol is en hulle ook te vat op hierdie pad van versoening nie.”

- **Onbegrip vir die land waarin ons leef** – Medenavorser F maak dit baie duidelik dat sy ‘n vraag rondom teologiese opleiding in Suid-Afrika het. Haar belewenis is

“... ek dink ons lei predikante op vir ‘n ‘white world’ en predikante verstaan nie hoe lyk die wêreld daarbuite nie. Die meeste van hulle gemeentetjies is nog wit, maar as ons as kerk wil vorentoe gaan, as ons as kerk wil groei in die toekoms, dan sal ons baie meer kruis-kultureel moet dink, baie meer kruis-kultureel moet bedien.”

Volgens haar is dit baie jammer dat daar ‘n generasie grootgemaak word wat nie een die vaardighede het om in Afrika te funksioneer nie.

- **Kritiese omgaan met die verlede** – indien ons, die NG Kerk in Suid-Afrika nie met ons verlede meer krities omgaan nie, dan gaan hierdie land altyd deur spoke gekonfronteer word. Dit gaan nie weggaan nie. Medenavorser A voer aan dat daar nie versoening kan wees, as die waarheid nie op die tafel kom nie. Die waarheid maak verskriklik seer. Medenavorser D beklemtoon

“... any reconciliation must start with an admission of where we are to reconcile ... we should be frank and straight to the point ...”

Die kloof gaan net al hoe groter raak, waarsku Medenavorser E. Daar sal meer eerlik en broos met die verlede omgegaan moet word; andersins is daar geen sprake van ‘n toekoms nie.

“... te veel mense dink dat Apartheid ‘n ligte ‘mistakie’ was, wat nie die ‘rotteness’ daarvan eerlik en op alle vlakke wil erken nie” (Medenavorser E).

Indien daar so met die verlede omgegaan word, dan is daar begrip vir die hoeveelheid woede, aggressie en haat oor hierdie wit arrogansie, hierdie onskuld. Dan is daar mos hoegenaamd nie geregtigheid nie.

- **Kulturele identiteit** – die struikelblok rakende die uitlewing van verskillende kulturele identiteite volgens Medenavorser D is dat dit net ‘n “tick box” oefening is. Vandag in Suid-Afrika moet daar ‘n groter poging aangewend word om

“... need to really understand what does it mean to try to be in someone else’s skin ...”
(Medenavorser B).

Hiervoor is ware gesprek tussen mense met verskillende kulturele identiteite nodig. Medenavorser A bevestig dat daar nog nie regtig vertrouwe is nie, en daarom sit mense nog nie rondom ‘n tafel en maak hulle harte oop nie. Die kerk het volgens Medenavorser D definitief geen bydrae gelewer tot die hantering van hierdie kwessie nie. Medenavorser C lewer ‘n belangrike bydrae tot kulturele identiteit as struikelblok op die pad na versoening. In Suid-Afrika volgens haar is daar ‘n groot vrees dat mense hulle kulturele identiteit gaan verloor, indien versoening plaasvind.

“Wat van ons identiteit? Wat van ons identiteit?” (Medenavorser C).

- **Taal** – die kwessie rondom taal in Suid-Afrika met elf amptelike tale, is definitief ‘n struikelblok op die pad van versoening, veral wat betref die hou van gesamentlike eredienste. Medenavorser A verduidelik:

“Ek is partykeer jaloers op die Engelse kerke, wat die eredienste in Engels is.”

Volgens hom bly Afrikaans 'n probleem, veral wanneer interkulturele eredienste gehou word, want vir soveel mense in hierdie land is Afrikaans nie regtig die taal waarin hulle, hulle geloof sou wou bely nie.

Sy vraag is:

“Is ons taal vir ons so belangrik? Kan ons nie maar ons taal prys gee vir die evangelie nie?” (Medenavorser A).

Aan die anderkant pleit hy, ek wil so graag vir Jesus in my eie taal aanbid, ek wil so graag in Afrikaans sing.

Wanneer een taal in die erediens, bo 'n ander taal gestel word, dan veroorsaak dit juis verdeeldheid in die erediens, volgens Medenavorser B.

Medenavorser C vertel van 'n wonderlike inisiatief tot versoening in die erediens met betrekking tot taal, die “multilingual hymnbook”, met elke lied in verskillende tale, Afrikaans, Engels, Sotho, Zulu. Hierdie veeltalige gesangboek maak dit moontlik vir mense wat verskillende huistale het, om saam in die erediens te aanbid. Verder sê sy, dat sy haar verlustig wanneer daar in Zulu of Tswana gesing word, aangesien sy nie daaraan kan deelneem nie, omdat ek nie die taal kan praat nie:

“En as ek maar net klein was en my daai taal geleer het, maar hulle het nie vir ons daardie tale geleer nie en daarom kan ons nie heeltemal in mekaar se liturgieë deelneem nie” (Medenavorser C).

Medenavorser F verduidelik dat selfs verskillende dialekte van dieselfde taal 'n wesenlike verskil maak, binne die viering van die erediens. Aangesien die woordeskat dikwels radikaal van mekaar verskil.

Goeie taalvaardighede is dus van kritiese belang in terme van liturgie en prediking. Daar lê tog gevare verskuil in taal, soos deur Medenavorser F verwoord in die volgende aanhaling:

“... dat jy so eenvoudig kan preek dat jy mense se intelligensie beledig.”

- **Geregtigheid** – Medenavorser B maak dit duidelik dat daar ‘n persentasie mense en klasse in Suid-Afrika is wat voordeel trek uit die verdeeldheid wat daar tans heers:

*“... was ons visie vir Suid-Afrika ‘n Suid-Afrika waar die land behoort aan almal ..
. maar nou moet ons ook maar erken dis nie almal se droom nie – want sommige word bevoordeel uit die verdeeldheid en ongelykheid en daarom beveg hulle dit”*
(Medenavorser B).

Geen versoening is moontlik, sonder geregtigheid nie, so verwoord Medenavorser A duidelik sy opinie:

“Almal wil versoening hê, maar so goedkoop moontlik” (Medenavorser A).

In aansluiting by die bogenoemde gedagte argumenteer Medenavorser D as volg:

“... that is were you have demagogs ... who keep people in their spaces and say you belong here, you belong there and perpetuate like this the evil of our past.”

Vraag 1C: Is versoening nog 'n bruikbare konsep in Suid-Afrika?

Die meeste van die medenavorsers het aangetoon dat versoening as konsep in Suid-Afrika 'n gelaaide term is, en ook 'n term wat swaar dra aan bagasie. Daarmee saam word eweneens sterk beklemtoon dat die term versoening die hart van die Christelike geloof vorm, in die woorde van Medenavorser E. So om weg te doen met die konsep versoening is volgens die medenavorsers nie 'n moontlikheid nie. Daar is ander woorde wat die gesprek positief kan bevorder, maar dit kan nooit versoening as konsep vervang nie.


Medenavorser E verklaar:

“Wat God in Christus gedoen het, is 'n werklikheid, en die kerk moet dit ten alle koste beliggaam – dit is ‘reconciliation’”.

Medenavorser B pleit dat versoening as konsep nie geïsoleer moet word nie, maar altyd in verhouding tot ander konsepte soos eenheid en geregtigheid verstaan moet word.

Vraag 1D: Hoe word versoening vandag teologies verstaan in Suid-Afrika?

Die volgende teologiese begrippe word deur die medenavorsers gebruik om versoening vandag in Suid-Afrika teologies te verwoord:



Figuur 9: Teologiese verstaan van versoening

'n Emeritus professor van die NG Kerk begin om hierdie vraag te antwoord met die volgende aanhaling:

“Ons as christene kan nie anders as om te begin praat oor versoening aan die hand van wat Jesus Christus vir ons kom doen het nie” (Medenavorser A).

Hiermee word terugverwys na die Skrifgedeelte van 2 Korintiërs 5:17-20 wat beskou word as die fondament waaruit daar teologies oor versoening nagedink word:

“Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou” (Die Bybel, Nuwe Vertaling, 1993:207).

Die kruisgebeure van Jesus Christus staan sentraal tot die teologiese verstaan van versoening deur die medenavorsers wat aan hierdie studie deelgeneem het. Medenavorser A beklemtoon eweneens dat

“Versoening alleenlik kan plaasvind in en deur Jesus Christus...”

Dit beklemtoon vervolgens dat versoening ten duurste gebeur- vir God om die wêreld met Homself te versoen, moes Hy sy eie Seun opoffer – Jesus Christus moes sterf – dit is ‘n verskriklike prys om te betaal. In aansluiting hierby, is dit van belang om Filippense 2 te lees waar Jesus Christus alles prysgegee het, Homself verneder het, deur die gestalte van ‘n slaaf, ‘n mens, aan te neem. Medenavorser F, verduidelik:

“En Hy het ‘n mens geword, Hy het nie ‘n koning hier geword nie. Hy het die vorm van ‘n kneg ingeneem, dan het Hy ook nog die kruisdood gehad. Ten einde ons te versoen. En Paulus sê nogals interessant dieselfde gesindheid moet in julle wees wat in Christus Jesus was.”

Dieselfde gesindheid moet in julle wees volgens Filippense 2, dan kan daar nie oor goedkoop versoening gepraat word nie. Versoening vra alles, jou tyd, jou energie, jou geld, dit vra jou menswees. ‘n Belangrike vraag wat na vore gekom het uit die data is:

“Hoeveel van ons is bereid om alles prys te gee?”

Medenavorser F kom dan tot die slotsom, na die retoriese vraag wat sy stel:

“En dit is hoekom versoening so ‘n moeilike besigheid is.”

‘n Professor verbonde aan die VGKSA sluit aan by die gedagte van 2 Korintiërs 5 wat aanvoer dat versoening nuwe bestaansmoontlikhede moontlik maak, en verwoord dit as volg:

“I believe in relations, I think human beings are meant to be relational, and I think theology is meant to be relational, first God reconciling Himself with human beings, but also encouraging human beings to reconcile with one another” (Medenavorser D).

Vanuit die versoening met Jesus Christus het ons toegang tot God gekry, staan ons in ‘n nuwe verhouding tot God, ‘n dosent van die NGK sê:

“... leer ons vir God ken, vir wie Hy werklik vir ons is, ‘n Vader, Moeder, ‘n Versorger, ‘n Skepper, en vanuit die versoening met Christus ons Verlosser, dink ons ook dat God met ons is deur Sy Gees wat ons lei ... Ons ken God nie eintlik as God en Gees sonder Christus nie, so eenvoudig soos dit” (Medenavorser E).

Die herontdekking van missionale teologie fokus sterk op die onderlinge verbondenheid van Vader, Seun en Gees, wat in absolute liefde en versoening vasgebind word, dit is hoe die Drie-Eenheid opereer, herinner Medenavorser A. Met die herontdekking van die teologiese konsep *Missio Dei* word daar beklemtoon dat:

“... die Vader, Seun en Heilige Gees in liefde besig is met mekaar en die kosmos ... en stuur dan vir ons uit, om deel te word van die proses.”

Die kerk word geroep en gestuur om agente van versoening in hierdie wêreld te wees. In hierdie wêreld leef die mens hoofsaaklik in vier verhoudings, naamlik:

- Jou verhouding met Godself
- Jou verhouding met jouself
- Jou verhouding met jou medemense
- Jou verhouding met die skepping (kosmos)

Vir die kerk mag hierdie nooit net ‘n dogma wees, waaroor daar gedink en gepreek word nie, maar dit moet uiteindelik ‘n bestaanswerklikheid word waarvolgens gelowiges leef.

Met die kodering van die data het die volgende uiters belangrike teologiese waardes van versoening te voorskyn gekom:

- **Regverdige vergifnis** – Medenavorser C, jarelange predikant van die VGKSA, sê alhoewel Jesus daar waar Hy aan die kruis gehang het, die sondaar vergewe het, want hulle weet nie wat hulle doen nie, dui dit duidelik op onvoorwaardelike vergifnis. Maar sy argumenteer vir *“just forgiveness”*, regverdige vergifnis. Haar verstaan van regverdige vergifnis is wanneer iemand vra om vergewe te word, en ook om te onderneem om nie weer te oortree nie. Medenavorser F verduidelik dat die Afrikanerkultuur ‘n struikelblok tot versoening is, aangesien die Afrikanerkultuur vasgevang sit in hulle eie trots:

“... dink net in huise? Hoeveel Afrikaners sê nou regtig dat hulle jammer is?”

Volgens haar is dit ‘n waarde wat by die mense van Afrika geleer kan word, om te kan jammer sê, asook die kapasiteit om te vergewe,

“... want as hulle nie die kapasiteit gehad het om te vergewe nie, het hierdie land gebrand” (Medenavorser F).

- **“An invitation to responsibility”** – om die pad van versoening te stap, vra ‘n wedersydse “invitation to responsibility” met die Zoeloe’s wat ‘n wonderlike uitdrukking het om hierdie verantwoordelikheid uit te beeld:


“... meeting each other half way, to go home together” (Medenavorser C).

Vir Medenavorser C is dit ‘n kernteologiese waarde van versoening, dat elke party daardie halwe pad stap, voordat ‘n mens saam kan huis toe gaan. Medenavorser F sluit aan by hierdie medeverantwoordelikheid om mekaar in die middel te ontmoet. Sy verklaar,

“Egte, egte versoening kan net plaasvind wanneer ons bereid is om altwee ons posisies prys te gee en saam na ‘n nuwe posisie te soek.”

- **Eenheid** – Medenavorser B verbonde aan die VGKSA beklemtoon die belang van die bepaalde tradisie waarin hy gevorm en geskool is met betrekking tot sy teologiese verstaan van versoening, spesifiek die Belhar belydenisskrif. God roep Sy kerk om die eenheid tussen verskillende mense te bewaar.
- **Geregtigheid** – Die Belydenis van Belhar maak dit ook baie duidelik, dat God ons in Suid-Afrika roep om reg te maak, om dit wat verlore geraak het as gevolg van ‘n onregverdige stelsel reg te stel, verwoord Medenavorser B. In die VGKSA waarvan ek ‘n lidmaat is, volgens Medenavorser B, is daar die volgende populêre lied gesing, wat basies verwoord, “bely jou sonde, dis goed, maar jy moet ook jou sonde laat staan”. Dit veronderstel dat sondebelydenis nie maar net lippediens is nie, maar sondebelydenis is om te verander, en om te draai en dit wat gebreek is, te herstel. “God is ‘n God van reg en geregtigheid” (Medenavorser B). Medenavorser F voer aan dat gesprekke rondom restitusie dikwels draai rondom een party wat moet teruggee, gewoonlik finansieel, maar daar word nagelaat om te beklemtoon dat die ander party ook iets van hulle kant moet gee, en dis vergifnis. Jesus Christus het ook die verhouding herstel; so wanneer daar oor versoening gepraat word, moet dit ook ‘n herstel van die verhouding insluit.

Vraag 2A: Hoe word menswees “humanity” vandag in Suid-Afrika verstaan?



Figuur 10: Die verstaan van menswees in Suid-Afrika

Die bogenoemde uitbeelding som die spanning tussen die twee uiteenlopende en kontrasterende sieninge van menswees in Suid-Afrika akkuraat uit, soos verwoord in die onderhoude.

Medenavorser B verwoord menswees eenvoudig en duidelik. Teologies verstaan is mense geskape na die beeld van God, met ander woorde, menswees het alles te make met ons verhouding tot God, en waarvoor Hy ons geroep het. So vanuit die Bybel en vanuit die kerklike tradisie word menswees op hierdie spesifieke manier verwoord. Medenavorser D voeg by deur die Afrika konsep van *Ubuntu* voor te stel waarin beklemtoon word dat menswees ten diepste ‘n relasionele begrip is.

“I am because we are” (Medenavorser D).

Die Bybelse beginsel van menswees word deur hierdie relasionele aard bevestig, dat ek myself in jou raaksien.

In teenstelling daarmee word menswees ook bepaal en gevorm in die wêreld waarin ons leef. Medenavorser B verwoord as volg:

“My vorming was binne die Suid-Afrikaanse konteks... binne hierdie konteks word daar gepraat van geras, “we were raced”, dit het ons identiteit op ‘n bepaalde manier gevorm.”

Hierdie sosiale konstruksie van hoe ons menswees in Suid-Afrika vir baie lank verstaan en geleef is, het uiteindelik bepaal, waar jy woon, die plek waar jy skoolgaan, die tipe werk wat jy kan doen ensomeer. Medenavorser D sluit hierby aan deur te verklaar dat die probleem met Apartheid was:

“... it has contorted and distorted these things... put them (people) in a particular box and say this is who you are, ... your are human but not fully, ... I can't see me in you, therefore I need to treat you differently.”

Hierdie verdeeldheid tussen mense op grond van ras, beklemtoon die verskille wat daar tussen mense is, eerder as die ooreenkomste. Medenavorser D van die VGK SA verwoord uitdruklik dat die verskille groter beliggaam word, as wat werklik die geval is, en eintlik is dit bloot net kosmetiese dinge – die tekstuur van ons hare, die grootte van ons neuse ensomeer.


Dus, in terme van menswees is dit die twee magte wat met mekaar gestoei het, oor wie ek is, en selfs tot vandag toe worstel ons met hierdie twee magte. Medenavorser A sluit hierby aan deur te verwoord:

“Menswees beteken om te ontdek hoe dit is om as ‘n mens hier te leef, hoe om as ‘n mens na ander uit te reik, en hoe jy tussen ander mense leef en hulle erken vir wie hulle is, om ander mense te geniet.”

Medenavorser E se bydrae tot die verstaan van menswees in Suid-Afrika is dat dit ‘n voorreg is om so ‘n ryke diversiteit van mense en menswees hier te kan ervaar, dit is nooit problematies nie, en definitief nie iets wat iemand moet “uitfigure” of “oorkom” nie, dit moet bloot “embrace” word, want dit is ‘n gawe. Versoening help ons om te begryp dat ons gebroke mense is, maar terselfdertyd in Jesus Christus nuwe mense is. Op grond hiervan lê die kruks van die saak van menswees in hierdie interne spanning. Dit het eintlik alles te make met die doopliturgie:

“... om daaglik aan jouself te bly sterf en daaglik te weet hoe ons opgewek word in Sy opstandingskrag. Dit is die versoeningslewe. Dit gaan oor hierdie proses.”

Vraag 3: Op watter wyses is daar deelgeneem aan die bevordering van versoening in Suid-Afrika?




Figuur 11: Konkrete deelname van die medenavorsers aan versoening in Suid-Afrika

Tydens die onderhoude het dit duidelik na vore gekom dat deelname aan die bevordering van versoening in Suid-Afrika soos hierbo genoem, 'n diep persoonlike oortuiging of roeping as dryfveer het. Wat wel duidelik na vore gekom het rakende die deelname aan hierdie versoeningsproses is soos volg:

- Versoening is nie net my Christelike plig nie, dis my roeping, dis waarmee ek myself besig hou (Medenavorser F).
- Deelname aan die proses van versoening gaan juis daaroor dat dit die dieptes en hoogtes van die proses telkens konfronteer, in elke sfeer waarbinne jy beweeg (Medenavorser E).
- Versoening is 'n "selfless thing" en daarom is versoening groter as ek en jy, en my of jou gevoelens (Medenavorser D).
- Die versoeningsproses vra eerlikheid en egtheid, en daarmee saam ook kwesbaarheid (Medenavorser B).
- Ons sit wel op 'n "racial time bomb in this country", indien daar langer uitgestel gaan word en eerder te kies om nie te "deal with the dirt under the carpet" nie, en kyk waar het dit ons gebring? (Medenavorser D).
- Die kerk se ooglopende "lack of it" om versoening te beliggaam is 'n ontnugtering (Medenavorser E).

Vraag 4A: Liturgiese teologie



Figuur 12: 'n Liturgiese Teologie

Die liturgiese teologie van die medenavorsers wat deelgeneem het aan die studie word soos volg verwoord:

Lukas 24, die verhaal van die Emmausgangers, is 'n vertrekpunt tot die verstaan van die erediens volgens Medenavorser A. Volgens hom blyk dit die eerste erediens in die geskiedenis van die kerk te wees, Jesus op pad met die Emmausgangers. Dit is maar 'n klein erediensie, net twee medereisigers op die pad, maar Jesus is daar saam met hulle. Medenavorser A sê:

“My verstaan van die erediens, is om net hierdie storie oor te vertel.”

Die storie is as volg; die twee reisigers het langs die pad gestap en van Jesus gepraat, dis wat in die erediens gebeur. Mense kom om mekaar aan Jesus te herinner, daar praat ons oor alles wat met Hom gebeur het. Ten diepste volgens Medenavorser F, is die erediens 'n gesprek met God. Die liturgie fasiliteer hierdie gesprek met God. 'n Gesprek bestaan uit luister en praat, wat wederkerig is. Hierdie erediensgebeure help mense om deur hulle eie lewens te “journey” (Medenavorser F). Medenavorser E verklaar:

“Eredienste is 'n ontmoeting met God, hoe dit plaasvind, weet ek nie altyd nie, dit bly eenvoudig 'n geheime misterie, waar dit plaasvind weet ek nie, maar hopelik met alles wat in die liturgie gebeur van die begin tot die einde, moet dit daarop gerig wees dat dit 'n ontmoeting is met God.”

En terwyl die twee so stap, ontmoet hulle Jesus, die misterie daar rondom, hoe dit werk dat hulle oor Jesus praat, maar hulle herken Hom nie. Uiteindelik kom hulle by die dorpie aan en hulle gaan sit rondom die tafel en hulle hou die gemeenskapsmaal saam met Hom. Vir Medenavorser F is die erediens ook 'n kollektiewe gebeure, dit is 'n gemeenskap wat aanbid.

Na dit alles gebeur het, verdwyn Jesus van die tafel en hulle sê vir mekaar was ons harte nie brandend toe ons hom ontmoet het op die pad nie, toe Hy vir ons die Skrifte uitgelê het nie. So vlieg hulle by die deur uit, terug Jerusalem toe om vir die ander te gaan vertel, ons het die Here ontmoet. Medenavorser B beklemtoon dat sy verstaan dat die erediens sinoniem is met die Engels “worship service”, naamlik diens aan God en diens aan die wêreld. Die erediens op ‘n Sondagoggend is in ‘n sekere sin ‘n konsentrasiepunt vir ons diens in die wêreld, Maandae tot Saterdag.

“... liturgie is nie net daardie Sondagoggend ‘event’ nie, maar daardie Sondagoggend ‘event’ lyk dit vir my is ‘n oriëntasiepunt vir dit wat in die lewe plaasvind” (Medenavorser B).

Die volgende liturgies-rituele kwaliteite speel ‘n belangrike rol om die liturgiese teologie van die erediens te verwoord:

- Medenavorser D beklemtoon die fundamentele rol wat die liturgie speel om gemeentede te betrek by die erediensgebeure, om werklik daaraan deel te neem.

“... ek was deel van daardie ritueel, ek was deel van ‘n ‘performance’ wat gesê het wie ons is” (Medenavorser B).

Hiermee beklemtoon Medenavorser B die bydrae wat die liturgie tot identiteitsvorming lewer binne die kollektiewe erediensruimte.

- Dit is van kardinale belang dat die liturg in voeling is met die gemeente (Medenavorser D).
- Medenavorser E beklemtoon dat die gestaltes wat die Woord in die erediens aanneem, ryk en divers is. ‘n Denkfout volgens hom is wanneer die erediens gereduseer word tot die prediking alleen, die bediening van die Woord moet in al vier ordes plaasvind.

“Die oomblik wat jy die preek verabsoluteer ... dan vervlak dit, dit verarm. Dis ‘terrible’ prediking. En dan gevolglik ook ‘terrible’ liturgie, want daar is geen liturgie nie. Dis regtig alles of niks” (Medenavorser E).

- Medenavorser B beskryf die ruimte van die erediens as 'n plek waar lidmate saam kan kom binne 'n wêreld waar jy as 'n mens ontken is.

"... daar het ons saamgekom en mekaar aangespreek as broers en susters, mekaar erken as broer en suster, as kinders van God" (Medenavorser B).

In hierdie ruimte simboliseer netjiese kleredrag jou identiteit as broer en suster in die gemeente, teenoor die week waar jy klere aantrek na gelang van jou stand in die samelewing. Binne hierdie ruimte verander die sosiale dinamika, dit verander die verhoudinge tussen mense tot gelykes voor God en met mekaar.

"Daardie nuwe gemeenskap 'transcend' individualisme, dit oorkom selfs die kunsmatige identifikasies wat die wêreld aan ons toedig en dit is hoekom ons op die ou einde deelneem, 'we enact', ons vervul ons rol binne die nuwe draaiboek wat nou geskryf word en dis 'n totaal nuwe manier waarop ons leef saam met mekaar" (Medenavorser B).

- Die erediensgebeure is dramaties erken Medenavorser B en E, dit is 'n dramatiese ritme waarvan jy deel word, dit vorm jou en gee jou krag om daar uit te stap binne die leefwêreld van die alledaagse in.

"Dit is 'n ekstatiese gebeurtenis, waar dit ons tot nuwe insigte en uitsigte bring" (Medenavorser E).

In die menslike broosheid, naaktheid, kwesbaarheid is daar 'n Godsbeeld van wie ons werklik is, maar nie net bloot die individu nie, maar ook die lewenswerklikheid waarvan die mens deel is, ook dit word in 'n nuwe lig gesien. Hierdie drama het hoë intimiteitsvlakke, dit is 'n sensuele belewenis, die veronderstelling waarmee gewerk word, is dat diep verhoudings gesmee word.

"... as jy dink oor versoening en Jesus Christus se bloed, het Sy bloed alle ander bloede gerelativeer en nuwe bande gesmee, die water vorm 'n nuwe gemeenskap, dat jy uit

‘n ander familie kan uittree en in ‘n ander familie kan intree – dis ongelooflik!’
(Medenavorser E).

- Refleksiewe momente in die liturgie stimuleer bewuste nadenke oor die wyse waarop die liturgie ‘n persoon aanraak en ontroer volgens Medenavorser B:

“Dit roer jou hart, dit ontroer jou en jy is by ‘n moment waar jy op ‘n dieper vlak heling ervaar of selfs vryheid, bevryding waar jy op ‘n dieper vlak ervaar dat jy verander word, dit is wat eredienste doen.”

- Die erediens is ‘n eskatologiese gebeurtenis volgens Medenavorser E, die liturgie is ‘n venster op die hemel, ‘n beeld van die toekoms.
- Konteks gee die toon aan vir liturgiese ordes volgens Medenavorser C, D en F.
- Medenavorser F beklemtoon die rol van die kunste om mense te beweeg om by aanbidding uit te kom. Die volgende kunsmediums word pertinent genoem:
 - Sang en begeleiding
 - Gedigte
 - Voordragte
 - Skilderye
 - Video-insetsels

Vraag 4B: Versoening en die erediens – het dit enige iets met mekaar te doen?

Medenavorser A antwoord eenvoudig

“Alles! Dit het alles met mekaar uit te waai.”

Medenavorser A beklemtoon weereens dat versoening te doen het met verhoudings, en volgens hom is die erediens ‘n ruimte waar God op ‘n besondere manier beleef word, en ook die belewenis van mekaar as medegelowiges. Medenavorser F bewoerd dieselfde gedagte as volg:

“In die erediens leer jy mense hulle is versoen met God en jy leer mense hoe dit lyk om versoen met God te leef, hoe dit werk, ‘n lewe van versoening met ander woorde.”

Sy voer aan dat die erediens ook die ruimte is waar die verkondiging van die evangelie versoening vir mense “broker”, veral in die konteks van die VGKSA wanneer begrafnisse gehou word.

“Jy ‘broker’ versoening so – jy bring mense in kontak met God, wat anders nie moontlik sou wees nie.”

Medenavorser D verwoord die verband tussen die erediens en versoening met die volgende woorde,

“... it reminds us of who we are, we are relational people.”

Volgens hom is die dryfkrag agter die verhoudings selflose liefde, want dan is dit nie meer moontlik om iemand in ‘n boks te kategoriseer nie.

Medenavorser B verwoord die verband tussen die erediens en versoening ook deur middel van sy verstaan van verhoudings soos volg:

“... die skep van ‘n nuwe ons en die verandering van die dinamika tussen mense en groepe binne die erediens, lyk dit vir my is daar aan die een kant ‘n simboliese ‘enactment’, ‘n simboliese manier waar ons die nuwe gemeenskap ‘perform’.”

Medenavorser E voer aan:

“Die blote feit dat mense hier bymekaar kom, die blote feit van aanbidding is opsig self al ‘n uitbeelding van die versoening.”

Dit veronderstel dat nog voor enige iets gebeur, bloot dat dit gebeur, ‘n teken is dat versoening reeds plaasgevind het.

Vraag 4C: Liturgiese momente wat versoening bevorder

Die volgende liturgiese momente lewer ‘n bydrae tot die bevordering van versoening:

- **Offergawes** – die offergawes wat gegee word, is ‘n opoffering, veral binne die konteks en tradisie waaruit Medenavorser B antwoord. Volgens hom word die offergawes dikwels aangewend vir diakonaat of vir barmhartigheidsdiens of selfs vir spesifieke projekte in die gemeenskap:

“... die erediens skep die geleentheid, skep die ruimte waar ons ook vir mekaar sorg op ‘n baie konkrete wyse wat verder strek as net die simboliese” (Medenavorser B).

Medenavorser A verduidelik:

“... dan sal hulle vir ‘n slag hulle beursies moet leeg maak ter wille van ander mense wat swaarkry, en daarin lê ‘n hengse stuk versoening.”

- **Skuldbelydenis** – die geleentheid waar mense hulle skuld voor die Here bely, maar volgens Medenavorser B is dit ook ‘n geleentheid waar mense hardop hulle skuld teenoor mekaar kan bely.

- **Lofprysing** – wanneer ons die Here as medegelowiges aanbid, word iets van die droom in Openbaring waar, van alle volke en alle tale en alle nasies wat saam die Here loof en prys.

“... dit is ‘n eskatologiese droom en dit is die droom van ‘n volk van God wat versoen is” (Medenavorser B).

So aanbidding en lofprysing is nie maar net ‘n eie sing van die lied nie, maar ‘n saamsing, en sodoende droom ons saam, vertrou ons die Here saam vir hierdie droom. Medenavorser A beklemtoon ook die waarde van lofprysing tot die bevordering van versoening. En maak melding van die gesamentlike sangbundel wat eersdaags gepubliseer word in die verskillende tale van die land.

- **“Gathering”** – Medenavorser E sê die blote bymekaar kom van ‘n gemeenskap is reeds tekenend van versoening.
- **Prediking** – die prediking het ten doel om konstant die mens se verhaal te herskryf na aanleiding van die Skrif, dit beteken daar is ‘n ander logika, daar is ‘n ander begin en einde en sodoende word hierdie storie my storie.

“Dit is nie meer vir my ‘n storie nie, dit word my werklikheid” (Medenavorser E).

Volgens Medenavorser A is die hart van die prediking immers die boodskap van 2 Korintiërs 5, die bediening van versoening.

- **Nagmaal** – by die tafel is daar ‘n alternatiewe ekonomie wat uitspeel, ander tipe geregtigheid wat daar beliggaam word, ‘n ander vorm van eenheid wat uitgebeeld word volgens Medenavorser E.
- **Vryspraak** – die wete dat jy vergewe is, daar is versoening tussen jou en God word deur Medenavorser F beklemtoon as ‘n liturgiese moment van versoening. Om hierdie versoening dan ook uit te leef, is van besondere belang.
- **Liedere van skuldbelydenis** – die liedere wat ons week na week sing, is aangrypend. Respondent haal graag Liedboek 232 vers 1 aan waar die volle beweging van versoening uitgebeeld word:

*“Diep, o God, diep neergeboë,
staan ons voor u hoë reg
in volslae onvermoë.
Hoe word ooit ons saak besleg?
Waar ons voor U skuldig pleit,
o, volmaakte Heiligheid,
werk U met u Gees versoening
deur die Heiland se voldoening.”*

- **Liturg** – Medenavorser A voer aan dat ‘n liturg deur sy/haar wese versoening kan bevorder:

“... ‘n dominee wat voor sy gemeente staan op ‘n Sondag en sommer net in sy persoon, in die liefde wat uit sy oë straal, leer hy vir hulle die lewe soos Fransiskus van ons gevra het.”

Vraag 4D: Liturgiese momente wat versoening bemoeilik

Die volgende liturgiese momente bemoeilik die verstaan van versoening en ook die uitlewing van versoening:

- **Taal & kultuur** – wanneer die liturgie net een kulturele groep se kultuur, taal of behoeftes respekteer en aanspreek, dan word die diversiteit wat tekenend is van Suid-Afrika nie weerspieël nie en sodoende word versoening teengewerk, volgens Medenavorser B.
- **Nagmaal** – Medenavorser B beklemtoon die kerkgeskiedenis rakende die sakrament van die nagmaal wat juis die verskeurdheid tussen verskillende mensegroepe op ‘n manier na vore geroep het. Hy voer aan:

“... die rede waarom ons nog apart sit is, omdat ons nie rondom die nagmaal bymekaar kan uitkom nie” (Medenavorser B).

- **Prediking** – as tekste verkeerd gebruik word in die erediens, kan dit versoening kelder. Medenavorser F noem ‘n voorbeeld ter staving hiervan, selfs Apartheid is uit die Bybel geregverdig. So, vir haar is die uitleg van tekste en die gebruik van tekste wat nie rekening hou met die groter narratief van die Bybel nie, problematies tot die bevordering van versoening.
- **Aard van die erediens** – Medenavorser A verduidelik, indien die erediens egosentries is, en absoluut net met die eie ek te make het, dan is die aard van die erediens nie bevorderlik vir versoening nie.
- **Liturg** – Medenavorser A dui aan dat die rol wat die liturg speel ongelooflik belangrik is,

“Ek en jy ken albei dominees, wat dit regtig nogal moeilik maak om die liefde van die Here Jesus raak te sien en raak te hoor...”

5.4. Samevatting van die navorsingsanalise (semigestruktureerde indiepteonderhoude)

Hier volg dus nou ‘n interpretasie van die navorsingsdata soos ingesamel deur die semigestruktureerde indiepteonderhoude na aanleiding van die oorspronklike navorsingsvraag. Die volgende gevolgtrekkings op grond van die bestudering van die kollektiewe gevallestudie word vertel en uitgebeeld soos dit aan die lig gekom het deur die koderingsproses (O’Reilly, 2009:34):

Die sigbaarste gevolgtrekking waartoe ek gekom het, na aanleiding van die analise van die data, is sogenaamde polariteite van versoening. Tydens die proses van data-analise deur middel van verskeie vlakke van kodering het die volgende teenstrydighede binne die navorsingsveld van liturgie en versoening duidelik na vore gekom, en ek gee dit weer in geen spesifieke volgorde:

1. Die Eerste Polariteit:

Eenmalige gebeure vs Voortdurende proses

Versoening as 'n eenmalige gebeurtenis teenoor versoening as 'n voortdurende proses

Dit het aan die lig gekom dat daar verkeerdlik in die verlede gedink is, dat versoening 'n eenmalige gebeurtenis is en dat die saak daarmee as afgehandel beskou word. So met daardie tipe beskouing van versoening, blyk versoening relatief eenvoudig te wees, ook effens romanties en definitief bereikbaar. Vandag is die verstaan van versoening eerder die van 'n voortdurende proses. Hierdie siening erken dus ook die kompleksiteit wat hierdie versoeningsproses behels. Soos dit duidelik verwoord word in die volgende aanhaling:

“Jy kan nooit regtig sê ons is versoen nie. Ons sou dit graag wou doen, maar ek dink ons moes leer dat versoening 'n lang proses is en ons is nog ver op pad na versoening”
(Medenavorser A).

Die Waarheids- en versoeningskommissie het 'n groot bydrae gelewer tot die daarstelling van 'n proses om die trauma van die verlede te verwerk wat tot genesing lei, en nie tot vergelding nie.

Duidelik word erken dat versoening nog nie afgehandel is nie, dit is nog 'n lang en ver kronkelpad vir die mense van Suid-Afrika. Deelname aan hierdie versoeningsproses gaan juis daarvoor dat dit die dieptes en hoogtes van hierdie proses telkens konfronteer, in elke sfeer waarbinne die mense beweeg. Die veronderstelling is dan, dat dit moontlik is vir verskillende mense, as gevolg van verskillende omstandighede, om vanuit verskillende invalshoeke na dieselfde versoeningsproses te kan kyk. Hierdie verskillende invalshoeke hoef nooit as uitsluitend beskou en beleef te word nie, eerder as verskillende hoeke van dieselfde diamant. Hierdie vra 'n gesindheid van eerlikheid en egtheid, en daarmee saam ook kwesbaarheid. Hierdie kritiese aspek van versoening is waarskynlik een van die hooforsake dat mense in Suid-Afrika, mekaar nog nie vind binne die versoeningsgesprekke wat plaasvind nie.

2. Die Tweede Polariteit:

Leierskap vs Ontbrekende Leierskap

Die rol van leierskap teenoor die ontbrekende rol van leierskap met betrekking tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika

Die navorsingsdata toon aan dat daar veral in die 1980's sterk leiers was wat by name genoem word, wat 'n positiewe bydrae tot die versoeningsproses gelewer het, onder andere, David Bosch en Michael Cassidy. In teenstelling hiermee dui die navorsingsdata aan dat Suid-Afrika tans in 'n penarie is, omdat die rolspelers wat 'n rol kan speel, dit nie doen nie. Die leiers word daarvan beskuldig dat hulle voete van klei het. Die data toon aan dat hierdie gebrek aan leierskap vandag in Suid-Afrika nie net beperk is tot 'n bepaalde sektor nie, maar dat dit geld vir alle sektore, van politieke leiers, kulturele leiers, en ook godsdienstige leiers. Verder word beklemtoon dat veral die blankes op hierdie stadium 'n negatiewe rol speel met betrekking tot die bevordering van versoening, as gevolg van die laertrekmentaliteit wat sterk beliggaam word. Medenavorser A verwoord dit kragtig:

“... Afrikaanssprekende NG Kerk mense, lidmate het terug getrek uit die samelewing”
(Medenavorser A).

Die navorsingsdata maak dit duidelik dat die versoeningsproses nie net die verantwoordelikheid van die voorlopers is nie, maar dat elke gewone Suid-Afrikaner hulle rol moet vervul, om sodoende hierdie versoeningsproses aan die beweeg te kry en ook te vorder op hierdie pad. Die navorsingsdata beklemtoon wel dat gewone Suid-Afrikaners begeleiding, aanmoediging en bemagtiging nodig het op hierdie pad van versoening. En dat die tans ontbrekende leierskap hier 'n geweldige leemte laat.

3. Die Derde Polariteit:

Tussen Romantiek en Realisme

Die droom van 'n reënboognasie as simbool van versoening in Suid-Afrika teenoor die ontnugtering van die realiteit tans in Suid-Afrika, naamlik geen versoening nie

Desmond Tutu se droom van die reënboognasie as metafoor van versoening in Suid-Afrika was kenmerkend van die 1990's. 'n Relatiewe vreedsame oorgang word gemaak na 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika, onder die leierskap van president Nelson Mandela, wat toe gesien is as die ikoon van vrede en versoening. Hierdie vreedsame oorgang het eintlik opslae veroorsaak in die wêreld, aangesien dit so maklik gebeur het. In hierdie tydvak was die proses van "story telling" van groot belang om genesing en die herstel van verhoudings tussen mense te bewerk. In teenstelling met hierdie droom, toon die navorsingsdata dat die realiteit vandag in Suid-Afrika die van ontnugtering is oor die hele versoeningsproses. Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is dat daar tans in Suid-Afrika geen versoening is nie. Die volgende aanhaling verwoord hierdie gevolgtrekking:

"Waar moet mens daarvoor kyk? Bedoel jy die kerk? Bedoel jy die groter samelewing? Nee, ek sien dit nie!" (Medenavorser C).

Die hooforsaak volgens die navorsingsdata vir die huidige ontnugtering en die gevoel dat daar geen versoening is nie, is as gevolg van belangrike kwessies wat nooit die nodige aandag geniet het, en dit sluit in grondhervorming, die voortdurende ongelykheid tussen ryk en arm. Diensleweringbetogings is volgens die navorsingsanalise 'n bewys van die onsuksesvolle versoeningsproses in Suid-Afrika. Verder beklemtoon die analise dat die geweld en misdaadsyfers wat die hoogte inskiet 'n gevolg is van 'n generasie in hierdie land wat nie die proses van genesing deurloop het nie, en daarom bly dit 'n generasie wat diep gewond is. Die dringendheid waarmee hierdie bogenoemde kwessies aangespreek behoort te word, spreek duidelik vanuit die navorsingsdata. Daar is nie meer tyd vir uitstel of afstel nie, die tyd is nou ryp om oor hierdie uiters belangrike aangeleenthede te praat, maar ook daadwerklike optrede wat daarmee gepaardgaan.

Dit is ook van belang om te hoor dat selfs in die kerklike milieu versoening nie 'n konsep is wat met ope arms verwelkom word nie. Die familie van kerke dryf al hoe verder uit mekaar, so selfs in die kerklike kringe is versoening bloot kosmeties en oppervlakkig van aard.

4. Die Vierde Polariteit:

Radikale versoening vs Konvivialiteit

Die behoefte aan radikale versoening teenoor konvivialiteit

Die navorsingsdata toon 'n behoefte aan radikale versoening aan, hierdie tipe versoening kom altyd teen 'n prys. Radikale versoening is nooit goedkoop nie. Radikale versoening vra dat daar in Suid-Afrika krities na die ekonomiese beleid gekyk sal word, aangesien sekere beleidskeuses steeds die gaping bly vergroot tussen die ultra-rykes en die ultra-armes. Strukture van ongelykheid is nog duidelik sigbaar in die Suid-Afrikaanse samelewing, en om hierdie strukture te omvorm, vra 'n kontra-kulturele paradigma skuif, dit beteken om teen die grein in te gaan van die bevoordeling van sekere groepe bo ander groepe. Daarom het almal nie belang by die versoeningsproses nie en word verwoord in die volgende aanhaling:

“Daarom is die goeie nuus, die evangelie, vir die wat soek na groter mate van versoening, eenheid en geregtigheid. Daardie goeie nuus is slegte nuus vir die wat belange het in ongelykheid en in verdeeldheid en in verskeurdheid” (Medenavorser B).

In teenstelling hiermee word daar ook 'n ander moontlikheid van versoening op die tafel geplaas deur die navorsingsdata, naamlik konvivialiteit²⁷, wat gesetel word in die manier waarop gemeenskappe saam met mekaar leef. Die idee dat mense naby aan mekaar leef, dat versoening in hierdie konteks in verhoudings uitspeel. Verhoudings maak dit vir mense om mekaar werklik te ken en te verstaan, dit bied ruimte dat mense in mekaar se huise en woonbuurte kom en daarom lyk verhoudings tussen mense van verskillende kulture, tale en ekonomiese klasse anders. En hierdie manier van leef het moontlik geword, aangesien mense keuses gemaak het om

²⁷ Tony Addy (2017:19) verduidelik konvivialiteit as die veronderstelling dat alle gemeenskappe divers is op een of ander wyse en om saam met mekaar te leef word gegrond in respek vir die ander en ook die kuns om 'n lewe saam met mekaar te leef. Dit beteken om mekaar te verdra is nie genoegsaam nie, wedersydse respek is die basis waarvandaan dit moontlik is om 'n lewe saam met mekaar te leef.

“... letterlik in die ‘thresholds’ gaan staan het en brûe tussen kulture geword het en op so ‘n manier mense weer bymekaar gebring het” (Medenavorser F).

Die nood van die gemeenskap het ook bygedra tot die bou van natuurlike verhoudings.

5. Die Vyfde Polariteit:

Verlede vs Hede

Die onbehoorlike omgang met die Suid-Afrikaanse verlede teenoor die onbegrip vir die hede waarin Suid-Afrikaners hulle bevind

Hierdie is ten diepste ‘n kontekstuele studie, daarom is hierdie teenstrydigheid wat deur die data belig word van kardinale belang. Die data wys dat indien die NG Kerk in Suid-Afrika nie meer krities met die verlede omgaan nie, dan sal die spoke van die verlede hierdie land telkemale konfronteer. Dit gaan nie net eensklaps in die niet verdwyn nie. Geen versoening in Suid-Afrika is moontlik nie, indien die waarheid nie ter tafel gebring word nie. Die waarheid van die verlede maak verskriklik seer. Dit is nodig om ruitelik te erken waarom versoening vandag in Suid-Afrika nodig is, anders sal dit veroorsaak dat die kloof van verskeurdheid net al hoe groter raak. ‘n Brose eerlikheid rakende die verlede is nodig, indien daar moontlike sprake van ‘n toekoms in hierdie land sal wees.

“... te veel mense dink dat Apartheid ‘n ligte ‘mistakie’ was, wat nie die ‘rotteness’ daarvan eerlik en op alle vlakke wil erken nie” (Medenavorser E).

Indien hierdie die wyse is waarmee daar met die verlede omgegaan word, dan behoort daar meer begrip te wees vir die hoeveelheid woede, aggressie en haat oor hierdie wit arrogansie, hierdie piëtisme.

Aan die anderkant maak mense tans in Suid-Afrika 'n bestaan, ploeter hulle voort in 'n konteks wat tog verskil van die verlede. Binne hierdie veranderende konteks het die data gewys, word daar kritiese vrae gevra oor teologiese opleiding, naamlik:

“... ek dink ons lei predikant op vir 'n 'white world' en predikante verstaan nie hoe lyk die wêreld daarbuite nie. Meeste van hulle gemeentetjies is nog wit, maar as ons as kerk wil vorentoe gaan, as ons as kerk wil groei in die toekoms, dan sal ons baie meer kruis-kultureel moet dink, baie meer kruis-kultureel moet bedien” (Medenavorser F).

Die data maak dit duidelik dat daar 'n generasie in Suid-Afrika grootgemaak word, wat nie een die vaardighede het om in Afrika te funksioneer nie. Die hooforsaak hiervan is absolute onbegrip vir mekaar se kulture in hierdie land. Onbegrip vir verskillende kulture lei tot verdere onversoenbaarheid. Daarom is kultuurvertaling en 'n openhartige gesprek oor kultuur- en kultuurverskille van uiterste belang. Daar is mense binne elke gemeenskap wat hierdie vaardigheid van kultuurvertaling het, hulle word dikwels net misgekyk. Dit is onder andere onderwysers en maatskaplike werkers. Hulle werk deurlopend kruis-kultureel, en daarom is hulle die naaste hulpbron in 'n gemeenskap met uiteenlopende kulture.

6. Die Sesde Polariteit:

Kulturele identiteit vs Gedoopte identiteit

Die vrees om 'n persoon se kulturele identiteit prys te gee ter wille van versoening teenoor die ontvang en uitlewing van 'n persoon se nuwe identiteit as gedoopte

In Suid-Afrika word dit duidelik dat mense weerstand bied teen versoening, as gevolg van die vrees dat mense hulle kulturele identiteit moet prysgee ter wille van versoening. Die volgende aanhaling bevestig hierdie vrees:

“Wat van ons identiteit? Wat van ons identiteit?” (Medenavorser C).

Die behoefte aan gesprek tussen mense met verskillende kulturele identiteite is nodig, maar die navorsingsdata toon aan dat daar geen vertrouwe is nie, en daarom sit mense nog nie rondom 'n tafel en voer openhartige gesprekke hieroor nie. In hierdie proses het die kerk tot dusver nog geen rol gespeel nie. Weereens word ontbrekende leierskap beklemtoon.

In teenstelling hiermee leer die versoening in en deur Jesus Christus gelowiges dat ons nuwe mense geword het, dit veronderstel 'n nuwe identiteit as kind van God, broer en suster van Jesus Christus. Dit het alles te make met die doopliturgie soos verwoord word in die volgende aanhaling:

“... om daagliks aan jouself te bly sterf en daagliks te weet hoe ons opgewek word in Sy opstandingskrag. Dit is die versoeningslewe. Dit gaan oor hierdie proses” (Medenavorser E).

7. Die Sewende Polariteit:

Versoening vs Alternatiewe konsepte

Die konsep versoening behoort tot die hart van die Christelike geloof en is daarom van kritiese belang teenoor die gebruik van alternatiewe konsepte in die plek van versoening

Die navorsingsdata voer aan dat die term versoening ten diepste 'n Bybelse en teologiese begrip is, en daarom tot die hart van die Christelike geloof hoort. Daarom is dit onmoontlik om weg te doen met die betrokke konsep. Teksgedeeltes wat hierdie idee ondersteun, is veral 2 Korintiërs 5 en Filippense 2. Asook teologiese geskrifte soos onder andere die eietydse Belydenis van Belhar. Die volgende aanhaling beklemtoon die bogenoemde gevolgtrekking:

“Wat God in Christus gedoen het is 'n werklikheid, en die kerk moet dit ten alle koste beliggaam – dit is 'reconciliation'” (Medenavorser E).

Die kruisgebeure van Jesus Christus staan sentraal tot die teologiese verstaan van versoening.

Tog word daar gepleit dat versoening as konsep nie geïsoleer en verabsoluteer behoort te word nie, maar behoort altyd in verhouding tot eenheid en geregtigheid verstaan te word.

Hierteenoor, beklemtoon die navorsingsdata dat die konsep versoening in Suid-Afrika wel 'n gelaaide term is, 'n term wat swaar dra aan bagasie van die verlede en ook hede. Daarom is dit dalk juis nodig om alternatiewe konsepte te oorweeg, soos onder andere vergifnis, omhelsing, *ubuntu* en sosiale kohesie. 'n Kreatiewe spanning inderdaad, 'n kreatiewe spanning wat erken dat hierdie twee kante ook aanvullend tot mekaar kan wees, en daarom wedersyds verrykend is.

8. Die Agtste Polariteit:

Onversoendheid vs Versoening

Die teologie van versoening is in sy diepste wese 'n teenstrydigheid

Die basis van versoening lê daarin dat God onversoende, sondige mense in die kruisgebeure van Jesus Christus nuut maak. Die kruisgebeure van Jesus Christus staan sentraal tot die teologiese verstaan van versoening. Hierdie versoening het ten duurste plaasgevind, vir God om die wêreld met Homself te versoen, moes Hy sy eie Seun opoffer – Jesus Christus moes sterf – dit is 'n verskriklike prys om te betaal. Hierdie versoeningsmoment, maak nuwe bestaansmoontlikhede vir die mens moontlik. Wanneer sondige mense glo in Jesus Christus, is hulle nie meer vyande van God of vreemdelinge nie. In en deur Jesus Christus verkry mense toegang tot God. Die verhouding tussen God en mens is herstel. Daar het weer vrede gekom. Versoening het vervolgens nie net te doen met die vertikale verhouding tussen mens en God nie, die herontdekking van die missionale teologie herinner die kerk aan haar opdrag:

“... dat die Vader, Seun en Heilige Gees in liefde besig is met mekaar en die kosmos ... en stuur dan vir ons uit, om deel te word van die proses” (Medenavorser E).

Die kerk word geroep en gestuur om as agente van versoening in hierdie wêreld te leef, in verhouding tot God, in verhouding tot jouself, in verhouding tot jou medemens, en ook in verhouding tot die skepping. Die versoende mens het dus 'n geweldige verantwoordelikheid en gelowiges durf dit nie ligtelik opneem nie. Daarom mag hierdie versoening vir die kerk, nooit net 'n dogma wees, waaroor daar gedink en gepreek word nie, dit moet uiteindelik die bestaanswerklikheid wees waarvolgens gelowiges leef. Hierdie nuwe versoende bestaanswerklikheid word deur die volgende teologiese waardes gekenmerk:

- Regverdige vergifnis, waar 'n persoon vra om vergewe te word, maar ook onderneem om dit nie weer te doen nie.
- 'n Wedersydse uitnodiging om verantwoordelikheid te aanvaar en sodoende mekaar in die middel te ontmoet, om saam na 'n nuwe tuiste te gaan.
- Eenheid, God roep die kerk om ten alle koste eenheid tussen gelowiges te bewaar.
- Geregtigheid, God roep die kerk om reg te maak, om dit wat verlore geraak het as gevolg van 'n onregverdige stelsel, reg te stel.
- Herstel van verhoudings, Jesus Christus het 'n verhouding herstel, daarom handel versoening altyd oor die herstel van verhoudings.

9. Die Negende Polariteit:

Teologiese antropologie vs Sekulêre antropologie

God se beeld van mense teenoor die wêreld se beeld van mense

Die teologiese verstaan van menswees in Suid-Afrika word gevind in die idee dat mense geskape is na God se beeld. Dit veronderstel dat menswees ten diepste uitdrukking vind in die verhouding wat daar tussen mens en God is. In teologiese kringe veronderstel hierdie bogenoemde verhouding die vertikale verhouding. Daarmee saam beklemtoon die navorsingsdata ook die horisontale verhouding, naamlik mense in verhouding tot ander mense. Hier word dadelik gedink aan die Afrika-begrip *ubuntu*, wat ten diepste 'n relasionele begrip is, soos verwoord in die volgende aanhaling:

"I am because we are" (Medenavorser D).

In kontras hiermee word menswees ook bepaal en gevorm in die wêreld waarin mense leef, en dit het veral in die Suid-Afrikaanse samelewing die psige van mense beïnvloed, soos verwoord met die volgende aanhaling:

“My vorming was binne die Suid-Afrikaanse konteks ... binne hierdie konteks word daar gepraat van geras, “we were raced”, dit het ons identiteit op ‘n bepaalde manier gevorm” (Medenavorser B).

Hierdie sosiale konstruksie van identiteit het vir lank in Suid-Afrika bepaal waar jy woon, waar jy werk, watter tipe werk vir jou beskore is, waar jy skool gaan ensomeer. Hierdie verdeeldheid van mense op grond van ras, het dus basies onderliggend verwoord, dat ek myself nie in jou kan sien nie en daarom gee dit my die reg om jou op ‘n ander manier te hanteer, ‘n niemenswaardige manier. Die navorsingsdata beklemtoon dat die verskille tussen mense buite verband uitgelig is, terwyl dit bloot kosmetiese verskille is – die tekstuur van mense se hare, die grootte van mense se neuse ensomeer. So in terme van menswees in Suid-Afrika is dit hierdie twee magte wat steeds met mekaar stoei, oor wie ‘n persoon ten diepste is.

10. Die Tiende Polariteit:

Versoenende liturgie vs Verdelende liturgie

Die liturgie is ‘n versoenende ruimte teenoor die liturgiese ruimte wat juis ook verdeeldheid veroorsaak

Die navorsingsdata toon aan dat die volgende liturgiese momente, asook liturgies-rituele kwaliteite ‘n versoenende aard aan die liturgie verleen, naamlik:

- **Offergawes:** wat dikwels met opoffering gegee word, veral in bepaalde kontekste, maar wat ‘n konkrete praktiese bydrae lewer tot die bevordering van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing. Aangesien hierdie geld dikwels gebruik word vir diakonaat, diens van barmhartigheid en gemeenskapsprojekte.
- **Skuldbelydenis:** is daardie liturgiese oomblik waarbinne gemeentelede die geleentheid kry om skuld te erken, voor die Here. Indien mense die geleentheid kry om hulle skuld ook teenoor mekaar te erken, dan word versoening op hierdie manier bevorder.

- Lofprysing: om saam met medegelowiges te sing, beteken om saam te droom, saam te vertrou dat die droom van die Openbaringteks van volke van verskillende nasies en tale wat saam voor God is om Hom te loof en prys, dat hierdie droom 'n werklikheid sal word.
- Samekoms: die blote bymeakaarkom van verskillende mense tydens 'n erediens, is reeds 'n versoenende gebeure. Binne hierdie ruimte simboliseer kleredrag jou identiteit as broer en suster, en so verander die verhoudinge tussen mense tot gelykes voor God en met mekaar.
- Prediking: wanneer die prediking mense help om hulle eie verhaal te herskryf na aanleiding van die Skrif, veronderstel dit 'n ander logika, en ook 'n ander begin en definitief 'n ander einde wat uitspeel.
- Nagmaal: bied 'n alternatiewe ekonomiese stel beginsels, 'n ander tipe geregtigheid wat beliggaam word, 'n ander soort eenheid wat uitgebeeld word wat 'n bydrae lewer tot versoening in Suid-Afrika.
- Kuns en musiek: raak die hartsnare van mense en sodoende word versoening nie net bedink nie, maar gevoel, geproe, gesien, gehoor en daardeur word dit 'n bestaanswerklikheid.
- Liturg: die rol van die liturg is van kardinale belang, aangesien die liturg deur middel van woord en daad fisies versoening beliggaam tydens die erediens.
- Deelname: deur middel van aktiewe deelname aan die liturgie word erediensgangers se identiteit ten diepste gevorm binne die kollektiewe erediensruimte.
- Die drama van die erediens: het hoë intimiteitsvlakke, dit is 'n sensuele belewenis, en daarmee word diep verhoudings gesmee.

Die navorsingsdata beklemtoon dat die volgende liturgiese momente juis 'n verdelende aard aan die liturgie verleen, naamlik:

- Taal & kultuur: indien die liturgie net een groep se taal, kultuur of behoeftes respekteer en aanspreek, word die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing doelbewus geïgnoreer, en veroorsaak dit juis verdeeldheid.

- Nagmaal: die kerkgeskiedenis met betrekking tot die viering van die Nagmaal in die NG Kerk bevestig verdeeldheid ten diepste, met die Sinode besluit van 1857, wat gelei het tot aparte kerkgeboue en aparte aanbiddingsgeleenthede.
- Prediking: wanneer tekste verkeerd uitgelê en gebruik word, sonder om die groter Bybelse narratief in aanmerking te neem, kan dit tot verdeeldheid en skeuring lei.
- Liturg: die liturg kan ook bydra tot verdeeldheid met woord en daad tydens die erediens.

5.5. Samevatting

In Hoofstuk 5 word daar gefokus op die empiriese data soos dit gegenerer is deur semigestruktureerde indiepteonderhoude en is daar tergelykertyd van Osmer (2008:4) se eerste en tweede take gebruik gemaak. Eerstens het die beskrywend-empiriese taak aan die lig gekom, met twee van die vrae uit die onderhoudskedule wat gefokus het, op wat aangaan met betrekking tot liturgie en versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika. Hierdie data wat duidelik na vore gekom het, is beskou as ondersteunend tot Hoofstuk 3 en 4. Vervolgens het ek die tweede taak gebruik, die interpretatiewe taak, met die vraag waarom gebeur dit, waarom gaan dit aan in Suid-Afrika met betrekking tot liturgie en versoening om sodoende sinvolle verbande te lê soos dit aan die lig gekom het deur middel van die data analisering.

Die verbande soos dit aan die lig gekom het is weer gegee op 'n visuele wyse, aangesien dit strook met die alternatiewe maniere waarop kwalitatiewe weergegee kan en behoort te word. Na aanleiding van die data- analise en die interpretasie van die data, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat daar tien duidelike polariteite binne die navorsingsveld van liturgie en versoening na vore gekom het, naamlik: 1) Eenmalige gebeure vs Voortdurende proses; 2) Leierskap vs Ontbrekende leierskap; 3) Tussen Romantiek en Realisme; 4) Radikale versoening vs “Communal living”; 5) Verlede vs Hede; 6) Kulturele identiteit vs “Baptismal identity”; 7) Versoening vs

Alternatiewe konsepte 8) Onversoendheid vs Versoening; 9) Godsbeeld vs Wêreldsbeeld en 10) Versoenende liturgie vs Verdelende liturgie.

Hierdie tien teenstrydighede wat so duidelik na vore gekom het, het my oë geopen vir die kompleksiteit wat gepaardgaan met die sleutelkonsepte van hierdie studie, naamlik, liturgie en versoening. Daar heers 'n immer interne spanning tussen die moontlike en die onmoontlike. Midde in hierdie interne spanning tussen wat moontlik is en wat onmoontlik is, bevind Suid-Afrikaanse burgers hulle op die pad na versoening.

Op grond van al die bogenoemde hoofstukke, kom ek as navorser nou tot die konklusie van hierdie navorsing, en dit word in die volgende hoofstuk weergegee.

HOOFSTUK 6

‘N PRAXISTEORIE MET DIE OOG OP ‘N LITURGIESE TEOLOGIE IN WORDING VAN VERSOENING IN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA

‘n Strategiese voorstel vir ‘n praxisteorie ten opsigte van ‘n liturgiese teologie in wording soos dit gevier word in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ter bevordering van sosiale versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing.

6.1. Inleiding

Sedert 2008/9 as ‘n teologie student aan die Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie en Religie is my belangstelling geprikkel, om ondersoek in te stel na die verband tussen die erediens (liturgie) soos dit gevier word in die NG Kerk en die bevordering van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing. Op daardie gegewe tydstip in my lewe, was ek as student, en later proponent, en nagraadse student betrokke gewees by ‘n multikulturele studentebediening by die gemeente in Pretoria waar ek ‘n lidmaat was. Na die voltooiing van twee nagraadse studies binne die veld van liturgie en versoening, het ek in 2012 begin droom oor ‘n navorsingstudie ter vervulling van die graad *Philosophiae Doctor* in die Fakulteit Teologie en Religie, Departement Praktiese Teologie onder leiding van prof. Cas Wepener en prof. Marcel Barnard, omdat hulle kundig is oor die onderwerp, te wete liturgie en die verhoudings tussen mense (sien Wepener, Swart, Ter Haar & Barnard, 2019). Hierdie navorsingstudie sou my vorige nagraadse studies as boublokke gebruik. Die kennis en ervaring sou handig te pas kom ter voltooiing van hierdie studie. Tog staan die betrokke studie ook op eie bene, vanweë spesifieke fokusverskuiwing.

Tydens die aanvang van die studietydperk het my milieu dramaties verander. Ek is beroep as predikant na ‘n plattelandse gemeente in die Noord-Kaap, waar ek vir vier en ‘n half jaar enkelpredikant was vir ‘n hoofsaaklik tradisionele, konserwatiewe boerdery gemeenskap. So, vanaf ‘n multikulturele studentebediening in Pretoria tot ‘n hoofsaaklik homogene gemeentebediening op die platteland, praat ek van wêreld wat ligjare verwyderd van mekaar is. Die betrokke studie wat ek in 2013 begin het,

rakende liturgie en versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, is dus nie bloot net 'n akademiese navorsingstudie nie. Dit was 'n uiters persoonlike-, teologiese-, kontekstuele- en ook geleefde en beleefde reis gewees.

6.2. Bevindinge van die navorsing

Vervolgens beskryf ek die oorsigtelike bevindinge van die navorsing soos dit na vore gekom het deur die verloop van die navorsingsproses:

6.2.1. Hoofstuk 1 – Navorsingsbehoefte en ontwerp

In Hoofstuk 1 begin ek eerstens deur my voorveronderstelling en vooroordele rakende die onderwerp bekend te maak, aangesien ek deeglik bewus is van die feit dat my posisie as navorser nouliks in verband gebring kan word met die navorsing wat ek onderneem het (Barnard, Cilliers & Wepener, 2014:7). Daarna word die kontekstuele aard van die studie beklemtoon deur middel van die voorstelling van 'n werklikheid (die Suid-Afrikaanse konteks) binne 'n werklikheid (die NG Kerk konteks). Dus vind hierdie navorsing in twee sfere plaas, eerstens die Suid-Afrikaanse konteks, waarvan die NG Kerk konteks intrinsiek deel vorm. Tydens die voorlopige verkenning van die twee kontekste, het ek 'n intuïtiewe aanvoeling gekry dat die liturgiese praktyke van die NG Kerk meegedoen het, om Suid-Afrikaners te vorm tot so 'n mate dat die wese van Apartheid in die harte van Suid-Afrikaanse burgers gegraveer is. Sodoende het hierdie navorsingstudie die volgende navorsingsvraag gevra:

Hoe kan die liturgie soos gevier binne die NG Kerk formatief meewerk om versoening in die harte van gelowiges te bevorder, sodat dit sal impakteer op die huidige en toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing?

Hierdie spesifieke navorsingsvraag word gevra na aanleiding van 'n skynbare en beleefde toename van rasse spanning en konflik binne die Suid-Afrikaanse samelewing, asook in die kerklike konteks. Die onderliggende veronderstelling van die navorsingstudie is dat die NG Kerk 'n rolspeler behoort te wees wat die bediening van versoening konkreet beliggaam in die konteks waarbinne die kerk haar bevind, deur middel van die viering van die erediens.

6.2.2. Hoofstuk 2 – Teoretiese en metodologiese begronding: Liturgies-rituele benadering

Hoofstuk 2 bied 'n teoretiese en metodologiese begronding van die betrokke studie aan. Soos alreeds beklemtoon is, is hierdie studie ten diepste kontekstueel van aard, en het ek dit nodig geag om ernstig te besin oor die post-koloniale konteks en wat die invloed daarvan op hierdie studie is. Die uitdaging waarvoor ek te staan gekom het deur die loop van hierdie studie, is om die eise wat aan die Prakties Teologiese navorser in Suid-Afrika gestel word binne die diverse konteks – post-apartheid en post-koloniale konteks – eerstens te verstaan en tweedens toe te pas. Die diverse Suid-Afrikaanse konteks (kultureel, taal, ekonomies, polities, etnisiteit en godsdienstig) vereis 'n epistemologiese paradigma wat die kontekstualiteit sal verwoord. Wat dus nodig is om teologie te beoefen binne hierdie verskillende wêrelde, is die ontwikkeling van nuwe hermeneutiese vaardighede om dit moontlik te maak om die *teks(te)* te kan lees binne die *konteks(te)* waarin dit afspeel. Die beoefening van teologie is daarom nie meer die ontdekking van waarhede of die korrekte interpretasie van tekste nie, maar eerder 'n uitnodiging om saam te reis deur verskillende wêrelde, elkeen met 'n unieke interpretasiemoontlikheid en om saam te soek na 'n gedeelde interpretasies en sodoende die vorming van gedeelde wêrelde (Meylahn, 2017:2).

Ek het gekies om met die benadering van Osmer te werk, aangesien hy 'n metodologie bied vir die Praktiese Teologie ten opsigte van die praktyk van die pastor, maar ook vir my as navorser. Aangesien ek beide take onderneem - in die eerste plek as leraar van 'n gemeente en daarmee saam die van Prakties Teologiese navorser - vind ek as predikant en as navorser ruimte vir beide verantwoordelikhede binne hierdie

metodologie. Osmer (2008:4) beskryf vier kerntake met behulp van die formulering van vier vrae, wat die navorsingproses rig. Die vier vrae is eenvoudig maar priemend in hul intensie en resultaat, naamlik:

- Vraag 1: Wat gaan aan en wat is besig om te gebeur? (Beskrywend-empiriese taak)
- Vraag 2: Waarom gebeur dit en waarom gaan dit aan? (Interpretatiewe taak)
- Vraag 3: Wat behoort te gebeur en aan te gaan? (Normatiewe taak)
- Vraag 4: Hoe kan mens daarop reageer? (Pragmatiese taak)

6.2.3. Hoofstuk 3 – Suid-Afrika: Verlede, Hede en Toekoms

Osmer (2008:4) se model van prakties teologiese interpretasie word in hierdie studie gebruik, en sodoende begin ek in Hoofstuk 3 met die beskrywende-empiriese taak, met die gepaardgaande vraag, wat gaan aan en wat is besig om te gebeur in Suid-Afrika met betrekking tot versoening? Die navorsing het ondersoek ingestel na twee breë, gelyklopende prosesse met betrekking tot versoening in Suid-Afrika. Die eerste proses van belang vir hierdie studie was die politieke-, ekonomiese- en sosiaal-demografiese transformasie wat begin het in 1994. Die tweede proses wat gelyklopend plaasgevind het, was die teologiese diskoers oor die identiteit en roeping van die NG Kerk in hierdie veranderde samelewing. Beide hierdie prosesse speel 'n wesenlike rol in die keuses wat Suid-Afrikaners en lidmate van die NG Kerk in die toekoms sal moet maak oor die toekomsverhaal (Cronje, 2017:27) vir hierdie land.

Die belangrikste fokuspunte vir hierdie bepaalde studie na aanleiding van die bestudering van die *South African Reconciliation Barometer* as 'n bepaalde lens rakende versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, is as volg:

- Die beklemtoning van nasionale eenheid en nasiebou in die eerste paar jaar van die SARB opname, teenoor die fokus op daadwerklike radikale ekonomiese- en strukturele- en geografiese geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing.

- Die onbetrokkenheid van blanke Suid-Afrikaners by die versoeningsproses in persoonlike hoedanigheid, maar ook andersins.
- Aanvanklik het leierskap 'n positiewe bydraende rol tot die versoeningsproses gelewer, maar vanaf 2005 tot en met 2017 is daar 'n daadwerklike en ook dramatiese afname in vertroue wat in leierskap geplaas word om versoening te bevorder. Leiers word beskou as onbetrokke en ook traak-my-nie-agtig, het geen deernis met mense wat in haggelike omstandighede 'n lewe probeer maak nie.
- Vanaf die verkennende SARB opname in 2003 tot en met 2017 word aangedui dat daar min tot geen sosiale interaksie tussen mense van verskillende etnisiteite bestaan, wat problematies is tot die bevordering van versoening, aangesien dit 'n ruimte is waar vertroue gekweek word.
- Vanaf 2005 tot en met 2017 word beklemtoon deur die SARB opname dat kerke en die openbare media, die enigste twee instansies is, wat eerlike dialoog kan fasiliteer aangaande versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing.
- 'n Kommerwekkende bevinding is dat daar te veel mense in Suid-Afrika nog dink, veral blanke mense, dat Apartheid geen misdad was nie.
- Vanaf 2008 tot en met 2017 is die land op haar weerlooste, in terme van geweld, die onstabiele ekonomiese omstandighede, werkloosheid, gebrekkige leierskap, Xenofobiese geweld, gewelddadige diensleweringbetogings.
- Dit blyk veral uit die laaste vier opnames dat versoening 'n wollerige begrip is, wat nog nie grond gevat het in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Die opname van 2014 stel dit duidelik, Mandela is dood, nou is dit tyd vir drastiese optrede en transformasie.

Die landskap wat geskets word deur hierdie bevindinge is kommerwekkend. Ek besef dat die versoeningslandskap die afgelope paar jaar dramaties verander het en dat die land volgens hierdie beeld, haarself op 'n baie donker plek bevind. Na aanleiding van 'n kerklike en teologiese verkenning van versoening, volstaan ek met die volgende

sleutelemente van versoening, naamlik: 1) God inisieer en bring versoening tot stand; 2) Versoening is 'n spiritualiteit, en nie 'n strategie nie; 3) Versoening maak die slagoffer en ook die oortreder nuwe skepsels; 4) Die narratief van Jesus Christus se kruisiging, dood en opstanding staan sentraal tot versoening en 5) Versoening is 'n multidimensionele realiteit.

6.2.4. Hoofstuk 4 – Die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Viering van die erediens

In Hoofstuk 4 het die derde taak van Osmer (2008:4) aan die bod gekom. Die normatiewe taak, met die gepaardgaande vraag, wat behoort te gebeur en aan te gaan in die liturgie ter bevordering van versoening in Suid-Afrika? In hierdie hoofstuk het ek teruggekeer na die sentrale navorsingsvraag soos wat dit in Hoofstuk 1 geformuleer is.

Ten diepste word daar gevra na die wyse waarop die erediens soos dit gevier word in die huidige Suid-Afrikaanse konteks binne die NG Kerk 'n diepgaande invloed op 'n persoon, asook 'n gemeenskap se ontwikkeling kan hê, met betrekking tot die bevordering van versoening? Hierdie navorsingsvraag aanvaar dat die erediens 'n formatiewe rol speel ten opsigte van individue, asook gemeenskappe. Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om ondersoek in te stel na die wyse waarop hierdie formasie plaasvind, en dan spesifiek met betrekking tot die bevordering van versoening in Suid-Afrika.

Om hierdie sentrale navorsingsvraag te probeer beantwoord het ek gebruik gemaak van James K.A. Smith (2016, 2013, 2009) se *Homo Liturgicus* as alternatiewe filosofiese antropologie. Deur Smith se alternatiewe filosofiese antropologie word die identiteit van mense geherdefinieer as *homo liturgicus*, sodoende word die belang van menslike affektiwiteit en die wyse waarop die liturgie formatief kan mee werk om menslike identiteit te vorm beklemtoon. Dit beteken dat elke liturgiese praxis – alle kommunikasiemediums in die erediens – betekenis en identiteit aan die gemeenskap

verleen. Verder word 'n uitdaging gerig aan elke deelnemer om dit wat geleer en ervaar is oor te dra en met ander te deel.

“They reflect who we are (culture), where we are (habitus), how we are (habit), and point us towards what we are called to be” (Junker, 2014:134).

6.2.5. Hoofstuk 5 – Empiriese navorsing

In Hoofstuk 5 word daar gefokus op die empiriese data soos gegeneer is deur semigestruktureerde indiepteonderhoude, en ek het tergelykertyd van Osmer (2008:4) se eerste en tweede take gebruik gemaak. Eerstens het die beskrywend-empiriese taak aan die lig gekom, met twee van die vrae uit die onderhoudskedule wat gefokus het, op wat aangaan met betrekking tot liturgie en versoening in die NG Kerk in Suid-Afrika. Hierdie data wat duidelik na vore gekom het, is beskou as ondersteuend tot Hoofstuk 3 en 4. Vervolgens het ek die tweede taak gebruik, die interpretatiewe taak, met die vraag waarom gebeur dit, waarom gaan dit aan in Suid-Afrika met betrekking tot liturgie en versoening om sodoende sinvolle verbande te lê soos dit aan die lig gekom het deur middel van die data analisering.

Die verbande is weergegee op 'n visuele wyse, aangesien dit strook met die alternatiewe maniere waarop kwalitatiewe weergegee kan en behoort te word. Na aanleiding van die data analise en die interpretasie van die data, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat daar tien duidelike polariteite binne die navorsingsveld van liturgie en versoening na vore gekom het, naamlik: 1) Eenmalige gebeure vs Voortdurende proses; 2) Leierskap vs Ontbrekende leierskap; 3) Tussen Romantiek en Realisme; 4) Radikale versoening vs Konvivialiteit; 5) Verlede vs Hede; 6) Kulturele identiteit vs Gedoopte identiteit; 7) Versoening vs Alternatiewe konsepte 8) Onversoendheid vs Versoening; 9) Teologiese antropologie vs Wêreldse antropologie en 10) Versoerende liturgie vs Verdelerende liturgie. Hierdie tien teenstrydighede wat so duidelik na vore gekom het, het my oë geopen vir die kompleksiteit wat

gepaardgaan met die sleutelkonsepte van hierdie studie, naamlik, liturgie en versoening. Daar heers 'n immer interne spanning tussen die moontlike en die onmoontlike. Midde in hierdie interne spanning tussen wat moontlik is en wat onmoontlik is, bevind Suid-Afrikaanse burgers hulle op die pad na versoening.

6.3. 'n Praxisteorie ter ontwikkeling van 'n liturgiese teologie in wording vir versoening in Suid-Afrika

Na aanleiding van hierdie diep persoonlike-, teologiese- en kontekstuele reis saam met die sleutelkonsepte van hierdie betrokke studie, naamlik liturgie en versoening, kom ek dus aan die einde van die studie, tot die volgende gevolgtrekking:

Na aanleiding van my vorige twee nagraadse studies met die onderskeie titels *'n Prakties Teologiese Ondersoek na die Pastorale Dimensie van die Nagmaal soos gevier in die Aanddiens van die NG Gemeente Riviera-Jakaranda*²⁸ en *Sosiale Kohesie en Multikulturele Eredienste: 'n Ritueel-Liturgiese Evaluasie*²⁹ was my fokus ook van die begin af op die konkrete bydrae wat die viering van die nagmaal tot versoening kan lewer. Dit was immers die logiese beginpunt vir hierdie studie, aangesien die Nagmaal ook bekendstaan as die Versoeningsmaaltyd. Junker (2014:51) beklemtoon die belang van die viering van die nagmaal, ten opsigte van versoening, deur aan te voer dat dit die mensdom se politieke bewussyn uitdaag. Tydens die viering van die nagmaal word gelowiges herinner aan Jesus Christus se offer self, God se geskenk vir lewe en die wêreld. Omdat Jesus Christus sy liggaam vir die wêreld gegee het, word gelowiges uitgedaag om ook ons lewens te gee.

"This committed gesture is as political as Christ's was" (Junker, 2014:51).

²⁸ Kleynhans (2011)

²⁹ Kleynhans (2012)

Die politiese konnotasie van hierdie gebaar vind gestalte in die woorde van Jesus “doen dit tot my gedagtenis”, nie as ‘n romantiese herinnering nie, maar as ‘n verset teen en aan die kaak stel van herinnering op dieselfde manier as waarop Christus die magte van Sy tyd uitgedaag het. Terselfdertyd, het die rituele gebare van neem, breek, seën, gee en eet van die brood intrinsieke imperatiewe politiese eise wat honger, alle vorme van onderdrukking, geweld, en onregverdige sosio-ekonomiese ordes weerstaan (Junker, 2014:51).

William Cavanaugh (1998:4) maak ‘n belangrike saak uit rakende die plek van die kerk in die samelewing, deur aan te voer dat die kerk nie noodwendig ‘n geprivatiseerde, weggesteekte instelling uit die publieke oog is nie, maar eerder dat die kerk haar regmatige plek in die burgerlike samelewing behoort in te neem.

“The church is not a separate sanctuary, but is part and parcel of the politics and economics of the world” (Cavanaugh, 1998:13).

In hierdie sin word dit duidelik dat die kerk as liggaam van Christus ten volle deel is van die samelewing. Die kerk is die *ekklesia*, God se mense, *koinonia*, gemeenskap in die volle sin van die woord. Gemeenskap beteken hier die kerk, die nagmaal en ook die buitengewone: die wêreld – die groot bewoonde huis (Junker, 2014:52).

Wanneer die kerk, as liggaam van Christus, die nagmaal vier volgens Cavanaugh (2014:14) beliggaam die kerk ‘n teen-politieke beweging teenoor die politieke beweging van die wêreld. Daarom bied die nagmaal in essensie teenstand teen enige vorm van politieke bestel en geweldadige optrede waardeur die wêreld menswaardigheid skend. Die nagmaal beïnvloed die sosiale verbeelding van die gemeenskap, deurdat die sosiale broosheid van die samelewing gereflekteer word deur die kerk as kwesbare liggaam van Christus.

Dat die nagmaalstafel 'n daadwerklike bydrae tot versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing kan bemiddel, spreek vanself. Tog, is daar kontekste in hierdie land waar gewone Suid-Afrikaners dit nog nie kon regkry om saam om die tafel aan te sit nie. In die gemeenskappe waarin ek beweeg, bedien en gewoon het as leraar van 'n NG Gemeente, was daar geen sprake van aansit by die tafel van versoening nie. Daar sal verskeie moontlike redes wees wat gebruik kan word om hierdie verskynsel te verduidelik. Die *South African Reconciliation Barometer* soos verken in Hoofstuk 3 dui vanaf 2003 tot en met 2017, dit wil sê na sewentien opnames, dat mense van verskillende tale, kulture, etnisiteite, sosiale- en ekonomiese klasse nie in mekaar se huise kom nie. Sosiale interaksie word beperk tot die publieke en kommersiële domein, onder andere die gebruik van publieke vervoer, winkelsentrums en die werkplek (Potgieter, 2017:29-30). Die SARB se bevinding rakende die beperkte sosiale interaksie tussen mense van Suid-Afrika, staaf my persoonlike ervaring van die aangeleentheid. Dit is dus duidelik dat die private grense van Apartheid nog 'n groot meerderheid huishoudings in hierdie land in 'n wurggreep beet het. Dus, kan ek op grond van hierdie spesifieke studie nog net droom van 'n tafel waar ieder en 'n elk tuis is.

My getemde intuisie in die spesifieke konteks waarin ek woon, werk, bedien en leef, na aanleiding van die navorsingstudie het begin fluister, dat daar kontekste in hierdie land van Suid-Afrika is, waar daar teruggegaan sal moet word na die begin, indien daar enigsins oor liturgie en versoening gepraat kan word. Die Engelse idioom verwoord dit duidelik: *back to the basics*. Aangesien hierdie 'n kontekstuele studie is, bly ek voortdurend bewus daarvan dat daar ander kontekste is wat radikaal verskil van die een waarin ek woon en werk; kontekste wat al verby die begin gevorder het; kontekste waar mense wel al langs die tafel van eenheid sit.

Die voorgestelde praxisteorie ten opsigte van 'n liturgiese teologie in wording soos dit gevier word in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ter bevordering van sosiale versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing is net 'n benadering. Ek gee geensins hiermee *die* antwoord op die vraag oor hoe versoening in Suid-Afrika bevorder kan word nie. Die kwessie rondom liturgie en versoening in Suid-Afrika is kompleks, soos

alreeds bespreek. Hierdie voorgestelde praxisteorie is geensins 'n wenresep wat bloot net so gebruik kan word nie. Hierdie voorgestelde praxisteorie maak dit wel moontlik om 'n persoonlike-, teologiese- en kontekstuele reis van liturgie en versoening in Suid-Afrika aan te durf.

N.T.Wright (1992:40) verklaar

“stories constitute the core of every culture’s worldview.”

Dit beteken dat die mens se geloof, waardes en ook gedrag gegrond is in 'n narratief, 'n verhaal, en hierdie narratief konstitueer 'n baie spesifieke wêreldbeskouing. Die vraag van belang vir hierdie navorsing, is dus hoe mense se wêreldbeskouing in Suid-Afrika lyk? Vanaf Hoofstuk 1 tot en met Hoofstuk 5 hoor en sien en beleef ek absolute verwarring ten opsigte van wêreldbeskouing, Suid-Afrikaners, en spesifiek dan nou lidmate van die NG Kerk is verward oor wie hulle is en waar hulle inpas. Cilliers (2006:13) beklemtoon die Suid-Afrikaanse soeke na identiteit. Die verskeie voorvalle van rass spanning en -konflik in Hoofstuk 1, sowel as die transformasieprosesse in die postapartheid Suid-Afrika in Hoofstuk 2 en 3, die teologiese en kerklike skuiwe in Hoofstuk 4, dui alles op hierdie soeke na identiteit.

In hoofstuk 4 met die kritiese bespreking van James K.A. Smith se alternatiewe filosofiese antropologie, word dit duidelik dat indien mense se geloof, waarde en gedrag verander wil word, is dit nodig dat 'n beter narratief aan hulle vertel word, om sodoende die bestaande narratief te vervang. Wanneer 'n persoon se fundamentele narratief verander word, dan beïnvloed dit die hele wese en identiteit van die persoon. Joshua Wu (2015:12) waarsku dat dit nie genoeg is om een keer vir 'n persoon 'n visie van 'n florerende lewe te wys of te vertel nie. Hierdie Evangeliese visie van 'n florerende lewe moet nie net die oog vang nie, dit moet aangeleer word, dit moet groei en ontwikkel en natuurlik geoef en beoef word. Dit veronderstel dus nie net die memorisering van woorde nie, maar 'n ware beliggaming van die narratief, om

sodoende deur die hele bestaan van 'n persoon te weergalm. Slegs dan, vind James K.A. Smith se filosofiese antropologie neerslag in die praktyk.

Vir hierdie navorsing oor die tema van liturgie en versoening is dit belangrik om te bepaal in watter ruimtes vind identiteitsvorming ten diepste plaas? Dit is belangrik om agter te kom watter "narratief" vertel word in hierdie ruimtes? Watter visie van 'n florerende lewe word voorgehou? Watter rituele handeling versterk en bevestig hierdie visie? Smith (2009:85) noem hierdie proses 'n praxis oudit.

Een van die hofuitsprake wat in hierdie week opslae gewek het, is die van die gelykheidshof in Johannesburg wat Woensdag 21 Augustus 2019 'n uitspraak gelewer het, waarin aangedui word dat die vertoon van die ou Suid-Afrikaanse vlag in sekere kontekste op haatspraak neerkom (Strydom, 2019). Veral in Afrikaanse musiek, te wete populêre liedere soos onder andere; *De la Rey De la Rey* en *Die Land* gee uitdrukking aan 'n verlange van 'n tyd in Suid-Afrika wat vir altyd verby is. Die verandering van straatname en dorpsname veroorsaak groot ongemak by talle Suid-Afrikaners (Cilliers, 2006:13). Die besluit van die NG Kerk om nie die belydenisgrondslag van die kerk aan te pas, om sodoende ruimte te maak vir die Belydenis van Belhar om deel daarvan te vorm nie. Hierdie rituele handeling het 'n enklawe-visie van 'n florerende lewe tot gevolg, dit vorm die identiteit van Suid-Afrikaners op 'n spesifieke manier, soos dit beklemtoon word in die SARB in hoofstuk 3 en ook vanuit die empiriese navorsing in hoofstuk 5, waar veral Blanke Suid-Afrikaners terugtrek in oënskynlike veilige ruimtes, soos onder andere die kerk of skole.

Daarteenoor kan dieselfde vrae vir die kerk gevra word, naamlik:

1. Het die kerk liturgiese handeling waardeur gelowiges die visie van die Koninkryk van God begeer?
2. Op watter wyses spreek die kerk deur middel van kontra-kulturele liturgieë bestaande valse visies van 'n florerende lewe aan?

Hierdie vrae vir Christelike geloofsgemeenskappe is van kardinale belang, aangesien hierdie studie daarop berus dat liturgiese praktyke die nodige wyses voorsien waardeur gelowiges se identiteit gevorm word deur die mens se verhouding tot God (Anderson, 2003:171). Die liturgiese praktyke is die manier waarop mense hulle identiteit (beeld van God) as gelowiges ontvang, en ook voortdurend oefen om al nader te beweeg aan die beeld van God, aangesien dit voortdurend in stryd is met die wêreldse beskouing van menslike identiteit (sien Hoofstuk 5).

Aangesien hierdie studie geskoei word op Osmer se praktyk-teorie-praktyk model, is dit van kardinale belang om te noem, dat tydens die empiriese navorsing ek pertinent bewus geraak het van die doopliturgie waardeur die Christelike identiteit ten diepste gevorm en bevestig word. Ter wille van die bepaalde konteks waarbinne hierdie navorsing tot lewe gekom het, is dit nodig om weer by die begin te begin van liturgie en versoening, en die begin daarvan soos dit in hierdie studie beklemtoon word, is die viering van die water. Vervolgens, herbesoek ek die viering van die doop, liturgies-teologie in die lig van versoening, geregtigheid en ook die huidige diskoerse wat dekoloniserings insluit in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Junker (2014:40, sien Chauvet, 1995:161-316) beklemtoon dat die kerk se sakramente in die algemeen, maar die doop by uitstek 'n bydrae lewer tot die formasie van die Christelike identiteit. Alhoewel die identiteit van gelowiges nie beperk is tot die sakramentele lewe van die kerk nie, is die bestudering van die sakramente as liturgiese rituele van besondere belang wanneer daar teologies nagedink word oor identiteitsvorming. Aiden Kavanagh (1991:145) verklaar dat sakramentele teologie beide die gelowige en die kerk definieer. Dit herroep Victor Turner se konsepte van liminaliteit en *communitas* op, wanneer daar gepraat word oor die doop as die wyse waardeur Christelike identiteit gevorm word:

“Baptism in its fullness is the primary liminal experience during which the Church is shaped each paschal season into a communitas of equals in one Body of neither Jew nor Greek, master nor slave, male or female, and is prepared to receive fresh and new

God's grace in Jesus and the Anointed One now become life-giving Spirit"
(Kavanagh, 1991:199-200).

Die Oosterse Ortodokse tradisie noem hierdie proses van identiteitsverandering en die eskatologiese verlange na vervulling, *theosis*. *Theosis* is die geleidelike beweging van menswees na die *Imago Dei* van menswees. Anderson (2003:175) verduidelik dat hierdie proses van *theosis* op drie teologiese beginsels berus, naamlik:

1. Mense is na God se beeld geskape (Genesis 1:28).
2. Die mensdom van nature behou in essensie 'n kwaliteit lewe deur God se genade.
3. Die vryheid van die mensdom kan tot gevolg hê dat die potensiaal om die *Imago Dei* te bereik verlore kan gaan.

Hierdie proses van *theosis* is ten diepste Trinitaries van aard, en tog staan die Christus-gebeure sentraal (sien Hoofstuk 5).

Dit is van kardinale belang om te beklemtoon dat die identiteit van mense dus eenders met die *Imago Dei* kan vertoon, of totaal verskillend, afhangende van watter narratief die fondasie vorm van 'n florerende lewe.

John Wesley, gebruik in plaas van *theosis* eerder die konsep van heiligmaking en Christelike perfeksie, en daarmee bedoel hy:

"pure love reigning alone in our heart and life" (Wesley, 1964:293).

Hierdie proses van heiligmaking herontdek die ontologiese status van die gelowige persoon, as 'n persoon van genade. Aan die anderkant, transformeer hierdie proses die mens se sosiaal-etiese verhoudings tot God en ander mense, sodat hierdie verhoudings gekenmerk word aan geregtigheid, genade en waarheid. Wesley

(1964:258) erken die probleme wat gelowiges in die gesig staar om 'n lewe van perfektheid te lewe:

“Christian perfection, therefore, does not imply (as some men seem to have imagined) an exemption either from ignorance, or mistake, or infirmities, or temptations. Indeed, it is only another term for ‘holiness’ ... Yet we may, lastly, observe that neither in this respect is there any absolute perfection on earth ... So that how much soever any mans has attained, or in how high a degree soever is perfect, he hath still need to “grow in grace” and daily to advance in the knowledge and love of God his Saviour.”

Die bediening van die doop bied 'n identiteit, 'n manier van lewe, 'n verbintenis wat wederkerige verhoudings bewerkstellig, wat 'n gemeenskap genoem word (Anderson, 2003:176). Dit is in hierdie gemeenskap waardeur Jesus Christus se genade, karakter, geloof, hoop en barmhartigheid in hierdie wêreld gekonstitueer word. Die rituele bediening van die doop vorm en transformeer die gemeenskap. Die rituele bediening van die doop gee betekenis aan die kerk se bestaan as liggaam van Christus, dit skep 'n gelykgrond waar ieder en 'n elk 'n plek het en waarlik welkom en tuis is (Junker, 2014:41). As liggaam van Christus is dit noodsaaklik om God se deernis te deel met die lydendes, die gemarginaliseerdes vanweë onderdrukking, ongeregtheid, armoede, siekte en selfs gebreke. Dit is 'n uitdrukking van konvivialiteit, om saam met mense te leef in die omstandighede waarin hulle hulleself bevind en sodoende 'n lewe van volheid en oorfloed bewerk. Om in konvivialiteit te lewe bemagtig mense om daadwerklike veranderinge aan te bring, met die fokus op die koninkryk van God (Addy, 2017:20).

Die wyse waarop die kerk die bediening van die doop verstaan, bedink, glo en beleef het die volgende tot gevolg:

1. Die verstaan van God se misterieuse reddingspoging van die wêreld deur Jesus Christus (teologie).
2. Die eenheid van die liggaam van Christus (ekkesiologie).
3. Die kosmiese verbeelding en praxis van die wêreld (etiek).

Elkeen van hierdie drie maak intrinsiek deel uit van die profetiese identiteit van die kerk.

Die empiriese navorsing het die volgende belangrike aspekte van die doopteologie beklemtoon. In die bediening van die doop openbaar God Homself, eens en vir altyd, en tree Hy daadwerklik op om die mensdom te vernuwe. Deur middel van die aard van Jesus Christus se kruisdood en opstanding, word die wêreld versoen met God, die bron van nuwe lewe vir almal. 'n Nuwe lewe is die gawe van die Heilige Gees aan elkeen wat gedoop is. Hierdie gawe van nuwe lewe is uiteindelik 'n lewe in eenheid met Jesus Christus en ook met die liggaam van Jesus Christus, die kerk. As 'n ontvanger van die gawe van genade, en deel van die gedoopte gemeenskap, word elkeen verbind tot die bediening van Jesus Christus vir hierdie wêreld. In die doop ontvang die gemeenskap van die heiliges die taak om deel te neem aan Jesus Christus se versoenende missie, om die mensdom met God te versoen, om mense met mekaar te versoen en ook met die kosmos. Hierdie taak impliseer 'n lewe te leef te midde van konflik en paradokse, terwyl daar gepoog word om vrede, geregtigheid en vryheid te handhaaf. Deur die doop word die gemeenskap van gelowiges gevorm en voorberei om die lewe te leef volgens Jesus Christus.

Dit word vir my duidelik dat die doop nie maar net 'n eenvoudige private geleentheid is, waar die belangrikste uiteinde 'n foto van 'n baba in 'n dooprok is nie. Die bediening van die doop het korporatiewe implikasies. As 'n geloofsgemeenskap wat deur die bediening van die doop verenig is, word hierdie gemeenskap uitgedaag om relasioneel en inklusief te wees (Junker, 2014:47). Die bediening van die doop vorm 'n sosiale verbeelding waarin onderdrukkende regerings, onregverdige ekonomiese sisteme, ontroue politiese magte, en 'n ongebalanseerde ekologie nie langer geduld sal word nie.

Maxwell Johnson (1999:366), beskou die bediening van die doop as die "Groot Gelykmaker";

“It [baptism – the “Great Equalizer”] transcends all such distinctions and, as such, provides us with a perspective and foundational basis from which we might address any and all forms of racism, classism, and sexism. For here in baptism – as on the day of Pentecost itself (one of the great New Testament paradigms for Christian baptism) – are the division of the Tower of Babel reversed and all again become initiated into Christ as one people, speaking a common language of prayer, thanksgiving, and witness. Here in baptism is the paradise of Genesis 1 and 2 restored where God is most appropriately imaged by the unity of both male and female. Here rich and poor come together as equals, clothed in the baptismal garments of Christ, and take their place together at the banquet table.”


Dit beteken vervolgens (Anderson, 2003:187-188):

1. Eerstens, dat die teleologie van die mens ‘n lewe saam met God is, dit wil sê wat die mens doen en hoe die mens dit doen in beide die liturgiese sakramentele lewe of die sosiaal-etiese lewe, wat onafskeidbaar is, word gevorm deur hierdie teleologie.
2. Tweedens, die proses waardeur die mens gaan om hierdie teleologie te bereik word *theosis* of heiligmaking genoem, die proses waar die mens al meer gevorm word in die *Imago Dei*.
3. Derdens, die Christelike lewe word gedefinieer deur ‘n harmonieuse verband tussen genade en vrye wil, aangesien God voortdurend in die mens aan die werk is, maak dit dit moontlik vir die mens om daarop te reageer.
4. Vierdens, die Christelike lewe in ooreenstemming met die *Imago Dei* vereis dat die mens beide liturgies en sosiaal, beide misties en polities reageer. Dit behels die vorm van gebed, politiek en die rituele sakramentele media van brood en wyn, en ook die druppeltjies water.
5. Laastens, gegewe die teleologie van lewe in verbondenheid met God in perfekte liefde en die samewerking van mense wat deur perfekte liefde gevorm word, is die proses van heiligmaking altyd oop-eindigend, eerder as absoluut. Hier word die teleologiese van die lewe in verband gebring met die eskatologiese van die lewe.

In hierdie proefskrif het ek geargumenteer dat die ontvouing van die Christelike liturgie, nie bloot net die verhaal vertel waardeur die mens gevorm en hervorm word nie. Die Christelike liturgie onthou en verwag, wie die mens ten diepste is, en wie S'n ons ten diepste is. Deelname aan die liturgie is die milieu waarin ons oefen om werklik onself te wees, in die verlede, in die hede en ook in die toekoms, as mense wat geskape is in die *Imago Dei*.

“As emergent practice, liturgical practice and liturgical catechesis speak to the present from the future, enacting the shape of that future – our ‘perfection in love’ or our completion in the likeness of God – in the present liturgical practice of the Christian community” (Anderson, 2003:188).

Die liturgie is dus in wese 'n liminale ruimte waar die gelowige gemeenskap bymekaar is en in afwagting uitsien na God se nuwe skepping met die versugting *Maranata!* Die doopliturgie skep dus 'n ruimte waaruit en waarbinne Suid-Afrikaners van alle lewensomstandighede tog 'n moontlike reënboognasie kan word. Elke treë op die versoeningspad bring Suid-Afrikaners nader aan die horison, en daarmee saam ook 'n heroriëntering van die horison. Hierdie nuwe identiteit gee vir die mens 'n nuwe roeping vir eenheid, geregtigheid en versoening. Ons word saam gesnoer vanaf regoor die hemel en die aarde, saam met apostels en profete, saam met alles wat lewe voor God en ons sing “Heilig, heilig, heilig is die Here!” Vanuit hierdie nuwe gedoopte identiteit sal dit daarom vir ons moontlik word om nader aan mekaar te begin leef, sodoende in mekaar se huise te kom, en hopenlik binnekort saam rondom die nagmaalstafel te kan sit as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is.



Figuur 13: 'n Praxisteorie as vertrekpunt vir 'n liturgiese teologie in wording vir versoening in Suid-Afrika

6.4. Nuwe navorsingsgeleenthede

Verdere navorsing in hierdie verband oor die spesifieke tema van liturgie en versoening in die NG Kerk is nou meer nodig as ooit. Hiermee dui ek enkele moontlikhede aan soos dit na vore kom vanuit hierdie studie:

1. 'n Etnografiese ondersoek om vas te stel watter beeld die liturgiese versoeningsbarometer in die Suid-Afrikaanse konteks uitbeeld.
2. 'n Soortgelyke studie wat vanuit die staanspoor op die doop as liturgiese handeling fokus ter bevordering van versoening in Suid-Afrika.
3. 'n Soortgelyke studie met die fokus op aanbevelings rakende die rituele en liturgiese praktyk ter bevordering van versoening in Suid-Afrika.

6.5. Leemtes met betrekking tot die navorsing

Die volgende leemtes met betrekking tot die spesifieke navorsing word erken:

1. Die kwalitatiewe empiriese navorsing van hierdie studie was beperk tot semigestruktureerde indiepteonderhoude, en het sodoende 'n ondersteunende rol gespeel in hierdie navorsing.
2. Die etniese verteenwoordiging van die medenavorsers, soos wat dit bespreek is in Hoofstuk 5.

6.6. Slot

Ter afsluiting, die liturgie is veronderstel om 'n storie te vertel wat maak dat die seile gespan word na die Drie-Enige God, met 'n diepe behoefte na 'n "beter vaderland – dit is die hemelse" volgens Hebreërs 11 vers 16. Smith (2016:93) verwoord dit as volg:

“The biblical vision of shalom – of a world where the Lamb is our light, where swords are beaten into ploughshares, where abundance is enjoyed by all, where people from every tribe and tongue and nation sing the same song of praise, where justice rolls down like waters and righteousness like an everlasting stream – is the vision that should be enacted in Christian worship.”

Hierdie visie sal die mens aangryp, nie bloot op grond van die kennis van God nie, maar die wyse waarop dit tasbaar deur middel van geloofsrituele en simbole uitgebeeld word – in die metafore van die Bybelse storie, die gedigte van die Psalms, die ritme van gesange en koortjies, die tasbare elemente van water, brood en wyn, die kunswerke van getinte glasvensters – alles waardeur die mens se verbeelding gestimuleer word, om sodoende die mens te leer wat die ware, diepste begeerte is.

BIBLIOGRAFIE

- Adonis, J.C. 2015. "Bevryding tot eenwording en getuigenis: die geskiedenis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" in *NGTT* 43(3 & 4).
- Addy, T. 2017. (red.). *Seeking conviviality the art & practise of living together, A new core concept for Diaconia*. International Academy for Diaconia and Social Action. Dukelská.
- Alberts, L. & Chikane, F. (reds.). 1991. *The Road to Rustenburg*. Struik Christian Books. Cape Town.
- Anderson, E.B. 2003. *Worship and Christian Identity*. The Liturgical Press. Collegeville. Minnesota.
- Augustinus. 1996. *Teaching Christianity*. Vertaal deur Edmund Hill. New City. New York.
- Aquinas, T. 2015. *Summa Theologia*. Xist Publishing. Irvine, C.A.
- Ayres, L. 2012. "Semi-Structured Interview" in L.M. Given (red.) *The SAGE Encyclopedia of Qualitative Research Methods*. SAGE Publications Inc. Thousand Oakes, viewed on 9 August 2018, <http://dx.doi.org/10.4135/9781412963909>.
- Babin, P. & Iannone, M. 1991. *The New Era in Religious Communication*. Translated by David Smith. Fortress Press. Michigan.
- Bargh, J.A. & Chartrand, T.L. 1999. "The Unbearable Automaticity of Being" in *American Psychologist*. Volume 54, bl. 462-479.
- Barnard, A.C. 1981. *Die erediens*. NGKB, Pretoria.
- Barnard, M. 1998. "Liturgiewetenschap als discipline", in P. Oskamp & N. Schuman (reds.). *De weg van de liturgie, Tradities, achtergronden, praktijk*, Meinema. Zoetermeer, bl. 90-98.
- Barnard, M. 2008. "Bricolageliturgie: Liturgical Studies Revisited" in *Verbum Et Ecclesia* 29(1), bl. 14-31.
- Barnard, M., Cilliers, J., & Wepener, C. 2014. *Worship in the network culture. Liturgical ritual studies. Fields an methords, concepts and metaphors*. Peeters. Leuven.

Barnard, M., Cilliers, J., Wepener, C. & Mbaya, H. 2014. "Embodiment/Performance" in M. Barnard et. al. (reds.) *Worship in a Network Culture: Liturgical Ritual Studies – Fields and Methods, concepts and metaphors*. Peeters. Leuven.

Barnard, M., Cilliers, J., Wepener, C. & Postma, E. 2014. "Play/Function" in M. Barnard et. al. (reds.) *Worship in a Network Culture: Liturgical Ritual Studies – Fields and Methods. Concepts and metaphors*. Peeters. Leuven.

Barnard, M., Cilliers, J., Wepener, C., Sonnenberg, R., & Nasrallah, R. 2014. "Worship and Liturgical Ritual: Sketches" in M. Barnard et al. (reds.) *Worship in a Network Culture: Liturgical Ritual Studies - Fields and Methods, Concepts and Metaphors*. Peeters. Leuven.

Barnard, M., Cilliers, J., Wepener, C., Klomp, M. Sonnenberg, R., Belderbos, S., Van Andel, N., 2014. "Investigating Liturgical Ritual" in M. Barnard et al. (reds.) *Worship in a Network Culture: Liturgical Ritual Studies - Fields and Methods, Concepts and Metaphors*. Peeters. Leuven.

Barnard, M. Klomp, M., Sonnenberg, R., Belderbos, S., Van Andel, N. 2009. "Dots on a blank sheet, Procedures in ritual and liturgical research" in *Jaarboek voor liturgieonderzoek*, 25, bl. 35-46.

Barnard, M., Nell, I., & Mbaya, H. 2014. "Rev Pungula Wellington Dingani – Leadership in the Corinthian Church in Phepheni, Eastern Cape, South Africa" *NGTT* 55(1), bl. 9-28.

Barnard, M. & Post, P.G.J. (eds). 2001. *Ritueel bestek: Antropologische kernwoorden van de liturgie*. Meinema. Zoetermeer.

Barnard, M. & Post, P.G.J. 2010. "Balance and Perspective. Some Critical Observations Regarding the Historiography of the Era of the Liturgical Movement in the Netherlands" in L. van Tongeren et. al. (reds.), *Patterns and Persons, Historiography of Liturgical Studies in the Netherlands in the Twentieth Century*. Peeters. Leuven, bl. 469-485.

Barnard, J. & Wepener, C. 2018. "Liturgie as ontmoetingsruimte waar Christelike identiteit en lewenswyse gevorm word" *Stellenbosch Theological Journal* 4(2), bl. 359-378.

- Beaudoin, T. 2016. "Why does Practice Matter Theologically?" in J.A. Mercer & B.J. Miller-McLemore (reds.), *Conundrums in Practical Theology*. Brill. Leiden.
- Beaudoin, T. & Turpin, K. 2014. "White Practical Theology" in K.A. Cahalan & G.S. Mikowski (reds.). *Opening the Field of Practical Theology: An Introduction*. Rowman & Littlefield. Lanham, Maryland, bl. 251-269.
- Bell, C. 1997. *Ritual Perspectives and Dimensions*. Oxford University Press. Oxford, New York.
- Bell, C. 2009. *Ritual Theory, Ritual Practice*. Oxford University Press. Oxford, New York.
- Boesak, A. & DeYoung, C. 2012. *Radical reconciliation: Beyond political pietism and Christian quietism*. Orbis Books. Maryknoll.
- Böeseken, A.J. 1970. "Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente", in *Suider-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2 (10).
- Boraine, A., Levy, J & Scheffer, R. (eds). 1994. *Dealing with the past. Truth and reconciliation in South Africa*. IDASA. Cape Town.
- Bosch, D.J. 1979. *Heil vir die Wêreld*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Brits, J. 2014. "South Africa after Apartheid, 1994-2004", in F. Pretorius (ed.), *A History of South Africa, from the distant past to the present day*, Protea Book House. Pretoria, p. 493-524.
- Browning, D.S. 1991. *A Fundamental practical theology. Descriptive and strategic proposals*. Fortress Press, Minneapolis, MN.
- Brunsdon, A.R., 2017, "Brothers and sisters, can you hear us? Remarks on facilitating a productive dialogue between the Western and African notions of practical theology in light of the decolonisation discourse", *In die Skriflig* 51(2), a2284. <https://doi.org/10.4102/ids.v51i2.2284>
- Büchner, E.P. & Müller, J.C. 2009. "The story of the Department of Practical Theology", *Verbum et Ecclesia* 30(3), DOI: 10.4102/ve.v30i3.153

Burger, C. 1995. *Gemeentes in transito, Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Lux Verbi. Kaapstad.

Burger, C.W. 2005. *Ontmoetings met die lewende God: Hoe God ons roep, nuut maak en stuur*. Lux Verbi. Kaapstad.

Burger, C.W., Meiring, L, Van Niekerk, A. & Wepener, C.J. (reds.). 2005. *Waar die kerk werk. Verhale van verandering waar gelowiges hulle roeping uitleef*. Lux Verbi. BM. Wellington.

Buzan, T. 2019. *Theory behind mind maps*. viewed on 29 June 2019, <https://www.mindmapping.com/theory-behind-mind-maps.php>.

Capra, F. 1996. *The Web of Life: A New Scientific Understanding of Living Systems*. Anchor Books. New York.

Cavanaugh, W. 1998. *Torture and Eucharist: Theology, Politics and the Body of Christ*. Blackwell. Malden, MA.

Chambers, R. 1997. *Whose Reality Counts? Putting the First Last*. ITDG Publishing. London.

Chapman, A.R. & Van der Merwe, H. 2008. *Truth and Reconciliation in South Africa. Did the TRC deliver?* University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Carney, J.J. 2010. "Roads to reconciliation: An emerging paradigm of African Theology." *Modern Theology* 26(4), bl. 549-569.

Chauvet, L. 1995. *Symbol and Sacrament: A Sacramental Reinterpretation of Christian Existence*. Liturgical. Collegeville, MN.

Child, K. & Mabuza, K. 2016. "Mbeki I stand by my Aids statements". *TimesLive* viewed on 08 July 2019, <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2016-03-08-mbeki-i-stand-by-my-aids-statements/>.

Chupungco, A.J. 2010. *What, Then, Is Liturgy?: Musings and Memoirs*. Liturgical Press. Collegeville, Minnesota.

Cilliers, J. 2007. "Religious and cultural transformations and the challenges for the churches – A South African perspective", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 2, bl. 1–19.

Cilliers, J. 2009. "As it is in heaven? Reflections on liturgical reframing" in *Scriptura*, bl. 511-519.

Cilliers, J. 2015. "Seeing, sighing, signing contours of a vulnerable homiletic", paper presented at the Societas Homiletica, Stellenbosch, Cape Town.

Cilliers, J. & Nell, I.A. 2011. "Within the enclave": Profiling South African social and religious developments since 1994", *Verbum et Ecclesia* 32(1), <http://dx.doi.org/10.4102.ve.v32i1.552>

Cilliers, J. & Wepener, C. 2007. "Ritual and the Generation of Social Capital in Contexts of Poverty: A South African Exploration" in *International Journal of Practical Theology* Volume 1, bl. 39-55.

Clarke, M. & Bassett, C. 2016. "The struggle for transformation in South Africa: unrealised dreams, persistent hopes" in *Journal of Contemporary African Studies*, 34(2), bl. 183-189.

Conradie, E.M. (red.) 2013. *Reconciliation, A guiding vision for South Africa?* SUN PRESS. Stellenbosch.

My sal notas neem tydens die onderhoude, sodat die gesprek later weergegee kan word op 'n volledig en getroue wyse. My sal ook gebruik maak van 'n klankopname tydens die onderhoude.

- **Verwagting van die persoon wat deelneem:** Die verwagting is dat die persoon bloot net sal antwoord op die vrae met opregtheid en dit wat waarlik in hulle harte leef rakende liturgie en versoening in die N.G. Kerk. Geen vergoeding word aangebied vir die deelname aan hierdie studie nie.
- **Die regte van die persoon wat deelneem:** Deelname aan hierdie studie is baie belangrik. Jy mag wel op enige stadium kies om nie langer deel te neem aan hierdie studie nie, jy hoef nie redes aan te voer waarom jy nie langer wil deel neem nie, en daar sal geen negatiewe gevolge wees omdat jy onttrek het aan die studie nie. As deelnemer aan die studie mag jy my enige tyd kontak om enige onduidelikhede uit te klaar. My en die deelnemer moet 'n getekende kopie van hierdie dokument bewaar.
- **Konfidensialiteit:** Deelnemers word gewys op die feit dat hierdie studie kontekstueel van aard is, tog sal die anonimiteit van deelnemers gehandhaaf word deur geen name of vanne te noem nie. My en haar studieleier alleen het toegang tot die onverwerkte data soos dit ingesamel is tydens die empiriese navorsingsproses. Die relevante data sal vernietig word sou u op enige gegewe stadium kies om te onttrek aan die studie.

Hiermee verleen ek, (Naam en Van)
toestemming om deel te neem aan die empiriese navorsing op
(datum).

.....
Handtekening van deelnemer

Addendum B

INFORMED CONSENT

Title of the study:

Liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Liturgies-rituele benadering

Liturgy and reconciliation in the Dutch Reformed Church: A liturgical-ritual approach

Researcher:

Rev. Suzanne van der Merwe, University of Pretoria, Faculty of Theology

Tel. nr.: 073 684 4983

Email: suzannekleynhans@gmail.com

Herewith, am I, Rev. Suzanne van der Merwe, requesting your consent to participate in this academic research based on your personal experience and knowledge in the fields of Liturgy and Reconciliation.

- **Purpose of the study:** The purpose of the study is to examine in which way the liturgy and worship service in the DRC can contribute to the promotion of reconciliation between the people of South Africa.
The results of this academic study will be published in an academic journal. All participants will receive a copy of the findings on request. The names of the participants will be mentioned when the findings are published.
- **Timeframe of the study:** The empirical research will take place in the following two months, and the expected date of completion of the study is August 2019.
- **Research process:** The study is based on Rick Osmer's Practical Theological Interpretation which consists of four tasks; 1. The descriptive-empirical task (What is going on?); 2. The Interpretative Task (Why is it going on?); 3. The Normative Task (What ought to be going on?); 4. The pragmatic task (How might we respond?).
The empirical part of the research will consist of semi-structured in-depth interviews with academics of South Africa, which specializes in different subject fields in Theology. The participants must also be concretely involved in the promotion of reconciliation in South Africa, as well as active participation in a congregation.
The researcher will take notes during the interviews to give a true transcription of the interview as it took place, therefore a sound recording will also be made.

- **Expectations of the participant:** The expectations of the participant are only to be true to him/herself when answering the questions regarding liturgy and reconciliation in the DRC in South Africa. No remuneration will be given to participants of this study.
- **The rights of the participant:** Participation is very important. You may decide to withdraw from participating in this study at any given moment, without giving reasons, and there will be no negative consequences. As participant of the study you are welcome to contact the researcher at any given moment to clarify any misunderstandings. Die researcher, as well as the participant must preserve a signed copy of this document.
- **Confidentiality:** Participants attention are drawn to the fact that this study is contextual in its very nature, although anonymity will be used at all times. The researcher and the supervisor alone have access to the raw empirical data. The relevant data will be destroyed if you choose to withdraw from the study at any given point in time.

Herewith, do I (Name and Surname) give permission to participate in the empirical research on (date).

.....
Signature of participant

Addendum C

Die title van die studie is:

Liturgie en Versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 'n Liturgies-rituele benadering

'n Kort opsomming van die studie is:

Tydens my empiriese navorsing in 2012 vir die vervulling van die vereiste vir die graad Magister Theologia getiteld “Sosiale kohesie en multikulturele eredienste: ‘n Ritueel-liturgiese evaluasie”, het een van die deelnemers ‘n opmerking gemaak wat die navorsingsvraag vir hierdie navorsing was. Die betrokke deelnemer - ‘n Kongolese man - het aangevoer dat versoening nie deur die verandering van wette en regulasies teweeg gebring word nie, maar dat die harte van mense moet verander vir werklike verandering om plaas te vind, veral in terme van versoening in Suid-Afrika. My gebruik hoofsaaklik die alternatiewe filosofiese antropologiese benadering van *Homo Liturgicus* soos verwoord deur James, K.A. Smith (2009) in sy boek getiteld *Desiring the Kingdom, Worship, Worldview and Cultural Formation* om sodoende liturgie en versoening in verband met mekaar te bring.

As ‘n Suid-Afrikaanse burger en ‘n leraar van ‘n Nederduitse Gereformeerde Gemeente (twee persoonlike identiteitsmerkers wat van toepassing is ten opsigte van hierdie studie) is die volgende vrae geformuleer:

1. Wat in die mens bied moontlike weerstand teen versoening om plaas te vind tussen die mense van Suid-Afrika?
2. Hoe vind hartsverandering - tot versoening tussen die mense van Suid-Afrika - binne die Suid-Afrikaanse konteks plaas?
3. Kan die NG Kerk en meer spesifiek die erediens/liturgie ‘n bydrae lewer tot die proses van versoening tussen die mense van Suid-Afrika?
4. Indien wel, op watter wyse kan die erediens/liturgie ‘n bydrae lewer tot die proses van versoening tussen die mense van Suid-Afrika?

Sodoende word die navorsingsvraag geformuleer:

Hoe kan die liturgie soos gevier in die NG Kerk formatief mee werk om versoening in Suid-Afrika in 2020 te bevorder?

Doelstellings van die studie is:

Die doelstellings van die studie berus op die navorsingsvraag:

Doelstelling 1: 'n Kontekstuele beskrywing en toepassing van die teorieë, modelle en metodes wat die teoretiese en metodologiese begronding vorm ten opsigte van Liturgie en versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Liturgies-rituele benadering.

Doelstelling 2: 'n Verkenning van die Suid-Afrikaanse landskap deur die lens van die *South African Reconciliation Barometer* om sodoende vas te stel hoe die landskap van versoening in Suid-Afrika in 26 jaar se tyd verander het, en ook dieselfde gebly het.

Doelstelling 3: 'n Beskrywing van die identiteit en roeping van die NG Kerk aan die hand van James K.A. Smith (2009) se *Homo Liturgicus* ten opsigte van versoening in Suid-Afrika, met die fokus op die viering van die erediens.

Doelstelling 4: 'n Beskrywing en analise van die empiriese navorsing soos verkry deur semigestruktureerde indiepteonderhoude met mede-navorsers in die veld van Liturgie en Versoening.

Doelstelling 5: 'n Strategiese voorstel vir 'n praxisteorie van 'n liturgiese teologie in wording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van versoening in Suid-Afrika in 2019.

Addendum D

Semi-gestruktureerde in-diepte onderhoudskedule:

1. Kom ons gesels oor die breër Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot versoening...

- a. Wat gaan aan in Suid-Afrika, veral met betrekking tot versoening?
- b. Waarom gebeur dit in Suid-Afrika?

“Sub-vrae”:

- *Wat is die grootste struikelblokke (indien enige) in die pad van versoening in Suid-Afrika in 2020?*
- *Is versoening steeds ‘n bruikbare konsep?*

2. Verwoord Prof. se persoonlike teologiese verstaan van versoening....

- a. Wat is Prof. se persoonlike teologie van versoening?
- b. Hoe verstaan Prof. menswees (humanity) in Suid-Afrika in 2020?

3. Vertel van Prof. se persoonlike betrokkenheid by die bevordering van versoening in Suid-Afrika....

- a. Beleef Prof. versoening in u alledaagse lewe? Noem voorbeelde....
- b. Neem Prof. aktief deel aan die versoeningsproses in u eie lewe? Indien wel, op watter maniere? Vertel my daarvan...

4. Kom ons praat oor die erediens in soos gevier in die gemeente waar u lidmaat is...

- a. Verduidelik asb. vir my Prof. se persoonlike verstaan van die erediens/liturgie (liturgiese teologie)
- b. Indien Prof. die erediens volgens u verstaan van die erediens kon inrig, beskryf vir my:

- Wat gebeur in die erediens?
- Waarom gebeur dit in die erediens?
- Wat dink Prof. behoort te gebeur?
- Hoe behoort ons te reageer daarop?

c. Dink Prof. versoening en die erediens het enige iets met mekaar te make?
Gesels met my daarvoor....

d. Is daar momente in die erediens wat Prof. help om versoening te verstaan en ook uit te leef?

e. Is daar momente in die erediens wat versoening inperk of moeilik maak om te verstaan en uit te leef?

4. Enige verdere opmerkings oor versoening en erediens in Suid-Afrika?

Addendum E

The title of the study:

Liturgie en Versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 'n Liturgies-rituele benadering

Liturgy and Reconciliation in the Dutch Reformed Church in South Africa: A Liturgical-ritual approach

A short summary of the study:

During my empirical research in 2012 for the completion of my Magister Theologiae degree with the title *Social cohesion and multicultural worship services: A Ritual-liturgical evaluation* lead to the spark for this current research topic. One of the participants of the empirical study proclaimed that the changes in regulation will not further reconciliation in South Africa, if the hearts of the people of South Africa stay the same. The researcher uses primarily the alternative philosophical anthropological approach *Homo Liturgicus* as per James K.A. Smith (2009) in his book with the title *Desiring the Kingdom, Worship, Worldview and Cultural Formation* to bring liturgy and reconciliation in connection with one another.

Therefore, as a South African citizen and a minister of the DRC (two personal identity markers that are applicable to this specific study) the following research questions were formulated:

1. What in the human person per se offers resistance to true reconciliation to happen between the people of South Africa?
2. How does a change of heart take place, so that true reconciliation between people of South Africa become a reality?
3. Is it possible for the DRC, specifically liturgy and worship services to contribute to the promotion of reconciliation between South African people?
4. If it is possible, in what manner can the liturgy and worship service make a difference to contribute to reconciliation between the people of South Africa.

The primary research question then:

In what way can the liturgy as celebrated in the DRC be formative to promote reconciliation in South Africa in 2020?

Addendum F

Semi-structured in-depth interview schedule:

1. Let's talk about the bigger South African context regarding reconciliation ...

- a. What is going on in South African, regarding reconciliation?
- b. Why is this going on in South Africa?

"Sub questions":

- a. What are the biggest obstacles (if any) in the road to reconciliation in South Africa in 2020?
- b. Can the concept reconciliation still be used?

2. Articulate Prof.'s personal theological understanding of reconciliation....

- a. What is Prof.'s personal theology of reconciliation?
- b. What is Prof.'s understanding of humanity in South Africa?

3. Please tell me about Prof.'s participation towards the promotion of reconciliation in South Africa....

- a. Do Prof. experience reconciliation in your everyday life? Please give examples....
- b. Are Prof. actively involved in the reconciliation process in your personal life?
 - a. In what ways? Please tell me about it....

4. Let's talk about the worship service as is celebrated in the congregation where Prof. is a congregant.....

- a. Please explain Prof.'s personal understanding of the liturgy or worship service (liturgical theology)?
- b. If Prof. can plan a worship service:

- a. What will happen in the worship service?
 - b. Why is it happening in the worship service?
 - c. What ought to be happening?
 - d. How should we respond to what is happening in the worship service?
- c. Is there any connection between reconciliation and the worship service?
Please explain Prof.'s thoughts...
- d. Are there moments in the liturgy that helps to understand reconciliation as well as to live reconciliation?
 - e. Are there moments in the liturgy that makes it difficult to understand and live reconciliation?
5. Any further comments on reconciliation and worship services in South Africa?

Addendum G

Goeienaand Prof. X,

My naam is Suzanne van der Merwe, ek is tans leraar by NG Gemeente Kroonstad-Noord.

Ek het vir die laaste 6 jaar aan my PhD navorsing gewerk, onder leiding van Prof. Cas Wepener, en ek is nou in die pylvak ter afhandeling van die betrokke studie.

Die title van die studie is:

Liturgie en Versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 'n Liturgies-rituele benadering

'n Kort opsomming van die studie is:

Tydens my empiriese navorsing in 2012 vir die vervulling van die vereiste vir die graad Magister Theologia getiteld "Sosiale kohesie en multikulturele eredienste: 'n Ritueel-liturgiese evaluasie", het een van die deelnemers 'n opmerking gemaak wat die navorsingsvraag vir hierdie navorsing was. Die betrokke deelnemer - 'n Kongolese man - het aangevoer dat versoening nie deur die verandering van wette en regulasies teweeg gebring word nie, maar dat die harte van mense moet verander vir werklike verandering om plaas te vind, veral in terme van versoening in Suid-Afrika.

As 'n Suid-Afrikaanse burger en 'n leraar van 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente (twee persoonlike identiteitsmerkers wat van toepassing is ten opsigte van hierdie studie) is die volgende vrae geformuleer:

1. Wat in die mens bied moontlike weerstand teen versoening om plaas te vind tussen die mense van Suid-Afrika?
2. Hoe vind hartsverandering - tot versoening tussen die mense van Suid-Afrika - binne die Suid-Afrikaanse konteks plaas?
3. Kan die NG Kerk en meer spesifiek die eredienste/liturgie 'n bydra lewer tot die proses van versoening tussen die mense van Suid-Afrika?

4. Indien wel, op watter wyse kan die erediens/liturgie 'n bydrae lewer tot die proses van versoening tussen die mense van Suid-Afrika?

Ek wil graag hoor of Prof. bereid sal wees om aan hierdie navorsing deel te neem as 'n respondent waarmee ek 'n semigestruktureerde indiepteonderhoud mee voer oor die betrokke tema?

Dankie vir Prof. se tyd en aandag, ek wag om spoedig van u te hoor.

Vriendelike groete

Ds. Suzanne van der Merwe

Addendum H

Good evening Prof. X,

I am Suzanne van der Merwe, currently a minister of the DRC Kroonstad-Noord.

I have been working on the completion of my PhD under supervision of Prof. Cas Wepener for the last 6 years.

The title of the research is:

Liturgie en Versoening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 'n Liturgies-rituele benadering

Liturgy and Reconciliation in the Dutch Reformed Church in South Africa: A Liturgical-ritual approach

A short summary of the research:

During my empirical research in 2012 for the completion of my Magister Theologiae degree with the title *Social cohesion and multicultural worship services: A Ritual-liturgical evaluation* lead to the spark for this current research topic. One of the participants of the empirical study proclaimed that the changes in regulation will not further reconciliation in South Africa, if the hearts of the people of South Africa stay the same.

Therefore, as a South African citizen and a minister of the DRC (two personal identity markers that are applicable to this specific study) the following research questions were formulated:

1. What in the human person per se offers resistance to true reconciliation to happen between the people of South Africa?
2. How does a change of heart take place, so that true reconciliation between people of South Africa become a reality?

3. Is it possible for the DRC, specifically liturgy and worship services to contribute to the promotion of reconciliation between South African people?

4. If it is possible, in what manner can the liturgy and worship service make a difference to contribute to reconciliation between the people of South Africa.

I would like to hear if Prof. would be prepared to participate in this study, and if it will be possible to organize a meeting for a semi-structured in-depth interview to take place for me to complete my thesis?

I appreciate your time reading this email and hope to hear from you as soon as possible.

Kind regards

Rev. Suzanne van der Merwe

Addendum I



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Theology and Religion

Research Office Theology

Mrs Daleen Kotzé

Faculty of Theology

20/06/2018

Dear Prof Wepener

FACULTY OF THEOLOGY'S RESEARCH DATABASE:

Thank you for the submission of this proposal for review.

NAME: vd Merwe S

STUDENT NUMBER: 4360842

COURSE: PhD

YEAR OF REGISTRATION FOR THE DEGREE: 2013

Kindly take cognisance of the feedback and discuss the comments with your student.

The Research committee approved the application.

The Research Ethics committee noted the research please see comments from evaluators.

Your co-operation in this regard is appreciated.



On behalf of

Prof D Human

Chairperson: Research committee: Faculty of Theology

Addendum J

1. Semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser A op 8 April 2019 aan huis van Medenavorser A

Hier volg 'n skriftelike weergawe van die mondelingse semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser A, soos dit op 8 April 2019 plaasgevind het:

Ek het myself aan Medenavorser A voorgestel, alhoewel ek 'n oud-student van hom was en hom met opregtheid bedank vir sy deelname aan die studie en dat ons sy huis kon gebruik vir die ontmoeting. Hy het my vriendelik in sy huis ontvang en verwelkom, en genooi om saam met hom 'n koppie koffie te geniet. Medenavorser A het my kortliks uitgevra hoe my pad geloop het na my studentejare, tot waar ek vandag is. Ek het vinnig vir hom vertel.

Medenavorser A het spontaan uitgevra na my studies en waarmee ek besig is, en sodoende het ek vir hom 'n kort opsomming van die studie geskets, met die navorsingsvraag, asook die doelstellings van die studie. Ek het saam met hom deur die vorm gelees waar hy toestemming verleen om aan die studie deel te neem. Ek het benadruk, dat ek die onderhoud op band gaan opneem, en ook dat die studie anoniem is. Medenavorser A het die vorm geteken en daarna het die onderhoud begin.

SvdM: Kom ons gesels oor die breë Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot versoening. Wat dink Prof. gaan vandag aan in SA met betrekking tot versoening?

A: Ek dink dat met 1994 toe die groot verandering in SA gekom het, was ons almal verskriklik opgewonde, almal het gedink ons is daar. Tutu het gepraat oor die reënboogland en die reënboogmense en Mandela het sy ongelooflike mooi uitsprake gemaak en sy arms uitgereik na wit en na swart en na almal, en die kerke het betrokke geraak en almal het gedink, jee, ons maak dit. Ook nog in die tyd van die WVK met die verhale wat na vore gekom het en hoe mense beleef het, hoe mense genesing gekry het deur hulle verhale te vertel. Die WVK het werklik 'n rol gespeel om dinge te ontfont. Mense het gedink, die dinge vorder. Vandag na 20 jaar sit ons almal met ons hande in ons hare en dink dinge het nie geloop soos ons gedink het dit sou loop nie. Miskien was ons so bietjie naïef, versoening het nie so maklik gekom nie, ons het gedink versoening is 'n gebeurtenis in plaas daarvan dat versoening eintlik 'n proses is. Jy kan nooit regtig sê nou is ons versoen nie. Ons sou dit baie graag wou doen, maar ek dink ons moes leer dat versoening 'n lang proses is en ons is nog ver op pad na versoening. Daar is wonderlike goed wat gebeur, die koerante en die televisie en al die goed waaroor mense praat, laat jou dink dat alles in die land skeef geloop het, alles onversoend is. Dis nie waar nie. As jy met gewone mense gesels, dan sal jy die mooi stories hoor van mense – as jy kyk wat in gemeentes gebeur, dorpe gebeur, dan kom jy agter, dinge is wonderlik, daar gebeur wonderlike goed. Ons moet meer dikwels die wolke laat oopgaan, dan sien jy 'n stukkie sonskyn, dan dink jy dis wonderlik. Maar dat ons land op die oomblik nie op 'n goeie plek is nie – na al die goed wat gebeur in die land, die verskriklike armoede en werkloosheid, die ongelooflike diskrepansie tussen die vreeslike ryk mense en die arm mense – dis een faktor. Die onbehaaglikheid wat mense het rondom staatskaping,

dienlewering wat platgeval het, die leiers van die land wat mense in die steek gelaat het – daar is geen politieke leier in die land waaroor iemand juis entoesiasies is nie, want almal voel al die leiers het voete van klei. So ek dink ons is regtig op 'n punt, waar ons ernstig, ernstig, versoening nog nodig het, ons is nie daar nie. Jy ken mos die IJR in die Kaap, as mens hulle goed lees dan sien jy daar is nog so baie goed wat moet regkom. So op die oomblik leef ons nie op 'n goeie plek nie, dis nie waar ons wou gewees het nie. Die rede daarvoor is miskien dat ons bietjie naïef was en dat ons onderskat het hoe moeilike proses dit is en dat versoening regtig nie 'n "event" is nie, maar 'n "journey" en dat ons nog op daai lang pad moet loop. Ek dink ons is ook in die moeilikheid omdat die rolspelers wat 'n groot rol sou kon speel om die land en ons almal op hierdie pad te kon begelei, nie regtig alles gedoen het wat hulle moes nie, dit geld natuurlik vir die politieke leiers, kultuurleiers, maar dit geld veral ook van die groepe wat mens sou verwag om op grond van hulle eie roeping en identiteit betrokke sou raak. Ek praat spesifiek van die kerke, godsdienstige organisasies – ek dink die kerke sou baie meer kon doen om ons almal te begelei op die pad van versoening.

SvdM: Hoekom dink Prof. gebeur dit in Suid-Afrika, as Prof. sê dat ons dalk nie op 'n goeie plek is nie? Hoekom is ons waar ons is?

A: Ja, ek dink Suid-Afrika is 'n mikro-kosmos van die wêreld, alles wat in die wêreld gebeur, kry jy op 'n mikro-vlak ook in Suid-Afrika. Die politieke onsekerheid, en die verskriklike armoede en die ontwrigting, die teleurstelling met leiers, die sien jy in Suid-Afrika. Maar as jy nou vra hoekom gebeur dit in ons land, gaan ek myself herhaal, die mense wat kon leiding gee, het nie genoeg leiding gegee nie. Ek dink as mens die hand in eie boesem steek, ons as blankes het ook nie ons rol gespeel. Daar in 1994 het Afrikaanssprekende NG Kerk-mense, lidmate het teruggetrek uit die samelewing, baie het geëmigreer, hulle het nie kans gesien vir wat in die land gebeur nie, ander het om professionele redes gegaan, mens kan dit verstaan want hier was nie meer geleentheid. Maar die punt is, 'n groot groep van ons mense het geëmigreer, om weg te kom van die situasie. 'n Baie groot groep wat nie kon bekostig om fisies te emigreer nie, het na binne geëmigreer en basies onttrek uit die samelewing. Dis 'n bietjie teen ons tradisie in, ons is almal goeie Calviniste, ons glo dat die koninkryk van die Here ook hier tot stand kom en van 'n goeie Christen word verwag om in die samelewing sy rol te speel, dit was altyd so. Die goeie Christene in ons land het hulle rolle raakgesien, in die politiek gewees, op skoolkomitees gedien, oral hulle ding gedoen in die ekonomie en daar nogal 'n stempel afgedruk, Dit is asof Afrikaners en NGK-mense bietjie hulle selfvertroue verloor het, teruggetrek het, en regtig na binne toe geëmigreer het – dis deel van die ding. En natuurlik is dit so dat, die politieke omstandighede het dit nie makliker gemaak nie en iets soos swart ekonomiese bemagtiging, natuurlik nodig, dit moes gekom het, ek bedoel blankes het 'n verskriklike voorsprong gehad op die res van die land, maar êrens, êrens moes die ding daarem gestop het en vir die jonger geslag blankes – ons dra darem swaar aan die sondes van ons voorgeslagte. Baie blanke jongmense is gebore lank na apartheid, maar hulle kan nog nie beurse kry nie, kan nog nie werk kry nie, omdat ons wit is en dit is sleg. My eie kinders, sou so graag in die land wou bly, maar daar was nie vir hulle werk nie, omdat hulle wit is. Beide wit en swart mense sit met ewe groot frustrasies en dis goed wat mens sal moet hanteer, dis deel van die ding. En daarby, rassisme is darem maar 'n draak wat jy sy nek nie maar net gou omgedraai kry nie, ons het

baie keer gedink dat ons rassisme wen, en dan sien jy, nee, jy wen hom nie. Verhoudings 20 jaar terug was makliker, vandag moet jy net om die braaivleisvure staan, of daar moet net 'n ding gebeur of iets in die koerant verskyn of die EFF moet met die volgende woeste uitspraak kom of die BLF-ouens moet hulle dinge doen. Dan kry jy maar die reaksie van blankes wat jy kan verstaan, maar is ook skrikwekkend. En 'n mens moet nie te heilig wees nie, in 'n mens se eie hart skrik jy bietjie vir jousef. Ek het gedink ek is al by hierdie punt verby, dan is jy nie by daardie punt verby nie die goed leef nog by ons almal.

SvdM: Prof. het iets gepraat van die rolspelers het nie gedoen wat hulle veronderstel was om te doen nie of het nie so 'n bydrae gelewer as wat hulle moes nie. Prof. het geloofsgemeenskappe en politieke leiers genoem, aan watter ander rolspelers sal Prof. nog kan dink?

A: Ek sal vir jou 'n paar artikels aanstuur van die verwagting na die WVK van geloofsgemeenskappe, selfs die Joodse en Hindoe gemeenskappe is verwagtinge aan gestel, want daardie gemeenskappe het ook 'n bydrae om te lewer. Desmond Tutu het onbeskaamd altyd gesê die Moslems en die Jode en die Hindoes het elkeen 'n unieke bydrae wat hulle asseblief ook moet bring om vir ons te help verstaan waaroor dit gaan. Die ander rolspelers is leiers in die land, op ekonomiese gebied, op kultuur gebied, op politieke gebied, kerke, maar dit is nie net die groot leiers nie, dit is die plaaslike leiers. Soek die stories van Elliot en Worcester, dis plaaslike leierskap met plaaslike inisiatiewe, so hulle het 'n rol gespeel. En dan dink ek, uiteindelik vra dit gewone lidmate, mans en vrouens, moeders en jongmense, uiteindelik is dit hulle wat die groot bydrae gaan lewer, maar dan moet hulle bemagtig word, geïnspireer word, om hulle rol te vervul. Ek het met my jare by die WVK geleer hoe ongelooflik belangrik is gespreksvoering, om te leer om te praat, oor goeters. Versoening aan die begin is praat, praat, praat en luister, luister, luister, om te praat met 'n oop mond, sonder om skaam te wees, maar luister met oop ore na wat mense sê deur mekaar se stories te hoor, begin iets te ontwikkel, maar dit kom nie vanself nie. Jy moet jou lidmate inspireer en jou lidmate leer en bemagtig en geleenthede reël waar mense kan bymekaar kom. Rolspelers is op die boonste vlak, op die middel vlak en veral op die grondvlak, doodgewone gelowiges wat by die werk, by die skool, maar dan moet die persone bietjie geleer word.

SvdM: Wat dink Prof. is vandag die grootste struikelblokke (indien enige) op die pad van versoening vandag?

A: 1. Ons weet nie presies waarvan ons praat wanneer ons van versoening praat nie. Ons werk met verskillende definisies, en ek dink die eerste voorvereiste vir versoening, is dat mens vir 'n slag gaan sit en sê wat is die ding wat ek soek, sou sukses wees. By die WVK het jy verskillende groepe gekry en die groepe het tot op die einde nooit ooreengestem wat versoening is nie, want jy het daar gekry aan die eenkant die politieke leiers wat sinies was oor alles, hulle het gesê moenie te veel drome droom oor versoening. As die stof gaan lê in die strate, en die polisievoertuie is uit en mense kan weer op die straat verskyn – dis versoening, wees maar net bly dit het gebeur. Dis 'n negatiewe begrip – as al die slegte goed net opgehou het! Tutu en almal wat met die Bybel onder die arm geloop het, het gesê versoening is nie 'n negatiewe begrip nie, dis positief. Versoening is wanneer al die wonderlike goed gebeur, as Psalm 85 waar word, waar geregtigheid en vrede mekaar kus en omhels, dit is versoening.

Ons vorder nie, omdat ons oor verskillende goed praat met betrekking tot versoening. Ons definisie van versoening verskil. Hier kan die kerke 'n groot rol speel om met ons teologiese agtergrond met wat Jesus ons geleer het van die koninkryk van die Here versoening so te definieer – amper met Psalm 85 en 2 Korintiërs 5.

2. Daar kan nie versoening wees as die waarheid nie op die tafel kom nie. Die waarheid maak verskriklik seer. Die waarheid kan jou op die pad van versoening bietjie terugplaas. Die waarheid is nie altyd 'n lekker waarheid om te hoor nie, maar as jy nie op die punt kom waar ons mekaar regtig in die oë kyk en die waarheid op die tafel sit nie dan kom jy nêrens nie. In 1994, toe alles in die land verander, toe het mense vir mekaar gesê kom ons los mekaar, kom ons maak die boeke toe, kom ons gaan aan. Tutu en ander het gesê, nee nee, dit werk nie so nie, natuurlik kom jy op die dag waar jy die boeke moet toe maak, en ons almal hunker daarna, maar 'n mens kan eers die boeke toemaak, wanneer die boeke oop was om die waarheid uit te haal. As die waarheid nie op die tafel is nie, gaan jy nêrens kom nie. Noem 'n bedieningsvoorbeeld. Mens kan nie net al die pyn onder die tafel insee nie, dit gaan uitkom, en partykeer op die slegste tyd. Jy moet die waarheid konfronteer en daardeur werk – ons as Christene sê dikwels wat die Bybel van ons verwag is om te vergewe en te vergeet, maar daar is nie 'n teks in die Bybel wat dit sê nie. Hoe kan jy vergeet, al die verskriklike goed wat gebeur het? Hoe kan jy vergeet as jou man doodgeskiet is? Hoe kan jy vergeet as jy verkrag is? Jy kan nie vergeet nie, wat jy wel kan en moet doen is om deur die herinneringe te werk – the healing of memories soos Michael Lapsley sou sê. God kan vergeet, dis wat die Psalms vir ons leer, die Here dink nie meer aan ons sonde nie, die Here vergeet, ons kan nie regtig vergeet, jy kan ook nie verwag dat swartmense moet vergeet wat in Apartheid gebeur het nie, maar wat kan gebeur is dat ons deur al die goed werk en die herinneringe in perspektief geplaas word, dat jy die waarheid in die oë gekyk het. Ons vertrou mekaar nog nie regtig nie, en daarom sit ons nog nie rondom 'n tafel en maak ons harte oop nie. Ek het geleer dat die Here ons toegerus het met twee ore en een mond en ons moet bietjie leer om dit so te gebruik. Ons moet mekaar se waarheid hoor, en die waarheid maak regtig seer. In die tyd van die WVK het mense kwaad geword, dit gesien as 'n heksejag, maar dit was verskriklik belangrik dat die nuuskanaal, die dag se hoogtepunte vertel, so ook koerante en radiostasies. Dit is nie net die slagoffers wat nodig het om te praat om so genesing te verkry nie, maar die gemeenskap en die land moet dit ook hoor – die land moes ervaar dat die waarheid vry maak – en dis pynlik om die waarheid te hoor.

3. Sonder geregtigheid is daar nie sprake van versoening nie, daar is mense wat baie opgewonde was oor versoening in die land, maar dit het beteken dat hulle die geregtigheid bietjie eenkant toe kon skuif. Almal wil versoening hê, maar so goedkoop moontlik. Dit werk nie! Daar is baie swartmense in ons land wat gevoel het versoening is maar net 'n lekker manier vir die blankes om hulle verantwoordelikheid te ontsnap. Dis baie makliker as jy in die magssposisie staan en vir iemand wat jy onderdruk sê kom ons praat oor versoening, jy moet eers afklim. Versoening kan nie gebeur sonder geregtigheid nie. In die verlede was daar baie vertrouwe in die regstelsel in Suid-Afrika, vandag met die Zondo-kommissie en staatskaping is die vraag of mens nog die regstelsel kan vertrou om reg en geregtigheid te laat geskied? Versoening vra van ons in die NGK om te kyk na dit wat in die VGKSA gebeur, veral met betrekking tot salarisse. As kerkeenheid sou plaasvind sou dit 'n prys vra van die NGK – en ons sal vir onself moet

afvra of ons bereid is om ter wille van versoening geregtigheid te laat geskied. Op hoë vlak, maar ook op plaaslike vlak. As ons nie ons deel doen ter wille van geregtigheid, as ons nie die verskriklike strukture van ongeregtigheid en armoede, van werkloosheid en al die die goed pak en iets daaraan doen nie, dan is daar nie 'n goeie kans vir versoening nie.

4. As daar nie metodes is om vir mense te begelei en aan te moedig en te bemagtig op die pad van versoening, dan val alles deurmekaar. Wat ons hinder in hierdie land is dat kerke nie genoeg doen om die lidmate te bemagtig, vir hulle te inspireer en vir hulle te wys wat hulle rol is en hulle ook te vat op hierdie pad van versoening nie.

SvdM: Dink Prof. die term versoening is nog bruikbaar?

A: Dit is 'n baie goeie vraag. Baie mense sê nee, selfs in die tyd van die WVK het mense gekom en gesê julle gebruik versoening amper as 'n nuwe ideologie, julle gebruik dit as 'n nuwe manier van "oppression", julle dwing almal van ons tot versoening terwyl ons nog nie reg is daarvoor nie. Alex Boraine wat die ondervoorsitter was van die WVK was baie lief om die Latyns-Amerikaanse skrywer se woorde te gebruik. Praat met ons oor versoening ja, maar moet nie laat versoening weer iets word waardeur julle op ons koppe kom sit nie. Baie skrywers probeer ander woorde kry vir die term versoening, hulle praat van vergifnis, of omhelsing, ek gebruik tog steeds die begrip, die begrip is ook in die Bybel te vind – mens sal net mooi moet skryf wat is versoening. As jou definisie reg is, dan kan mens nog die begrip gebruik. Tutu en baie ander het weer gesê kom ons praat weer van Ubuntu, want dit sê ook dieselfde.

SvdM: Ek wil nou 'n bietjie vir Prof. vra oor Prof. se teologiese verstaan van versoening, ons het nou baie gepraat oor die konteks waarbinne versoening in Suid-Afrika moet plaasvind, maar wat is Prof. se teologiese verstaan van versoening?

A: Ons as christene kan nie anders as om te begin praat oor versoening aan die hand van wat Jesus Christus vir ons kom doen het nie. As jy 'n teologie van versoening wil bou dan dink ek begin jy by 2 Korintiërs 5, wat sê God het in Christus die wêreld met homself versoen, met alles wat dit behels, in Jesus Christus is ons nuwe skepsels, die ou dinge het verby gegaan. God het die blokkasies weggeneem, die sonde is weggeneem en dan het Hy ons aangestel as sy agente van versoening. My teologiese verstaan van versoening begin regtig by wat by en deur die kruisgebeure gebeur het. Versoening kan alleenlik plaasvind in en deur Jesus Christus, as Hy dit moontlik maak – ons as Christene moet bietjie beskeie wees, Moslems en Hindoes en Jode het ook 'n goeie begrip van versoening en kan vir ons regtig baie leer. In die NG Kerk in die laaste jare, word daar baie gepraat oor die herontdekking van die Missio Dei – wanneer ons praat van God, dan begin ons skielik weer praat van God as Drie-Eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees, wat absoluut in liefde en in versoening vasgebind word – dit is hoe die Drie-Eenheid opereer. Die Vader, Seun en Heilige Gees wat in liefde besig is met mekaar en die kosmos, stuur dan vir ons uit, julle mag deel word van die proses. As jy vir iemand wou sê hoe lyk versoening dan sou ek sê gaan kyk na Psalm 85, as jy nou 'n mooi definisie soek van versoening, lees Psalm 85, veral die laaste verse. Soek ook die bergpredikasie op, kyk na hoe Jesus sê die koninkryk lyk, ook met die eise wat dit stel, want versoening vra eise. Dit is wat ons

vir ons lidmate moet leer, versoening is nie 'n goedkoop proses nie. Vir God om die wêreld met Homself te versoen, moes Hy sy eie Seun opoffer – Christus moes sterf – dit is 'n verskriklike prys. As ons in daardie tradisie wil loop, op Jesus se voetspore, om agente van versoening te wees, dan moet ons weet dit vra 'n prys. As jy 'n brug wil wees tussen mense, gaan jy moet weet dat daar oor jou geloop gaan word, want 'n brug word oor geloop. En dan laastens vat Fransiskus van Assisi se gebed en rafel dit 'n bietjie uit, dan sien jy wat versoening regtig beteken.

SvdM: Toe Prof. oor 2 Korintiërs 5 gepraat het, het Prof. gesê dat versoening vir ons 'n nuwe bestaansmoontlikheid moontlik maak. Hoe lyk die nuwe lewe? Wat is die nuwe lewe?

A: Die nuwe lewe sou beteken dat jy regtig nuutgemaak word in al die fasette en verhoudings waarin jy leef. Jou verhouding met God word nuutgemaak, en dit maak alles moontlik. Jou verhouding met jouself word nuutgemaak – meeste van ons het maar wandelende burger oorloë met onself, ons het 'n stuk versoening in ons self ook nodig. En dan word versoening moontlik gemaak met ons medemens, daar word mure afgebreek. Versoening het ook met die skepping en die natuur te make, ons is besig om die ongelooflike gawe, die skepping wat die Here vir ons gegee het absoluut op te mors. 'n Mens leef tog uiteindelik in vier verhoudings, en die nuwe lewe is wanneer daardie vier verhoudings herstel word.

SvdM: Hoe verstaan Prof. menswees (humanity) in Suid-Afrika in hierdie tyd waarin ons leef?

Belhar, praat van versoening en geregtigheid in Ou Testamentiese profetiese taal. Menswees beteken sekerlik in die eerste plek, om te ontdek wie Jesus Christus was toe Hy hier op aarde mens was. Menswees beteken hoe dit is om as 'n mens hier te leef, hoe om as 'n mens na ander uit te reik, en hoe jy tussen ander mense leef en hulle erken vir wie hulle is, om ander mense te geniet. Menswees beteken ook dat jy die wye verskeidenheid van menslike lewe aanvaar, met verskillende kulture, geskiedenis, tradisies – en dit kan verskriklike kloue tussen ons bring, maar dit hoef nie. 'n Bekende Prof. van Berlyn, Golwietser, het so mooi oor die kerk geskryf, en dit geld ook vir jou vraag oor menswees. Hy het gesê as jy praat oor die kerk, dan is daar altyd twee beelde – die twee klede waarvan die Bybel gepraat het:

1. Die kleed van Christus – is sonder naat, van bo tot onder in een stuk, dis hoe die kerk is, die liggaam van Jesus Christus, een groot stuk wat aanmekaar geweef is. Dit is wonderlik, dit is ook ons belydenis, die eenheid van die kerk en die belewenis daarvan dat die kerk een is.

2. Josef se kleed – dan is daar ook die vrolike “techni-color dream coat” van Josef, met al die kleure, dis nie deel van ons belydenis nie, dis deel van ons plesier, dit lê op 'n ander vlak. Daar is baie kulture, baie ervarings, baie talente, baie smake in die kerk en dit alles maak deel uit van die kleed van die kerk.

Maar die een wat ons bely, wat belangrik is, is die kleed van Christus, sonder naat.

Ek dink dit geld van menswees, die basis van alles is, ons kom uit een stam, soos Paulus geskryf het, God het ons almal saam gemaak – dis ons eenheid. Maar deel van die plesier van ons menswees, is dat ons met al ons ervarings, en geskiedenis, kulture en tale. Skrikwekkend ook kan lei tot oorloë of ons kan dit aanvaar soos die beeld van 'n diamant met baie verskillende fasette.

SvdM: Nou wil ek Prof. vra van Prof. se persoonlike betrokkenheid by versoening in Suid-Afrika. Beleef Prof. versoening in Prof. se alledaagse lewe, en kan Prof. asseblief vir my voorbeelde daarvan noem...

A: Wat die versoeningsprosesse betref, ek het klaar gemaak by XXX en toe is ek XXX toe na die XXX, daar het ek 'n paar interessante goed belewe. 'n Prof. daar, Prof. Verkuyl en hy het hom nogal daarop ingestel om hierdie jong Afrikaner bloot te stel aan ervarings. Eendag het hy my geroep om agter te bly, toe sê hy vir my hier is 'n jong dominee uit Suid-Afrika wat vir 'n rukkie in Amsterdam is, en vreemd is, wil jy hom nie bietjie rondwys en die stad aan hom bekend maak nie. En toe is dit Sam Buti, 'n swart dominee. Ek het altyd geweet van 'n ds. Buti, want my pa was predikant op XXX en daar was 'n ds. Buti, wat predikant was in die swart woongebied, XXX, en hulle het bietjie kontak gehad, maar ek het nooit geweet hy het 'n seun gehad wat ook teologie studeer het nie. En hier ontwikkel toe 'n vriendskap wat deur die jare bly bestaan het, en Sam het nogal vir my 'n bietjie in die swart samelewing ingeneem. Ons almal het gedink ons ken die swartmense, ons woon tussen hulle, maar ek het agter gekom ons ken hulle nie, ons ken swartmense as huishulpe wat in ons huise werk. Maar om in die swart samelewing in te beweeg en regtig in die skoene te klim van ons kollegas in die swart samelewing – die moes ek maar leer. Toe ek vroeg in die bediening kom was dit nogals vir my 'n wonderlike ding, destyds, het oom Bey Naude vir ons klompie jongmense geïnspireer, David Bosch, en 'n klomp ander mense wat geleentheid gereël het waar ons probeer het om uit te reik. Daar was 'n stadium waar hulle etes – koinonia-etes – waar mense gesê het, David Bosch en Nico Smit, hulle het gesê om mense regtig om 'n tafel sit en geleentheid kry om jou hart oop te maak. Ek was ook in die gelukkige posisie dat ek nogal geleentheid gekry het om mense te kon ontmoet aan die anderkant, toe die nood toestand kom in Suid-Afrika, toe die spanning kom, toe was dit wonderlik dat swart outjies ons genooi het om saam met hulle, hulle saak te probeer stel by die polisie. Ek was so paar jaar in die bediening, toe kry ek 'n beroep na XXX in die swart kerk, en dit was vir my 'n wonderlike ervaring, en daar die swart studente te ontmoet en saam met hulle te gaan kamp, in hulle kamers te kom, hulle goedjies te beleef, toe kom ek terug hier na XXX en toe is ek hier by XXX gemeente, en later by XXX en toe XXX toe. Ons, as studente van die NGK het soms ook bietjie swaar gekry, ons is maar bietjie gelooi as dit lyk of mens betrokke is by versoening. Daar was 'n groot ringsaak teen my gemaak, oor iets wat ek in die koerant geskryf het, dat Apartheid verkeerd is. Die een persoon van buite wat regtig sy hand oor ons gehou het was Tutu, Desmond Tutu, hy het vir ons bemoedig, op allerhande interessante maniere het hy ons bygestaan. Toe die XXX kom, het hy nogals daarop gestaan dat hulle vir my daarby betrek, want hulle het toe iemand gesoek uit die Afrikaanse kerklike kring en iemand uit die Afrikanervolk. Die WVK was destyds so saamgestel dat daar ten minste een verteenwoordiger uit elke segment van die samelewing verteenwoordig word, sodat almal hulleself ten minste kan herken in een persoon – en so is ek toe die NG kerk outjie. My jare by die XXX was vir my ongelooflike jare, XXX was so goed vir my dat hulle my pos gehou het by die fakulteit, maar gaan werk eers by die WVK. So het ek die land deurreis saam met die WVK en dit het vir my baie beteken. As jy nou vra vir een konkrete interessante gebeurtenis van versoening – Michael Lapsley, is die groot “wounded healer” wat in die land en in die buite wêreld bekend is en baie goeie werk doen, omdat hy mense leer hoe om hulle herinneringe werklik te genees. Hy het self 'n slegte herinnering, die ding wat met hom gebeur het, die bom wat ontplof het, hy was vir 'n jaar lank in die hospitaal, almal het gedink hy sal nie leef nie, sy oë, sy ore, verskriklike wonde aan

sy lyf, sy arms wat weg is.... Ek het geweet dat hy altyd met die ding loop dat dit nog reg gemaak moet word, hy het 'n ding gehad teen Vlok – Minister Vlok was die Minister van Polisie wat die laaste ding beplan het. Dan probeer ek planne maak om hulle twee bymekaar uit te kry, want ek weet Lapsley het geweldige behoefte daaraan dat Vlok vir hom moet sê ekskuus, dit was ek en dat hy bietjie genesing kon kry. Elke keer het ons hier by die werkgemeenskap vir Sendingwetenskap by XXX 'n kongres gehou en ek moes een van die klein konferensies binne die konferensie reël. Daar nooi ek toe altwee uit, vir Vlok en Lapsley, om deel te neem aan 'n gesprek in die hoop dat daar iets sal ontwikkel, maar daar het nie. Vlok het net heelyd kop onderstebo gesit, en blaai deur sy papiere en weier om verantwoordelikheid te aanvaar en Lapsley raak al hoe vieser en daar flop die hele ding. 'n Paar jaar later is Lapsley se storie in Afrikaans vertaal, ek sit op Lapsley se direksie, *The Institute of Healing of Memories*, en toe sy boek nou in Afrikaans vertaal is en bekendgestel moet word, toe het ek vir hom gesê kom ons doen dit by die Fakulteit Teologie en reël 'n funksie daar. Hy is in sy skik en ek vra toe vir Lapsley, sal jy omgee as ek vir Vlok nooi. Maar intussen het Vlok regtig 'n soort van bekeringservaring gehad. Vlok het die laaste jare oraloor probeer om verskoning te vra, reg te maak wat hy verkeerd gemaak het. Jy weet seker van die koerantberigte waar hy by Frank Chikane opgedaag het by die Uniegeboue, Vlok het net daarop gestaan hy moet hom nou sien. Hy het hom toe gesien, hy sê toe vir Chikane dat hy verantwoordelik is dat hy, Chikane amper dood is en vir die aanslag op sy lewe en hy vra hom ernstig om verskoning, Chikane is toe ewe gereed en sê ja dit is goed. Vlok sê maar ek wil jou voete was, en die sekretaresse gaan haal water, hy sê toe vir Frank sal jy omgee om jou skoene uit te trek, sodat ek jou voete kan was. Chikane was verbaas, maar hy trek tog sy skoene uit en die vorige Minister van polisie was toe sy voete, hy vra omvergifnis en toe het Chikane gesê, ons het vanmiddag kabinetsvergadering, mag ek vir hulle vertel? Toe het Adriaan Vlok gesê dit was nie my bedoeling gewees dat dit aan die groot klok gehang moet word nie. Dit is toe in die koerante uitgeblaker, dit was 'n groot ding, party mense het gedink Vlok was verskriklik wonderlik gewees, en ander het gesê hy is somer stupid dat hy 'n swart outjie se voete was. Ek vra toe vir Vlok sal jy kom na Michael Lapsley se boek se bekendstelling en hy sê ja. Ek nooi hom toe na my huis voor die geleentheid, sodat Vlok vir Lapsley kan ontmoet, Vlok dui aan dat hy die man in die oë moet kyk en vergifnis vra, ek vra toe vir hom sal jy sy voete was, Vlok sê ons sal maar kyk hoe die dinge loop. Lapsley slaap die aand voor die byeenkoms by ons oor, nou wag ons Vlok moet 10:00 kom, maar net so 'n minuut na 10:00 bel hy om te sê dat hy verdwaal het en dat hy met sy voertuig gesukkel het, maar ek is nou daar by julle. Vlok kom toe en Linda (my vrou) het vir hulle lekker koffie gemaak en beskuit vir hulle reggesit in die sitkamer, ek het toe by hulle gaan sit en ek wil vir julle voorlees uit 2 Korintiërs 5 – 'n stuk wat julle altwee so goed ken, ek het toe vir hulle gebid en toe los ek hulle, die deur toe gemaak en nou sit ek en Linda en Lapsley se man wat altyd saam met hom reis hier, ons wil nou nie afluister nie, ons hoor hoe praat hulle, partykeer hard en ernstig en dan weer saggies. Maar na 'n uur kom die twee uit met groot glimlagte, toe het Lapsley en Vlok mekaar omhels. Vlok het verantwoordelikheid aanvaar en hy het 'n Bybel saam gebring, 'n Afrikaanse Bybel, en Vlok gee toe vir Lapsley die Bybel. En oral waar Lapsley kom haal hy sy Afrikaanse Bybel uit en sê die Minister van polisie wat my wou doodmaak, het dit vir my gegee. So ek het die geleentheid gehad dat ek partykeer kon bywees wanneer hierdie tipe goed gebeur – dit is 'n ongelooflike ervaring om te kan sien hoe vyande regtig, broers en susters kan word.

SvdM: Die laaste vraag wat ek vir Prof. wil vra gaan dan nou spesifiek oor die erediens. Prof. kan gesels oor die gemeente waar Prof. tans 'n lidmaat is. Watter gemeente is dit?

A: XXX

SvdM: Wat is Prof. se persoonlike verstaan van die erediens/liturgie?

A: My persoonlike verstaan van die erediens is Lukas 24, die Emmausgangers. In Duitsland was daar 'n Praktiese Teoloog A.D. Müller wat 'n dik boek geskryf het en die laaste hoofstuk handel oor die liturgie en daar het hy 'n ding gesê wat my al die jare inspireer het, wat ek nog al die tyd onthou. Hy het gesê as jy wil weet wat 'n erediens is, dan moet jy teruggaan na die heel eerste erediens in die geskiedenis van die kerk en dit is Jesus oppad met die Emmausgangers. Jesus het beloof dat waar twee of meer in my Naam bymekaar is, maar 'n klein erediensie, net twee manne op die pad, maar Jesus is daar saam met hulle. Dis die aand van die opstanding, die eerste Sondag waar Jesus die manne langs die pad ontmoet. My verstaan van die erediens, is om net hierdie storie oor te vertel. Die manne het langs die pad gestap en van Jesus gepraat, dis wat in die erediens gebeur, mense kom om mekaar van Jesus te herinner, daar praat ons oor alles wat met Hom gebeur het, hulle verstaan dit nie alles nie, ons kom kerk toe om oor Jesus te praat, oor God te praat. Ons doen dit natuurlik in die preek en die Skriflesing, in die liedere, op hoeveel maniere in die erediens herinner ons mekaar aan Jesus. Maar terwyl die twee so stap, ontmoet hulle Jesus, die misterie daar rondom, hoe werk dit dat hulle praat oor Jesus, maar hulle herken hom nie, hulle oë is weerhou, hulle stap 'n lang pad saam met Hom en Hy begin vir hulle die Skrifte uitleë. Jy kom kerk toe en jy ontmoet die Here in die kerk en dit bly 'n misterie, jy kan nie later vertel hoe dit gebeur het nie, maar jy ontmoet Jesus. Uiteindelik kom hulle by die dorpie aan en hulle gaan sit rondom die tafel en hulle hou die gemeenskapsmaal met hom. Die erediens is nie net 'n ontmoeting nie, dit is gemeenskap met die Here en met mekaar, ons sit rondom die tafel, in die erediens is dit waar ons in die diepste sin gemeenskap het. Toe alles gebeur het, toe verdwyn Jesus van die tafel en hulle sê vir mekaar was ons harte nie brandend toe ons hom ontmoet het op pad nie, en so vlieg hulle by die deur uit, terug Jerusalem toe om die ander te gaan vertel, ons het die Here Jesus ontmoet. Ons moet by die deure van die erediens uitkom, die erediens moet voortgesit word in die wêreld daar buite, dit wat jy in die erediens beleef het, moet jy uitdra daar buite en as daar nie genoeg in die erediens was wat jou met 'n brandende hart uitstuur na buite toe nie, dan kan jy seker sê dit was nie 'n goeie erediens nie.

SvdM: Hoe sal Prof. die erediens inrig – wat sal gebeur in die erediens?

A: Goed, laat ek jou nou eers vertel van XXX, dis 'n wonderlike gemeente, een van die grootste gemeentes in Pretoria, wat nogal hard probeer om 'n versoenende inklusiewe gemeente te wees, byvoorbeeldlik voor die besluite rondom gay-mense geneem is, het die gemeente gesê weet maar net julle is verskriklik welkom. Toe die gay-besluit geval het, het die gemeentelidmers en predikante vir die gemeente verduidelik, dit is waar ons is. Die gemeente het so ver gegaan dat ons vir die gay gemeente in XXX gevra of hulle nie maar wil deel word van ons nie, kan ons nie ons eiers in dieselfde mandjie sit nie? En toe het hulle gesê, baie dankie, maar dis tog vir ons lekker dat ons ons eie gemeente het. Wat wel gebeur het is, dat die gay-gemeente se predikant 'n spreekkamer by XXX het. Met die

groot feesgeleentheid, Kersfees, Pase, Pinkster en met die basaar en kermisse, dan is ons een gemeente. So wat die gay-kwessie aan betref het ons hard probeer om te sê ons omhels mekaar, maar die teorie en die praktyk werk bietjie anders. Nou presies dieselfde ding het gebeur met ons uitreik na Mamelodi en Eersterust, ons het op 'n stadium gesê kom ons begin 'n multi-kulturele bediening, ons volg die patroon van Arcadia. Maar toe het ons agtergekom dit werk nie heeltemal so nie, Mamelodi wil hulle goedjies bietjie bymekaar hou en Eersterust wil hulle goed bymekaar hou – ons het toe daarin geslaag om 'n nuwe gemeente te stig in Silverton, wat 'n swart, wit en bruin gemeente is, maar dis maar 'n klein gemeentetjie en die mense wat daarheen gaan maak baie opofferinge om daar te wees. Ek is partykeer jaloers op die engelse kerke, wat die eredienste net in Engels is. Afrikaans is maar 'n probleem – wanneer jy 'n interkulturele diens hou, dan sal ons ons dienste in Engels moet hou, want vir so baie mense wat ons vanuit die VGKSA in ons kerk sou wou hê is Afrikaans nie regtig die taal waarin hulle hulle geloof sou wou uitleef nie. Skuilkrans probeer hard om 'n inklusiewe gemeente te wees, maar daar is sekere goed wat 'n probleem skep, en een daarvan is die taalkwessie. Die vraag is, is ons taal vir ons so belangrik? Kan ons nie maar die taal prysgee vir die evangelie nie? Aan die anderkant is daar die saak wat sê, ek wil Jesus so graag in my eie taal aanbid, ek wil so graag sing in Afrikaans – en daarvoor is daar ook 'n goeie saak voor uit te maak. Ons probeer regtig, die jongmense probeer saam dinge doen – hulle hou sokkerwedstryde in Mamelodi en Eersterust. Die jongmense skakel in elk geval makliker in as wat die ouer mense dikwels doen. Ons is nie waar Arcadia gemeente is nie, en ek is dikwels jaloers op die Katolieke Kerk. Die Anglikane en die Metodiste, is in teorie veelrassige kerke, maar as jy by die eredienste kom is dit dikwels maar nog of blanke gemeentes of swart gemeentes. Die Katolieke kry dit meer reg as ons, maar dit is vanweë die ander tradisie waar taal en kultuur nie so belangrik is nie, maar die kerk belangrik is.

Die inrig van die erediens wat grootliks fokus op versoening, dan dink ek van die begin af, van die begin van die gesellige oomblikke in die kerk, die “holy chaos” in die kerk, wanneer die predikant die mens uitnooi om na mekaar toe te draai en mekaar te groet, dit word eintlik al lekkerder, aan die begin was dit bietjie vreemd. Met die afkondigings, met die ontmoeting is dit al klaar belangrik. Ek dink die hele aanbidding, as jy die erediens sien as 'n ontmoeting, 'n gesprek, met mekaar en met die Here, dan kan jy vreeslik baie dinge inbou in die erediens wat uiteindelik uitloop sekerlik op die hoogtepunt wat die nagmaal is, dan wens mens dat jy vir Calvyn (wou elke Sondag nagmaal vier, maar die kerkraad wou dit nie goedkeur nie) kon volg om elke Sondag nagmaal te vier, weer 'n keer is die Katolieke ons voor, dat die maaltyd van eenheid in elke erediens gevier word, by ons is dit te min. Wanneer jy op die einde by die liefdegawe kom, met hierdie gesindheid, by die belydenis, jy kan bietjie gaan droom, maar jy kan by elke puntjie van die liturgie as jy dit deur die bril van versoening kyk. Dan is daar nie 'n punt in die liturgie wat nie aangebied word in diens van die versoening nie. Die vrede, die prediking, die uitspraak van die seën, om die gemeente te versterk en uit te stuur...

SvdM: Dink Prof. versoening en die erediens het enige iets met mekaar uit te waai?

A: Alles! Dit het alles met mekaar uit te waai.

SvdM: In watter opsigte?

A: As jy kom by wat ek nou-nou gesê het oor versoening wat op verskillende vlakke plaasvind, versoening het te make met my verhouding met myself, met my buurman... dit alles spoel mos deur die erediens, as jy die vierde element van die ekologie ook daar wil by bring. Maar ongelukkig is dit ook nie altyd so nie. Daar is jare gelede 'n man met die naam D.T. Niles, 'n Engelse biskop van die Church of South India wat 'n wonderlike boek geskryf het oor die Indiërs, en hy was op besoek in Suid-Afrika en toe vertel hy die verhaal... Hy was destyds in Sri Lanka, 'n predikant, daar gebeur die ongelooflike ding by hom dat 'n jong student wat 'n Boedhis is na hom toe kom, hy het al baie gehoor van die Christene, en hy het geen begeerte om 'n Christen te word nie, hy weet tog wat dit beteken as hy 'n Christen word, sal sy familie hom uitgooi. Hy kon dit later nie meer hou nie, hy het 'n hele nag by die predikant in sy studeerkamer deur gebring, alles weer oor gehoor, die predikant vertel toe die son opkom die oggend, toe gaan die son in hierdie jongmens se lewe op, hy het die Here Jesus aanvaar as sy Saligmaker, as sy Verlosser, en dis wonderlik en hy sê hy sal daardie blydschap nooit vergeet nie. Die jongmens vra, kan ek volgende Sondag kerk toe kom? Hy sê ja, natuurlik, ek sal vir die gemeente sê ek is nou een van hulle, ja natuurlik, kom. Kan ek nagmaal gebruik, ja, ja, jy kan alles doen, kom. En die volgende Sondag het hy toe gekom en hom aan die gemeente voorgestel, en die gemeente verstaan die implikasies van wat dit beteken om as 'n jong Boedhis 'n Christen te word. Almal omhels hom en na die tyd sê hulle, welkom, as jou ouers jou nie meer wil hê nie, ons sal jou familie wees. Ander het gesê as jy bietjie honger is, kom by my stalletjie in die straat verby, en as jy lus is vir gesels kom sit hier – en hy is so in sy skik. En dit het toe gebeur dat hy sy familie verloor het. So 6 maande later kom klop iemand aan die deur van die dominee, met verskriklike nuus dat hierdie jongman selfmoord gepleeg het. Toe skryf hy dit, niks wat hy ervaar het in die eerste 14 dae het waar geword nie. Toe hy later vir 'n 2de of 3de keer by die huis kom, het hy gevoel asof hy lastig is, daar is nie nou tyd vir hom nie, hy het ook in die straat gehoor hoe vroue wat mekaar gister by die kerk omhels het, nou skinder stories van mekaar vertel op die markplein en hy kon nie die kloutjie by die oor bring nie. As dit is wat gebeur, dan weet hy nie.... Die teendeel natuurlik, wanneer die erediens iet is waaraan ons kan vashou, wat ons bemoedig, waar ons God se teenwoordigheid beleef, mekaar beleef, dan word die erediens regtig 'n ongelooflike gebeurtenis.

SvdM: Is daar enige momente in die erediens wat Prof. help om versoening te verstaan en ook uit te leef?

A: Ek sou sê wanneer dit by sommige geleenthede ons gesamentlike eredienste kan hou, wanneer die swart en bruin, en Afrikaans en Engelse mense sing saam en hulle sing dit in Afrikaans en Engels en Tswana en Zulu, dan beleef jy regtig iets wonderliks – om saam te sing tot eer van die Here. Die CLF is besig om die laaste goedjies bymekaar te kry om 'n gesamentlike sangbundel te publiseer in die verskillende tale van die land, wat in eredienste gebruik kan word. Natuurlik wanneer ons saam bid in die erediens, dis ongelooflik, en wanneer ons ons geloof bely, en as ons sover in die NGK kon kom om die VGKSA se liturgie partykeer te volg – en ons, ons geloof aan die hand van Belhar bely, dan word die belydenis 'n stuk versoening. En natuurlik as ons preek, wanneer ons die Woord duidelik maak vir mense, die hart van ons prediking is tog 2 Korintiërs 5 wat getuig van die versoening. En wanneer ons uiteindelik kom by die dankoffer, dan sal mense regtig weet waaroor dit gaan, dan sal die samelewing

beseef hoeveel onreg en pyn daar in die samelewing is, dan sal hulle vir 'n slag hulle beursies moet leeg maak ter wille van ander mense wat swaarkry, en daarin lê 'n hengse stuk versoening. En uiteindelik wanneer, jy, daar as dominee in Kroonstad, die seën uitspreek oor die gemeente en vir hulle sê – maar nou gaan julle op julle pad, en nou gaan julle as getuies van die versoening uit, die Here stap saam met julle en Hy sal julle seën en julle beskerm, en julle gebede verhoor, dan is die uitspraak van die seën 'n groot stuk versoening.

SvdM: Is daar enige momente in die erediens wat die teendeel bewerk, of wat versoening inperk, moeilik maak?

A: Ek dink jy kan omtrent by elkeen van die punte sê dit kan ook anderste gebeur, né? Ek dink as die erediens 'n introvert is en dit gaan net om homself gaan, dan is dit sleg. Prof. Muller in Stellenbosch het sy proefskrif destyds geskryf, nee, hy het navorsing gedoen oor waarom gaan preke in die NGK – ek weet nie presies wat sy steekproef was nie, ek dink radiopreke, en 'n vreeslike interessante analise gemaak, wat gewys het dat meeste preke is verskriklik introvert, gaan heelyd oor geloofsversekering, hoe ek kan seker wees van my eie heil, baie min preke het te make gehad met die nood van die wêreld, en uitreik na ander, en die onreg van die samelewing. Ons prediking is verskriklik egosentries, introspektief, baie met jouself te make. En 'n erediens wat mense nie anders uitstuur as wat hulle ingekom het nie, dit was nie 'n goeie erediens nie – ek vrees dit gebeur baie. Dis wanneer dominees met mekaar praat, baie keer wanneer ek huistoe ry, dan vra ek myself af, wat het gebeur in die diens vanoggend, gaan die mense bietjie anders huistoe as wat hulle gekom het? Dan voel 'n ou maar bietjie skuldig. As die gemeente beleef dat hulle dominee iemand is wat hulle na die venster toe help, as die dominee iemand is wat versoening definieer en versoening kan aanmoedig en hulle kan help om uit te leef, maar veral self beleef. Aanhaling van AG Visser...

Ek en jy ken albei dominees, wat dit regtig nogal moeilik maak om die liefde van die Here Jesus raak te sien en raak te hoor, en dan kry jy weer dominees wat nie die mees teologies geskoolde of verskriklike beroemde dominees is nie, maar 'n dominee wat voor sy gemeente staan op 'n Sondag en sommer net in sy persoon, in die liefde wat uit sy oë straal leer hy vir hulle die lewe soos Fransickus van ons gevra het. Nog 'n laaste mooi storie wat jy moet gaan uithaal, is die storie van die erediens op die slagveld – Vader Kestell, die wonderlike dominee van die Vrystaat wat omgee het vir mense, wese en weduwees. Hy was 'n jongman toe die boere-oorlog uitbreek, en hy het aangesluit by die leer, hy was president Steyn se vertroueling. Sy pas was 'n Skot en sy ma 'n Afrikaanse vrou, en nou is hy saam met die boere op kommando, by een van die eerste veldslae, het hy nie 'n geweer nie, hy is 'n veldpredikant, hy het net sy Bybel by hom en so 'n medisynetassie en terwyl die skote klap versorg hy die gewondes, die sterwendes om vir hulle gemoedsrus te gee. Die Khaki's en die Boere het op 'n stadium so naby aan mekaar gekom, dat hy deur die gras kruip, toe lê daar 'n gewonde Engelse soldaat, hy is nog by sy positiewe, toe hy skielik sien hier kom die bebaarde boer op hom afgekruip in die gras, toe dink hy by homself, dis nou die einde, maar met sy grootste verstomming het die jong Kestell, nie vir hom dood gemaak nie. Hy het sy baadjie vir hom in 'n kussing gerol, en agter die gewonde soldaat se nek gesit en toe vir hom sy medisynesakkie oopgemaak en vir hom 'n tot whiskey geskink en vir hom die whiskey laat drink. Die soldaat se oë rek net so groot en hy sê toe in Engels "Are you perhaps

a pastor?” en Kestell sê “Yes” en toe sê die soldaat vir hom “this is the most beautiful sermon that you have ever preached.” En so sterf die soldaat. Dis nou ‘n klein erediens op die slagveld.

Navorser (SvdM) vra: Enige verdere opmerkings oor versoening en eredienste in Suid-Afrika?

A aan die woord: ‘n Groot hoofstuk in jou proefskrif is waarskynlik Belhar en die erediens né?

SvdM: Ja, ek raak aan Belhar en die gebruik daarvan, definitief.

A: Jy kan nie net raak daaraan nie, dit moet amper ‘n hele hoofstuk wees, want as jy nou mooi dink hoe hulle (VGKSA) Belhar vat wat gaan oor versoening en geregtigheid en eenheid, maar eenheid en hoe hulle (VGKSA) dit liturgies verwerk het om Sondae te gebruik as deel van hulle (VGKSA) liturgie.

SvdM: Dis eintlik hartseer dat Belhar ook nou die laaste jaar of wat veral in die NG Kerk nou weer ‘n slegte smaak gelos het.

A: Dis die ironie van Belhar wat die oudste en enigste teologiese dokument wat uit Afrika gekom het, sedert die tyd van Augustinus af, wat wonderlik is, maar nou vir allerhande politieke redes dit nie wil hanteer nie. En bygesê, in ‘n oomblik van groot eerlikheid sal van die ouens in die VGKSA sê maar ons het Belhar ook ‘n bietjie misbruik, Belhar is die dokument van eenheid en versoening, maar ons het dit gebruik as ‘n stok om die NGK mee te slaan, as julle dit nie doen nie, as julle Belhar nie so aanvaar dan praat ons nie verder nie.

SvdM: Versoening is ‘n baie komplekse saak, omdat daar soveel hoeke, kante, opinies, veldgebiede wat daarmee werk. Die term is ook ‘n gelaaide term, en ondersoek word ingestel na die skuiwe wat plaasgevind het in die laaste jare met betrekking tot die verstaan van die term versoening in Suid-Afrika.

1. Semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser B op 16 April 2019 oor Skype

Hier volg 'n skriftelike weergawe van die mondelingse semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser B, soos dit op 16 April 2019 plaasgevind het:

Ek het myself aan Medenavorser B voorgestel en hom met opregtheid bedank vir sy deelname aan die studie. Ek het vinnig weer vir Medenavorser B gewys op die feit dat hierdie 'n anonieme studie is. En ook weer toestemming gevra om 'n klankopname van die onderhoud te maak. Daarna het ek vir Medenavorser B kortliks beskryf waarmee ek besig is in hierdie navorsing. Medenavorser B het die vorm vooraf geteken en daarna het die onderhoud begin.

SvdM: Kom ons gesels oor die breë Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot versoening... Wat dink Prof. gaan aan in SA met betrekking tot versoening vandag? Hoe sien Prof. versoening? Wat is versoening?

B: Versoening is 'n baie belangrike konsep in die Suid-Afrikaanse onmiddellike geskiedenis, veral na 1994 en natuurlik met die WVK, versoening was deel van die gesprekke destyds. Maar die gesprek oor versoening nasionaal en natuurlik ook interpersoonlik, gaan dieper terug. Ek sou byvoorbeeld kon verwys in die 80'ger jare, na dit wat bekend gestaan het in Engels as die *National Initiative for Reconciliation* waar mense soos Michael Cassidy van die *African Enterprise* gebaseer in Pietermaritzburg en David Bosch, die groot missioloog, leiersfigure was. Nou, in die konteks van die 80'ger jare was hulle inisiatief met hierdie *National Initiative for Reconciliation* en veral met die publikasies van iemand byvoorbeeldsoos Michael Cassidy, wat 'n evangelical was, hy het homself ook as 'n evangelical geïdentifiseer. In daardie konteks was dit ook met agterdog bejeën, omdat die klem op versoening gesien was as 'n manier waarop die eis van geregtigheid op 'n manier, jy kan maar sê om dit te relativeer. Of om 'n alteBatief te wees vir die uitroep vanaf natuurlik nou die meer bevrydingsbeweging vir geregtigheid, die Engels, justice. So die 80'ger jare was die jare van, as mens nou kerklik en teologies praat die jare van die Belhar belydenis, die Kairos dokument, daar was ook die Relevant Pentecostal Witness, wat nou meer van jou pentekostalistiese groepe gekom het, en dan was daar ook die ConceBed Evangelicals wat ook 'n verklaring na vore gebring het. En binne daardie konteks, ek praat nou die middel 80's, so by 1985-1989, selfs 1990, was die klem en die oproep van versoening gesien as 'n alteBatief tot die soeke vir geregtigheid. So daar was baie agterdog teen die klem op versoening, as mens byvoorbeelddie Kairos dokument lees, dan sien jy die groot strome in Suid-Afrika, nou praat ons van 1985-1986 – die een stroom is staatsteologie, met ander woorde die klem op wet en orde en kerke wat nou meer in daardie hoek sit, en dan was daar 'n tweede stroom van kerklike teologie, church theology, wat meer klem lê op versoening en dan is daar 'n derde groep wat hulle geïdentifiseer het as die sogenaamde profetiese teologie en daar val die klem weer baie sterker op geregtigheid, in ander woorde daar moet sosiaal-en politieke verandering wees. So dis bietjie van die 80's. Die punt wat ek wil maak is dat in die 1990's toe die oproep nou kom vir versoening is dit nie 'n nuwe ding nie. En dan daarvandaan na die die WVK het die gekom waar ons op 'n manier 'n proses gekry het, om te sê hoe hanteer ons, ons verlede, nie op 'n manier waar daar vergelding moet wees nie, maar op 'n manier waarop daar genesing moet kom. En dit is nou die fase van die laat 90's, 1996's

die WVK fase, en daaBa, en ook waar ons vandag is het daar baie sterker klem weer gekom op, nou goed, ons het nou gewerk met amnestie, ons het nou gewerk met story telling, met die narratiewe benadering, klem op genesing, herstel van verhoudinge, maar nou moet ons ook kyk na wat die implikasies daarvan is in terme van regstelling. 'n Woord wat ook nou baie gebruik is, is reperasies, so reperasies was gesien as deel van die proses van versoening. Nou my eie toewyding en verbintenis tot versoening kom maar van my verstaan, ons verstaan van die gereformeerde tradisie, en veral soos verwoord in die Belhar belydenis. Soos in die artikels gesê word, ons glo dat aan die kerk die bediening van versoening toevertrou is, dit kom basies daarop neer in 2 Korintiërs 5 waar Paulus sê ons is ambassadeurs van spesifiek die versoeningsbediening. En omdat God aan die kerk die bediening van versoening toevertrou het, word die kerk dan ook geroep om hierdie versoening uit te leef. Maar saam daarmee kan 'n mens sê dat versoening eintlik een dimensie is van 'n groter bediening, 'n ander dimensie is eenheid, en die derde dimensie waarvan Belhar ook praat, is die dimensie van geregtigheid. Ons kan nie die drie losmaak van mekaar nie, maar afhange van die situasie en ook die analise en ontleding van die konteks, sou mens sê kom ons begin by versoening, of in 'n ander kontekst sou mens sê ons begin eers net te bou aan eenheid of gegewe 'n ander konteks waar daar 'n krisis is met **ongeregtigheid** sou ek sê kom ons begin daar. So die goed hou verband met mekaar. Dit is min of meer my verstaan daarvan en waar die spesifieke konsep versoening vandaan kom. Ek dink daar is vandag steeds 'n behoefte aan versoening, ek dink daar is steeds 'n behoefte dat die kerk die bediening van versoening beliggaam, oor hoe dit op die ou end moet gebeur dit is natuurlik 'n ander vraag.

SvdM: Dit is waar die probleem waarskynlik lê is dat almal 'n begrip het van versoening, maar die hoe daarvan...

B: Ja, dit is die uitdaging en dit is natuurlik vandag nogsteeds, verskillende mense wat verskillend na versoening kyk, antwoord daardie vraag op verskillende maniere. En soms dan dink ons dat verskillende antwoorde wat gebied word dat dit mekaar uitsluit, soms dink ons dat wanneer ek sê versoening beteken die reg stel van verhoudinge, inter-persoonlike verhoudinge as 'n eerste stap om uiteindelik uit te kring na sosiale verandering of sosiale transformasie en die ander persoon sê nee, vir my my beteken versoening regmaak, regstelling, met ander woorde kom ons gebruik die Bybelse verhaal van Saggeus, waar die verandering en die verbintenis tot versoening in daardie konteks beteken het die regmaak. Here, as ek iemand met soveel besteel het, dan gaan ek dit 10x of 'n 100x terugbetaal. 'n Derde persoon sou byvoorbeeld kon sê nee, versoening beteken om nuwe politieke strukture te skep. Baie kere dan dink ons dat hierdie drie antwoorde mekaar uitsluit, maar my mening is dat hierdie drie antwoorde, en so kan mens baie ander byvoeg, is eerder drie verskillende invalshoeke gegewe die spesifieke konteks van die persoon wat praat. 'n Persoon se spesifieke agtergrond **speel 'n belangrike rol in die perspektief en dit** is miskien 'n ander perspektief, 'n nodige perspektief in die konteks waar ons vandag is.

SvdM: Omdat mense se wêreldbeskouing in Suid-Afrika is dikwels so ver verwyderd van mekaar dat wanneer mens oor versoening praat en mense antwoorde daarvoor gee dat dit uitsluitend is, deur te sê dat my manier van verstaan is die regte manier en die enigste manier.

B: Ja, en as ek die ding nou net bietjie verder kan vat, as ek die gesprek ook nou net vanuit 'n ander hoek kan benader, die verskillende wêreldbeskouinge waaBa jy verwys, elkeen van daardie verskillende wêreldbeskouinge word tot 'n groot mate ook gevorm deur ons eie geskiedenis ja, maar ook deur ons sosio-ekonomiese omstandighede né, as een persoon in 'n situasie is van kom ons noem dit nou maar uiterste rykdom dan is daardie persoon se wêreldbeeld heeltemal anders en anders gevorm as 'n persoon wat in 'n landelike gebied bly, en daardie persoon is werkloos, sy is 17 jaar oud en het al 'n baba, 2 babas. Dis 'n wêreldbeeld wat deur jou spesifieke sosio-ekonomiese omstandighede gevorm word en **jou perspektief bepaal**. Die dieper vraag is waar kom daardie ongelyke sosio-ekonomiese omstandighede vandaan? Dis nou bietjie meer van 'n strukturele, soos ek sê 'n polities-ekonomiese vraag. Maar die ekonome sê vir ons dat sekere beleidskeuses vergroot die gaping en daardie kloof tussen die ultra-rykes en die ultra-armes, en dan weer ander beleidskeuses, ander keuses wat mens maak in terme van jou polities-ekonomiese beleid veBou weer daardie kloof. Maar die wat die ekonomiese mag het het natuurlik ook die vermoë om te bepaal hoe beleid uiteindelik soort van toegepas word en verander word, so dit kompliseer op die ou einde die vlak wanneer sommige bevoordeel word deur die verskeurdheid of die gaping en daardie persone wat daardeur bevoordeel word het die mag om daardie omstandighede in stand te hou of dit te verander. Met ander woorde dit is nie bloot, in 'n ideale wêreld sou ons gesê het kom ons vat hande, ons is tog almal mens, maar in die tyd waarin ons leef sê ekonome vir ons daar is soveel ekonomiese belange dat sekere groepe bevoordeel word deur die ongelykheid, of word bevoordeel deur die verdeeldheid of die verskeurdheid. En daarom is versoening eintlik om die Engelse woord te gebruik, om “counter-cultural” te gaan, om te gaan teen dit, ons het mos nou al baie keer gehoor, wat daar gepraat word van ekonomiese ortodoksie, dit gaan teen die gryn in van die bevoordeling van sekere groepe bo ander groepe. Daarom is die oproep tot versoening dan in sommige situasies selfs, ek het nou die woord gebruik “counter-cultural”, en dit kan in 'n sekere sin subversief wees. So, ek dink dit is baie belangrik dat mens daardie perspektief ook net binne die fokus hou. Almal, almal het nie belange in 'n versoende gemeenskap nie, almal is nie ten gunste, of het belange by 'n gemeenskap waar ons bymekaar aansluit en waar ons vir mekaar sorg, sodat daar groter gelykheid en eenheid is nie. Daarom is die goeie nuus, die evangelie, vir die wat soek na 'n groter mate van versoening, eenheid en gemeenskap – koinonia – daardie goeie nuus is slegte nuus vir die wat belange het in ongelykheid en in verdeeldheid en in verskeurdheid. En ek dink dit is belangrik dat ons dit net in fokus hou.

SvdM: Prof. het vertel van die fases van versoening in die 1980's, 1990's en waar ons nou vandag is, dink Prof. die fases was geslaagd gewees? Het die verskillende fases bereik wat hulle hulleself ten doel gestel het? Hou sou Prof. voel oor die fases en die vordering wat plaasgevind het?

B: Die 80's en die klem op versoening het geskied binne 'n bepaalde konteks, en 'n bepaalde ontleding van die situasie binne die konteks van die 80's. Die skuif vanaf die 80's na die 90's dan sou ek sê as mens kyk na die konflik, die diepte en die tipe konflik, sou mens byna kon praat van 'n lae intensiteit oorlog wat ons in die 80's gehad het. In die 80's was die jare van die bosoerlog, dis die jare van diensplig, dis die jare waarin daar in swart en bruin gemeenskappe en townships, waar die weermag in strate gery het, en die anderkant van die saak is, dit is die jare van die gewapende stryd, die “armed

struggle”, deur organisasies soos byvoorbeeld die ANC, die PAC op daardie stadium. So die land se toekoms was absoluut op ‘n mespunt gebalanseer, agter die dokumente wat ek vroeër genoem het, soos die Belhar belydenis, die Kairos dokument die National Initiative for Reconciliation, ‘n oproep tot versoening. Al daardie dokumente, die Evangelical Witness, was ‘n ander dokument, Relevant Pentecostal Witness, agter daardie dokumente was ‘n land wat aan die brand was en ‘n lae intensiteit oorlog en daarom moet ons dit wat in die 90’s gebeur het, die ontbanning van die bevrydingsbewegings, Nelson Mandela en die leiers, en die uiteindelijke onderhandelinge, die klem op **versoening** teen daardie agtergrond van hoe dit gelyk het in die 80’s, so daar sou ek sê dat dit ‘n genade van die Here was dat ons nie in die 90’s, uitbarstings gekry het nie. Wat op die ou einde in ons land gebeur het was ‘n vreedsame oorgang na ‘n nuwe demokrasie. Die klem in die 90’s moet gesien word ook teen daardie agtergrond, met ander woorde dit was ‘n doelbewuste poging om ‘n oorlogsituasie te ontfont. Ek het vroeër verwys na die bosoerlog, ek het verwys na die diensplig, na die gewapende stryd, ek het verwys na dit wat in die “townships” gebeur het, die weermag aan die eenkant, en wat genoem is die “comrades” aan die anderkant. Daar in die 90’s is die keuse gemaak vir versoening en dit het geslaag, dit was ‘n stuk genade van die Here. Om te gaan na die WVK-kommissie-fase met ander woorde, die laat 90’s tot waar ons vandag is, die laaste tien jaar is daar ‘n al hoe groterwordende verskynsel van die Engelse woord “service delivery protests” diensleweringprotesaksies, waar ons al hoe meer sien dat daar van sommige politieke partye bietjie meer ‘n mate van radikalisering plaasvind, waar daar weereens spanning is omdat ons nou in ‘n ander fase is. Ons is in ‘n fase waar ons nou kyk en vrae vra oor of ons beleid oor 25 jaar, vanaf 1994, op politieke, of ekonomiese of dit is in terme van versoening of in terme van jeugontwikkeling, of werkskepping is, het dit sy doel geslaag? En dit is vir my duidelik dat as ons koud en klinies daaBa kyk, dan lyk dit vir my asof ons ekonomiese beleid nie in sy doel geslaag het nie. ‘n Kleiner wordende groepie is bevoordeel, maar die groter massa is nie altyd bevoordeel nie. En daarom as ons vandag praat van versoening, lyk dit vir my moet ons vra hoe hanteer ons vandag se uitdagings? Ek het vandag nog nie eers verwys na die hele krisis, die hele krisis rondom geweld, misdaad en hoedat dit ook na my oordeel en my analise die gevolg is van ‘n generasie wat nie daardie proses van heling deurloop het nie, maar ‘n generasie wat gewond is, ‘n generasie waar ons nogsteeds loop met **oop wonde**, ‘n wêreld wat geweld sien as die oplossing. Ons sal daardie goed vandag moet aanspreek wanneer ons praat van versoening.

SvdM: Dit sluit eintlik aan by wat Prof. gesê dat versoening lyk asof dit vandag gebou word op reparasie, en die vraag is het dit gebeur? Het reparasie plaasgevind? En as mens dan kyk na die protesoptogte, dan moet mens dalk antwoord deur te sê dit het dalk nog nie...

B: Ja, dit is juis die ding, met die lees van verskillende ekonome se werk, omdat ek nie ‘n ekonoom is nie, lyk dit of hulle eens is dat ‘n klein groepie mense wat naby die is wat politieke mag het, bevoordeel is en word, terwyl ‘n groot massa mense agtergelaat is. Daarvoor kan baie redes gegee word. My oordeel is dat ons weer sal moet kyk na ons ekonomiese beleid en ons moet die vraag dan vra: hoe bring ons meer mense in die sirkel van mense wat ekonomies welaf is en wat voordeel trek uit die ekonomiese hulpbronne en ons land se ekonomie? So ek is van mening wat die afgelope 25 jaar gebeur het, sedert die eerste verkiesing gehou op 27 April 1994 dat dit nie die moontlikhede oopgemaak het

vir die breë Suid-Afrikaanse bevolking om deel te neem aan die voordeel van demokrasie nie. As ek net 'n voorbeeld vat, ek is nou hier in Stellenbosch, ons is hier in die Kaap en as mens nou kyk hoe bende geweld nogsteeds hoogty vier in sekere gemeenskappe dan vra 'n mens jouself die vraag af: hoe is dit moontlik dat in 'n provinsie waar ons soveel bronne, natuurlike hulpbronne van die landskap, toerisme wat inkom, jaarliks word die provinsie toegestroom onder toeriste, en in daardie selfde provinsie is daar mense wat nogsteeds buite hierdie sirkel is van bevoordeling. Hoe verander ons die beleid sodat 'n groter groep deel word van hulle wat bevoordeel word? Want op daardie manier kan ons die kloof kleiner maak. Ons is mos realisties – ons gaan nie binne die volgende 5 tot 10 jaar die hele land, 52 miljoen tot 55 miljoen, sommige sê tot 60 miljoen, ons sal nie die volle bevolking van Suid-Afrika op 'n vlak van lewenskwaliteit bring wat op die hoër sosio-ekonomiese skaal is nie, maar dis ook nie volhoubaar nie né. Ek bedoel vir 52 miljoen in Suid-Afrika om te leef soos die rykstes in die land, daar is nie genoeg bronne nie, so ons is realisties, ons moet sê dat daar 'n langtermyn plan is, die NOP, maar dan het ons ook mediumtermyn planne waar ons begin om groepe mense nader aan mekaar te bring en dan moet 'n mens kompromieë maak in daardie opsig – wat is moontlik in die korttermyn, wat is moontlik op die mediumtermyn, en wat is moontlik op die langtermyn – dit is ook die droom waarna toe ons uiteindelik strewe.

SvdM: Wat dink Prof. is die grootste struikelblokke (indien enige) in die pad van versoening in Suid-Afrika in 2020?

B: Ek dink die grootste struikelblokke waarna ek al vroeër verwys het, is twee goed: 1. Dat ons nie kan insien dat die verskillende antwoorde wat mense gee, dat dit uiteindelik deel is van een en dieselfde, kom ons noem dit, 'n projek waarmee ons besig is nie. En wat is die projek? Die projek is dat ons almal glo dat almal wat in Suid-Afrika bly moet deel in die rykdom van hierdie land, almal in Suid-Afrika moet lewensmoontlikhede hê, dis die een projek – maar ons gee verskillende antwoorde daarop. Kom ons begin insien dat verskillende antwoorde deel is van die groter oplossing – dis die een struikelblok. So as jy 'n antwoord gee, en ek gee 'n antwoord en nog iemand gee 'n verskillende antwoord, dan sien ons mekaar onmiddelik as vyande. 2. Dis ook iets wat ek al genoem het, maar wat ek net weer wil noem wat ek dink 'n groot struikelblok is, is die feit dat daar tog 'n persentasie mense en klasse is wat voordeel trek uit die verdeeldheid. 'n Voorbeeld **????** tussen mense en die sisteem wat op die oomblik in plek is en die sisteem van 'n spesifieke ekonomiese beleid, politieke beleid, 'n sisteem van sekere waardes wat mense het, hou die verdeling en die verskeurdheid in plek. 'n Sekere groep word bevoordeel en omdat ons die mag het is ons in staat om enige iets wat anders is, om dit te kan “resist” en om teenvoetters en foefies **te ontwerp**, en dit stuur die hele manier waarop ons kyk in 'n hele ander rigting. En dan op die ou einde fokus ons nie meer op dit wat ons almal bevoordeel nie. Destyds, dit is nou in die 50'ger jare, was ons visie vir Suid-Afrika 'n Suid-Afrika waar die land behoort aan almal, wat in die land bly, wit en swart, en dit is die droom, maar nou moet ons maar ook erken **dis nie almal se droom nie – want sommige word bevoordeel uit die verdeeltheid en ongelykheid en daarom beveg hulle dit**, en dit is 'n groot struikelblok.

SvdM: Dink Prof. versoening is nog 'n bruikbare konsep?

B: Ek dink ons moet nie te styf vashou aan een konsep nie, ek dink ons moet versoening plaas binne verhouding tot 'n paar ander konsepte, ons moet nie versoening isoleer nie. My hele idee van verskillende invalshoeke hou verband met die feit dat ek dink die verskillende invalshoeke, verskillende konsepte om die tafel sou plaas. Wanneer versoening as sodanig die een antwoord word, en die enigste antwoord, wanneer die konsep van versoening so **verabsoluteer word**, is die gevaar en so wat dus gebeur is dat ons so styf vashou aan die hart van versoening en aan dit wat dit uiteindelik wil regkry, wil doen, dat ons dit op die ou einde verloor. So ek sien versoening in verhouding tot verskillende ander konsepte, ek sien versoening wanneer ons oor eenheid praat, persoonlike verhoudinge met mekaar met ander woorde, die heling van verskillende verhoudinge. Ons kan op 'n ander manier ook praat van die idee, of die effek wat dit wil hê, ons praat oor regstelling, die woord wat baie keer gebruik word is reperasie of selfs ook geregtigheid. Ons kan dieselfde bereik wanneer die ekonome sit en luister en met mekaar sit en praat oor hoe bring ons verskillende sosio-ekonomiese groepe bymekaar, hoër inkomste groepe en laer inkomste groepe. Dit het te doen met wanneer politieke leiers praat van sosiale kohesie – so al hierdie verskillende konsepte praat van dieselfde intensie, maar dit bring ons vanuit verskillende hoeke na dieselfde fokuspunt toe. Ek gebruik nog versoening, want ek voel dit is 'n Bybelse konsep, dit word in die belydeniskrif weer gegee waaruit ons ons geloof as gereformeerde tradisie verstaan. Een van die sentrale konsepte is versoening, maar dit kan nie verabsoluteer word en vooropgestel word ten koste van die ander belangrike konsepte nie. Dis verskillende invalshoeke tot dieselfde werklikheid.

SvdM: Kan dit amper voorgestel word soos die verskillende kante van dieselfde diamant? Is dit 'n gepaste metafoor om die konsep versoening mee te beskryf?

B: Ek stem saam met jou oor die gebruik van die metafoor, die hele idee van die verskillende hoeke van die diamant, maar 'n mens kan ook enige ander objek gebruik byvoorbeeld 'n vertrek in 'n huis, afhangende van waar jy in die vertrek staan, gaan jy ander goed in die vertrek raak sien. Ander gebruik weer die beeld van die olifant wat jy deur die gatjie besigtig. Die punt is dit gaan oor die verskillende dimensies van dieselfde objek waaBa mens kyk.

SvdM: Prof. het nou vertel van versoening in die breër konteks, nou wil ek die gesprek bietjie rig op die kerklike konteks. Ek wil nou 'n bietjie vir Prof. vra oor Prof. se teologiese verstaan van versoening, wat is Prof. se teologiese verstaan van versoening?

B: My persoonlike teologie van versoening is gevorm deur die spesifieke Belhar gereformeerde tradisie, dis 'n tradisie waarin versoening sentraal staan. Ek het voorheen verwys na teksgedeeltes byvoorbeeld 2 Korintiërs 5 waar Paulus praat van die bediening van versoening en binne die konteks van die **kerk en teologie** is versoening 100% 'n faset van en hou verband met ander fasette van ons geloof onder andere dat God 'n God is wat reg en geregtigheid nastrewe, en sy kerk roep om Hom daarin te volg, maar ook dat ons in terme van eenheid, eenheid tussen mense uit verskillende stande, kulture, tale dat dit deel is van God se ryke verskeidenheid van mense. Dit is die bron van waaruit ek put. Die ander bron, en dit hou waarskynlik verband met my eie persoonlike geskiedenis, is maar die ervaringe wat ek in die verskillende gemeenskappe beleef het waar ons groot geraak het. En in daardie

gemeenskappe, ek is 'n bruin Suid-Afrikaner, gebore in die 60'ger jare, ons het die apartheid beleef, dit het bepaal waar ons gebly het, waar ons skool gegaan het, wat ons opvoeding en onderwys was en ons het daar alreeds vir mekaar gesê dat versoening beteken die regstel van dit wat verlore was, as gevolg van 'n onregverdige stelsel en dit beteken ook dat waar ons vandag in Suid-Afrika is dat God ons roep, en dis nou my persoonlike teologie, om ook reg te maak. Daar was een lied wat ons baie keer gesing het, 'n populêre lied, wat iets gesê het van bely jou sonde, dis goed, maar jy moet ook jou sonde laat staan, "bely en laat staan", so belydenis is nie maar net lippediens nie, belydenis is ook om te verander, om om te draai. Dit som my persoonlike teologie van versoening op.

SvdM: Hoe verstaan Prof. menswees (humanity) in Suid-Afrika in hierdie tyd waarin ons leef?

B: Teologies is dit gebaseer op die idee dat ons geskape is na die beeld van God, met ander woorde, menswees gaan oor ons verhouding tot God, God se roeping, God se doel met wie ons is. En dit is 'n tipe verstaan wat heelyd en dit moet voortdurend veg, dit moet voortdurend weerstand bied teen die manier waarop ons gevorm is in ons land. Ons menswees moet heelyd weerstand bied teen die manier en die identiteit van menswees wat gevorm word in die wêreld waarin jy leef, in die konteks waarbinne jy leef. Ons het 'n teologiese Bybelse verstaan vanuit die kerklike tradisie, maar dan is daar ook 'n verstaan wat gevorm word deur die wêreld waarin jy leef. My vorming was binne die Suid-Afrikaanse konteks, ek het reeds genoem ek is in die 60's gebore, so toe ek my verstand kry in die laat 60's, in die vroeë 70'ger jare, toe is dit alreeds in 'n bepaalde konteks. Daar word binne die Suid-Afrikaanse konteks gepraat van geras, "we were raced", ons was geras, ons was gevorm tot 'n bepaalde identiteit, maar toe het ons by die punt gekom waar ons ontdek, dat die plek waar ek woon, die plek waar ek skoolgaan, die omgewing waarin ek werk het nie uit die hemel neergedaal nie, dit is geskep deur mense om 'n bepaalde doel te bereik. 'n Sosiale konstruksie van wie ons is as mens kan daarom ook verander, en wanneer ons die Bybel lees, en kerk toe gaan, en ek wil inkom by die hele ding van liturgie en ons gaan erediens toe, dan word ons anders gevorm en daardie vorming wat plaasvind binne daardie konteks bied weerstand teen dit wat ons in die samelewing **gevorm word** - in jou skool, of in jou straat in jou gemeenskap en op die ou end kan jy die wêreld verander. 'n Wêreld wat so gekonstrueer is as 'n spesifieke apartheidswêreld – die wêreld is kunsmatig, dit kan verander word. So dit is hoe ek my menswees verstaan en dit is die magte wat dit gevorm het, en ook die magte wat met mekaar gestoei het oor wie ek is en selfs tot vandag toe worstel ons met daardie magte. Een van die belangrike konsepte wat ons gesê het, soos ek vroeër gesê het ek het in 'n bruin gemeenskap groot geword, en in daardie konteks het ons tot die beseef en bewussyn gekom dat ons geras is, en hoe hanteer mens dit? Met ander woorde jy begin vir jousef sê ek is geskape na die beeld van God en dan begin jy anders praat oor jousef en jy begin anders leef, en jy kyk ook anders na mense.

SvdM: Nou wil ek Prof. vra van Prof. se persoonlike betrokkenheid by versoening in Suid-Afrika. Beleef Prof. versoening in Prof. se alledaagse lewe, en kan Prof. asb vir my voorbeelde daarvan noem...

B: Waar begin 'n mens? Gewoonlik maak 'n mens maar keuses. Kom ek begin maar na '94, kyk binne daardie konteks het twee kerke een geword. Die een kerk wat geskep is vir bruin mense die NG Sendingkerk en die ander kerk wat spesifiek geskep is vir Africans of swartmense, soos dit baie keer

genoem word die NG Kerk in Afrika. So ons het hierdie twee kerke **ge-erf**. Binne die NG Kerk en op die voetspoor van apartheidsideologie en voor dit die sendingbeleid, die idee, weereens 'n sosiale konstruksie, dat verskillende kerke geskep moet word vir verskillende mense wat dan geklassifiseer is op grond van verskillende rasse. So in '94 het daardie kerke een geword, of ten minste die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, 14 April 1994, Sondag was die 25 jarige herdenking. 'n Jaar daaBa in 1995, toe het die verskillende jeugbewegings bymekaar gekom in Bloemfontein, op daardie stadium was ek nog relatief jonk ek was nog in my 20's, ons het toe bymekaar gekom. Nou kom twee bewegings, die een is oorwegend bruin die ander is oorwegend African, van twee verskillende kerke (NG Sendingkerk, NG Kerk in Afrika) en hulle besluit om een beweging te word. Die hele ding rondom verdeeldheid, die goed waaroor ons nou vroeër gepraat het en verskeidenheid deurdadig ons een organisasie begin, en deurdadig ons mekaar leer ken met die hoop dat die NG Kerk wat oorwegend wit mense gehad het en die Reformed Church in Africa, wat oorwegend Indian en Asian mense gehad het, deel wou word van hierdie proses, maar dit het toe nou nog nie gebeur nie. Met daardie geleentheid is ek toe verkies as die **algemene sekretaris** om hande te vat, om saam met mense te werk, om nasionaal bymekaar te kom, groepe bymekaar te bring, om te worstel met die feit dat dit nie 'n natuurlike proses is nie, mense wil so apart wees, om een te word is "counter-cultural", dit gaan teen die gryn in van hoe ons groot geraak het. Ons het met situasies **geworstel en 'n** deel van die organisasie het gesê ons gaan maar ander pad, 'n ander deel het weggebreek, ons het op en af in die land gery, ons het met mense in plaaslike gemeenskappe ontmoet, sodat ons 'n organisasie kan bou wat nie net bruin is of swart is nie, dat nie net een kultuur van 'n organisasie vooropgestel word nie, maar 'n kultuur waar almal voel, hier is nou 'n nuwe ons en ons is 'n nuwe beweging. En ek het nou vroeër verwys na die Belhar belydenis in 'n sekere sin kan mens nou sê ons is die Belhar belydenis, 'n Belhar beweging, dit is nie maklik nie. Dit is 25 jaar gelede, elke vier jaar het ons so 'n groot nasionale kongres, die jaar is daar weer een, dis nie maklik nie, want deur die jare probeer mense om maar weer hulle eie stempel en hulle eie kulturele stempel op 'n organisasie afdruk, ons is 'n organisasie wat Afrikaans, Engels, isiZulu, isiXhosa, ens. praat. Om saam te sing is nie maklik nie, om eredienste te hou waar verskillende kulture inkom, is nie maklik nie. Ons moes doelbewus, bewustelik sit en elke element van die erediens beplan en sê hoe ons dit gaan doen. Hoe voel jy daarvoor? Hoe voel julle daarvoor? Daar is tog tye waar ons tot vandag toe nog in die Vrystaat bymekaar gekom het, soos die afgelope naweek, waar ons by tye weer voel dat ons dankbaar is teenoor die Here dat ons versoening en bymekaar uitgekom het, waar ons saam met mekaar kan gesels om gesamentlike stories met mekaar kan deel. Dan is daar ook tye waar ons besef dat daar 'n ongemak is, dit is moeilik om in 'n situasie te sit waar jy nie altyd presies verstaan wat 'n persoon probeer sê, of sekere optredes nie verstaan nie. Aan die anderkant, waar sekere optredes **misverstaan word** en dit dan weer spanning na vore bring. Nou dit is in 'n neutedop, wat ek sekere momente gekies het, maar dis waarmee ek besig is, en dit is waar ek is. Ek sou jou kon vertel van die werk hier by die fakulteit. Ek was vir meer as 10 jaar – 12 jaar voltyd by UNISA betrokke, eers as 'n dosent en later 'n professor. Nou XXX hier by XXX **Fakulteit van teologie** die feit dat ons divers is, die feit dat ons 'n nuwe ons wat die rasse identiteit transendeer, waar ons erken ons is geras, maar waar ons dit wil oorkom en ons worstel nogsteeds tot vandag toe daarmee, maar te midde van

die worsteling, voel ek dat hierdie worsteling, hierdie worstelpad, 'n pad van opgewondenheid en ook ongemak, waar mens jy voel jy word misverstaan, is dit die regte pad, dit is die versoeningspad.

SvdM: Ek dink dit is ook 'n eerlike pad in die sin van 'n mens moet eerlik wees met jouself en ook eerlik wees oor die omstandighede waarin 'n mens jouself bevind.

B: Ja nee, absoluut, ek stem saam met jou. Die eerlikheid en die egtheid en saam daarmee ook die kwesbaarheid, jy weet dit is baie keer "convenient" om in te pas, aan pas, assimilasië, maar daardie "convenience" dit is baie keer nie die eerlike keuse nie. En dan kan jy nie bring na die gemeenskap toe dit wat jy kan aanbied nie. En dit is ook ongesond, want dan is ons net met een groep, of individu, of die persoon wat die hardste kan praat, die een wat meer "assertive" is, op daardie persoon se siening en ervaring aangewese. En dit is nie gesond nie. Daardie eerbare pad is belangrik, maar dis ook 'n kwesbare pad, dis 'n pad wat baie keer moed verg, dit verg moed om eerlik te wees.

SvdM: Sien Prof. dit as 'n profetiese pad?

B: Ja, mens kan dit as profeties beskou, mens kan dit ook as priesterlik beskou. Afhangend nou van hoe 'n mens profeties definieer, en ek gaan jou sê hoekom ek sê priesterlik ook. Die populêre verstaan van profeties is gewoonlik die een met die harde stem die een wat byna met groot, groot, groot bravade kan sê "So sê God", maar wanneer ons 'n eerlike pad loop dan besef ons ook dat ons nie altyd met so groot bravade kan sê "So sê God" nie. Ons dra baie keer die pyn van daardie moed, die pyn van daardie "courage", die pyn van daardie eerlikheid, die pyn van die vraag maar wat sê God van hierdie situasie. En die profete het baie keer gely, korrek, maar dit was die priesters wat die sonde van die volk versoen het, en dit half gedra het, so daardie priesterlike bewoëndheid is ook nodig. So, ek dink die profetiese pad is 'n belangrike metafoor wat jy gebruik, maar dan wil ek dit maar net kwalifiseer met 'n priesterlike hart, met bewoëndheid en met 'n bewussyn van die lyding wat daarmee saam gaan. Die kruis, die feit dat genade afgehandel het nie, maar ons gaan steeds as mense foute maak, as mens kan ons steeds by ons beperkings uitkom, of ingeperk word deur ons beperkdhede en onself so aanmatig om te oordeel wat God se wil is. In die verlede is profeties gesien as die persoon weet presies wat die wil van die Here is, ek dink ons is miskien by 'n punt waar ons groter bewussyn moet hou van die feit dat ons ook priester is, ons het ook 'n priesterlike bewoëndheid, die kruis.

SvdM: Die laaste vraag wat ek vir Prof. wil vra gaan dan nou spesifiek oor die erediens. Prof. kan gesels oor die gemeente waar Prof. tans 'n lidmaat is. Watter gemeente is dit? SvdM: Wat is Prof. se persoonlike verstaan van die erediens/liturgie?

B: My persoonlike verstaan van die erediens en liturgie is eintlik sinoniem met een van die keBelemente van die Engels "worship service", naamlik diens aan God, aanbidding aan God, versoening, die bediening van versoening met ander woorde waar ons onself verootmoedig voor God. En dit sluit aan by wat ek vroeër genoem het, daar is die profetiese, so ook in die prediking, so spreek die Here, en ook die voorbidding met ander woorde dit is elemente wat deel is van die liturgie van 'n erediens. Ek dink baie definitief nou aan ons Sondagmore 10:00 geleentheid, 'n mens sou kon argumenteer dat daardie diens, die liturgie in 'n sekere sin 'n konsentrasiepunt vir ons diens in die wêreld, Maandae tot Saterdag, so ons kan nie net "worship" of die erediens of die "worship service", liturgie, net sien in terme van

daardie Sondagoggend “event” nie, maar daardie Sondagoggend “event” lyk dit vir my is ‘n orientasiepunt vir dit wat in my lewe plaasvind. Jy sal onthou ek het vroeër verwys na my ervaring in April 1994 het die erediensgeleentheid, Sondagoggend 10:00, dit was tradisioneel die tyd, was dit die ruimte waar ons saamgekom het in ‘n wêreld waar jy as mens ontken is, en daar het ons saam gekom en mekaar aangespreek as broers en susters, mekaar erken as broer en suster, as kinders van God. Ons het netjies aangetrek, want in die week het jy aangetrek volgens jou stand, en Sondagoggend trek jy aan in terme van jou identiteit as broer en suster in die kerk. Die ouderlinge het ‘n spesifieke kleredrag gehad, ensovoorts. So, dit is waar ek vandaan kom, as kind het ek nie altyd die detail verstaan nie, ek het ook nie altyd die preke goed verstaan nie, maar ek was deel van daardie ritueel, ek was deel van ‘n “performance” wat gesê het wie ons is. So wanneer ons Sondagkool voor die erediens gehad het, en so 10 minute voor die erediens om 10:00 sou begin, dan is almal in die kerk, jy is stil, jy ken jou plek, en klokslag 10:00 gaan die konsistorie deur oop en die dominee stap uit, swartpak, wit das met sy toga aan. AgteBa kom die ouderlinge en diakens in, en neem hulle plekke in, voordat die dominee op die kansel klim bid hy op die eerste trappie, daarvandaan gaan hy boontoe en dan hardloop die diens. Dit is dramaties, dit is ‘n dramatiese ritme, en jy voel jy is deel daarvan en dit het ons gevorm, dit het jou krag gegee om as jy daar uitstap in ‘n wêreld waar jy in verskillende kategorieë is in terme van jou menswees, dan is jy reg vir die wêreld. Jy kan hanteer wat daar plaasvind, want jy was Sondag, ons het dit altyd so genoem, jy was Sondag “in die kerk”, die erediens was hoe jy in die kerk was. Dit was die deur, dit was die toegang om in die kerk te wees. Dis min of meer hoe ek dit verstaan, dis my vorming en as ek vandag daaBa kyk dan is die erediens en die liturgie wat daarmee gepaard gaan vir my belangrik in die sin dat ek voel dat ek in die kerk is, deel van die kerk.

SvdM: Prof. het reeds beskryf hoe Prof. die erediens beleef, waarom dink Prof. gebeur dit in die erediens?

B: Wat ek geskets het, is min of meer hoe ek groot geraak het in die NG Sendingkerk. Toe ek ‘n kind was het ek mos nou nie verstaan waarom dit gebeur soos dit gebeur nie, ek het eers later begin dink daaroor en begin lees daaroor. Ek het dit as kind beleef as ‘n wêreld wat is soos God dit wil hê, toe het ek geleer daar is verskillende tradisies, met tyd word jy blootgestel aan ander tradisies, byvoorbeeldom saam met vriende na die Anglikaanse kerk te gaan en ek beleef iets anders daar. Ons is ‘n jeuggroep en ons gaan na ‘n Pinksterkerk toe of ‘n charismatiese kerk toe en daar beleef jy ook ander goed. So kom mens tot volwassenheid en besef dat jy deur verskillende ervarings gevorm is. Die tipe van rituele waarmee mens groot geraak het, is steeds daar en wanneer jy saam daarmee beweeg dan verbind dit jou met waar jy vandaan kom. Die invloed en blootstellings later, maak van jou ‘n mens wat met verskillende identiteite in hierdie wêreld leef. Ek is van die Kaap, en met my trek Gauteng toe, en die blootstelling aan die NG Kerk in Afrika, die ritmes, die hande klap, die dans, die taal, Sestwana, die Zulu liedere dit is dan weer ‘n nuwe blootstelling en dit verbreed telkemale net jou horisonne en jou ervaringsveld. Jy kan in ‘n sekere sin sê jy raak so ‘n mengsel van verskillende ervarings en jy kan jouself uitleef op verskillende maniere. Waar dit vandaan kom gaan natuurlik oor bepaalde kerklike tradisie, dit gaan oor hoe dit geïnterpreteer was, maar dit gaan ook oor kultuur waarbinne daardie spesifieke liturgiese “performance” ontwikkel het en die manier waarop dit uitgeleef word.

SvdM: Die laaste vraag wat ek oor die formaat of die struktuur van die erediens wil vra, hoe dink Prof. behoort ons daarop te reageer wanneer mens deelneem aan die struktuur en die orde?

B: In baie situasies kom jy in daardie ruimte en jy is in staat om dood eenvoudig net deel te neem aan die ritueel, nie bewustelik nie, net deel te neem. Jy ken die liedere, jy weet wat gaan volg, jy “enact” daardie ritueel. Wat baie keer ook gebeur is dat jy in ‘n situasie kom waar jy voel iets van die ritme is gesteurd, want daar is miskien ‘n nuwe element en dit laat jou bewustelik dink oor wat jy doen. So dan neem jy nie noodwendig deel nie, en jy vloei nie in die ritueel en dit wat daar gebeur nie, jy raak “reflexive” jy begin bietjie nadink, jy raak bewus van die rituele. Maar dan dink ek is daar ook konkrete momente waar ‘n mens ook aangespreek word op ‘n emosionele vlak waar jy inkom en jy is deel van dit en dit spreek tot jou hart. Dit roer jou hart, dit ontroer jou en jy is by ‘n moment waar jy op ‘n dieper vlak heling ervaar of selfs vryheid, bevryding, waar jy op ‘n dieper vlak ervaar dat jy verander word, dit is wat eredienste doen. Ek gaan, en word deel van die liturgie om nie dieselfde te wees as ek daar uitstap nie. Ek maak doelbewus die besluit om dit te gebruik as ‘n stil word punt, dan het daar iets geskuif in my. Iets van my identiteit ek voel ek het ‘n verdieping ervaar. En dit is nou baie persoonlik, die gemeente of die kollektief wat daar bymekaar is, ek het vroeër verwys na die sosiale aanspreekvorme, die manier waarop ons na mekaar kyk, maar om dit ook saam met ander te doen byvoorbeeld saam met ander saam te sing, dieselfde woorde te sing, dit verander iets aan die sosiale dinamika, dit verander die dinamika van verhoudinge tussen mense met mekaar. So verandering vind nie net op ‘n diep individuele manier plaas nie, verandering vind plaas van die sosiale dinamika tussen mense.

SvdM: Prof. het heeldyd in die onderhoud gepraat van die skep van ‘n nuwe “ons”, sou Prof. sê dit is waar dit gebeur, die skep van ‘n nuwe “ons”?

B: Ja, ek dink dit is presies waaBa ek verwys as ek praat van die sosiale dinamika wat skuif, die hele ding van die aanspreekvorme, in sommige kontekste sien ek mense spreek mekaar aan as op die persoon se naam, en daar is seker redes daarvoor, Dave, en “Joel is gonna do that”, my ervaring is dat daardie persone maar steeds individue bly, maar die moment wanneer mens ‘n ruimte skep waar daar ‘n gemeenskaplike aanspreekvorm is, ons sing dieselfde lied, ons dans saam, klap hande saam dan vorm dit die sosiale dinamika rondom hierdie “new we”, die nuwe ons ‘n nuwe gemeenskap wat geskep word. Daardie gemeenskap “transcend” oorkom die individualisme, dit oorkom selfs die kunsmatige identifikasies wat die wêreld aan ons toedig en dit is hoekom ons op die ou einde deelneem, “we enact”, ons vervul ons rol binne hierdie nuwe draaiboek wat nou geskryf word en dis ‘n totaal nuwe manier waarop ons leef saam met mekaar.

SvdM: Dink Prof. versoening en die erediens het enige iets met mekaar uit te waai?

B: Ja, ek dink die verwysing na die skep van ‘n nuwe ons en die verandering van die dinamika tussen mense en groepe binne die erediens, lyk dit vir my is daar aan die een kant ‘n simboliese “enactment”, ‘n simboliese manier waar ons die nuwe gemeenskap “perform”. Wanneer daardie nuwe verhoudinge, die sosiale dinamika, uitkring in ons gemeenskap, ‘n nuwe ons gemeenskap, dan bring dit veranderinge in terme van verhoudinge. Nou wat is versoening anders as daardie verandering in terme van

verhoudinge? So 'n erediens wat daardie tipe rol speel, is 'n erediens wat direk inspeel in die bou van versoening en die bou van nuwe verhoudinge tussen mense. Ons het nog nie eers daaBa verwys nie, en daarom gooi ek dit nou in want dit is nogals belangrik, in die erediens word die offerhandes opgeneem, die offergawes wat gegee word is 'n opoffering, ek praat nou maar weer vanuit my spesifieke tradisie, baie male gaan die offerhandes vir diakonaat, of vir barmhartigheidsdiens, of baie keer gaan dit vir spesifieke projekte waar daar in die gemeenskap werk gedoen word rondom mense wat op die marges is, mense wat selfs leef in situasies van geweld. Met ander woorde, die erediens skep die geleentheid, skep die ruimte waar ons ook vir mekaar sorg op 'n baie konkrete wyse wat verder strek as net die simboliese. Ja, die simboliese is belangrik, verandering van die sosiale dinamika is belangrik, maar op 'n baie konkrete wyse gaan ek deur my offergawes kan ek ook 'n verskil in mense se lewens maak. En dis hoe ek die verband dan sien tussen 'n eredienssituasie met 'n bepaalde liturgievorm en versoening. Daar is egter 'n baie belangrike aspek, en ek het vroeër verwys na my rol en het bietjie persoonlik geraak oor die kerk waarin ek is en die jeugorganisasie waar ons 'n nuwe gemeenskap geskep het, uit 'n voorheen rasgeskeide kerke en jeugbewegings, verdeelde kerk en jeugbewegings, en wanneer ons bymekaar kom, dan moet ons doelbewus dink aan elke element van die liturgie, ons moet dink aan die taal, wanneer die liturgie die diversiteit van almal wat daar is weerspieël, dan word dit 'n platform vir versoening, maar wanneer die liturgie net een groep se kultuur, een groep se taal, een groep se behoeftes respekteer, aanspreek, dan werk dit teen versoening. Dan bring dit nie na vore die droom, die visie wat ons het wanneer ons byvoorbeeldpraat van die belydenis van Belhar, van 'n liggaam van Christus, wat versoening op die ou einde beliggaam nie. En dis 'n ander manier waarop die erediens, liturgie en versoening ook weer bymekaar uitkom.

SvdM: Die laaste twee vrae sluit eintlik nou aan by dit wat Prof. reeds begin het om vir my te noem. Is daar enige momente in die erediens wat Prof. help om versoening te verstaan en ook uit te leef? En dan die teenvraag: Is daar enige momente in die erediens wat die teendeel bewerk, of wat versoening inperk, moeilik maak?

B: Ja, ek dink jy is reg, ek het dit alreeds beantwoord, ek wil nou nie herhaal wat ek gesê het nie. 'n Ander konkrete aspek, wanneer ons in die erediens geleentheid gee vir verootmoediging, met ander woorde, ons noem dit baie keer die bediening van versoening waar ons onse skuld voor die Here bely, ek dink dit kan ook 'n geleentheid wees waar mense teenoor mekaar sê, ek bely my skuld teenoor jou, of ons bely ons skuld teenoor jou. Een van die sakramente wat ons daarvoor gebruik is natuurlik die sakrament van die nagmaal. So voor die bediening van die nagmaal waar lidmate dan na mekaar kan gaan en sê, ek is jammer, waar ons dan saam met mekaar brood kan breek, brood kan deel, dit is 'n geleentheid waar ons op 'n baie konkrete manier versoening kan fasiliteer tussen mense en mensegroepe. En die rede waarom ek dan nou ook die nagmaal gebruik, is omdat, seker soos jy weet, die nagmaal in die kerkgeskiedenis die een sakrament was wat juis die verskeurdheid tussen verskillende mensegroepe op 'n manier na vore geroep het, en uiteindelik die kerke geskeur het. In 1982 met die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke gesê word dat die wit NG Kerk en die Sendingkerk, die bruin kerk, en die RCA, die kerk vir Indians en Asians, die NG Kerk in Afrika, die rede waarom ons nog apart sit is omdat ons nie rondom die nagmaal bymekaar kan uitkom nie. So die deel van die brood

en die wyn, die breek van die brood saam kan op 'n baie kragtige manier verskillende mensegroepe bymekaar maak. In die NG Kerk konteks is dit juis die nagmaal wat 'n sentrale funksie in die verlede gespeel het wat mense van mekaar weggeskeur het, wat nou lyk dit vir my 'n baie belangrike element, deel van die liturgie is om ons eenheid en versoening te simboliseer en te versterk. 'n Ander moment in die erediens is natuurlik die feit dat wanneer ons die Here aanbid, ons dit baie keer ook maar net sien as ons sing nou maar net 'n lied, maar ek dink die aanbidding van die Here saam met mekaar is ook iets van die droom hier in Openbaring waar alle volke en alle tale en alle nasies saam die Here loof en prys. Dit is bietjie van 'n eskatologiese verwagting, 'n eskatologiese droom en dit is die droom van 'n volk van God wat versoen is. So daardie aanbidding is nie maar net ek sing op my eie nie, ek sing saam, ek sing saam met ander mense en op 'n manier droom ons saam, vertrou ons die Here saam vir daardie droom. Ek dink elemente wat soms verdeeldheid kan veroorsaak is taal, styl, kultuur, kerkkultuur, eredienskultuur, waar dit 'n mono-kultuur is, waar net een kultuur verabsoluteer is, wanneer ons begin om dit om te draai, wanneer ons divers en doelbewus 'n mengsel het, 'n vermenging het, 'n samekoms van diverse kulture dan lyk dit vir my beliggaam ons iets van God se droom.

Navorser (SvdM) vra: Enige verdere opmerkings oor versoening en erediens in Suid-Afrika?

B: Ek kan nie nou aan iets dink nie.

1. Semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser C op 29 April 2019 by 'n koffiewinkel by name Cafe41 Groenkloof

Hier volg 'n skriftelike weergawe van die mondelingse semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser C, soos dit op 29 April 2019 plaasgevind het:

Medenavorser C was laat vir die afspraak, en ook haastig om weer te vertrek. Ek het myself aan Medenavorser C voorgestel. Voordat ek kortliks die navorsing met Medenavorser C kon deel, het sy my aangemoedig om te begin, want sy is haastig. Sy het ook gevra waarom almal Osmer se benadering gebruik, is daar dan niemand anders nie? Ek het vinnig weer vir Medenavorser C gewys op die feit dat hierdie 'n anonieme studie is, en ook weer toestemming gevra om 'n klankopname van die onderhoud te maak. Medenavorser C het die toestemmingsvorm huiwerig geteken en daarna het die onderhoud begin.

SvdM: Kom ons gesels oor die breë Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot versoening. Wat dink Prof. gaan vandag aan in SA met betrekking tot versoening? Hoe sien Prof. versoening? Wat is versoening?

C: Dit is 'n onmoontlike groot vraag, ek dink daar gaan eintlik niks aan om die waarheid te sê, nee. Intendeel, ek dink die VGKSA en die NGK beweeg al verder van mekaar af of wil nie nader beweeg nie. Ek sien nie enige versoening nie. Waar moet mens daarvoor kyk? Bedoel jy die kerk? Bedoel jy die groter samelewing?

SvdM: Ja, ek bedoel versoening in die breër Suid-Afrikaanse samelewing.

C: Nee, ek sien dit nie, veral nou met die verkiesings, sien ek absoluut geen, geen versoening nie. Nee, daar is nie versoening nie. Ons weet nie eers meer hoe om daaroor te praat nie. Die enigste versoening wat daar is Belhar, en niemand neem regtig die inhoud van die Belhar Confession ernstig op nie. Dit is soos Piet Meiring gesê het die belangrikste dokument van die afgelope 100 jaar. Juis omdat dit oor versoening praat in baie moeilike omstandighede, maar niemand neem dit ernstig op nie, niemand verstaan eintlik wat daarin staan nie, ek dink ek ook nie. Maar, dit werk nie, dit werk nie. Nee, dis elke ou vir homself. Ek het nou die dag met ... 'n onderhoud gedoen 'n ou wat gewerk het met versoening of dan die eenword van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika en hy sê ook, daar is nie na 25 jaar wat die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika verenig het, is daar nie na mekaar beweeg nie, ons weet nie hoe nie. Nee, daar is nie versoening nie.

SvdM: Waarom gebeur dit in Suid-Afrika?

C: Dat daar nie versoening is nie? Wel, daar kan seker nie net een rede wees nie, dit is seker 'n netwerk van redes. Kyk, as jy nou praat van versoening dan dink ek nou in my kop aan eenwording, dis dalk nou nie wat jy met versoening bedoel nie. Maar ek dink eenwording sê nou maar tussen die VGKSA en die NGK of tussen verskillende kerke of tussen verskillende godsdienste of tussen verskillende rasse-groepe, maar dit het alles te doen daarmee dat wanneer jy versoen, eenword, daar minder posisies is, minder eiendom. Sê nou maar die VGKSA en die NGK gaan nou versoen, dan is daar onmiddellik die helfte van die posisies om te beklee in die kerk, en daar is die helfte minder geleenthede

en daar is ook eiendomme wat gedeel moet word tussen mense wat baie arm is en mense wat baie middelklas is en al daardie goeters klink nie lekker nie. Hierdie dink ek is die hoofrede, en die tweede rede het te doen daarmee dat jy, en dit sien ek baie by ons, onthou net as jy van versoening praat, dan dink ek aan eenwording, ek dink by ons is daar baie groot vrees dat jy jou identiteit gaan verloor, want ons het mos 'n tussentydse orde tussen die twee kerke en die oomblik as jy dit gebruik, dan vra hulle, maar wat van ons identiteit? Wat van ons identiteit? By ons is dit baie belangrik dat ons eerder nader aan 'n Afrika identiteit bly, en hoe versoen jy met iemand wat nie eers 'n benul het waarvan jy praat as jy praat van Afrika-wees nie? Ek het 'n bietjie navorsing gedoen ook selfs met die ouens, die misdadigers wat lewenslange vonnisse het in die tronk, en selfs daar is die kulturele verskille so groot. Alhoewel hulle saam in hierdie ellendige situasie is, selfs daar kan hulle nie tussen kulture versoen nie, want hulle glo nie dat die ander ou hoor wat hulle sê nie. En hulle dink dat daardie identiteit en daardie siening wat ek van God het, elkeen skaak God vir hulle identiteit, en daardie siening wat ek van God het, ek sal dit moet opgee en hoekom sal ek dit doen? Wat is in dit vir my? Huh? Hoekom sal ek dit doen? Want daardie identiteit, dit is wat dit vir my lekker maak, dit gee sin aan my lewe, jy verstaan? Sê nou maar, 'n simpel voorbeeld, ek gaan nou kerk toe en ek hou van die orrelspel en ek hou van 'n gewyde diens, nou smelt ons saam met 'n charismatiese diens, in dieselfde kerk, en nou moet ek daar sit en "aerobics" doen in die kerk, en ek wil nie so kerk toe gaan nie. Hoekom moet ek nou eenword met daardie gemeente? Ek wil nie. Kyk, ek is mos in die VGKSA, hulle sê van die NGK, moet ons ook nou daar stil staan en mooi liedjies sing saam met 'n orrel of 'n band, of wat ookal. Ons wil dans en sing en spring en dinge in ons eie taal sing. Dis wat dit vir my lekker maak om kerk toe te gaan. As ek nou versoen of eenword met 'n ander kerk dan verloor ek my identiteit. Jy wil dit mos nou afbring tot by die erediens, en ek dink dis presies dit wat maak dat mense saam met hulle eie mense, my kultuur wil ek dit doen. My navorsing wat ek gedoen het oor mense in die NGK wat getraumatiseer is oor die verandering van die liturgie – daar was mos 'n groot ding in die koerant ook daarvan gewees. Mense wat ernstige trauma beleef, omdat die kerk liturgies so verander het, dat hulle nie meer daar tuis voel nie, hulle gaan in 'n toestand van geskoktheid in. Jy weet dat hulle nie uit hulle stoele kan opstaan om kerk toe te gaan nie, want hulle kan hulleself nie versoen met die liturgie wat daar nou in die kerk is nie. Nou vra jy hoe gaan die erediens hier wees om mense te versoen? Watse mense? Mense van ras?

SvdM: Ja, ek werk hoofsaaklik met die konsep van sosiale versoening...

C: Kyk, baie keer op 'n Sondag dan preek ek in 'n wit kerk, 'n swart kerk en 'n bruin kerk, ek sal oor dieselfde gedeelte in die Bybel preek, maar al drie sal ek verskillend preek, ek sal nie net verskillend preek nie, ek trek verskillend aan na al drie van hulle toe. Die wit gemeente sal ek gaan, en sê nou maar wit en swart aantrek, maar eintlik kon ek maar enige iets aangetrek het, né? So ek sal maar wit en swart aantrek, ek sal vir hulle mooi histories-kritiese goed vertel, sê nou maar Jesus loop op die water, dan sal ek vertel watter Ou Testamente gedeelte kom daarin ter sprake. Ek sal dit mooi histories-kultureel uitleë, en dit is vir hulle lekker. Dan sal ek na die swart kerk toe gaan, dan trek ek 'n uniform aan né? Die moeder se uniform met 'n hoed, en dan sal ons dans wat ek preek, terwyl ek preek, die kinders sal sekere woorde ophou en ander sal sê hoe hulle dit verstaan. Ons sal vertel wat daarvan en daarin maak ons bly en wat laat ons tuis voel by die Here. En dan gaan ek na die bruin kerk, dan het

ek wit en swart aan, maar nie 'n uniform nie, en dan is ek weer baie piëtisties, en dan fokus ek weer baie op hoe gaan dit jou lewe raak. So preek ek verskillend by verskillende gemeentes. Nou hoe wil jy hê moet ek dit nou versoen? Of wat wil jy hê moet ek doen? Versoening kan gewoon maar wees dat ons binne elkeen, en binne die identiteit, 'n oorkoepelende bestuur hê. Maar dit gaan ook nie werk nie, want witmense verstaan nie hoe ons kerk bestuur wil word nie. Byvoorbeeld, die Kerkorde wat ons by julle geërf het, wat ons by witmense geërf het, die sê jy moet in die kerk getroud wees, voor jy op die kerkraad kan dien. Baie keer sal ek dan nie eers 'n kerkraad hê nie, want hulle is gelobola, of hulle is gewoon te arm om te trou, sulke dinge, en dan sê die witkerk die kerk en politiek moet geskei wees. Die swartkerk sê die politiek het ons bevry. So hoe moet hulle nou bestuur word en julle verstaan nie dit nie... So ek dink, as jy nie Kyk, die punt is, omdat ek by die bevrydingsteoloë studeer het, toe ek klaar was met matriek, kon vroue nou nie daardie tyd teologie studeer nie. Daardie tyd het ons nog 'n BA-admissie gehad, en ek het Grieks, Hebreeus en Latyn gehad, hoofvakke, en onderskeidings in al drie gekry, en toe ek nou na die kweekskool toe stap om my papiertjie daar in te gee, toe sê hulle vir my, jy studeer nie hier nie. Toe het ek by UNISA studeer, en toe het ek by die bevrydingsteoloë my BD, Baccalureus Divinitatis gedoen. Ek is nou XX jaar by XXX. Ek weet nie of julle jong vroue regtig weet van daardie stryd wat ons gehad het nie, ek is XXX jaar later eers gelegitimeer, in 2006 gelegitimeer, en in 2008 is ek georden, bevestig, ek ken net die Engels. So ja, ek voel tuis in alle kontekste, en juis omdat ek by die bevrydingsteoloë geleer het, hoe om te versoen, is versoening meer as verdraagsaamheid. Om te versoen, om te versoen ... is om daardie persoon, vir daardie tyd wat jy by daardie persoon is, om hulle identiteit aan te neem, jy verstaan, dan trek ek nou as ek na 'n swart gemeente gaan, dan trek ek aan soos hulle aantrek, as ek na 'n bruin gemeente toe gaan, dan trek ek aan soos wat hulle wil hê ek moet aantrek. So as ek by die wit gemeente aankom met my uniform en my toga, dan sal hulle vir my lag, so ek sal dit nie daar doen nie, en daar het ek daardie identiteit. Ek, ekself, het maar 'n "shifting identity", ek pas aan by die identiteit waarheen ek gaan.

SvdM: Wat sou Prof. sê is die struikelblokke? Ek dink tog Prof. het 'n paar genoem.

C: Ja, ek dink dit is bang om jou identiteit te verloor, bang om posisie te verloor en dan van die ryk kerk af, bang om jou eiendom te verloor. Dis presies wat gebeur. Die NGK verkoop hulle eiendom, sodat hulle dit nie vir die VGKSA hoef te gee nie, dis wat gebeur. So versoening is dit, dat ons een kerk gaan wees, maar dit beteken nie dat ons een identiteit gaan hê nie, maar wat ons nou nogal gedoen het, is die multilingual sangboek, so daar is liedere daarin, en elke lied is in verskillende tale, Afrikaans, Engels, Sotho, Zulu en ons kan dit eintlik gebruik by ons ringsvergaderings, want anders word die bruin kerk heeltemal uitgeskuif as daar in Tswana gesing word, en hulle begin dans, dan weet die bruin kerk nou nie eintlik wat hulle moet doen nie, die bruinmense kan nie daaraan deelneem nie. Terwyl as ons nou 'n "Hymn"boek het wat so gebruik kan word, is dit 'n versoenende ding, dink ek... Ek verlustig my net, al kan ek nie, jy weet in Zulu-sang en Tswana-sang, jy weet ek was altyd in 'n Zulu-gemeente, nou is ek in 'n Tswana-ring, en ek verlustig my daarin, maar ek kan gewoon nie daarin deelneem nie, omdat ek nie die taal ken nie. En as ek maar net klein was en my daai taal geleer het, maar hulle het nie vir ons daardie tale geleer nie en daarom kan ons nie heeltemal in mekaar se liturgieë deelneem nie. Maar om respek daarvoor te kan toon, jy weet ek is mos nou weer beroep na 'n Zulu-sprekende gemeente,

ek was in XXX by 'n bruin gemeente, en nou is ek weer by 'n Zulu-sprekende gemeente beroep, hulle sien ook nie 'n probleem daarmee, al kan ek nie Zulu vlot praat, Ndebele vlot praat, tog het hulle geen probleem daarin gesien om my te beroep nie.

SvdM: Is dit nie juis 'n versoenende aksie nie?

C: Ja, dit wys vir jou, hoekom het hulle vir my beroep? Ek is die aktuaris van die Algemene Sinode, want ek ken die Kerkorde, dis nogals vir hulle belangrik. Iemand het gesê ek was op 'n sinode gewees waar iemand my baie afgeknou het, en ek het net bly staan, en dit het hulle baie beïndruk, en toe sê hulle maar hulle het so 'n dominee nodig. Of ek wit is, of ek 'n vrou is, hulle het so 'n dominee nodig. Maar, okei, ek het toe nie die beroep aanvaar nie. Maar ja, volgens my is daar nie spanning tussen die gemeentes waar ek werk nie. Miskien is dit versoening, maar ja, hulle laat dit ook vir my toe, en hulle besef nou ek kan nie vlot Zulu praat nie, maar ek reik uit na hulle liturgie. Daar is nie spanning nie en dan sal hulle iemand kry om vir my te vertaal of so, maar dis nie vir hulle enigszins 'n kwessie nie. Ek is nou voorsitter van die ring van Saulspoort, hulle is almal Tswana sprekend, behalwe die paar bruin mense en ja, ek is 'n vrou en ek moet net opstaan om daardie baie moeilike vergaderings te lei en hulle aanvaar dit so, want die kerk het vir my daardie posisie gegee – dit is eintlik interessant dat hulle dit so doen. Wat maak dat 'n klomp swartmense my kies as voorsitter, en aanvaar? Maar hulle kan sien jy is regverdig prosedureel, wel so korrek as wat mens nou kan kom en hulle aanvaar dit so. Daar is seker paar wat dit nie aanvaar nie, maar hulle sou eintlik geen ander persoon aanvaar nie. Jy weet daar is mos maar net party mense wat net nie hou van gesagstrukture en mense bo hulle nie. Vir my is versoening dan om 'n ander ou se identiteit te aanvaar en in daardie konteks self ook aan te neem en dan wedersyds dit van mekaar respekteer midde die verskille. Daar is meer klem op dit wat ons saambind as dit wat ons van mekaar skei. Ek sal baie sukkel om met 'n regse persoon te versoen, dit sal vir my baie moeilik wees, maar ja, baie keer moet mens saam met sulke mense ook werk.

SvdM: Dink Prof. versoening is nog 'n bruikbare konsep?

C: Dis so klein, maar kyk dit staan mos nou in Belhar en dis die kern van Belhar. So ons gebruik dit maar baie in terme van Belhar, versoening, maar eintlik ja, het ons nou 'n nuwe woord nodig – wat? Samewerking? Watse ander woord sal ons sê? Versoening? Versoening het nou geword as ons mekaar nie dood maak nie, maar ek dink die woord begin nou oud raak en tog snap ons dit nie vir solank as wat die VGKSA bestaan, in 25 jaar. Kyk as jy met versoening bedoel, vergifnis, dan moet ek vir jou sê, ek is nie 'n ou wat maklik vergewe nie, ek glo aan “just forgiveness” met ander woorde, ek vergewe net as iemand gevra het om vergewe te word en om te onderneem om dit nie weer te doen nie, byvoorbeeld as iemand jou 'n klap gee en jy vergewe hom en nou-nou gee hy jou weer 'n klap, dan moet jy hom weer vergewe, dis onnosel, jy weet. Jy kan hom net vergewe as die persoon vra om vergewe te word en onderneem om dit nie weer te doen nie. Soos die ou wat sy vrou geslaan het, hy het haar elke maand geslaan, nou slaan hy haar net elke twee maande, hy voel hy het gevorder, dis belaglik, sy moet hom nou elke keer vergewe? Nee, sy moenie, “there is an invitation to responsibility” en dit is vir my nogals belangrik in versoening. Daar is wedersydse “invitation to responsibility” om die pad saam met mekaar te stap. Die Zulu's het so 'n uitdrukking – ek kan dit nie nou vir jou spel nie –

maar die Zulu-woord sê “meeting each other half way to go home together” en dit is vir my versoening. Maar elkeen moet daardie halwe pad stap, voordat mens saam kan huistoe gaan. Kyk in my gemeente toe ek daar kom, toe is daar ‘n verskriklike faksies in die gemeente. Daar is ‘n gesin met 14 broers en hulle is omtrent met 14 susters getroud en beheer die hele gemeente. En as hulle dit nie so en so kry nie, dan ondermyn hulle die gemeente. Ek het dit nie voor die tyd geweet nie, dit is nog glad nie opgelos nie, maar ek het baie gepreek daaroor. Baie gepreek, nie gesê luister jy en jy versoen nou nie, maar gesê weet jy daar is baie verhare in die Bybel wat versoen en vergewe, veral nou met die Paastyd, baie van Jesus se woorde, baie van Jesus se gebede en dat dit ons nader aan mekaar moet beweeg. Dis ‘n Bybelse boodskap, maar nie met verwysing na jy en jy en jy moet nou julleself regruk nie, maar dat dit regtig sleg is vir jou om in onmin met ‘n ander ou te lewe. Jy weet dit is ongesond vir jou, in die Ou Testament kan jy dit baie goed uitwys, in die Nuwe Testament is dit natuurlik Jesus se duidelike boodskap. Kyk die ou Israel het maar basies net volgens twee beginsels gelewe, eenvoud en eenheid. Eenvoud, as jy hulle vase opgrawe, alles was eenvoudig, anders as die Grieke en Romeine, altyd eenvoud, alles was baie eenvoudig gewees. En die eenheid, as hulle nie saamgestaan het nie, was hulle daarmee heen. So die eenvoud en die eenheid, dan sal ek daarvoor preek en dele uit die Ou Testament haal waar dit hulle waardes was en waar dit hulle gered het om so te leef. So, dit sal ons doen en dan sal ek mense vra om saam op kommissies te dien, maar dit werk nie, want hulle sal onmiddellik sê as daardie persoon op die kerkraad is, dien ek nie. Daar is goed wat mense in die gemeente vir mekaar sê wat so seer maak, dis ‘n ernstige fout wat ek gemaak het in die begin. Ek het gedink ek kan net vir almal sê ons gaan maar net aan, maar daar is goed wat so seergemaak het, dat mens gewoon nie net daarvoor kan hardloop nie. Jy kan dit ook nie aanspreek nie, want as jy dit aanspreek, word dit rieël, dit word werklik, en hulle gaan nie versoen nie, hulle gaan nie mekaar “hug” nie. So nou moet jy ‘n manier kry om aan elkeen ‘n plekke in die gemeente te bied, sy ding doen, maar hulle moet mekaar nie raakloop nie. Dit klink nie ideaal nie, maar dis al hoe hulle op die oomblik kan versoen. Ek vind die erediens is ‘n kragtige plek, kyk daar is nie eintlik ‘n ander forum, of ‘n ander ruimte in die samelewing waar jy mense bymekaar kan uitbring, soos wat jy mense by die kerk bymekaar uitbring nie. Waar jy op waardes kan beroep wat groter is as mense nie, waardes soos vergifnis. In die res van die wêreld is jy ‘n liggaam en jy probeer soveel moontlik voordeel vir jouself bewerk, maar in die kerk kan jy sê ek is meer as my liggaam, ek kan vergewe, ek kan glo, ek kan dinge doen wat ek nie net as ‘n liggaamlike mens kan doen nie. Ek kan sterker wees as my weersin in ‘n ander ou, al daardie waardes is goed wat jy in die kerk kan vier. Die mense buitekant, die een ou wil nou nie eers ‘n dominee daar hê nie, omdat hy geld by die kerk gesteel het, en ek het dit agtergekom, so wat moet ek nou maak? Maar ek gaan nou maar nog sy kind wat verlam is van drugs, besoek in die hospitaal – dis my manier om uit te reik. Maar ja, soos ek sê die kerk, die erediens is ‘n plek waar jy kan uitreik na mense toe, soos daar nie ander plekke is nie, maar dit is nie eenvoudig nie. Jy kan nie net deur te sê Jesus wil graag hê dat julle versoen, en nou is almal versoen nie. Ek het baie dinge gedoen, ek het eers besluit kom ons kies ‘n nuwe kerkraad, toe was daar soveel onmin en toe besluit ons om gemeentevergaderings te hou, dan wil mense nie praat nie, hulle sit almal daar, en wanneer een iets sê, dan dagvaar die ander een hom. So dit het ook nie gewerk nie. Nou gaan doen ek maar huisbesoek,

ek weet ook nie of dit sal werk nie, maar wat ek maar doen is om deur die preke dit as 'n algemene waarde neer te lê.

SvdM: Wat is Prof. se teologiese verstaan van versoening?

C: My teologiese verstaan van versoening hang af, van hoe jy versoening verstaan, een verstaan is eenwording, en dan het dit te make om jou identiteit binne dit te behou, om respek te hê vir ander. As jy versoening verstaan as vergifnis, dan sou ek sê regverdige vergifnis. Alhoewel Jesus daar waar Hy aan die kruis sê Hy vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie, so dis 'n onvoorwaardelike vergifnis, maar ek sou meer 'n "just forgiveness", 'n regverdige vergifnis voorstaan. Ek sou nie sê mens moet maar versoen ten koste van alles nie, ek sou voel dat jy mekaar in die middel ontmoet, soos die Zulu-spreekwoord van vroeër. "An invitation to responsibility" waar jy onderneem om dit nie weer te doen nie. Dit help nie nou gaan die kerke versoen en eenword, en die een gaan maar net aan soos wat hy altyd aangegaan het, sien neer op die ander een, wil nie regtig verander nie, wil nie deel nie, wil nie sy rykdom deel nie. Daardie tipe versoening help niks nie.

SvdM: Kan Prof. aan momente in die erediens dink wat help om versoening te verstaan en ook uit te leef? En dan ook die teenvraag: Is daar momente in die erediens wat versoening moeilik maak om te verstaan en uit te leef?

C: Wat ons nogal doen wat 'n baie interessante ding in ons gemeente is, die liturgie moet nie verander nie, die bruinmense is baie konserwatief oor hulle liturgie, dit moet nie verander nie, dit moet net so bly. Ek het nou baie keer die kinders laat deelneem aan die liturgie, as ek 'n preek het met sewe punte, sal hulle dit wys, hulle kan kommentaar daarop lewer, of hulle sal dit bou met blokkies, waar die grootmense reken dat hulle daar eenkant moet stilsit. As die kinders daar voor is, waar veral die ouers nie van mekaar hou nie, het dit hulle nogals nader aan mekaar gebring. Die ander interessante ding, ons dra mos nou nie uniform nie, soos in die swart gemeentes nie, dis nou die CWM, die Christian Womens Ministry, die bruinker wil nie die uniform aantrek nie, toe het ons nou 'n tak van die CWM gestig, en tot my verstomming toe sê die vroue hulle gaan die uniform dra, hulle het vir hulle die uniforms laat maak, en dis vir hulle baie moeilik om die geld uit te haal, want hulle het regtig nie daardie geld nie, en toe het die swartvroue gekom en vir die "robing" van die klere, en die ring het gekom en die swartvroue het hulle geklee en nou soek hulle net 'n geleentheid om daardie uniform te dra. En toe sê hulle, as hulle nou na 'n ringsgeleentheid gaan waar daar swartvroue sit, dan voel hulle tuis, hulle lyk dieselfde en die vroue eer hulle daarvoor. So, dit was nogals 'n groot nader beweeg aan mekaar. Verder probeer ek maar alles deur die prediking te doen, want dis eintlik al waartoe ek toegang het. In ons kerk hou die mense maar van hulle liturgieë, die witkerk is vir hulle te vormloos, het nie uniforms nie, het nie liturgieë nie.

SvdM: Wat is Prof. se verstaan van die liturgie en die erediens?

C: By ons is die liturgie baie vas, baie vas, baie baie vas, dit is wel 'n ruimte wat ek bietjie probeer verskuif, maar hulle wil daardie tyd dit sê en daardie tyd dat. Net om die Belhar belydenis in te voer was moeilik, in ons eie kerk, om die Belhar belydenis in te voer, omdat hulle gewoon is aan die Apostoliese belydenis. So hulle sukkel om liturgiese verskuiwings te maak, en eintlik die witmense ook maar, hulle

maak maar of hulle nie omgee nie. So vir ons is liturgie nog baie belangrik, en dis nog baie gestilleerd.

SvdM: Kan Prof. vinnig vir my die elemente noem soos wat dit op 'n Sondagoggend plaasvind?

C: Kyk, dis redelik voorgeskryf in ons liturgiese handboek. Ek het 'n seëngroet wat ek uitspreek, toe is die een ou baie kwaad, hy sê dit kom nie uit die Bybel uit nie, dis 'n ou Ierse seëngroet. Nee, dit moet 'n stuk uit die Bybel wees. Toe was daar nou 'n vreeslike bohaai.

So, jy groet hulle eers, die seëngroet, dan die geloofsbelydenis met 'n lied, wat hulle spontaan sing, dan is dit die wet, en 'n lied wat hulle spontaan sing, ek gebruik somer die lied ook as 'n vryspraak. Direk na die votum en die seëngroet, het jy eers 'n loflied. Ons het hierdie jaar ook 'n feesvierliturgie omdat ons 25 jaar oud is. Hulle moet die Belhar belydenis aflees, want hulle ken hom nie, as ons net spontaan is, dan doen ons die Apostoliese geloofsbelydenis. Dan bid jy, dan preek jy. Ons doen die afkondigings heel eerste, dan neem ons die kollekte op en tel dit voor die mense, dan kondig hulle dit aan en sing weer 'n lied, "My al is op die altaar",

SvdM: O, so die bedrag wat ingesamel is....

C: Dit is maar dieselfde in die swartkerk ook gewees, maar hulle het vertaal wanneer ek gepreek het, die preek is baie belangrik, die preek is baie belangrik. Dan sing hulle weer 'n lied, dan spreek jy die seën uit en dan staan ek by die deur en skud hulle hand en dan het ons so 'n ding waar jy R5.00 kan gooi en dit is maar die diens. Ek probeer maar met Nagmaaldienste bietjie variasie inbring. So dit is maar hoe die liturgie is, dit is maar die gewone ene.

SvdM: Is daar elemente in die erediens wat versoening bevorder? En dan elemente wat die teendeel bewerk?

C: Kyk met die Belhar dink ek gaan baie – as ek nou in 'n wit gemeente is sal ek nou nie die Belhar doen nie, terwyl ek eintlik moet, want dit gaan die mense kwaad maak – so dan doen ek nie Belhar nie. Belhar skei mense redelik. Ek is net nie lus vir die liturgie as "battle ground" nie, so ek sal nie die liturgie gebruik om mense kwaad te maak nie, ek sal die preek gebruik om oor versoening te preek. Die mense sukkel eintlik met die Belhar belydenis. Maar versoening, miskien moet ons tog maar 'n ander woord daarvoor kry, soos samewerking, of "shifting identities", versoening is vir my 'n woord waarmee ons bietjie klaar mee is.

SvdM: Ek dink dit is 'n konsep wat baie "baggage" het.

C: Baie "baggage". As jy versoening sê, dan dink jy half klaar aan dis soos feminisme, as hulle daardie woord hoor, dan slaan hulle ore toe. Hulle wil nie meer daardie woorde hoor nie. Ons sal 'n meer positiewe woord moet kry soos samewerking, of "sharing", versoening is mededeelsaamheid, is deelsaamheid, so iets...

1. Semi-structured in-depth interview with Medenavorser D on 6th of May 2019 at the office of Medenavorser D

Here follows a written report of the oral semi-structured in-depth interview with Medenavorser D, as it happened on 6th of May 2019:

I introduced myself and thanked him for his participation and for meeting in his office. I shortly explained the research, together with the research question and goals of the study. We read the Informed Consent together, to give permission to participate. I just explained that the interview will be recorded, and that the study will be anonymous. Medenavorser D signed the form and the interview commenced.

SvdM: The first question I would like to ask is regarding the bigger picture in South Africa, in terms of reconciliation. In Prof's view, what is going on in South Africa in terms of reconciliation in the broad spectrum?

D: One and of course my answers in this is informed by the movements that I have in my circles, so the subject of reconciliation I mean a better way to respond to the question would be to say let us juxtapose this conversation post 1994 where there was much talk about the rainbow nation and us at having surprised the world with how we just became this new South Africa. So today there is not even talk about reconciliation as far as I am concerned, and if you look at public discourses, precisely because of issues that in my opinion should have been taken care of they it didn't happen then and as a result in now a day they are popping up again.

SvdM: Okay

D: very emotive issues like land, the continued disparities between those who have and those that don't have and those are the things that make any topic of reconciliation not a tangible one, at least for the people feeling that the liberation project didn't deliver the fruits that they thought would come with that. So, there is a great sense of despondency on what happened in the past and that struggles did not yield the required fruits today. So, reconciliation is not in my opinion a phrase that is very embraced today in certain circles and also in certain church circles I dare say.

I mean you would know that the United Reformed church which is my church, and the NG Kerk has got a very strange relationship dating back, way back, and one of the things that has always been over emphasized has been the issues of unity without seeing how does the issues of reconciliation and justice for instance, how are this address? Even the Belhar confession mention this but there is much more emphasis on unity and not much is said to the questions of justice and reconciliation so it becomes something that is very cosmetic and people don't really think that it is something that gets to the heart because it is just that is meant to make people feel good for a little bit and then after that they will go to their different spaces and it will be as if nothing happened.

SVDM: Okay, why is that the case?

D: So, my sense is we are having this case because in my opinion what we have today in democratic South Africa is this negotiated settlement that look at certain other things that those who were involved in the negotiations thought unnecessary but they didn't go down to the grassroots, they didn't go down to the communities xxx and as a result it was not owned by communities. So those that haven't done those necessary steps then the result now is that we are having some of these challenges and how to do that means that both parties that are going to be reconciled must understand, you know, why it is necessary for them to be reconciled. It is one thing for us to say let us reconcile but we also need Why? What happened for us to reconcile? What happened for us to be estranged? And how do we address that reconciliation is not a cheap one, it is an expensive one, but it is deep.

SvdM: And it is true, it is not just something on paper...

D: It is not a tick box of exercise, something that really speaks to the heart.

SvdM: Prof. mentioned some of the issues that makes this reconciliation difficult: land, is there any other?

D: Of course. Remember the issues of reconciliation like I said, are things that must start with an acknowledgement with what has happened. The issues of land are very emotive things, it is an emotive thing because not only does it define the identity of the person the belonging of the person. For instance, if you have land that is where you get to be buried, that is where your children are born, that is where your children's umbilical cords are buried. You get to have a relationship with land, especially in an African's ways of looking at that. But also, the land has issues of the minerals that are in the land, you understand, land is not only a piece of land it is a number of things, the economy, a spiritual reason and so on and so forth, that is why it is a very emotive matter.

And the other issues, issues like, and for me land is something that also it is sort of, it envelopes the issues of the economy, the economy, issues of identity, you know, race issues for instance, and so on and so forth. And relationships that never encouraged, you know, we have a history where we don't encourage a relationship between blacks and whites. We got to hear of each other through third people or whatever perceptions that we have of the other, but to really have a relationship that you would have. A black person with a white person is not something that has been encouraged.

I mean if you look in this country for instance, I always, when I look at bi-racial relationships, it is still a strange thing in this country. I mean, and I don't know because we have moved on but it is still a very strange thing to see a black and a white couple, if you go to Amsterdam for instance which is a totally different thing, in fact something might be wrong with you if you are not in that kind of relationship, and it speaks to you deep, you know how deep apartheid was that it is still living on, even though the chains are taken off from us, we are still, the easiest way to go to the default position on how we were socialized and perpetuate so apartheid has been something that really hurt both black and white people in this country in that it prevented them from opportunities to getting to know one another for who they are.

So we can still think about many other issues but, also the issues of relationships, heterosexual and homosexual relationships, are things that are coming out now, but these are also things, I mean I had

colleagues when I was studying who said to me, You know D, I hear you are talking about race things but you know in the NG Kerk background where I came from to be white and gay is even a bigger problem.

But because we were prevented to get to know each other for who we are, you assume that one black and one white is like that and that they don't have other issues, yours is the only problem. Of course, we can have degrees of that and also, we want to avoid the thing of the contest of who is the biggest victim. Somethings when we don't have genuine conversation it ends up being a contest where everyone wants to be the biggest victim. But the fact of the matter is that we have been prevented to get to know each other for who we really are as human beings. And the rest could follow. And reconciliation for me if it does not touch the heart, I mean I disagree with my wife and my children but I don't say you are no longer my wife and my children because we disagree, so we are going to have disagreements but it should not be once that says because we disagree on an issue we are no more speaking to on another, we are no longer having a relationship.

And I also know the many reason why people prefer to have boundaries is because if you have a relationship with a person you are sometimes, if it is a relationship that you have valued you have to check how you relate to one another, how you treat that person. I used to have this neighbour, that brought property in Pretoria North, and I had deliberately not wanted to become, have a relationship with my neighbours, so if I want to play loud music, no one can come tell me your music is loud. Cause how do you if you have a relationship but if we have a relationship then you have to be considerate sometimes. So sometimes people don't want to have a relationship because they don't want to consider the other. I don't want to be in a position where if I am a logical and rational person to think for the other as well. And that is where you have demagogues who mess up situations and keep people in their spaces and say you belong here, you belong there and perpetuate like this evil of our past.

I talk a lot now.

D: so that for me any reconciliation must start with an admission of where we are to reconcile. And the one that we are frank with one another and being frank does not mean you have to be rude. This is one thing that people sort of miss that point. Being frank, being honest, being straight to the point does not mean you need to be rude. I think I am meeting where some of this is happening, yes okay Suzanne.

SvdM: What are the biggest obstacles? I think Prof. mentioned a couple of them in the road to reconciliations, are there any other obstacles?

D: I think issues of culture, the problem with multiculturalism is that is **xxx** the space where all the cultures are given life, they are all allowed to exist but in most cases it is not really true, it is just a tick box exercise, you know you have a special day where different people come with their traditional dress and they cook food and then they go back. Culture means that you allow someone into a particular setup so that you can understand why is it that certain people react in particular ways to certain things. There are certain words that we would mention and base on the cultures that we come from we would react differently to that. We need to really try to understand what does it mean to try be in someone else's skin which is not what we do when we have that cultural day. And which is also not what we want to do

because also in all relationships there is always a risk, a risk that this person might not give back in this relationship. Or that this person rejects me and some people because they can't deal with rejection tend to just decide to not participate in relationships anymore.

There was one time with a colleague of mine, XXX, we were student together in Stellenbosch, I was a few classes in front of him but we stayed in the same residence. So we would hang out weekends, and once we visited Hillbrow as a group of, you know they have this ecumenical tour, tried to expose people to the different cultures and we came very close because we realize that there are issues with that to raise relations, that is we really want to speak to our communities we need one another. There are certain things that a white person would say, a white contact that I was not able to say so we would need one another, but he got very disturbed where we got into a context xx and for the first time in a sea of black people as a white person, to stand out and the kinds of thing that black people you know their frustrations about white people.

dis ongelooflik. Dis ryk. In die erediens gaan dit ook oor die volgende drie goed: “divine promise”, “reframing reality” en “rehearsing that reality” en dit speel af in die liturgie en dit speel ook af in die lewe.

SvdM: My kritiese vraag oor die erediens soos wat dit huidiglik in die NG Kerk gevier word is, word die bande versterk bloot net versterk? En oefen ons bloot net die huidige realiteit al hoe dieper in? En dis vir my problematies.

E: Die kerk in daardie opsig is juis deel van die probleem, soos ek reeds vroeër gesê het. Teologie is eintlik sy eie grootste vyand. Met ander woorde ons ritualiseer ons kennis, tereg, maar ons ritualiseer en oefen onself in, in verkeerde gewoontes. Dat ons eie identiteit, en ons eie indentiteitspolitiek, “ons” en “hulle” – dis ontsettend problematies... Ons hou onself besig met ons “eie” tipe vrae, dis vrae van Afrikaner identiteitspolitiek, Afrikaner identiteitspolitiek kan nooit die vrae wees waarmee die kerk haarself besig hou nie. My primêre identiteit is my “baptismal identity”, dat ek gedoop is en aan Jesus Christus behoort, dan vervaag al daardie ander goed. Ek sê nie dat dit nie belangrik is nie, ek sê net dat dit nie meer primêr is nie. En dan moet al die rituele, die taal wat ons gebruik anders wees, en dan moet dit ons begin pla dat ons lyk soos wat ons lyk. Maar dit pla ons nie.

SvdM: Ek dink mense hou daarvan...

E: Hulle “love” dit. Dit is in skole ook so. Ek bly in die hartland van hierdie problematiek. Dis baie mooi daar by ons. My seuns, hulle wil glad nie rugby speel nie, dit is nie volhoubaar nie. Hulle wil sokker speel, maar die skool sê net nee. Maar die subteks die heelyd is as ons sokker ‘n sport maak in hierdie skool, dan sê ek ja vir mense wat hou van sokker en wie in ons land hou van sokker? En eweskielik is Afrikaans, witheid onder bedreiging en ons moet dit beskerm, so sokker sal dit nie kan wees nie. So eintlik marginaliseer ons onself net al hoe verder, ons ontnem ons van ander mense in ons kerke, in ons skole en dis sleg.

SvdM: Waarom gebeur dit in die erediens?

E: Vir my is die erediens eintlik die lewe gekonsentreerd, wat daar uitspeel. Wat vir my mooi is van eredienste is, van die begin tot die einde, is regtig die lewe self. Dit wat mens werklik nodig het om te kan staan, kan leef, basiese goed speel heelyd in die erediens uit. Ek hou baie van James K.A. Smith wat praat van die sosiale verbeelding wat uitspeel in die liturgiese elemente, dit is vir my mooi. Ek kan daarmee totaal identifiseer. Enersyds is dit sleg as die teendeel plaasvind, die sosiale verbeelding van daardie liturgie is ‘n wrede ou wêreld, wat eintlik lankal oorwin is, maar ons hou dit in stand. Ek wil graag die liturgie sien as ‘n venster op die hemel, as hierdie “thin” lyn waarop ons nou verkeer, ‘n beeld van die toekoms. Die erediens is ‘n eskatologiese gebeurtenis, dis op die 8ste dag, ek “love” daardie gedagte, dis altyd wat ek glo hoe ons daarna moet hunker. En dis basies die epiklesis van die erediens, kom Heilige Gees raak ons, lei ons, sodat ons kan sien hoe die lewe self is. So erediens vir my is die lewe in die klein, van votum tot seëngroet. Dit is letterlik om mense te onthaal, te groet, die sleutel van “hospitality” gasvryheid, hoe jy met mense omgaan, verhoudings, gemeenskappe vorm, die openhartige gesprekke wat ons met mekaar het, tot waar ons uiteindelik saam eet, die nagereg, waar ons mekaar groet, begin gereed maak om te gaan doen wat in die week vir ons wag. Dis die lewe. Dit het alles afgespeel in daardie 60 minute.

SvdM: Is die verhoudings wat ons het “real”? Is die gesprekke wat ons voer so openhartig?

E: Nee, maar dit kan wees. Dit is hoekom ek sê ons moet eerlik wees, dit hang alles saam met naaktheid, broosheid. Wat my so vies maak is dat daardie piëtisme inskop, in die verlede was dit die kanseltaal, nou is dit nie meer daar nie, dit was hierdie tipe van wêreld vreemdheid, verwyderd van die realiteit en hier moet eintlik ‘n rou realisme wees wat ons kommunikeer. Die Bybel self is so, ons moet dit net begin lees en ons moet waak daarteen om dit te vinnig te wil vergeestelik, te allegoriseer, te romantiseer of te moraliseer – dit werk nie, ons werk met rou materiaal en dit beteken dat ons almal met bagasie na die teks toe kom, maar ten minste is een ding waar en dit is dat die teks “real” is. Laat ons aanbidding ook “real” wees, vertaal dit met menslikheid, die “human condition” in sy totale skakerings moet homself totaal hierin kan uitspeel, die dieptes van ons verlorenheid.

SvdM: Dink jy versoening en die erediens het enige iets met mekaar te make?

E: Dit het alles met mekaar te make.

SvdM: In watter opsigte?

E: Die blote feit dat mense hier bymekaar kom, die blote feit van aanbidding is opsig self al ‘n uitbeelding van die versoening. Nog voor iets gebeur, bloot hoe dit plaasvind, die seëngroet, die goed wat ons teenoor mekaar kan bely, dat ons eerlik is, ek meen ek hoef dit nie meer te steek nie, ek ontvang genade, genade is nie dat ek nou loskom van my sonde nie, genade ontvang is dat ek nou krag het, moed het om die goed te kan sê, dat ek gesensitiseer word om die goed eerlik te kan wees, dis alreeds genade, dink ek. Om nie te vrees nie, om nie weg te steek nie, maar om eerlik te kan praat, so “confession” en die belangrikheid van “confession”, baie keer is daar nie eers “confession” nie, ons weet baie keer nie wat om daarmee te maak nie, ons weet nie hoe om om te gaan met die menslike toestand nie. Dan is daar ook vrypraak, waar ons vry van dit word, “passing of the peace”, die vredesgroet... Elkeen van die liturgiese momente spreek versoening, spreek versoening, spreek versoening... Dit wys kante, gestaltes, interpretasies van versoening. Daar is so baie potensiaal in die liturgie om versoening uit te skree, uit te beeld. Ons almal staan in dieselfde ry by die tafel, verskillende klasse, rasse, en daar is niks wat ons bring nie, ons ontvang net. So die ekonomie wat afspeel by die tafel dit stimuleer die ekonomiese verbeelding, vir my eie private huishouding, maar ook vir die samelewing.

SvdM: Dink jy daar is momente in die erediens wat jou help om versoening te verstaan en ook uit te leef?

E: Al die liturgiese elemente wat daar is, het betekenis vir die liturgie van die lewe, liturgie self is ook die lewe. Al die liturgiese elemente vind ek betekenisvol vir die lewe self, sosiaal en interpersoonlik. Die blote bymekaar kom tydens die “gathering” spreek van ‘n gemeenskap wat bymekaar kom. Prediking is om heeltyd te “re-narrate” die storie van die Skrif herskryf ons eie verhaal, so ons dink anders, daar is ander logika, daar is ‘n ander begin en ‘n ander einde, so hierdie storie word my storie en skryf my storie. Dit is nie meer vir my ‘n storie nie dit word my werklikheid. Die tafel, ja, daar is ‘n alternatiewe ekonomie wat daar uitspeel, ander tipe geregtigheid wat daar beliggaam word, ander vorm van eenheid,

en uiteraard ook die versoeningsmaaltyd. Die uitsending, wat is die goed wat ons werklik met die uitsending moet sê? Nie niksseggende of stupid goed nie, daar is goed wat belangrik is om te sê, hoe kommunikeer ons dit?

SvdM: Dink jy daar is momente in die erediens wat versoening inperk of moeilik maak om te verstaan en uit te leef?

E: Met ander woorde as ek dink aan al die klassieke goeters, aankondigings, dit is in diens van versoening, die dankoffers wat ons gee is in diens van versoening en geregtigheid vir die groter gemeenskap. Daar is niks waaraan ek kan dink wat versoening vir my moeilik maak in die liturgie nie. Help my ASB! Wat mis ek?

SvdM: Dit is “great” om te hoor dat daar die droom en die hoop is dat al daardie momente versoening beliggaam.

E: Ja, inderdaad is dit so dat party van hierdie liturgiese momente so verkeerd ingeoefen is, dat dit so verdraai geraak het.

SvdM: Enige verdere opmerkings oor versoening en eredienste in Suid-Afrika?

E: Die groter gewaarwording waarvan ek bewus geword het die laaste tyd in my eie kop is dat, wat eredienste vir versoening kan doen, is nie eers wat daarna gebeur nie, maar is die erediens self. Dit begin in die erediens, en dit eindig by die erediens. Daarvan word ons uitgestuur, en daarheen keer ons elke keer weer terug, om weer daarvan te drink, om weer saam te wees... Dan raak versoening, nie meer net iets wat ‘n mens primêr doen nie. Ja, mens doen dit ook, maar dis die tweede versie. Die eerste versie is, dit is ‘n versoende werklikheid, dit gaan oor wie ons ten diepste is. My heel laaste opmerking oor die erediens is, dat die NG Kerk ver gevorder het met betrekking tot liturgiese vernuwing, maar niks daarvan spreek “core issues” aan nie.

1. Semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser F op 17 Mei 2019 op kantoor van Medenavorser F

Hier volg 'n skriftelike weergawe van die mondelingse semigestruktureerde indiepteonderhoud met Medenavorser F, soos dit op 17 Mei 2019 plaasgevind het:

Ek het Medenavorser F met opregtheid bedank vir haar deelname aan die studie en dat ons haar kantoor kon gebruik vir die ontmoeting. Ek het kortliks vir Medenavorser F 'n kort opsomming van die studie geskets, met die navorsingsvraag, asook die doelstellings van die studie. Ek het saam met haar die vorm gelees waar sy toestemming verleen om aan die studie deel te neem. Ek het benadruk, dat ek die onderhoud op band gaan opneem, en ook dat die studie anoniem is. Medenavorser F het die vorm geteken en daarna het die onderhoud begin.

SvdM: Kom ons gesels oor die breë Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot versoening... Wat dink jy gaan vandag aan in SA met betrekking tot versoening?

F: Ek dink dit verskil van kontekste, ek dink die stad gaan vir jou een storie sê en die platteland gaan vir jou heel iets anders sê. Ek kom uit 'n konteks uit waar ons omtrent so 5 000 inwoners in 'n dorp is, so ons ken mekaar baie goed. Om vir jou 'n idee te gee, omtrent so 2 jaar terug was ons in die ergste wurggreep van droogte wat ek al in my lewe beleef het, die diere het letterlik gevrek. En ons het op 'n stadium besluit om 'n gesamentlike biduur te hou, soos in die totale gemeenskap was daar, wit, swart, pienk, pers, almal was daar. Ek het die oggend die diens gedoen in Engels, Afrikaans, omdat daar mense in die diens was wat nie Afrikaanssprekend is nie. Ek het uit elke gemeenskap gevra dat mense moet bid, die "total community" was in my kop gewees. En daar het die oggend die interessantse ding in die erediens gebeur, baie van die swart mense wat in die kerk was ken die boere, hulle koop maar hulle skaap en goed by die boere en hulle verstaan ook die rol wat die boere speel binne die gemeenskap. En in plaas daarvan dat hulle bid vir reën, begin hulle bid en vra vir God om moed vir hierdie boere te gee, sodat hulle nie moedeloos raak nie. Die een na die ander het dit meer belangrik geag om te sê: "Here, gee hulle net krag, gee hulle net moed, want ons is afhanklik vir ons kos van hulle, ons is afhanklik van die mense wat werk op die plase." So op 'n ongelooflike manier het ek daardie oggend versoening beleef, 'n pastorale ding wat daar in die kerk gebeur het, van swart mense wat raak sien dat boere swaar kry, en ons is bekommerd oor julle. Die boere sit daar en hulle begin hierdie gebede hoor en almal begin uitstap, nadat die erediens klaar is, toe bly die boere letterlik in die banke sit waar hulle is en daardie groot mans sit en huil, want niemand het nog op so 'n manier gebid vir hulle om moed te hou nie. By ons leef ons baie nader aan mekaar, so versoening is iets wat op 'n daaglikse basis gebeur. Mense in die gemeenskap, soos onderwysers, polisiebeamptes, personeel van die staatsdiens, speel 'n ongelooflike belangrike rol om verhoudings te bou, goeie verhoudings in stand te hou, versoenend te wees. Toe ons nou ons munisipale staking gehad het, het werkers gestaak, omdat hulle pensioengeld en medies nie aan die diensverskaffers oorgedra is nie, het nie een mens in daardie dorp gesê ons is teen die staking nie. Wat wel gebeur het, is dat hulle vir die stakers gesê het, ons "support" 100% hierdie staking van julle, ons gaan nie verwag van julle om te werk nie en die gemeenskap het letterlik self begin om die dorp skoon te maak. So by ons leef versoening in

verhoudings en ons kan dit in verhoudings laat leef, omdat ons mekaar ken, ons kom in mekaar se huise, ons kom in mekaar se woonbuurte. Een van die laerskoolonderwysers is laas week oorlede, blanke man, wat gesterf het van pankreaskanker, en het 20 jaar lank in die bruin woongebied skool gehou. Die NG Kerk kan so 1 000 mense “seat”, daardie oggend het hulle in die gangetjies gesit en hulle het kom afskeid neem en die NG gemeente het vir al daardie mense kos gegee op ‘n kultuur vriendelike manier ook. Hulle het gesê kom ons dink hoe lyk dit by ‘n swart en ‘n bruin begrafnis, kom ons bied die kos op so ‘n manier aan. So versoening het so ver gegaan dat daar gesê is ons los die koekies en broodjies, kom ons doen dit, want dis ons kuiergaste, ons is gasvry en ons neem op so ‘n manier afskeid. Meer as een keer weet ek van mense wat besoek bring by ‘n sieke van ‘n ander gemeenskap. Dit is ongelooflik om te sien hoe mense by daardie man se huis ingeloopt het. Die bruingemeenskap het een Sondag gevra of ons kan besoek bring by hom, en een van die vrouens wat saam met my gery het, stap so by hom in die kamer in en sê vir hom, weet jy, jy mag dit dalk nie onthou nie, maar ek was jou kinderoppasser gewees. Vandat jy so groot was, klein-klein, het ek jou versorg en sy het daardie oggend die meeste gehuil oor hierdie kind wat sy versorg het, wat besig is om te sterf. So dit is die tipe van verhouding wat ons het. So ek dink ek is gelukkig dat ek in ‘n beter konteks leef as op ander plekke. Maar ek dink dit het daarmee te doen dat ons gelowige mense is wat saam bid en saam soek na antwoorde.

SvdM: Hoe lank bly jy al in hierdie dorp?

F: Ek is X jaar in hierdie dorp, en ek moet sê X jaar gelede was dit nie so gewees soos dit vandag is nie. Dit het baie te doen met die feit dat ek tussen gemeenskappe beweeg, ek bedien nie net die NG kerk nie, ek bedien ook die VGKSA. En omdat ek ook die VGKSA bedien, kom ek baie in die swart woonbuurt, want baie van die VGKSA lidmate woon daar. Saterdag hou ek begrafnisse, soos wat enige ander swart dominee dit sou doen. So ek kom in die huise, ek kom in die townships in. Ek het vroeg in my lewe besluit indien ek op ‘n Sondag teks A preek in een gemeente, dan preek ek dit in die tweede gemeente ook. So dit is nie aparte boodskappe wat mense hoor nie, ek probeer in terme van liturgie en prediking en wat ek dink gesê behoort te word, konstant bly. En ek dink dit maak dit vir mense in die week makliker, al sit hulle in twee verskillende kerke, hulle praat tog met mekaar oor wat hulle Sondag gehoor het, so hulle hoor dieselfde ding, en ek dink tog dit maak by ons ‘n verskil. Ek “engage” graag ook met albei kerkrade oor wat gepreek moet word en ek dink dit help baie. Dit help baie om versoening te leef. In die droogte het van die boere selfs besluit om met minder klaar te kom, om hulle werkers in diens te hou. Waar op baie ander plekke die boere hulle werkers laat gaan het, het hierdie ouens eerder hulleself te kort gedoen. Dis meer van ‘n “communal living”, en dit maak dat die verhoudings anders lyk.

SvdM: Waarom gebeur dit in hierdie gemeenskap en dalk nie in die res van Suid-Afrika nie?

F: Ek dink dit het baie te doen met mense wat keuses uitgeoefen het na 1994. Een van die sleutelinsidente wat ‘n mens moet in ag neem, is die skool, die hoërskool spesifiek, was ‘n blanke model C skool gewees. En toe na '94 het hulle toe ‘n gemengde opset geraak en wat gebeur het, is dat die ver regse groepering hulle kinders verwyder het en toe raak dit eintlik ‘n swart en bruin skool. Die blanke

onderwysers wat by die ou model C skool was, het besluit hulle bly waar hulle is, hulle “teach” waar hulle is, met die gevolg dat hulle baie woede van die ver regse groep op hulle lywe gehad het. Daar was ‘n tyd wat hulle nie gegroet was in die dorp nie, hulle was letterlik uitgedruk gewees. Daardie mense het bly vasstaan. Die skoolhoof het ook almal gedwing en gesê julle groet hulle almal en daardie groep mense het ‘n ongelooflike skatkis van kruis-kulturele waardes en hoe om te werk vir ons opgebou. En op ‘n manier nadat die woede van die ver regsies tot bedaring gekom het, het hierdie mense ‘n al hoe groter rol begin speel in leierskap, want hulle was die ouens wat kon vertaal wat sê ‘n swart mens vir ‘n wit mens en ‘n wit mens eintlik vir ‘n swart mens. As jy nou oor Victor Turner se goed gaan dink, dan praat hy van die mense in die middel, dan van die randfigure en dan van “liminality” die ouens wat in die “threshold” staan. En daardie ouens en vrouens het letterlik in die “thresholds” gestaan en letterlik brûe tussen kulture geword en op so ‘n manier mense weer bymekaar gebring. Wat natuurlik baie interessant was, is die personeel wat natuurlik oorgebly het, wat bly skoolhou het se mans was boere, van die vrouens, hulle mans was boere, en jy weet die boere het met gevolg betrokke by die skool gebly via hulle vroue. Dis ‘n baie belangrike element van hoekom dit so is. Ek dink die prediking en die feit dat ons dit op so ‘n manier hanteer, dit het ook daarmee te doen. So tien jaar gelede het ons gesit met ‘n situasie waar ‘n kleuterskool “gecondemn” was, “it was not fit for children”, en hulle het die plek toegemaak, en ons het gesit met 40 Vigswees wat ons nie geweet het waar ons hulle gaan versorg nie. Toe het ek vir die NGK se lidmate gesê, dis wat gebeur het met die kleuterskool, ons het nie geld nie, is daar nie van julle wat iets vir ons wil skenk nie. Van die Sondag tot die volgende Vrydag wat ons met die projek begin het, het ek letterlik al die bakstene, al die sement, alles gekry. Van die boer wat my laat kom en sê het jy nie dit nodig nie, ek kan dit en dat gee. Ons het die goed gekry, ons was 3 wit vroue in ‘n swart gemeenskap wat begin bou het. So wat gebeur het is, ‘n boer kom laai iets af op die bou terrein, nou sien hy ek, die dominee, staan daar in die son, en in daardie oomblik begin hy daar werk. Dan ‘n rukkie later soek sy vrou hom... So, ek dink die kleuterskool het ‘n ongelooflike brug geword waar mense langs mekaar in die Desember gestaan het, almal vrywillig, bruin, wit en swart en gebou het. Vrouens wat begin raak sien het wat die toestand van die kinders in was en wat weer op so ‘n manier by die nood van die kleuterskool betrokke geraak het. Toe ons die kleuterskool oopgemaak het, was dit ten volle gemeubeleer gewees, met alles wat nodig was, en van die blanke vroue is tot vandag toe nog betrokke. Hulle doen kunswaardering, taal, dis “connections” wat op ‘n natuurlike manier gebeur het. Hoekom dit so lyk? Is omdat ons “plain” weg in mekaar se spasies in beweeg het. En met mekaar praat natuurlik.

SvdM: Wat is die grootste struikelblokke (indien enige) in die pad van versoening in Suid-Afrika in 2020?

F: Rassisme. Rassisme is ‘n verskriklike ding. Rassisme is gewortel in die vrees, kom ek sê dit eerder so om, rassisme het te doen met iemand se verskriklike klein selfbeeld. As jy gemaklik is met wie jyself is, met jouself as mens, dan is dit baie moeiliker om ‘n rassis te wees. Rassisme het met mense te doen wat êrens binne hulleself baie klein is. Ek het nog so 4 of 5 gesinne wat verskriklik rassisties is, dit is aanmekaar ‘n stryd. As ons hier iets saam doen, dan skop hulle eers soveel stof op as moontlik. Maar ons het al begin om te sê dit is ‘n storm in ‘n teekoppie, hulle moet maar hulle vloermoer gooi en as hulle wil loop, moet hulle loop, hulle kom maar net weer terug. Ons laat ons nie meer boelie en intimideer

nie. Maar rassisme is vir versoening 'n groot probleem. Die ander ding wat ek natuurlik dink is klassisme. Ek is in 'n hoër klas as jy en daarom meng ek nie met jou nie, of ek het meer geleerdheid as jy wat ongeletterd is, dit bring ook maar skuiwe en grense en klowe en daardie tipe van ding. So in daardie opsigte is rassisme en klassisme struikelblokke. En ek dink "plain" net 'n onbegrip vir mekaar se kulture. As jy iemand het wat kultuur vir mense kan vertaal, kan jy verskriklik ver kom. Byvoorbeeld 'n begrafnis in die wit woonbuurt, dan werk dit so dat almal voor die tyd sit en die die familie stap laaste in, dit word eintlik as slegte maniere beskou as jy in-en-uit-loop en rondloop. In die swart gemeenskap, stap die familie saam met almal in, dis heel orraait om in en uit te loop, dis nie slegte maniere nie. Maar as jy nou hierdie twee langs mekaar sit en jy is by die een of by die ander een, dan het jy probleme. Die swart gemeenskap moet jy jou hande gaan was na die tyd, wit mense gaan kerk toe, maar nie altyd graf toe nie, en gaan ook nie altyd eet na die tyd nie. Dit word in die swart gemeenskap as ongelooflike slegte maniere beskou, want 'n begrafnis is eers klaar as jy geëet het. Wanneer jy hierdie goed vir mense begin vertaal en sê, te interpreteer en dit vir mekaar te leer, as jy nie dit het nie, dan raak versoening baie moeilik. Want al wat mense naderhand van mekaar dink, is hierdie persoon het nie maniere nie. "Meanwhile" is dit nie 'n kwessie van dat die persoon nie maniere het nie, maar die persoon weet nie hoe jou kultuur werk nie. So dan doen hierdie persoon dom dinge en jy raak kwaad en dan bou die onversoendheid net weer verder op. Kultuurvertaling en 'n gesprek oor kultuur en kultuurverskille is verskriklik belangrik.

SvdM: Waar vind mens mense wat dit kan doen? Of hoe word hulle geleer? Is daar sekere vaardighede wat 'n persoon moet hê om 'n kultuurvertaler te wees?

F: Ek dink by ons hier in die Vrystaat is ons baie gelukkig, ons het 'n paar mense wat kruis-kultureel, die heelyd werk. Ek dink vanuit die sinode se hoek uit dink ek aan 'n ou soos Gideon van der Watt, wat die Vennote en Getuienis persoon is, hy is briljant om kultuur te vertaal. Wat my hartseer is, hy sit met al die kennis, maar dominees dink hulle het dit nie nodig nie. So nou kan jy 'n kursus hier aanbied en 4 of 5 mense daag op, terwyl jy eindelijk almal in daardie posisie wil hê. So Gideon is 'n baie goeie hulpbron om kultuur te vertaal. Ek dink ook iemand soos De La Harpe wat by Torings van Hoop werk, wat kruis-kultureel werk, is ook 'n goeie vertaler van kultuur. En dan dink ek natuurlik ook dat daar 'n groepering binne elke gemeenskap is wat misgekyk word, wat briljant is om kultuur te vertaal, dis jou onderwysers en jou maatskaplike werkers. Hulle moet die heelyd kruis-kultureel dink, hulle moet die heelyd kruis-kultureel werk, en hulle is jou naaste hulpbron wat jy het. Ek het wel rondom teologiese opleiding het ek 'n baie groot vraagteken, want ek dink ons lei predikante op vir 'n "white world" en ons predikante verstaan nie hoe lyk die wêreld daarbuite nie. Meeste van hulle gemeentetjies is nog wit, maar as ons as kerk wil vorentoe gaan, as ons as kerk wil groei in die toekoms, dan sal ons baie meer kruis-kultureel moet dink, baie meer kruis-kultureel moet bedien. Dit het implikasies regdeur van jou prediking tot by jou pastoraat, tot by hoe jy leierskap hanteer en ek dink net ons mense is nie opgelei om dit te doen nie. Dis vir my jammer, want ek dink die NG Kerk is besig om 'n generasie groot te maak wat nie een "geskill" is om in Afrika te funksioneer nie. Ek is wel opgewonde oor wat by Stellenbosch gebeur, hulle doen twee dinge wat ek dink goed is met hulle studente. Die een is 'n ekumene toer, waar hulle hierdie studente laat bly in hierdie gemeenskappe en ten minste die blootstelling gee. Die tweede

ding wat hulle doen is in hulle gemeentejaar prakties moet elke student vir 'n maand lank by 'n VGKSA gemeente gaan werk, wat ook net die blootstelling gee. Om vir jou 'n idee te gee, die meeste gemeentes in die Suid-Vrystaat het 'n bruin komponent. Die VGKSA kon hulle lankal nie meer bedien nie, so al die bruinmense het oorgekom NG Kerk en NG Kerk lidmate geword. Baie van daardie lidmate het gekies om te sê ons verkies om Sionsgesange te sing, en ons kies ons eie manier van kerkwees, so die dominee bedien op twee punte elke Sondag, maar hulle het 'n gesamentlike kerkraad en hulle besluit saam oor die gemeentes se goed. Dit gaan ook dikwels oor afstand en en en... Dit gaan oor daardie vertaling van kultuur, en ek dink net nie ons predikante is opgelei om dit te kan doen nie. Daar sal definitief daarna gekyk moet word. Selfs die taal wat jy in 'n erediens gebruik. Dit is verskillend. Dialekte van dieselfde taal maak 'n verskil. Die woordeskat is anders. Dis vaardighede wat aangeleer moet word. Jy moet baie vaardig met taal wees en jy moet jou dialekte goed verstaan, veral in jou liturgie en prediking en jy moet ook nie neer praat nie, want dit is nou die ander gevaar. Dat jy so eenvoudig kan preek dat jy mense se intelligensie beledig. So om teologiese konsepte in goeie gebiedsAfrikaans te gaan verpak. Dit is die uitdaging op die ou einde.

SvdM: Is versoening steeds 'n bruikbare konsep?

F: Ek dink dit is 'n term wat te min gebruik word. Wat is ons "after all"? Ons is Bedienaars van versoening. Ek dink dit is absoluut 'n term wat te min gebruik word. Ek dink nie eers die gemiddelde dominee dink daaraan dat hy of sy versoening moet bring nie. Ek dink hulle sal hoogstens dink dat versoening gebring moet word tussen mens en God, of tussen man en vrou, of 'n "fight" in die huis of kollegas wat aan die baklei is, maar ek dink nie hulle verstaan dat hulle eintlik 'n roeping het om versoening in gemeenskappe te bewerk nie. Want dit vra iets. Dit vra dat jy uit jou eie "comfort zone" moet klim. Dit vra dat jy blootgestel word, dit vra dat jy partykeer klomp woede van mense op jou lyf moet vat, dit vra by tye dat jy weg gejaag word, 'n paar klippe op jou rug kry a.g.v. waarmee jy besig is. 'n Klassieke voorbeeld is, Riaan de Villiers. Min mense is bereid om daai tipe van ding te doen. Dit vra. Dit is nie so eenvoudig om, dit is nie 'n maklike pad nie, versoening is 'n uiters moeilike pad, want versoening vra ook 'n stuk sondebelydenis, skuld wat moet erken word, en restitusie wat gedoen moet word. Jy kan nie 'n ou se grond vat en vir hom sê jammer ek het jou grond gesteel en dit nie vir hom teruggee nie. Dit is 'n uiters komplekse ding. Ek dink dit is 'n woord wat ons baie kan help met die grondhervormingsdebat waarin ons is en die herverdeling van eiendomsgesprek waarin ons is. Want as jy regtig ernstig is oor versoening, dan sal jy ook ernstig wees om restitusie te doen. Versoening kan jy nie los sien van restitusie nie. Anders is dit goedkoop. En restitusie vra iets. Dit skud my sak, dit skud my lewe. Daarom dink ek dit is 'n woord wat ons hopeloos te min gebruik, of wanneer ons dit gebruik, gebruik ons dit baie lig. Regte, egte versoening wat hierdie land nodig het, het 'n baie duur prys op hom. Ek dink dominees is bang daarvoor en ek dink lidmate wil niks daarvan hoor nie. Maar dit vra.

SvdM: Wat is jou persoonlike teologiese verstaan van versoening?

F: Filippense 2. Christus het alles prysgegee. Hy het die mag prys gegee, die "power" prysgegee, die aansien prysgegee. En Hy het 'n mens geword, hy het nie 'n koning hier geword nie, hy het die vorm van 'n kneg ingeneem, dan het Hy ook nog die kruisdood gehad. Ten einde ons te versoen. En Paulus

sê nogals interessant dieselfde gesindheid moet in julle wees wat in Christus Jesus was. So vir my as ek teologies oor versoening dink, dan is dit letterlik om alles prys te gee ter wille van die evangelie. Ter wille daarvan om mense bymekaar uit te bring. Dis hoekom ek vir jou sê versoening vra ontsaglik baie van 'n mens. Dit vra jou energie, dit vra jou tyd, dit vra jou geld, dit vra jou menswees. Egte, egte versoening kan net plaasvind wanneer ons bereid is om altwee ons posisies prys te gee en saam na 'n nuwe posisie te soek. En vir mekaar te sê hoe bou ons daardie bruggies om bymekaar uit te kom. Of wat moet ek vir jou gee om daarby uit te kom, of wat kan jy vir my gee om daarby uit te kom? Ek dink baie keer word resituisie deur een groep verwag om finansiële te gee, maar die ander groep moet ook verstaan dat daar iets van hulle kant af gegee moet word en dis vergifnis. Dit help nie jy doen net resituisie en jy kom glad nie by vergifnis en die herstel van 'n verhouding, of die herstel van balans uit nie. Want wat het Jesus gedoen met die kruisdood? Hy het 'n verhouding herstel. Hy het balans herstel tussen God en mens. So wanneer jy oor versoening wil praat, moet jy ook 'n verhouding herstel en 'n balans herstel. En dit kan jy nie vanuit 'n "power position" doen nie.

SvdM: Dit beteken nie net ekonomiese "power" nie.

F: Politieke "power" soos wat op hierdie stadium gebruik word is chaoties. Jy moet "actually" power los om by versoening uit te kom.

SvdM: Mense hou van "power".

F: Ja, en dis hoekom die boodskap van die evangelie nie 'n gewilde boodskap is nie, want as jy weer teruggaan na Filippense 2 toe van Christus was als prysgegee het, hoeveel van ons is bereid om alles prys te gee? En dit is hoekom versoening so 'n moeilike besigheid is. Want gee alles prys en ontmoet iemand wat alles prysgegee het dan is julle op "equal footing". Dan eers kan jy by versoening en vergifnis uitkom.

SvdM: Dit moet 'n "amazing" plek wees om daar uit te kom.

F: Ja, dit is. En ek dink ons kan 'n wonderlike land wees as ons dit kan regkry. Dit gaan ook daaroor om die "ubuntu" in iemand raak te sien. Ek dink natuurlik in 'n groot mate het die gewone Afrika-mens die kapasiteit om versoening te doen, net bietjie makliker. Ek dink ons sit vasgevang in ons eie trots. Ons trots, ons goeie naam, wat jy dit ookal wil noem. Hoeveel Afrikaners sê nou regtig dat hulle jammer is? Dink net in huise? Pa sê dit nie, seun sê dit nie. Dit is nie deel van ons kultuur nie, en dit is 'n ding wat ons lam lê. Jy kan soveel vryer leef as jy sê dat jy jammer is.

SvdM: Met soveel minder bagasie...

F: En jy hoef nie te "worry" wat ander van jou dink of wanneer gaan dit nou uitkom of wat nie. "Be open and honest about" sodat daar versoening kan kom. En ek dink dit is een van die dinge wat ons by die mense van Afrika kan leer. Dit en en die kapasiteit om te vergewe. Want as hulle nie die kapasiteit gehad het om te kan vergewe nie, het hierdie land gebrand. Ek is verstom met die hoeveelheid geduld wat hulle met ons het, want ek sou nie daardie geduld gehad het nie. As ek vandag in Pelanomie moes gaan lê en ek weet nie eers of ek lewendig daar gaan uitkom nie, sou ek nie daardie geduld gehad het

nie. En tog dra hulle, dra hulle, dra hulle en judge hulle nie almal omdat hulle wit is nie. En dit is wat vir my hartseer is, is dat mense van my eie volkie dit nie kan raaksien nie.

SvdM: Hulle sien net dit wat op die nuus en radio, en TV en Facebook uitgesaai word...

F: En hulle maak mekaar bang. Hulle maak mekaar beangs.... En ek dink dit is waar ons as predikante in terme van versoening, in terme van daardie brûe bou, 'n ongelooflike belangrike rol het om te speel. Al begin jy net in jou gemeente met 'n versoeningsproepie. Waar jy 3 mense van hierdie woonbuurt, 3 van daardie, 3 van daardie woonbuurt bymekaar het en gesels oor hoe dien jy die Here, hoe dien jy die Here binne jou kultuur? Net om daardie gesprek aan die gang te kry. Om daardie blootstelling te kry.

SvdM: Jy het al iets van jou verstaan van menswees genoem, enige iets anders wat jy sou wou byvoeg oor die manier waarop jy menswees (humanity) in Suid-Afrika verstaan?

F: Ek het in 19XX afgestudeer, ek het in 19XX my M gedoen in Antieke Studies by Stellenbosch, ek was op daardie stadium al ingeskryf vir my D. Ek het die keuse op daardie stadium gehad om of 'n beurs te vat en Nederland toe te gaan of om hier te bly. Ek het gewerk by Toringkerk in die Paarl, ek was die jeugwerkerk. Ek het met die rykste van rykste kinders gewerk, wat die beste van die beste gehad het, met ongelooflike talente en gawes. En eenkeer in 'n maand het ons uitgery en by die plaaswerkers 'n draai gemaak, en my kop kon net nie die twee met mekaar versoen nie. In die een dorp die verskriklike armoede en aan die anderkant die verskriklike rykdom nie. Ek is ook een van die mense wat dwarsdeur die verhore van die WVK gesit het, ek wou gaan luister het. My pa was in die lugmag, my broer was in die "army" op die grens gewees, ek wou weet wat gebeur het. Ek wou nie soos mense wat vandag nog sê die "Holocaust" het nie gebeur nie. Ek wou geweet het wat gebeur het. En daar was ek met ongelooflike goed gekonfronteer. Daar het ek vir die eerste keer swart Suid-Afrikaners se kapasiteit en vermoë om te vergewe, in daardie verhore gesien. So ek het gesit met hierdie geleentheid, en ek het gesit met hierdie "issue" en toe op 'n dag het ek 'n advertensietjie gekry wat sê hulle soek iemand om op hierdie dorp te gaan werk. En ek het begin werk daarso. Daar het ek tussen die swart en die bruin mense liefde ontdek, ongelooflike gelowiges ontdek, ek het mense ontdek met ongelooflike mededeelsaamheid. 'n Ouma by wie ek een oggend kom wat wag vir Vrydag vir haar SASSA-geld, besig om 'n pot pap te maak en sy vat al haar meel en foeter dit in die pot. En vanuit my Westerse hoek dadelik kwaad en ek sê Ouma, jy is "stupid", jy moet spaar. En sy sê, nee my kind, jy verstaan nie. Ek het vanoggend by my deur uitgekyk en my buurvrou en haar kinders gesien wat niks meer het om te eet nie, hulle is honger, so ek vat die meel wat ek nou het en ek maak vir ons kos. Ek sê ja Ouma, maar nou gaan julle vir 'n hele paar dae honger wees. En sy kyk vir my en sê my kind wat leer die Onse Vader gebed ons, brood vir vandag, vandag is ek die brood van daardie gesin. Môre dan wys die Here weer vir iemand anders, ek het hulp nodig. So in terme van medemenslikheid, in terme van menswees het ek ongelooflik geleer. Vir my as bevoorrede van die Apartheidsregering, ek kan nie weg gaan nie, ek kan nie op 'n ander plek wees as om terug te gee nie. My bediening het te doen daarmee dat ek terug gee en dat ek ander mense ophelp langs die pad. Dis versoening vir my. Dis nie net my Christelike plig nie, dis my roeping om in die eerste plek in die townships te wees, nie om hulle te gaan ophel nie, maar om 'n skakel en 'n "tool" in hulle hande te wees om by goed uit te kom. Hulle het hulle eie planne.

En om dit wat ek daar beleef te vertaal vir die gemeenskap waar ek andersins bly. Medemenslikheid, die Matteus teks waar die Here sê Hy was honger en Hy was dors.... Dit is en bly maar my roepingstekes en dit is maar die basics van waarmee ek myself besig hou.

SvdM: Jy het al begin vertel van jou persoonlike betrokkenheid by die bevordering van versoening in Suid-Afrika. Enige ander voorbeelde wat jy graag wil noem...

F: My rol as predikant in die gemeenskap, dit is waar ek versoening mag gaan bedien, dit is daar waar ek mense kan leer om mekaar te verstaan. Primêr is dit waarmee ek myself besig hou. Ek is ook baie intens betrokke veral die laaste 15 jaar by gesprekke tussen die NGK en die VGKSA en die NG Kerk in Afrika, spesifiek hier in die Vrystaat. Ek was deel van die gesprekke tydens die hofsak tussen die VGKSA en die NG Kerk in Afrika, waar hulle glad nie met mekaar gepraat het nie, so ons het maar altyd probeer... Dan praat ons met die NG Kerk in Afrika, en dan weer met die VGKSA... Ons het altyd maniere gevind. So 3 jaar gelede het ons dit reggekry dat die NG Kerk, die NG Kerk in Afrika en die VGKSA om een tafel in 'n vergadering sit en ons het die oggend ook saam nagmaal gebruik en dit was harde werk om tot daar te kom. Verlede jaar het ons vir die eerste keer ook 'n gesamentlike moderatuursvergadering gehad, wat ons ook tyd saam met mekaar deurgebring het om saam na te dink oor hoe lyk dit in die Vrystaat. So ek is betrokke by daardie gesprekke op provinsiale vlak. Dan is ek ook by die VDDG (Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis) en hulle het vir lang jare toe die familie nie met mekaar gepraat het nie, het hierdie groep die gesprek aan die gang gehou, en die projekte aan die gang gehou. Ek is ook betrokke by CLF (Christelike Lektuurfonds) wat materiaal ontwikkel vir die hele spektrum, op hierdie stadium word daar gefokus op dit wat goeie kerkliteratuur is. Ja, dis eintlik 'n mondvul. Ja, dis hoe ek by versoeningsprosesse betrokke is.

SvdM: Verduidelik asb. vir my jou persoonlike verstaan van die erediens/liturgie?

F: Die erediens is 'n gesprek met God. En liturgie fasiliteer die gesprek met God. Gesprek bestaan uit luister en praat, wat wederkerig is. So daarom is die liturgie vir my goed soos stilte en soos meditasie baie belangrik. Die erediens is nie net 'n preek nie. Dan het jy een helfte van die ding gedoen. Jy moet mense help om in aanbidding voor God te kom. En aanbidding beteken meer as net om 'n gebedjie op te sê, aanbidding bestaan uit lofprysing, uit skuld, vryspraak, jy moet mense help om deur die erediens te "journey" deur hulle eie lewens. Jy fasiliteer eintlik 'n ontmoeting met God. Dis wat jy doen as liturg. So, ja, dit is vir my wat die erediens is, dis 'n ontmoetingsgebeure. Dit is 'n kommunikasiegebeure, dit is 'n luistertyd, dit is 'n aanbiddingsgeleentheid. Dis kollektief ook.

SvdM: So nie net gefokus op die individu nie...

F: Nee, dis kollektief ook. 'n Gemeenskap wat aanbid.

SvdM: Vanuit hierdie verstaan van die erediens hoe rig jy dan die erediens in? Wat gebeur in die erediens?

F: Ek werk redelik sterk met 'n "blended worship style". Ons is min of meer 60 in die erediens op 'n betrokke Sondagoggend waarvan al die spiritualiteitstipes voor jou sit. Partykeer werk ek met 'n orrel, ander kere met 'n band, ander kere net met stilte. My elemente in die erediens, ons begin met 'n

lofprijsing, 'n sing saam, liedere word gekies met die oog op die tema van die preek, natuurlik, votum, seëngroet, loflied, sal die wet nie noodwendig altyd op dieselfde plek doen nie... Ek volg bitter min die klassieke liturgiese orde.

SvdM: Selfs in die VGKSA?

F: Ja, selfs in die VGKSA. Hulle is baie meer oop vir liturgie as wat ons is. Ek sal baie keer begin met 'n stuk meditasie, baie keer sal die wet volg uit die prediking, ek laat my deur die verhaal van die Skrif eintlik lei van hoe ek die erediens bymekaar sit. Die storie van die teks dra die liturgie op die ou end. Ek is nie bang om stilte te gebruik nie. Kom ons dink na oor dit wat ons gehoor het. Dink na oor wat die wet vir jou sê in hierdie oomblik. Stilte is vir my baie belangrik. Stilte is ook hoor tyd. Ek dink baie keer vul ons ook die erediens met te baie aktiwiteite. Dit is Sondae eredienste, dan doen ek ook ander soort dienste. Stilword nagmaal, Taizé karakter aanneem, meditatiewe dienste, rollespel, plaas jouself in die karakters van die teks, by my is dit nie 'n "set thing" nie. Dit hang af waartoe die teks hom leen, dit hang af wat ek en die Here vir mekaar in die week sê, wat die konteks en situasie is. Dit hang natuurlik ook af van wie beskikbaar is die dag in terme van orrelis, of kitaar. Jy werk met die gawes, jy moet dit ook in berekening bring, die gawes wat aan jou beskikbaar is. Ek sien nou die verskil wat sang in die erediens maak, ons moet nie die invloed van sang en goeie begeleiding onderskat nie, want dit beweeg ook mense om by aanbidding uit te kom. So dit is 'n kombinasie van 'n klomp goed wat jy aanmekaar moet weef om dit sinvol te doen.

SvdM: Ek dink nie net sang en musiek nie, maar ook kunste...

F: Kunste, gedigte, voordragte, skilderye, video-insetsels... So ek werk multi-dimensioneel op die ou einde. Jy dink maar, elke week is dit anders. Ons volg ook die kerklike jaar. Vroue het begin om vir my met elke oorgang van die kerklike jaar 'n laslappie kanselkleed te maak.

SvdM: So 'n inkoop van die liturgie?

F: Ja. Dit is nie net ek wat vir die hele liturgie verantwoordelik is nie, ek het 'n span mense met wie ek werk. En hulle dink... Daar is heeltyd beweging rondom die erediens aan die gang. En ek is gemaklik genoeg om dit weg te gee. Jy kan dit of so beheer dat jy dit doodsmoor of jy kan sê kom ons gebruik die komponente en ons pas hulle in.

SvdM: Dink jy versoening en die erediens het enige iets met mekaar te make?

F: Dit is in die erediens wat versoening gepredik word. Jy kan dit nie los maak nie. In die eerste plek leer jy mense hulle is versoen met God en jy leer mense hoe dit lyk om versoen met God te leef, hoe werk dit, 'n lewe van versoening met ander woorde. En dan daarna as ons missionaal oor die goed dink, dan sê ons vir mense dat versoening ook geleef moet word. En dit word alles vanuit die Skrif uitgespel.

"Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie."

"Treur saam met die wat treur."

So nee, jy kan nie die erediens en versoening van mekaar losmaak nie. Dit is ook die plek waar jy versoening “broker” vir mense. En ek sal vir jou verduidelik wat ek daarmee bedoel, veral binne die VGKSA konteks, kry jy dit baie keer dat jy op ‘n Sondagoggend iemand in die kerk sien instap, wat nog nooit in sy lewe in ‘n kerk was nie. En jy verkondig die evangelie en daarna kom sê so ‘n persoon vir jou dat hy/sy ‘n verhouding met Christus wil hê. So jy “broker” versoening so ook. Jy bring mense in kontak met God, wat anders nie moontlik sou wees nie. Begrafnisse by uitstek, want die hele gemeenskap woon ‘n begrafnis by, of jy glo of nie glo nie. So jy het ‘n geleentheid daar om weer ‘n keer oor versoening te praat, weer ‘n keer oor wat dit beteken om ‘n gelowige te wees. Ek kan amper nie dink dat jy nie eredienste en versoening nie in jou agterkop kan hê nie. Dis die goue draad dink ek wat deur dit alles loop.

SvdM: Is daar momente in die erediens wat jou help om versoening te verstaan, self te beleef en dan ook te gaan uitleef?

F: Ek dink die wet by uitstek, die wet waar jy ook daardie vryspraak hoor, spesifiek die vryspraak dan, om te weet jy is vergewe, daar is versoening tussen jou en God. Gaan leef die versoening uit tussen jou en jou naaste as jy dan na die tweede tafel van die wet kyk. So ek dink by uitstek dit. Ek dink die liedere wat ons daar rondom gebruik, is aangrypend. As jy gaan kyk na ‘n lied soos LB 232 (lees die woorde van die lied), net deur daardie twee strofes kry jy die totale beweging, sang spesifiek rondom versoening en vergifnis. LB 245 (lees die woorde van die lied) kry jy omtrent al die elemente wat jy elke Sondag hoor, al fokus jy nie in jou prediking daarop nie, daardie oomblik is elke Sondag daar. En dit is mos nou die ding van liturgie en simboliek, baie keer dink mense nie bewustelik na nie, maar dit gebeur in jou onderbewussyn, en wanneer jy in ‘n krisis land dan dink jy nie noodwendig aan wat Sondag se preek was nie, maar aan die lied, of die woorde wat jy gehoor het kom terug na jou toe.

SvdM: Die ritme van die liturgie wat jy van kindsbeen af geleer het...

F: ‘n Bekende Suid-Afrikaanse teoloog in Amerika, het eers regte gedoen en heeltemal van die Here afgedwaal. Sy het “church hopping” gedoen en die een aand in Stellenbosch se Moederkerk beland tydens ‘n erediens, wat seker die mees rigiede liturgie het, en sy sê vir my, jy kan nie dink nie, maar ek kan nie onthou wat die preek was nie, maar die liturgie het my laat tuiskom. En daar het ek my roeping gekry om te gaan teologie studeer. Ek dink nie ons besef altyd hoe ryk die liturgie in mense se lewens inspeel nie, en daarom dink ek moet mens groot erns maak met liturgie. Dis nie die vooraf gedeelte waardeur jy rammel nie, jy moet baie mooi dink oor wat jy met daardie deel van die liturgie doen. Hoe jy dit “present”, hoe jy mense kans gee om daarmee te “engage”.

SvdM: Is daar momente in die erediens wat dit vir jou moeilik maak om versoening te verstaan, self te beleef en dan ook te gaan uitleef?

F: Ek dink partykeer die prediking kan dit moeilik maak, veral as jy met bepaalde tekste werk wat bietjie verder staan van versoening af. Ek dink jy moet altyd die wysheid hê om die groter narratief van die Bybel te onthou. Ek dink as tekste verkeerd gebruik word vir die erediens, dan kan dit versoening kelder. Ons het dan tot Apartheid geregverdig uit die Bybel uit, so ek dink die uitleg van teks en die gebruik van teks as dit nie korrek gedoen word nie, as dit nie binne die groter narratief gesien word nie, kan

versoening heeltemal in die wiele ry. Ek kan met daardie Bybel vir jou gaan vertel jy moet jou vyande ook haat, 'n "oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand". Verstaan jy wat ek jou sê? Ek dink die manier hoe ons met tekste omgaan, kan dit of aanhelp en vestig of dit kan dit heeltemal in die wiele in ry.

SvdM: Enige ander elemente of momente?

F: Ek dink dit lê by die prediking. Want dit is op 'n manier waar jy jou eie ding indra. Dis waar wat jy sê jy by die Here gehoor het indra. En dis gevaarlik, want onthou die kanselkleed sê "So spreek die Here, Here", met ander woorde, jy is gesant, jy praat nou namens die Here. So jy kan die boodskap van versoening "actually" in sy maai in stuur. Moreletapark en dit wat hulle die laaste twee weke gedoen het, is 'n "case in point", want as jy kyk dan bid die Here vir versoening, Jesus bid versoening en Hy bid vir eenheid. Hoe kan jy 40 dae vas en bid en sê die Here het vir jou gesê jy moet loop? Want ek kan nie dink dat die Here Sy eie liggaam sal skeur nie. En dit is die manier hoe hulle tekste gebruik wat hulle bring by daardie punt. So dis hoekom ek sê teks en teksgebruik en interpretasie van teks is gevaarlik. Veral as jy nie die breër teologiese narratief onthou nie, en ongelukkig dink ek daar is baie predikante wat nooit die breër teologie geïntegreer het nie. Dit is die gevaarlikste deel, en ook die deel wat my die bangste maak.

SvdM: Enige ander opmerkings oor versoening?

F: Ons moet na dink oor die liturgiese ruimtes en watter "powers" daardeur gesimboliseer word.